



Western Cape  
Government

Transport and Public Works



JAARVERSLAG 2016/2017

f



---

# DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

Wes-Kaapse Regering

POS 10

JAARVERSLAG  
2016-2017

PR: 88/2017

ISBN: 978-0-621-45324-9

## Inhoud

<b>Deel A: Algemene inligting</b> .....	<b>1</b>
1 Departement se algemene inligting .....	1
2 Akronieme .....	2
3 Voorwoord deur die Provinsiale Minister .....	6
4 Verslag van die Rekenpligtige Beampste (RB) .....	8
4.1 Oorsig van die DVOW se bedrywe .....	8
4.2 Programaktiwiteite .....	9
4.3 Geleenthede.....	11
4.4 Oorsig van die DVOW se finansiële resultate .....	14
4.5 Viremente en oorgedraagde fondse.....	18
4.6 Behoud van inkomste .....	19
4.7 Ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgawes .....	20
4.8 DVOW se toekomsplanne.....	20
4.9 Gestaakte aktiwiteite.....	28
4.10 Nuwe of voorgestelde aktiwiteite.....	28
4.11 Voorsieningskanaalbestuur (goedere en dienste) .....	28
4.12 Geskenke en donasies in natura wat van onverwante partye ontvang is.....	28
4.13 Vrstellings en afwykings deur Nasionale Tesourie vergun.....	28
4.14 Gebeure na verslagdatum .....	29
4.15 Ander .....	29
4.16 Erkenning .....	29
5 Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die jaarverslag .....	31
6 Strategiese oorsig.....	32
6.1 Visie .....	32
6.2 Missie .....	32
6.3 Waardes .....	32
7 Wetgewende en ander mandate .....	33
8 Organisasiestruktuur soos op 31 Maart 2017 .....	42
9 Entiteite wat aan die provinsiale minister verslag doen .....	47
<b>Deel B: Prestasie-inligting</b> .....	<b>48</b>
1 Ouditeur-generaal se verslag: Voorafbepaalde doelwitte.....	48
2 Oorsig van departementele prestasie.....	48
2.1 Diensleweringomgewing .....	48
2.2 Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) .....	64
2.3 Organisasieomgewing .....	72
2.4 Vername beleidsontwikkelings en veranderings aan wetgewing.....	73
3 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings .....	74
4 Prestasie-inligting per program.....	78
4.1 Program 1: Administrasie.....	78
4.2 Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur .....	86
4.3 Program 3: Vervoerinfrastruktuur .....	107
4.4 Program 4: Vervoerbedrywe .....	116
4.5 Program 5: Vervoerregulering .....	124
4.6 Program 6: Gemeenskapsgebaseerde Programme .....	131
5 Oordragbetalings .....	135
5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite .....	135
5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies anders dan openbare entiteite.....	135
5.3 Begrote oordragbetalings wat nie uitbetaal is nie.....	142
6 Voorwaardelike toekennings.....	143

6.1	Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse betaal .....	143
6.2	Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse ontvang .....	143
7	Donateursfonse .....	<b>Error! Bookmark not defined.</b>
8	Kapitaalinvestering .....	147
8.1	Provinsiale openbare werke: Kapitaalinvestering, instandhouding en batebestuur.....	147
8.2	Vervoerinfrastruktuur: Kapitaalinvestering, instandhouding en batebestuur .....	152
<b>Deel C: Staatsbestuur .....</b>		<b>165</b>
1	Inleiding .....	165
2	Risikobestur .....	<b>Error! Bookmark not defined.</b>
3	Bedrog en korrupsie .....	171
4	Minimalisering van botsing van belange .....	172
5	Gedragkode .....	174
6	Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies .....	174
7	Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke .....	175
7.1	Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke.....	175
7.2	Staande Komitee oor Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning .....	185
7.3	Staande Komitee oor Gemeenskapsveiligheid.....	186
8	Resolusies van die Komitee op Openbare Rekeninge (ORK).....	186
8.1	Respons oor die verslag van die ORK oor die 2015/16-jaarverslag gedateer 28 November 2016	186
8.2	Lys van inligting verlang .....	192
9	Vorige wysigings aan ouditverslae .....	192
10	Direktoraat Finansiële Bestuurstoedig .....	193
11	Hoofdirektoraat: Voorsieningskanaalbestuur: Direktoraat Bestuurstoedig en Vraagbestuur.....	196
12	Interne Oudit- en Ouditkomitees .....	203
13	Verslag van die Ouditkomitee .....	205
<b>Deel D: Mensehulpbronbestuur .....</b>		<b>207</b>
1	Inleiding .....	207
2	Stand van mensebestuur by die departement.....	208
3	Oorsigtelike statistiek verwant aan mensebestuur .....	209
3.1	Personeelverwante besteding .....	209
3.2	Indiensneming en vakatures .....	212
3.3	Posevaluering.....	213
3.4	Veranderings in indiensneming.....	214
3.5	Diensbillikheid .....	218
3.6	Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede .....	223
3.7	Vulling van SBD-poste .....	223
3.8	Werknemerprestasie .....	224
3.9	Buitelandse werkers.....	227
3.10	Verlofbenutting vir die tydperk 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2016.....	228
3.11	Gesondheidsbevorderingsprogramme met inbegrip van MIV en VIGS.....	231
3.12	Arbeidsverhoudinge.....	237
3.13	Vaardigheidsontwikkeling .....	238
3.14	Besering aan diens .....	240
3.15	Benutting van konsultante .....	241
<b>Deel E: Finansiële inligting.....</b>		<b>247</b>
1	Verslag van die Ouditeur-generaal .....	247
2	Finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2017 .....	254

## Figure

Figuur 1: Wes-Kaapse padongeluksterftes 2008/2009 – 2016/17: Kumulatiewe boekjaarvergelyking soos op 31 Maart 2017 ..... 62

## Verslagtabelle

Tabel1: Vername departementele geleenthede .....	11
Tabel2: Departementele ontvangstes .....	14
Tabel3: Besteding per program .....	16
Tabel4: Viremente vir 2016/17 .....	18
Tabel5: Versoek vir oordra van fondse vanaf 2015/16 na 2016/17 .....	18
Tabel6: Inkomste behou van 2015/16 na 2016/17 .....	19
Tabel7: Provinsiale waardes en verklarings oor gedrag .....	32
Tabel8: Entiteite wat aan die provinsiale minister verslag doen .....	47
Tabel9: Hoofdienste verskaf en standaarde.....	66
Tabel10: Batho Pele-reelings met begunstigdes (oorlegpleging, toegang, ens.) .....	66
Tabel11: Diensinligtingwerktuig .....	68
Tabel12: Klagtemeganisme .....	69
Tabel13: Aansoeke ingevolge Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) vergun ingevolge artikel 46 .....	70
Tabel14: Program 1: Administrasie: Strategiese doelwitte.....	83
Tabel15: Program 1: Administrasie: Prestasie-aanwysers.....	84
Tabel16: Program 1: Administrasie: Subprogrambesteding .....	85
Tabel17: Opsomming van toestandevaluering wat uitgevoer is op WKR-geboue gedurende 2016/17 soos op 31 Maart 2017 .....	86
Tabel18: Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur: Strategiese doelwitte .....	90
Tabel19: Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur: Prestasie-aanwysers .....	92
Tabel20: Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur: Subprogram.....	106
Tabel21: Toestand van geteerde paaie in die Wes-Kaap .....	108
Tabel22: Toestand van grondpaaie in die Wes-Kaap .....	108
Tabel23: Program 3: Vervoerinfrastruktuur: Strategiese doelwitte .....	111
Tabel24: Program 3: Vervoerinfrastruktuur: Prestasie-aanwysers .....	112
Tabel25: Program 3: Vervoerinfrastruktuur: Subprogrambesteding.....	115
Tabel26: Program 4: Vervoerbedrywe: Strategiese doelwitte.....	118
Tabel27: Program 4: Vervoerbedrywe: Prestasie-aanwysers .....	120
Tabel28: Program 4: Vervoerbedrywe: Subprogrambesteding .....	123
Tabel29: Program 5: Vervoerregulering: Strategiese doelwitte .....	126
Tabel30: Program 5: Vervoerregulering: Prestasie-aanwysers .....	127
Tabel31: Program 5: Vervoerregulering: Subprogrambesteding .....	130
Tabel32: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Strategiese doelwitte.....	132
Tabel33: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Prestasie-aanwysers.....	133
Tabel34: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Subprogrambesteding .....	134
Tabel35: Program 2: Oordragbetalings ten opsigte van eiendomsbelasting .....	136
Tabel36: Program 4: Oordragbetalings .....	140
Tabel37: Program 4: Oordragbetalings na private ondernemings.....	142
Tabel38: Program 3: Begrote oordragbetalings.....	142
Tabel39: Program 2: Kapitaalprojekte tans in aanbou .....	150
Tabel40: Program 3: Kapitaalprojekte tans onder konstruksie.....	154

## Mensehulpbronbestuurtabelle

Tabel 3.11:	Personeelbesteding per program, 2016/17.....	210
Tabel 3.12:	Personeelbesteding per salarisbande, 2016/17.....	210
Tabel 3.13:	Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese hulp per program, 2016/17.....	211
Tabel 3.14:	Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese hulp per salarisband, 2016/17.....	211
Tabel 3.21:	Indiensneming en vakatures per program soos op 31 Maart 2017.....	212
Tabel 3.22:	Indiensneming en vakatures per salarisbande, soos op 31 Maart 2017.....	212
Tabel 3.23:	Indiensneming en vakatures per kritieke beroep, soos op 31 Maart 2017.....	212
Tabel 3.31:	Posevaluering 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	213
Tabel 3.32:	Profiel van werknemers wie se salarisposisies opgegradeer is weens die feit dat hul poste opgegradeer is, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	213
Tabel 3.33:	Werknemers per vername beroep aan wie hoër salarisse toegestaan is anders as dié wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	214
Tabel 3.34:	Werknemers aan wie hoër salarisse toegestaan is anders as daardie wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	214
Tabel 3.41:	Jaarlikse omsetkoerse per salarisband, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	214
Tabel 3.42:	Jaarlikse omsetkoers per kritieke beroep, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	215
Tabel 3.43:	Personeel wat die departement se diens verlaat, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	215
Tabel 3.44:	Redes waarom personeel bedank, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	216
Tabel 3.45:	Verskillende ouderdomsgroepe van personeel wat bedank het, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017	216
Tabel 3.46:	Werknemergeriniseerde skeidingspakkette.....	216
Tabel 3.47:	Bevorderings per salarisband, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	217
Tabel 3.48:	Bevorderings per kritieke beroep, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	217
Tabel 3.51:	Totale aantal werknemers (ingeslote werknemers met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2017.....	218
Tabel 3.52:	Totale aantal werknemers (slegs dié met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2017.....	218
Tabel 3.53:	Werwing, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	219
Tabel 3.54:	Bevorderings, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	220
Tabel 3.55:	Beëindigings, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	221
Tabel 3.56:	Dissiplinêre optrede, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	221
Tabel 3.57:	Vaardigheidsontwikkeling, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	222
Tabel 3.61:	Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede, soos op 31 Mei 2016.....	223
Tabel 3.62:	Redes waarom prestasie-ooreenkomste nie met alle SBD-lede teen 31 Mei 2016 aangegaan is nie.....	223
Tabel 3.63:	Dissiplinêre stappe teen SBD-lede geneem omdat prestasie-ooreenkomste nie teen 31 Mei 2016 aangegaan is nie.....	223
Tabel 3.71:	Inligting oor SBD-poste, soos op 30 September 2016.....	223
Tabel 3.72:	Inligting oor SBD-poste, soos op 31 Maart 2017.....	223
Tabel 3.73:	Advertering en vulling van SBD-poste, soos op 31 Maart 2017.....	224
Tabel 3.74:	Redes waarom vulling van aktiewe vakante SBD-poste nie nagekom is nie – geadverteer binne 6 maande en gevul binne 12 maande nadat hulle oopval.....	224
Tabel 3.75:	Dissiplinêre stappe geneem vir nienakoming van die voorgeskrewe tydraamwerke vir die vulling van SBD-poste binne 12 maande.....	224

Tabel 3.81:	Kerfbevorderings per salarisband, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	224
Tabel 3.82:	Kerfprogressies per kritieke beroep, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	225
Tabel 3.83:	Prestasiebelonings per ras, geslag en gestremdheid, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	225
Tabel 3.84:	Prestasiebelonings (kontantbonusse) per salarisband vir personeel onder die vlak van senior bestuursdienste, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	226
Tabel 3.85:	Prestasieverwante belonings (kontantbonusse) per salarisband vir senior bestuursdienste, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	226
Tabel 3.86:	Prestasiebelonings (kontantbonusse) per kritieke beroepe, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	227
Tabel 3.91:	Buitelandse werkers per salarisband, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	227
Tabel 3.92:	Buitelandse werkers per vername beroep, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	227
Tabel 3.101:	Siekteverlof, 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2016.....	228
Tabel 3.102:	Ongeskiktheidsverlof, 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2016 .....	228
Tabel 3.103:	Jaarlikse verlof, 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2016.....	229
Tabel 3.104:	Boperkverlof, 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2016.....	229
Tabel 3.105:	Verlofuitbetalings, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	230
Tabel 3.111:	Gesondheidsbevorderingsprogramme met inbegrip van MIV en VIGS .....	231
Tabel 3.112:	Besonderhede rakende programme om gesondheid te bevorder en bewusmaking rondom MIV en VIGS te skep, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	231
Tabel 3.121:	Kollektiewe ooreenkomste, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	237
Tabel 3.122:	Wangedrag en dissiplinêre verhore gefinaliseer, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	237
Tabel 3.123:	Tipe wangedrag wat by dissiplinêre verhore geadresseer is, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	237
Tabel 3.124:	Griewe ingedien, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	238
Tabel 3.125:	Griewe ingedien by rade, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	238
Tabel 3.126:	Stakingsoptrede, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	238
Tabel 3.127:	Voorsorgskorsings, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	238
Tabel 3.131:	Opleidingsbehoefte geïdentifiseer, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	238
Tabel 3.132:	Opleiding verskaf, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 .....	239
Tabel 3.141:	Besering aan diens, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017.....	240
Tabel 3.151:	Benutting van konsultante.....	241





# Deel A: Algemene inligting

---

## 1 Departement se algemene inligting

---

### DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

#### FISIESE ADRES: HOOFKANTOOR

Dorpstraat 9  
Kaapstad  
8001

#### POSADRES: HOOFKANTOOR

Privaat sak X9185  
Kaapstad  
8000

TELEFOONNOMMER: 0860 212 414

FAKSNOMMER: 021 483 7216

E-POSADRES: [transport.publicworks@westerncape.gov.za](mailto:transport.publicworks@westerncape.gov.za)

WEBWERFADRES: [www.westerncape.gov.za/dept/tpw](http://www.westerncape.gov.za/dept/tpw)

---

## 2 Akronieme

---

AARTO	Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeermisdrywe (Wet 46 van 1998)
ABS	Alkoholbewysentrum
ADG	Adjunk-direkteur-generaal
AJV	Algemene jaarvergadering
ANPR	Automatiese nommerplaaterkenningstelsel
ASIDI	Inisiatief vir versnelde lewering van skole-infrastruktuur
ASOD	Stelsel om gemiddelde spoed oor 'n afstand te meet
BBSEB	Breë basis swart ekonomiese bemagtiging
BLM	Model om 'n beter lewe te bewerkstellig
BLTS	Bestuurslisensietoetsentrum
BRS	Basiese rekeningkundige stelsel
BSD	Beroepspesifieke dispensasie
C-AMP	Bestuursplan vir behoud van onroerende bates
CIDB	Raad belas met ontwikkeling van die konstruksiebedryf
CMAP	Aksieplan om konflik te bestuur
CODETA	Congress of Democratic Taxi Associations
COTO	'n Komitee gevorm deur amptenare belas met vervoer
DAR	Dial-a-Ride
DCGIP	Departementele plan om korporatiewe bestuurstoesig te verbeter
DLVP	Diensleweringverbeteringsplan
DORA	Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks)
DPI	Distrikpadingenieur
DSDA	Departement van Staatsdiens en Administrasie
DTI	Departement van Handel en Nywerheid
DTIMS	Deighton se omvattende stelsel vir die bestuur van infrastruktuur
DvdP	Departement van die Premier
DvG	Departement van gesondheid (Wes-Kaap)
DVO	Diensvlakkooreenkoms
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
DVP	Distrikveiligheidsplan
EBAT	Forensiese asemtoets vir alkohol
ECM	'n Stelsel waarvolgens die inhoud van ondernemings bestuur word?
EDULIS	Onderwysbiblioteek- en inligtingsdiens
EG4C	e-Regering vir burgers
EIE	Erfenisimpakevaluering
EmplA	Bemagtigingsimpakassessering
eNAVIS	Elektroniese nasionale verkeersinligtingstelsel
EPM	Stelsel om ondernemings se projekte te bestuur
EPWPIG	Aansporingstoekenning vir uitgebreide openbare werke
ERMCO	Komitee wat risiko's verwant aan ondernemings bestuur
ETIR	Verslag oor implementering van bemagtigingsteikens
GABS	Golden Arrow-busdiens
GBCSA	Suid-Afrikaanse Raad vir Groenbou

GGIVN	George se geïntegreerde openbarevervoernetwerk
GIAMA	Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates (Wet 19 van 2007)
GLVK	Gene Louw-verkeerskollege
GOP	Geïntegreerde ontwikkelingsplan / geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning
GOVN	Geïntegreerde openbarevervoernetwerk
GPEP	Program vir gegradueerde professionele ingenieurs
GVP	Geïntegreerde vervoerplan/beplanning
HBVI	Helen Bowden-verpleeginrigting
HD	Hoofdirekteur
HFB	Hoof- finansiële beampte
HVAC	Verhitting, ventilering en lugversorging
IAM	Bestuur van onroerende bates
IAR	Register van onroerende bates
IDMS	Stelsel om die lewering van infrastruktuur te bestuur
IFMS	Geïntegreerde finansiële bestuurstelsel
IKT	Inligting- en kommunikasietegnologie
IME	Geïntegreerde munisipale gesprekvoering
IPS	Geïntegreerde verkrygingstelsel
IRO	Interregeringsooreenkoms
IRSA	Ingenieursraad van Suid-Afrika
JPI	Gesamentlike beplanningsinisiatief
JPP	Jaarlikse prestasieplan
km	kilometer
KWDM	Kaapse Wynlande-distriksmunisipaliteit
kWp	kilowattpiek
LCU	Aktuele vasleggingseenheid
LOGIS	Logistieke inligtingstelsel
LUR	Lid van die (provinsiale) uitvoerende raad (provinsiale minister)
m <sup>2</sup>	vierkante meter
MBT	MIV/VIGS-berading en -toetsing
MERSETA	Sektorale onderwys- en opleidingsowerheid vir vervaardiging-, ingenieurs- en verwante beroepe
MH	Mensehulpbronne
MPAT	Instrument om bestuursprestasie te evalueer
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
MvO	Memorandum van ooreenkoms
MWh	megawatt-uur
NDoT	Nasionale Departement van Vervoer
NGV	Niegemotoriseerde vervoer
NJD	Nasionale jeugdiens
NLTA	Wet op Nasionale Landvervoer (Wet 5 van 2009)
NLTIS	Nasionale landvervoerinligtingstelsel
NOP	Nasionale ontwikkelingsplan
NOS	Nywerheidontwikkelingsone
NOVR	Nasionale Openbarevervoerreguleerder
NRO	Nieregeringsorganisasie

NRTA	Nasionale Padverkeerswet (Wet 93 van 1996)
NRVP	Nasionale Raad van Provinsies
NT	Nasionale Tesourie
NTS	Nasionale Tegnieuse Sertifikaat
ODK	Opvoedingdistrikskantoor
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
OLA	Beoordeling van aansoeke om bedryfslisensies
OPV	Openbare-private-vennootskap
ORB	Ondersoeker van rybewyse
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORK	Komitee op Openbare Rekening
OVV	Ondersoeker van voertuie
PAIA	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000)
PAJA	Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtheid (Wet 3 van 2000)
PAY	Premier se program vir die bevordering van die jeug
PER	Verslag oor eiendomsdoeltreffendheid
PERMIS	Prestasiebestuur-inligtingstelsel
PERSAL	Personeelsalarisstelsel
PET	Deelnemende onderwystegniek
PFD	Provinsiale forensiese diens
POP	Professionele ontwikkelingsprogram
PPC	Provinsiale eiendomskomitee
PPI	Produsenteprysindeks
PPPFA	Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid (Wet 5 van 2000)
PPTIF	Institusionele raamwerk vir provinsiale openbare vervoer
PRASA	Suid-Afrikaanse Spoorvervoeragentskap
PRE	Provinsiale regulatoriese entiteit
PRMG	Toekenning vir instandhouding van provinsiale paaie
PSD	Provinsiale strategiese doelstelling
PSETA	Onderwys- en opleidingsowerheid vir die staatsdienssektor
PSRMF	Risikobestuursraamwerk vir die openbare sektor
PSTP	Provinsiale program vir volhoubare vervoer
PTOG	Toekenning vir openbarevervoerbedrywe
PVB	Padveiligheidsbestuur
PVBK	Padverkeerbestuurskorporasie
RAMP	Bestuursplan vir toegang tot paaie
RAMS	Batebestuurstelsel vir paaie
RB	Rekenpligtige beampte
RCAM	Padklassifikasie- en -toegangsbestuur
RG	Registrasiesgesag
RISFSA	Suid-Afrika se strategiese raamwerk vir padinfrastruktuur
RNIS	Padnetwerk-inligtingstelsel
RNM	Padnetwerkbestuur
RPB	Rasionale portefeuljebestuurder
RWOPS	Beleid oor besoldigde werk buite die staatsdiens
SACPCMP	Suid-Afrikaanse Raad vir Projek- en Konstruksiebestuurberoepe

SANRAL	Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie
SASSETA	Onderwys- en opleidingsowerheid vir die veiligheid- en sekuriteitsektor
SBD	Senior bestuursdienste
SBOV	Staatsbestuuroorsig en -vooruitskouing
SBP	Standaardbedryfsprosedure
SBP's	Passasiers met spesiale behoeftes
SDR	Staatsdiensregulasies
SEB	Swart ekonomiese bemagtiging
Se-I	Sentrum vir e-Innovasie
SETA	Sektorale onderwys- en opleidingsowerheid
SKD	Sentrum vir korporatiewe dienste in die departement van die premier
SMV	Staatsmotorvervoer
SSG	Sentrale sakegebied
SVD	Sentrale verskafferdatabasis
TMH	Tegniese metodes vir hoofweë
TRUP	Twee Riviere- stedelike park
TVET	Tegniese en beroepsopleiding
U-AMP	Gebruikerbestuursplan vir onroerende bates
UOWP	Uitgebreide-openbarewerkeprogram
VKB	Voorsieningskanaalbestuur
VTA	Vrygrond-taxivereniging
VTE	Voltydse ekwivalent
VTS	Voertuigtoetsstasie
VvW	Vergoeding van werknemers
WGWP	Werknemergesondheid-en-welstandprogram
WKBD	Wes-Kaapse tenderdokument
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement
WKPP	Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
WKR	Wes-Kaapse Regering
WKVD	Wes-Kaapse verskafferdatabasis
WNNR	Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999)

### 3 Voorwoord deur die Provinsiale Minister

---

Hierdie JV is die tweede geleentheid om verslag te doen oor die implementering van die DVOW se strategiese plan vir die tydperk 2015/2016 tot 2019/2020. Alhoewel 2016/2017 gekenmerk is deur verskeie uitdagings, waarvan sommige toegedra kan word aan 'n veranderende internasionale omgewing en ander aan onsekere binnelandse beleid, het DVOW nogtans bestendige vordering getoon ter bereiking van sy doelstellings soos in die strategiese plan uiteengesit.

Spoorvervoer, alhoewel nie onder die regstreekse beheer van die WKR nie, is 'n fundamentele element van die openbarevervoerstelsel wat doeltreffend moet funksioneer indien ons die lewens van duisende pendelaars wil verbeter en hul deelname aan ons provinsie se ekonomiese, sosiale en opvoedkundige lewe wil verhoog. Alles moontlik is gedoen om met Metrorail/PRASA en die voormalige minister van vervoer, Dipuo Peters, in gesprek te tree ten einde hulle te oortuig om maatreëls te implementeer wat 'n einde sal maak aan die voortdurende agteruitgang van en tot 'n verbetering in hierdie kritieke openbare diens aanleiding sal gee. Hierdie inisiatiewe ten spyte, is die stelsel steeds besig om te versleg as gevolg van vandalisme, ekonomiese sabotasie en swak korporatiewe bestuurstoetsing aan die kant van PRASA in die algemeen.

Dit ten spyte, is ek en my departement steeds daartoe verbind om die ter sprake owerhede te help om implementeerbare en volhoubare oplossings vir hierdie uitdagings te vind. Voorts is ons onwrikbaar in ons pogings om wetgewing in te span sodat ons inspraak op die domein vervoer van krag tot krag kan gaan.

Daar word steeds werkmaak van swak gedrag aan die kant van padgebruikers sodat lewens gespaar kan word. Kommunikasieveldtogte oor padveiligheid is van stapel gestuur in 'n poging om bestuurders, passasiers en voetgangers se gebruik van die padomgewing te beïnvloed. Na my mening moet almal van ons persoonlike verantwoordelikheid vir ons optrede aanvaar en leer om mekaar te respekteer. Die herimplementering van EBAT en die gekoördineerde pogings by wyse van die veiligheidsplan vir die Overbergdistrik het, klaarblyklik, 'n positiewe impak gehad. Vir solank as wat hierdie termyn duur, sal ek aanhou om my daarop toe te spits.

Investering in infrastruktuur is die middelpunt van ekonomiese bemagtiging en sosio-ekonomiese ontwikkeling. As die departement waaraan bykans R200 miljard se onroerende infrastruktuur bates (paaie en infrastruktuur) in besit van die Wes-Kaapse Regering (WKR) toevertrou is en as die implementeringsagent vir provinsiale infrastruktuur, bou en hou ons steeds infrastruktuur in stand onderwyl ons tegelyk geleenthede vir verbeterde sosio-ekonomiese toestande en werkskepping in die Wes-Kaap maksimeer. Die DVOW bevorder steeds groener benaderings tot ontwerp en konstruksie binne beboude gebiede sowel as binne konstruksiebedrywe. In die loop van die oorsigjaar het die departement stappe geneem om waterverbruik in WKR-geboue te verlaag deur, onder andere, waterverkoelde lugversorgingstelsels te modifiseer. Fondse is ook toegewys om "slim"-meterlesings by sleuteleiendomme te implementeer sodat toekomstige verbeterings daarop kan voortbou.

My dank aan die Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke sowel as die komitee belas met openbare rekeninge vir hul bydrae tot 'n gesonde gesprek en die rol wat hulle in die oorsigjaar vervul het.

Vergun my ter afsluiting die geleentheid om erkenning te verleen aan die toegewyde mans en vroue in diens van die Departement van Vervoer en Openbare Werke. Dit is te danke aan hulle harde werk dat ons steeds ons soeke na verbeterde dienste kan voortsit, steeds daaraan werk om ons ondersteuning van die ekonomie te verbeter, en steeds saam daaraan werk om saam van die Wes-Kaap 'n beter plek te maak.



**Donald Grant**

**Provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke**

**Datum: 30 Augustus 2017**

---

## 4 Verslag van die Rekenpligtige Beampte (RB)

---

### 4.1 Oorsig van die DVOW se bedrywe

Die jaar 2016/17 was 'n uitdagende en opwindende jaar waartydens die DVOW maniere moes vind om dienste te lewer ten spyte van beperkte hulpbronne en ook innoverende maniere moes vind om skaars natuurlike hulpbronne te beskerm deur voorsiening te maak vir en energie en waterbesparingsmaatreëls te implementeer.

In die loop van die oorsigjaar is die DVOW se vervreemdingsbeleid ten opsigte van onroerende eiendom bevraagteken, wat tot gevolg gehad het dat die lewering van bekostigbare behuising weer eens in die openbare oog was. Hierdie kwessie sal in meer besonderhede later in hierdie verslag verken word.

Ondanks swak ekonomiese groei gedurende die oorsigjaar en die meegaande afname in fiskale bronne wat tot die departement se beskikking was om aan sy diensleweringse mandaat te voldoen, het DVOW daarin geslaag om die maksimum sosio-ekonomiese impak met behulp van die hulpbronne tot sy beskikking te bewerkstellig.

Om die negatiewe druk op staatsfinansies te versag, het die sentrale regering streng maatreëls geïmplementeer ten einde die volhoubare verloop van die fiskale jaar te probeer red. Een van hierdie maatreëls was om 'n perk op besteding aan vergoeding van werknemers (VvW) te plaas. Bognense is vir besteding aan VvW gestel en slegs 'n kritieke aantal poste, naamlik poste in die komponente infrastruktuur en verkeersbestuur, kon gevul word. Kostebekampingsmaatreëls is toegepas op goedere en dienste, en sekere projekte in die verkrygingsplan is ontleed om te bepaal tot watter mate raamwerkkontrakte sowel as prys- en verpakkingstrategieë daartoe kan bydra om afleweringse kapasiteit te verhoog.

Die uitdagings soos hierbo uiteengesit ten spyte, het die DVOW se werksmag getoon dat hulle waarlik die departement se visie onderskraag. Ondanks kritieke kapasiteitstekortkominge van tussen 40 en 60 persent op sekere kerndiensleweringsterreine het die DVOW steeds daarin geslaag om meer as 99 persent van die fondse wat vir die oorsigjaar aan hom toegewys is, te bestee. In sy rol as implementeringsagent vir die lewering van infrastruktuur aan die provinsiale departemente van gesondheid en onderwys het die DVOW ook hierdie departemente se infrastruktuurtoewysings gedurende die oorsigjaar bestee.

Bemagtiging, altyd 'n topprioriteit op die DVOW se ontwikkelingsagenda, strek oor alle funksies en programme heen. In die oorsigjaar het die DVOW werk- en ontwikkelingsgeleenthede geskep om bemagtiging te bevorder en om die voorsiening van skaarsvaardighede in die sektor beboende omgewing te versterk. Daar is meer besonderhede hieroor in die diensleweringse afdeling van hierdie verslag.

Die DVOW het 'n diensleweringverbeteringsplan (DLVP) vir die tydperk van die mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR) (2016/17 – 2019/20) ontwikkel gegrond op sy strategiese plan en in ooreenstemming met sy jaarlikse prestasieplan (JPP) 2016/17. Die DLVP het ten doel om werk te maak van twee diensverbeteringsareas: Padnetwerkbestuur (PNB) – die institusionalisering van 'n sakeproses wat die keuring van



grondpadopgraderingsprojekte vir ontwerpgoedkeuring sal optimeer; en padveiligheidsbestuur (PVB) – wat beter padgebruikergedrag kweek deur 'n toename in intervensies om bewustheid van padveiligheidsopvoeding te skep. Bygewerkte inligting hieroor word in die DLVP-gedeelte van hierdie verslag verskaf.

## 4.2 Programaktiwiteite

Die DVOW het steeds aktief deelgeneem aan die tersaaklike provinsiale strategiese doelwit- (PSD-) reëlingskomitees en hul werksgroepe om te help om die infrastruktuurlewering van die drie regeringsfere in ooreenstemming te bring sodat volhoubare ekonomiese groei doeltreffend daardeur bevorder word.

Wat bestuurstoelig betref, het die DVOW sy skoonouditstatus in 2016/17 behou. Daar word deurgaans daaraan gewerk om die finansiële bevoegdheidsvlakke van die DVOW tot die volgende vlak te verhoog – die "intermediêre" vlak van bevoegdheid. Die implementering van die bestuurstelsel vir infrastruktuurlewering (IDMS) het steeds gedurende die jaar alternatiewe verkryging- en afleweringstrategieë verken, van stapel gestuur en geïmplementeer wat infrastruktuurlewering sal bespoedig en infrastruktuurleweringrisiko's sal versag.

Vier eiendomme is geïdentifiseer wat deur die provinsiale departement van menslike nedersettings aan ontwikkelaars vanuit die private sektor beskikbaar gestel sal word vir die bou van bekostigbare behuising. Die terrein van die voormalige Woodstock-hospitaal is ook geïdentifiseer vir beskikbaarstelling aan Stad Kaapstad vir die doeleindes van menslike nedersettings.

Ten opsigte van die portefeulje wat gehuur word, is besparings behaal deur verbeterde onderhandelings oor huurgeld en jaarlikse eskalاسies.

Die DVOW is verantwoordelik vir die betaling van eiendomsbelasting vir alle eiendomme in besit van die provinsiale regering, uitgesonder eiendomme in besit van die departement van menslike nedersettings. Hoër dan verwagte stygings in munisipale waardasies het hoër eiendomsbelasting tot gevolg gehad. Dit het die proporsie van die begroting wat vir dienslewering beskikbaar was, verminder.

Die toestand van die provinsiale onroerende eiendomsportefeulje is, soos verlang, geëvalueer om infrastruktuurinstandhoudingsprioriteite vir geboue in besit van die WKR te identifiseer, sowel as om werk te maak van noodsaaklike gesondheids- en veiligheidskwellinge.

Bygewerkte norme en standaarde vir kantoorakkommodasie is deur die program kantoormodernisering in werking gestel. Die vyfde volume van die PER (’n verslag oor eiendomsdoeltreffendheid) wat die jaar 2015/16 dek, is in November 2016 gepubliseer. Die PER meet die koste en ruimtebenutting van 36 kantoorgeboue in staatsbesit, of wat gehuur, word met ’n gesamentlike vloeroppervlak van meer as 1 000 m<sup>2</sup>. Tot en met 2015/16 het die implementering van kantoormodernisering die doeltreffende benutting van kantoorruimte met 56 persent verbeter en verdere implementering vind tans oral in die Wes-Kaap plaas, met projekte in die Stad Kaapstad, in die Kaapse Wynlandedistrik en in die Edendistrik. Verhoogde doeltreffendheid in die benutting van kantoorruimte

het dit moontlik gemaak om die behoefte aan gehuurde akkommodasie te verlaag, en doeltreffendheid sal na verwagting aanhou toeneem.

Die provinsiale eiendomskomitee (PPC), wat deur minister Carlisle aangestel is, is steeds werksaam. Prosesse is daargestel om die PPC se funksionering en verslagdoening te verbeter.

Die tweejaarlikse batebewaringsverslag oor die stand van provinsiale paaie en die impak van beplande en huidige investering in paaie is in die loop van die jaar gepubliseer.

Benewens deurlopende optimering van die program vir investering in padbates en beoefening van grondgebruiktoegang, is beheerprosedures, padnetwerkbeplanning en padnetwerklewing gedurende die jaar voortgesit deur oorleg te pleeg met padowerhede soos Vervoer vir Kaapstad, die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap (SANRAL) en munisipaliteite.

'n Ondersoek na die ekonomiese en operasionele doeltreffendheid van die huidige streeksmodel vir padinstandhouding waarvolgens distriksmunisipaliteite as diensverskaffers optree om provinsiale paaie in stand te hou, is voortgesit. In hierdie verband is 'n hersiene memorandum van ooreenkoms (MvO) met die distriksmunisipaliteite aangegaan.

In die oorsigjaar het die DVOW voortgegaan om pogings ter verbetering van openbare en niegemotoriseerde vervoer (NMT) in die Wes-Kaap aan te spoor by wyse van prioriteitsprogramme, insluitend George se geïntegreerde openbarevervoernetwerk, die provinsiale program vir volhoubare vervoer (PSTP) [voorheen bekend as die provinsiale institusionele raamwerk vir openbare vervoer (PPTIF)] en 'n aantal spoor- en padveiligheidsinisiatiewe.

Die PSTP is gedurende die jaar geïnisieer ten einde die inkrementele ontwikkeling en implementering van volhoubare vervoerstelsels in die Wes-Kaap te ondersteun. Die verandering in programnaam weerspieël 'n verskuiwing weg van 'n strategiese, institusionele beplanningsfokus na plaaslike beplanning, kapasiteitsbou en implementering. Die PSTP het ten doel om hierdie stelsels te ontwikkel deur vennootskappe met sleutelbelanghebbers te vorm, insluitend plaaslike munisipaliteite, gemeenskappe en sake-ondernemings. Dit fokus spesifiek daarop om lae-inkomstegemeenskappe se toegang deur openbare- en NMT-inisiatiewe te verbeter.

'n Sakegeval is afgehandel vir die ontwikkeling van 'n vervoerdatakern. Die oogmerk met dié kern is om die DVOW se bestaande databasisse in ooreenstemming te bring en te integreer ten einde sake-inligting en dienslewering te verbeter. Verdere ontwikkeling van die kern word vir die 2017/18-boekjaar beplan.

Die DVOW het steeds 'n 24/7-verkeersdiens gedurende die oorsigjaar gelewer. Saam met sy plaaslike-owerheidsvennote het die DVOW hard daaraan gewerk om gevaarlike liggings te polisieer en om te sorg dat die verkeer vrylik vloei. Daar was 'n spesiale fokus op leerdervoer gedurende die jaar in vennootskap met die Wes-Kaapse departement van onderwys (WKOD).

Voorts het die DVOW bly poog om werk te maak van die hoë aantal sterftes in die Wes-Kaap by wyse van deurlopende operasies wat fokus op drink en bestuur (intensiewe alkoholveldtogte), afdwinging van spoedgrense (insluitend die gebruik van die ASOD-stelsel (gemiddelde spoed oor 'n afstand) en oorladingsbeheer (nege weegbrûe). Meer as 'n miljoen voertuie is gedurende die jaar afgetrek en nagegaan.

Die DVOW en die Wes-Kaapse direkteur van openbare vervolgings het die nasionale taakspan aangevoer wat EBAT ('n forensiese asemtoets vir alkohol) ooreenkomstig 'n gefaseerde benadering, beginnende in Augustus 2016, heringestel het.

'n Geïntegreerde aksieplan wat van bewysgebaseerde beplanning as basis gebruik maak, is gekonseptualiseer om operasionele planne te informeer wat betrekking het op wetstoepassing, ingenieurswerke, opvoeding en evaluering. Hierdie plan, die distrikveiligheidsplan (DVP), is in die Overbergstreek getoets en het in die derde kwartaal van die 2016/17-boekjaar 'n aanvang geneem. Aanvanklike resultate van die toetslopie is positief.

Die DVOW het voortgegaan met die ontwikkeling en bemagtiging van gemeenskappe, opkomende kontrakteurs en die konstruksiebedryf met die oog op volhoubare ekonomiese en indiensnemingsgroei. Hierdie is 'n kritieke investering gegewe die konteks van 'n swak ekonomiese klimaat. Hierdie bemagtiging-, opleiding- en kapasiteitsbouprogramme het die volgende ingesluit: bemagtigingimpakassesserings (EmplAs) op die ontwerp en konstruksie van beplande departementele infrastruktuurprojekte, vakleerlingskapprogramme en ondersteuning van UOWP-implementeringsliggame.

### 4.3 Geleenthede

Tabel 1 beskryf vername departementele geleenthede wat gedurende 2016/17 gehou is.

**Tabel1: Vername departementele geleenthede**

Nee	Datum	Geleentheid	Rapporteur
1	Mei 2016	UOWP-begunstigdes vier hul aanstelling as voltydse werknemers	Vier-en-sestig voormalige UOWP-begunstigdes is deur Munisipaliteit Stellenbosch as voltydse werknemers aangestel in sy direkteuratsgebiede brandweer en redding, wetstoepassing en afvalwaterbehandeling. 'n Sertifikaatplegtigheid is in Mei 2016 in Stellenbosch gehou om hierdie prestasie te vier. Die munisipaliteit het nou nege bykomende brandbestryders, 17 nuwe wetstoepassingsbeamptes en 'n verdere 40 padwerkers. Almal van hierdie nuwe personeellede dra reeds by tot beter dienslewering in die dorp.

Nee	Datum	Geleentheid	Rapporteur
2	Mei 2016	Toekenning van beurse aan verdienstelike studente op die terreine van vervoer, ingenieurswese en beboude omgewing.	Die DVOW het Masakh'iSizwe-beurse toegeken aan 19 universiteitstudente wat vir 'n graad- of nagraadse kwalifikasie op die terreine van vervoer, ingenieurswese en beboude omgewing studeer. 'n Seremonie ter viering van hierdie geleentheid is in Mei in Kaapstad gehou.
3	Mei 2016	Opening van Khayelitsha se "5 Star Green Star" gedeelddienstesentrum	Khayelitsha se splinternuwe gedeelddienstesentrum, wat namens die provinsiale departemente van landbou, onderwys, maatskaplike ontwikkeling en gesondheid in opdrag van die DVOW opgerig is, is teen die einde van Mei ten volle betrek. Administratiewe personeel sal daarvandaan werk om die lewering van regeringsdienste in Kaapstad se metro te ondersteun.  Hierdie gebou is die eerste openbare gebou in die Wes-Kaap om 'n "5 Star Green Star SA"-aanslag van GBCSA (Suid-Afrikaanse raad vir groen boupraktyke) vir 'n onderwys- of openbare gebou te ontvang. Die gebou is sentraal geleë en naby vername vervoerwisselaars. Een van die kenmerke is 'n veilige en duidelik gemerkte staproete wat voetverkeer van voertuigverkeer skei.
4	Junie 2016	Departement van gesondheid se nuwe gebou wen groen toekennings	Die DVOW het erkenning vanaf GBCSA ontvang sy werk aan 'n gebou wat tans vir die provinsiale departement van gesondheid in aanbou is. Die streekkantoorgebou by Karl Bremer-hospitaal in Bellville is die eerste ontvanger van GBCSA se lootstoekenning in die sosio-ekonomiese kategorie. Die projek het ook 'n GBCSA "5-Star Green Star SA"-aanslag vir ontwerp van 'n openbare of onderwysgebou ontvang.
5	3 en 4 Junie 2016	Provinsiale jeugberaad oor padveiligheid	Die oogmerk van die Verenigde Nasies se dekade van aksie vir padveiligheid 2011-2020 is om padsterftes wêreldwyd teen 2020 te "stabiliseer en te verminder", gemeet teen 'n 2010-basislyn. Veral die jeug is 'n groep wat in gevaar verkeer.  Die doel met die provinsiale jeugberaad oor padveiligheid was om Wes-Kaapse basislyninligting in te samel ter voorbereiding vir die nasionale jeugberaad oor padveiligheid wat vir Junie 2016 geskeduleer is.
6	6 Julie 2016	Gradeplegtigheid vir verkeersbeamptes	Vyftig verkeersbeamptes het aan die Gene Louw-verkeerskollege (GLVK) gegradueer. Die minister van vervoer en openbare werke, Donald Grant, het graduandi se diplomas, hul registrasie as verkeersvredesbeamptes sowel as hul aanstellingskaarte oorhandig sodat hulle as verkeersbeamptes kan begin funksioneer. Dertig van hierdie graduandi is deur die DVOW in diens geneem.

Nee	Datum	Geleentheid	Rapporteur
7	5 September 2016	Tien leerders gekies om die Wes-Kaap te verteenwoordig by die nasionale debatskompetisie oor padveiligheid	Tien leerders is gekies om die Wes-Kaap by die nasionale debatskompetisie oor padveiligheid gedurende Oktober 2016 in Limpopo te verteenwoordig. Hulle is as die weners aangewys in die provinsiale eindronde wat deur die DVOW in Kaapstad georganiseer is.  Hierdie jaarlikse kompetisie het ten doel om 'n kultuur van verantwoordelike padgebruikgedrag vanaf 'n vroeë ouderdom aan te kweek. Omdat veral kinders en jeugdige groepe is wat in gevaar verkeer, is die padveiligheidsdebatte afgestem op hoërskoolleerders in hul kapasiteit as voetgangers, fietsers, motorfietsryers, leerlingbestuurders en passasiers.
8	1 Oktober 2017	DVP-loodsprojek vir Overberg van stapel gestuur	Die hoë vlak van padverkeersongelukke hou 'n groot gevaar vir sosio-ekonomiese ontwikkeling in die Wes-Kaap in. In reaksie hierop het die DVOW 'n visie van zero-sterftes en zero- ernstige beserings op provinsiale paaie aanvaar.  Om hierdie visie tot uitvoer te bring, het die munisipale bestuurders van die munisipaliteite Kaap Agulhas, Theewaterskloof en Overstrand sowel as die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se bevelvoerder van Overbergkluster hulle tot 'n DVP-loodsprojek vir die Overbergdistrik verbind. Die DVP is 'n geïntegreerde wetstoepassing-, opvoeding- en ingenieursplan wat in reaksie op 'n gedetailleerde evaluering van die strategiese en operasionele omgewing opgestel is. Die loodsprojek smee al die elemente wat tot padveiligheid kan bydra in 'n enkele, samehangende en geïntegreerde plan saam.  Die DVP het ten doel om teen 2020 sterftes met 33 persent en kindersterftes met 50 persent te verminder.
9	10 November 2016	Amptelike opening van die Hemel-en-Aarde-pad	Die opgegradeerde R320 Hemel-en-Aarde-pad is op Donderdag 10 November 2016 deur die minister van vervoer en openbare werke, Donald Grant, geopen.  Die opgradering vanaf 'n grondpad na 'n pad met 'n teerlaag stimuleer die landbousektor in die gebied en maak ook werk van die baie ernstige veiligheidskwessies wat te danke was aan die substandaard vertikale en horisontale beloop van die ou pad.
10	13 Desember 2016	Uitrol van padveiligheid oor die feesseisoen	Die Wes-Kaapse verkeersplan vir die feesseisoen is by die Hugenote Tunnel oorhandig as teken dat die DVOW se veldtog vir padveiligheid oor die feesseisoen amptelik van stapel gestuur is. Dié seremonie is voorafgegaan deur 'n padblokkade op die N1-snelweg waar minister Donald Grant met motoriste en passasiers gesels het onderwyl padveiligheidsbeamptes pamflette uitgedeel en veiligheidswenke uitgeruil het.
11	28 Januarie 2017	Amptelike opening van die lughawepad in Plettenbergbaai	Minister Donald Grant het die nuutgeboude lughawepad in Plettenbergbaai (wat onder die Bitou-munisipaliteit ressorteer) geopen.

Nee	Datum	Geleentheid	Rapporteur
12	10 Maart 2017	Bekendstelling van e-Leer	Opleiding by die Gene Louw-verkeerskollege en die administrasie van kursusinhoud en assesserings is voorheen per hand gedoen, wat baie tydrowend en ondoeltreffend was. Namate die vraag na opleiding vir verkeersbeamptes toegeneem het en dit al hoe moeiliker geword het om aan hierdie vraag te voldoen, is 'n portaal vir e-Leer daargestel sodat daar aan hierdie opleidingsbehoefes voldoen kan word. Die implementering van e-Leer in samehang met die installering van toerusting by die onderskeie verkeersentrums in die Wes-Kaap wat videokonferensies moontlik maak, sal die las op studente verlig wat voorheen na GLVK vir opleiding moes reis. Sodoende word die doeltreffendheid van die stelsel verhoog.

#### 4.4 Oorsig van die DVOW se finansiële resultate

##### Departementele ontvangstes

Tabel 2 verskaf inligting oor departementele ontvangstes.

Tabel2: Departementele ontvangstes

Departementele ontvangstes	2016/2017			2015/2016		
	Beraamde bedrag R'000	Werklike bedrag gein R'000	(Oor) / ondergein R'000	Beraamde bedrag R'000	Werklike bedrag gein R'000	(Oor) / ondergein R'000
Belastingontvangstes:						
Motorvoertuiglisensies	1 285 065	1 433 664	(148 599)	1 220 443	1 342 103	(121 660)
Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates	87 833	113 723	(25 890)	83 509	105 784	(22 275)
Rente, dividende en verhuring van grond	-	1 976	(1 976)	-	1 479	(1 479)
Verkoop van kapitaalbates	-	3 369	(3 369)	-	4 443	(4 443)
Transaksies in finansiële bates en laste	8 088	24 194	(16 106)	325	5 755	(5 430)
Oordragte ontvang	-	6 765	(6 765)	4 871	5 674	(803)
Boetes, strafboetes en verbeurings	232	1 307	(1 075)	220	1 103	(883)
<b>Totaal</b>	<b>1 381 218</b>	<b>1 584 998</b>	<b>(203 780)</b>	<b>1 309 368</b>	<b>1 466 341</b>	<b>(156 973)</b>

'n Oorvordering van R203,780 miljoen of 14,75 persent is gerealiseer op departementele ontvangstes vir die 2016/17-boekjaar. In die vorige boekjaar het die oorvordering op

ontvangstes R156,973 miljoen of 11,99 persent beloop. Die persentasie toename in werklike ontvangstes vergeleke met die vorige jaar is R118,657 miljoen of 8,09 persent. Die vernaamste bydraer tot die oordrag van departementele ontvangstes in 2016/17 is motorvoertuiglisensies teen 73 persent van die totale oordrag.

Inkomste vanuit motorvoertuiglisensies oorheers steeds die departement se eie ontvangstes, met die res wat hoofsaaklik opgemaak word uit terugbetalings, uitreiking van lisensies vir abnormale vragte, verpersoonlike voertuigregistrasienommers, verhuring van kantoorgeboue, rente, dividende en verhuring van grond, boetes, strawwe en verbeurings en, laastens, oordragte wat vanaf die Padverkeerbestuurskoöperasie (PVBK) ontvang is vir projekte verwant aan padveiligheid en PSETA (die staatsdiens se onderwys- en opleidingsowerheid) vir 'n vakleerlingskap in sweiswerk.

Die getal geregistreerde voertuie het vanaf 1 886 544 soos op 31 Maart 2016 toegeneem tot 1 939 657 soos op 31 Maart 2017, 'n netto toename van 53 113 motorvoertuie of 2,82 persent.

Insgelyks was daar 'n netto toename in die getal spesiale nommerplate van 602 of 8,66 persent vanaf 6 955 soos op 31 Maart 2016 tot 7 557 soos op 31 Maart 2017. Die getal permitte wat in die oorsigjaar vir abnormale vragte uitgereik is, het ook met 1 206 of 15,39 persent toegeneem vanaf 7 835 soos op 31 Maart 2016 tot 9 041 soos op 31 Maart 2017.

Die vernaamste redes vir die verbetering in voorsiene prestasie gedurende 2016/17 kan toegeskryf word aan:

- Motorvoertuiglisensies:
  - Verbeterde invorderingsprosedures vir agterstallige gelde;
  - Vrywillige betaling van voorgeskrewe gelde vir motorvoertuiglisensies deur voertuigeienaars; en
  - 'n Toename in die motorvoertuigpopulasie.
- Verkoop van uitgediende konstruksie- en instandhoudingstoerusting
- Verkoop van eiendom:
  - Erf 12037 (gedeelte van erf 10891) Malmesbury; en
  - Gedeelte 24 of van plaas 205, Ruygtevallei, Knysnaweg.
- Befondsing wat vanaf die PVBK ontvang is vir veiligheidsverwante projekte.
- Befondsing wat vanaf PSETA vir 'n vakleerlingskapprogram in sweiswerk ontvang is.
- Ontvangs van agterstallige huurgeld.

Benewens die akkommodasie wat die DVOW gratis aan staatsdepartemente en -entiteite verskaf, was daar geen gratis dienste wat 'n beduidende inkomste sou voortbring indien 'n tarief gehef sou word nie.

Slegte skulde ten bedrae van R1 958 000, wat hoofsaaklik met skade aan voertuie en werknemerskuld verband hou, is tydens die oorsigjaar afgeskryf.

### Details oor tariewe gehef deur die DVOW

- Gelde vir motorvoertuiglisensies: Hierdie gelde word deur die Nasionale Padverkeerswet (NRTA), (Wet 93 van 1996) geregleer. Die gemiddelde tarief het onveranderd gebly gedurende die 2016/17-boekjaar.
- Skutgelde: Hierdie gelde word deur die Nasionale Wet op Padvervoer (NLTA) (Wet 5 van 2009) en die NRTA geregleer. Die tariewe, geldig vanaf 21 April 2011, wat deur die provinsiale minister van vervoer en openbare werke vasgestel is, het onveranderd gebly.
- Kursusgelde ten opsigte van die Gene Louw-verkeerskollege: Hierdie gelde word deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) (Wet 1 van 1999) geregleer. Die provinsiale tesourie het die tariewe met ingang 1 Julie 2016 met 6,2 persent verhoog.
- Verhuring van staatsbehuising: Die voorgeskrewe tariewe word toegepas soos in die WOFB beoog.
- Verhuring van staatsgeboue: Ooreenkomste word teen markverwante tariewe aangegaan of teen tariewe wat andersins deur die provinsiale tesourie, soos beoog in die WOFB, goedgekeur is.

Die volgende tariewe word op nasionale vlak vasgestel:

- Gelde vir 'n vrystellingspermit: Hierdie gelde word deur NRTA geregleer. Die minister van vervoer het hierdie gelde met ingang 19 Februarie 2016 verhoog gegrond op die koste wat inderwaarheid wetenskaplik bepaal is gegrond op die produsenteprysindex (PPI).
- Gelde vir spesiale diskrete en verpersoonlike nommerplate: Hierdie gelde word deur NRTA geregleer. Die tariewe wat met ingang 1 Februarie 2003 deur die minister van vervoer neergelê is, het onveranderd gebly.
- Diverse gelde: Hierdie gelde word deur die Wes-Kaapse Wet op Padvervoer, 1998 en NRTA geregleer. Die tariewe wat met ingang 1 April 2010 deur die minister van vervoer neergelê is, het onveranderd gebly.
- Gelde vir bedryfslisensies: Hierdie gelde word deur NLTA geregleer. Die tariewe wat met ingang 17 Desember 2009 deur die minister van vervoer neergelê is, het onveranderd gebly.
- Diensgelde vir begeleiding deur provinsiale verkeer: Hierdie gelde word deur NRTA geregleer.

### Programbesteding

Tabel 3 verskaf details oor programbesteding.

Tabel3: Besteding per program

Naam van program	2016/2017	2015/2016
------------------	-----------	-----------



	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/onderbesteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/onderbesteding R'000
Administrasie	165 468	162 645	2 823	193 250	181 729	11 521
Openbarewerke-infrastruktuur	1 731 166	1 696 286	34 880	1 613 890	1 565 889	48 001
Vervoerinfrastruktuur	3 256 339	3 243 655	12 684	3 194 408	3 174 477	19 931
Vervoerbedrywe	1 189 556	1 188 287	1 269	1 042 841	1 039 040	3 801
Vervoerregulering	690 725	681 973	8 752	660 723	660 675	48
Gemeenskapsgebaseerde Programme	59 410	55 862	3 548	54 163	46 585	7 578
<b>Totaal</b>	<b>7 092 664</b>	<b>7 028 708</b>	<b>63 956</b>	<b>6 759 275</b>	<b>6 668 395</b>	<b>90 880</b>

Die DVOW het 99,1 persent van sy begrotingstoewysing vir die oorsigjaar bestee. In die vorige boekjaar het besteding 98,6 persent van die begrotingstoewysing beloop. Die groei in werklike besteding, vergeleke met die vorige jaar se besteding, is 5,4 persent.

Die oorspronklike voorsiening vir werknemerkoste in die departement is ~~bepaal~~gegrond op die koste van gevulde poste in Februarie 2016 plus 'n voorsiening vir die vulling van 'n beperkte aantal kritieke poste, hoofsaaklik in die infrastruktuur- en verkeersbestuurkomponente.

Aangesien die begroting vir VvW geormerk en geklassifiseer is as spesifiek en eksklusief begroot, was verskuiwing van fondse weg van VvW nie toegelaat nie tensy dit deur 'n parlementêre wet goedgekeur is. Derhalwe is die onderbesteding van R23,806 miljoen op hierdie item oorbetal aan die provinsiale inkomstefonds.

Die onderbesteding aan VvW is hoofsaaklik weens vakatures wat nie binne die beplande tydraamwerk gevul is nie en die natuurlike attrisie van die diensstaat, welke koste ook 'n impak op verwante goedere- en diensitems gehad het. Ander kwessies het egter ook die beplande vulling van poste beïnvloed, soos die feit dat die DVOW vir die buitejare onderbefonds was vir VvW, wat die beplande vulling van poste in die huidige jaar bemoeilik het, sowel as maatreëls wat in plek gestel is om die vereistes van die departement van die premier se raamwerk vir die bestuur van die Wes-Kaapse lonerekening te implementeer.

Bo en behalwe die onderbesteding op VvW en verwante goedere- en dienste-items, waardeur al die programme geraak is, word die vernaamste redes vir afwykings hieronder per program aangetoon.

### **Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur**

Die onderbesteding op die program is hoofsaaklik weens 'n oorvoorsiening van implementeringseenheidkapasiteit ter ondersteuning van infrastruktuurlewering, en die uitgerekte prosesse verwant aan die verkryging van eiendomme, sowel as die versoek-voorstelle-stadium van die Conradie "Game-Changer".

### Program 3: Vervoerinfrastruktuur

Die geringe onderbesteding op die program is hoofsaaklik weens oordragbetalings wat nie plaasgevind het nie aangesien munisipaliteite nie in staat was om infrastruktuurprojekte, soos beplan, uit te voer nie.

### Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme

Die onderbesteding op die program is hoofsaaklik weens 'n aantal kontrakteurs wat aan die kontrakteurontwikkelingsprogram ontrek het sowel as verlengde klaskamer opleiding vir CIDB- (die konstruksiebedryf se ontwikkelingsraad) Graad- 3 tot 5-kontrakteurs wat sodoende die verkryging van mentors om met indiensopleiding te help met twee maande vertraag het. Voorts, weens 'n verlies aan akkrediasie deur die opleidingsverskaffer binne die sektorale onderwys- en opleidingsowerheid (SETA) gedurende die boekjaar, is die implementering van die vaktoetsondersteuningsprogram vertraag.

## 4.5 Viremente en oorgedraagde fondse

### Viremente

Tabel 4 verskaf details oor viremente wat aangebring is.

Tabel4: Viremente vir 2016/17

Hoofverdeling vanaf	na	R'000	Rede
Program 1: Administrasie	4. Vervoerbe drywe	425	Voorsiening vir kommunikasie oor vervoerveiligheid
	5. Vervoerre gulering	6 575	Agentskapsgelde betaalbaar aan munisipaliteite weens oorverhaling van gelde vir motorvoertuiglisensies
Program 2: Openbarewerke- infrastruktuur	5. Vervoerre gulering	5 421	Agentskapsgelde betaalbaar aan munisipaliteite weens oorverhaling van gelde vir motorvoertuiglisensies
		4 218	Voorsiening vir die finansiering van die bruikhuurgedeelte van staatsmotorvoertuigvervoer vir verkeerswetstoepassing

### Oorgedraagde fondse

Tabel 5 verskaf details oor versoeke vir die oordra van fondse vanaf 2015/16 na 2016/17.

Tabel5: Versoek vir oordra van fondse vanaf 2015/16 na 2016/17

Program	R'000	Doel
Program 1: Administrasie	2 000	Om die verbetering en versterking van die Microsoft-stelsel vir ondernemingprojekbestuur (EPM) te ondersteun ten einde aan departement-spesifieke behoeftes te voldoen.

Program	R'000	Doel
Program 2: Openbarewerke- infrastruktuur	1 622	Om voorsiening te maak vir die ontwikkeling van 'n BLM (model vir 'n beter lewe) as 'n vername verskuivende intervensie van die Wes-Kaapse Regering.
Program 3: Vervoerinfrastruktuur	1 263	Om die Munisipaliteit Drakenstein te subsidieer vir die opgradering van munisipaal- geproklameerde hoofpad 208 (MR208).
	717	Om voorsiening te maak vir die herseëling van Eendekuil-Het-Kruis Keeromweg.
Program 5: Vervoerregulering	17 000	Om voorsiening te maak vir padveiligheidsreklameprojekte met inbegrip van 'n maandelikse radioveldtog, hoëkwaliteit-televisie-advertensies, gemeenskapsgebaseerde en sosiale media-inisiatiewe en navorsing.
	2 500	Om minibustaxi-, metertaxi en klein busoperateurs te ondersteun.
<b>Totaal</b>	<b>25 102</b>	

## 4.6 Behoud van inkomste

Tabel 6 verskaf details oor inkomste wat van 2015/16 na 2016/17 behou is.

**Tabel 6: Inkomste behou van 2015/16 na 2016/17**

Program	R'000	Doel
Program 2: Openbarewerke- infrastruktuur	2 548	Uit vordering van agterstallige huurgeld om benut te word vir betaling van huurgeld vir Riverlands Primêre Skool in Malmesbury soos per hofbevel.
Program 3: Vervoerinfrastruktuur	39 951	Uit oovordering van gelde vir motorvoertuiglisensies om benut te word vir projek C1040, herseëling van Eendekuil-Het-Kruis Keeromweg.
	30 000	Uit oovordering van gelde vir motorvoertuiglisensies; verkoop van goedere en dienste; gelde, es; fees, boetes en verbeurings; rente, dividende en verhuur van grond; verkoop van kapitaalbates en finansiële transaksies in bates en laste om benut te word vir projek C982, herseël Holgaten-Uniondale.
	16 954	Uit oovordering van gelde vir motorvoertuiglisensies om benut te word vir projek C821, rehabilitering van Porterville-Piketbergpad.
	10 000	Uit oovordering van gelde vir motorvoertuiglisensies om benut te word vir die instandhouding van die ASOD.
Program 4: Vervoerbedrywe	2 349	Uit oovordering van gelde vir motorvoertuiglisensies om benut te word vir die verkryging van kiosks vir die verspreidingsnetwerk wat deur die GGIVN benodig word.
	26 934	Uit oovordering van gelde vir motorvoertuiglisensies om benut te word vir die verkryging van 'n geïntegreerde reisgeldbestuurstelsel wat deur die GGIVN benodig word.
Program 5: Vervoerregulering	695	Uit oovordering van gelde vir motorvoertuiglisensies om benut te word vir die installering van videokonferensiefasiliteite by Gene Louw-verkeerskollege en verkeersentrums.
	23 000	Uit oovordering van gelde vir motorvoertuiglisensies om benut te word vir verhoogde agentskapgelde betaalbaar aan munisipaliteite ten opsigte van die vordering van motorvoertuiglisensiegelde.
<b>Totaal</b>	<b>152 431</b>	

## 4.7 Ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgawes

Die redes vir ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgawes wat in 2016/17 geïdentifiseer is, die bedrae betrokke en stappe wat geneem is om herhaling te voorkom, word hieronder uiteengesit.

### Ongemagtigde uitgawes

Lêernommer	Beskrywing	Bedrag	Korrektiewe stappe
-	-	Nul	-

### Vrugtelose en verkwistende uitgawes

Lêernommer	Rede	Bedrag	Voorkomende stappe
-	-	Nul	-

### Onreëlmatige uitgawes

Die tabel hieronder wys die nuwe sake wat in 2016/17 na vore gekom het.

Lêernommer	Beskrywing	Bedrag	Korrektiewe stappe
FC 3/6/1/4/145	Nienakoming van die voorkeurverkrygingregulasies – verkeerde toepassing van die stelsel vir voorkeerpunte.	R30 505.90	Amptenare het waarskuwingsbriewe sowel as opleiding ontvang.
FC 3/6/1/4/146	Gemeneregbedrog	R597 176.17	Amptenaar ontslaan en skuld aanhangig gemaak om die uitgawe te verhaal. Na Suid-Afrikaanse Polisie diens verwys.
FC 3/6/1/4/147	Nienakoming van VKB-delegasies – om nie by wyse van die geïntegreerde verkrygingstelsel (IPS) kwotasies vir meer as R10 000 aan te vra nie.	R136 820.00	Amptenare het waarskuwingsbriewe ontvang.
FC 3/6/1/4/148	Nienakoming van VKB-delegasies – verkeerde verkrygingsprosedures toegepas.	R4 224 467.00	Amptenare nie meer in diens van die DVOW nie. VKB-opleiding aan amptenare by die streekkantoor verskaf.

## 4.8 DVOW se toekomsplanne

Die volgende wetgewende en beleidsaangeleenthede sal nagestreef word:

- Wes-Kaapse Wet op die Bestuur van Onroerende Bate en regulasies om die Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie te vervang;
- Beleid op regeringsakkommodasie;
- Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Padverkeer – bepaling wat die minister in staat sal stel om regulasies, met inbegrip van skutting, uit te vaardig;
- Openbarevervoerwetgewing;
- Implementering van die PPPFA-regulasies (2017);
- Hersiening beleid oor oorlegpleging met die gemeenskap;

- Strategiese talentplan; en
- e-Visiebeleid.

Die DVOW het ook planne vir ander terreine waarop hy hom beywer.

- Die DVOW sal aanhou om aktief deel te neem aan die tersaaklike PSD-reëlingskomitees en -werkgroepe om te help verseker dat infrastruktuurlewering binne die regeringsfere in ooreenstemming gebring word ten einde volhoubare ekonomiese groei te bevorder.
- Noudat 'n gevorderde stelsel behaal is wat 'n skoon oudit van voorafbepaalde doelwitte kan verseker, is die DVOW van voorneme om die uitkomste van programme met behulp van 'n uitkomstemoniteringstelsel na te spoor en, sodoende, die fokus vanaf "nakoming" na "prestasie" te verskuif.
- Die DVOW gaan poog om sy "skoon oudit"-status te behou ter ondersteuning van gesonde bestuurtoesig.
- Vordering te verhoging van die organisasie se finansiële bevoegdheidsvlakke tot die volgende bevoegdheidsvlak ("intermediêr) sal voortgesit word. Binne die IDMS-omgewing sal die DVOW ondersoek instel na alternatiewe verkryging- en afleweringstrategieë en sulke strategieë van stapel stuur en implementeer om infrastruktuurlewering te bespoedig en infrastruktuurleweringsrisiko's te versag.
- Die Masakh'iSizwe-beursprogram en POP het ten doel om werk te maak van vaardigheidstekorte deur die DVOW te help om sy mensehulpbronskapasiteit te bou en die organisasie in staat te stel om sy mandaat na te kom terwyl toegang tot opleiding- en werksgeleenthede aan die jeug gebied word. Voorts sal POP ondersoek instel na die insluiting van ander dissiplines en die implementering van programme by plaaslike owerhede.
- Infrastruktuurprojekte verwant aan beplanning, aanbouings, reparasies, opknapping en instandhouding van algemene gebou-infrastruktuur sal steeds onderneem word. Sommige van die fokus areas wat in 2017/18 voortgesit sal word, is die kantoormoderniseringsprogram, wat ten doel het om die doeltreffende benutting van kantoorruimte te verbeter. Verbeterde monitering van utiliteitsgebruik in provinsiale geboue wat besit of gehuur word by wyse van maters sal help om verbruik te bestuur en sal gebruik word om die haalbaarheid van die installering van verdere fotovoltaïese (FV-) installasies in kantoorruimte te evalueer. Die waarde van geboue in besit van die WKR sal beveilig word deur bykomende investering in instandhouding.
- Die assessering van die toestand van die provinsiale onroerendebateportefeulje sal, waar nodig, onderneem word ten einde die gebou-infrastruktuur in provinsiale besit te beveilig en om werk te maak van noodsaaklike gesondheids- en veiligheidsoorwegings.
- Die jaarlikse PER sal versterk word deur verbeterings aan die maandelikse ontleding van verbruiksdata. Die hoofokus van die verslag is om eiendomme se prestasiedata te meet, daardie prestasiedata gereeld en nougeset te moniteer en geleenthede vir toenames in doeltreffendheid en doelmatigheid wat uit die data blyk, te bestuur.
- Die infrastruktuurbelegtingsvoorsienings vir onderwys- en gesondheidsfasiliteite is onderskeidelik gesetel in Pos 5 – Onderwys en Pos 6 – Gesondheid in die

provinsiale ramings vir inkomste en uitgawes, 2017. Die projeklyste vir konstruksie en instandhouding word by hierdie poste aangeheg. Die DVOW sal steeds as implementeringsagent funksioneer in die uitvoering van projekte vir die WKOD en die Wes-Kaapse departement van gesondheid.

- Planne is in plek om 20 eiendomme in 2017/18 vir diensleweringdoeleindes te bekom: nege vir gesondheid, 10 vir onderwys en een vir CapeNature.
- Die huidige swak ekonomiese klimaat het die bedrag geld wat beskikbaar is vir die ses geselekteerde herlewingsprojekte in die middestad van Kaapstad verlaag. Werk aan die Conradie "Game-Changer" sal soos beplan voortgaan, maar werk aan die ander vyf projekte sal tydelik gestaak word sodra die huidige fase van ontwikkeling van elk afgehandel is. Hierdie projekte word onder diensleweringomgewing in hierdie verslag bespreek.
- Die padnetwerk is die lewensaar van die ekonomie. Die investering in padinfrastruktuur het ten doel om geteerde paaie, grondpaaie en brûe te bewaar en om die akkumulering in instandhoudingsagterstande te verhoed. Die investering het ook ten doel om paaie vanaf grond- na geteerde standaard op te gradeer, sowel as om gevaarlike dele van paaie te verbeter ten einde padsterftes en te verlaag en veiligheid te verbeter.
- Geïdentifiseerde padprojekte om ekonomiese groei te bevorder, sal voortgaan. Die Borchards Quarry-wisselaar op die N2, die toevoeging van 'n derde baan op die N1 by die Durbanweg-wisselaar en Fase 1-konstruksie van die uitbreidings aan die padnetwerk ter ondersteuning van die Saldanhabaai-NOS is tans in aanbou. Die konsepsuele ontwerpstadium vir die opgradering van die Wingfield-wisselaar op die N1/N7 sal voortgaan.
- Projekte ter investering in padkonstruksie- en -instandhouding sal geïdentifiseer word deur batebestuurstelsels deurlopend te verbeter. Met die implementering van die IDMS in die vervoerinfrastruktuuromgewing, met inbegrip van die aansporginggedrewe instandhoudingstoekenning vir provinsiale paaie (PRMG), sal 'n nuwe verhouding gesmee word met die DVOW se direktoraat: prestasie-monitoring en -evaluering ten einde die impak te maksimeer wat verband hou met voldoening aan die PRMG se vereistes wat, sodoende, behoud van die padnetwerk sal optimeer.
- Sodra kabinetsgoedkeuring ontvang is, sal die Wes-Kaapse Wysigingswet op die Administrasie van Provinsiale Padverkeer gedurende die 2017/18-boekjaar in die wetgewer ter tafel gelê word.
- Die Wes-Kaapse Wysigingswet op Vervoerinfrastruktuur sal in die loop van 2017/18 in die vorm van 'n wetsontwerp vir openbare kommentaar gepubliseer word. Die voorneme is om hierdie wysigingswet in die loop van die 2017/18-boekjaar in die wetgewer ter tafel te lê.
- Die ondersoek na die ekonomiese en operasionele doeltreffendheid van die huidige model vir die instandhouding van streekspaaie sal gerig word deur die uitkomst van die hoofdirektoraat: padnetwerkbestuur se organisatoriese herstrukturering.
- Vier graduandi wat tans aan die POP deelneem, sal in 2017/18 gereed wees vir professionele registrasie by die Ingenieursraad van Suid-Afrika (IRSA). Daar word

voorsien dat hierdie persone ná IRSA-registrasie permanent deur die DVOW in diens geneem sal word.

DVOW se vervoerbedrywe beplan om:

- Die gekonsolideerde GGIVN ten volle te implementeer, met 'n fokus op die lewering van 'n hoë standaard van diens aan die mense van George, verfyning van bedrywe om finansiële volhoubaarheid te behaal, en versterking van die regering se vermoë om bedrywe en die kontrak te bestuur;
- Die toekenning vir gesubsidieerde busvervoer en die verbandhoudende toekenning vir openbarevervoerbedrywe (PTOG) doeltreffend ter nakoming van vereistes te bestuur, te verbeter en te monitor totdat hierdie funksie aan Stad Kaapstad oorgedra word;
- Addisionele beplanningwerk in vennootskap met Munisipaliteit Stellenbosch te voltooi ooreenkomstig die provinsiale program vir volhoubare vervoer en te begin om die inisiatiewe wat geïdentifiseer is deur gesamentlike PSTP-beplanning wat in die 2016/17-boekjaar afgehandel is, inkrementeel te implementeer. Hierdie inisiatiewe kan projekte verwant aan openbare vervoer, NGV en die bestuur van die vraag na vervoer in Stellenbosch insluit;
- Die institusionele en finansiële strukture daar te stel wat nodig is om die PSTP uit te brei;
- Die aanbevelings van die program vir spoorwegimplementering wat gedurende die 2016/17-boekjaar in vennootskap met PRASA en Metrorail ontwikkel is, verder te voer;
- 'n Vragstrategie en implementerings plan te ontwikkel in vennootskap met program 1: administrasie en program 4: vervoerbedrywe gemaak is. Hierdie werk sal die huidige stand van sowel as die sleutelkwessies waarvoor die Wes-Kaap te staan kom, identifiseer en sal die intervensies identifiseer wat die DVOW behoort te oorweeg om die sektor te versterk; en
- Die aanbevelings van die sakegeval vir die vervoerdatakern verder ontwikkel, welke sakegeval in die 2016/17-boekjaar afgehandel is met die oog op die daarstelling van 'n gesentraliseerde vervoerdatakern.

DVOW se verkeerswetstoepassing sal voortgaan om 'n 24/7-diens ten opsigte van verkeerswetstoepassing te lewer. Saam met sy plaaslike-owerheidsvennote sal die DVOW verseker dat gevaarlike liggings te gepoliseer word om verkeer wat vrylik vloei, te verseker. Veilige leerdervervoer sal steeds, in vennootskap met die WKOD, 'n fokusarea bly.

Die DVOW sal aanhou om werk te maak van die hoë aantal sterftes in die Wes-Kaap deur deurlopende operasies wat afgestem is op die verlaging van drink en bestuur (intensiewe alkoholveldtogte), afdwinging van spoedgrense (insluitend ASOD) en oorladingsbeheer (nege weegbrûe).

Implementering van die distrikveiligheidsplan as 'n toetsprojek in die Overberg sal voortgaan. Wetstoepassingstegnologie binne-in voertuie wat met die ANPR- en ASOD-stelsel geïntegreer is, sal steeds getoets en verfyn word.

Die nuutvoltooide K53 en voertuigtoetsfasiliteite by die Gene Louw-verkeerskollege, tesame met private toetsentrums, sal gebruik word om ondersoekers vanaf provinsiale en plaaslike owerhede op te lei. Die GLVK-voertuigtoetsfasiliteite sal deur verkeerswetstoepassingsbeamptes gebruik word om die padwaardigheid te evalueer van motorvoertuie wat op openbare paaie gebruik word. Monitering en evaluering en impakassesserings sal uitgevoer word om verbeterings aan die gehalte van gelewerde verkeersopleiding te bepaal en verbeterings aan te beveel, sowel as om wetstoepassingsaktiwiteite te monitor waarby die institutionalisering van die DVP in die Overbergdistrik ingesluit is.

Padveiligheidsbewusmaking- en -opvoedingsveldtogte sal versterk word en intervensies om uitputting te beheer, sal voortgesit word. Spesifieke aandag sal weer eens geskenk word aan voetgangers en ander kwesbare padgebruikergroepe.

Die DVOW sal steeds oorleg pleeg met die nasionale departement van vervoer, die PVBK en munisipaliteite die negatiewe impak wat litigasie en oponthoude in die finalisering van kontrakte vir die instandhouding en ontwikkeling van eNAVIS en lewendige vasleggingseenhede (LCU's) by toetsentrums vir bestuurslisensie op dienslewering het, te bestuur.

Stelsels en prosedures vir EBAT by forensiese alkoholtoetsentrum (AEC) in Athlone sal in vennootskap met die Wes-Kaapse direktoraat vir openbare vervolgings verder ontwikkel en verfyn word. Ander AEC's in Worcester en George sal weer in bedryf gestel word.

Die provinsiale regulatoriese entiteit (PRE) sal aanhou om die standaardbedryfsprosedures vir die bestuur van verhore wat ingevolge artikel 79 van die Nasionale Padvervoerwet gelas is, te verfyn. Stelsels en prosedures in die kantoor van die Provinsiale Vervoerregistrator sal oor hersien en verfyn word. Die PRE en registrator sal artikel 79 van die NLTA en die bepalings van die Wes-Kaapse Wysigingswet op Padvervoer (Wet 8 van 1996) gebruik om die optrede van openbarevervoeroperateurs en -verenigings te reguleer. Hierdie wetsbepalings maak dit moontlik om bedryfslisensies of registrasies te op te kort, terug te trek of te kanselleer in gevalle van herhaalde growwe skendings van die voorwaardes van bedryfslisensies of die gedragskode vir geregistreerde verenigings. Die PRE sal voortgaan om die voorwaardes van bedryfslisensies vir alle vorms van padgebaseerde openbarevervoerdienste te hersien.

Die PRE, nasionale departement van vervoer (NDOT) en Stad Kaapstad sal die proses hervat om Suid-Afrika se eerste munisipale regulatoriese entiteit daar te stel.

Die DVOW sal aanhou om by wyse van verskeie vaardigheid- en opleidingsprogramme gemeenskappe en die konstruksiebedryf te ontwikkel en te bemagtig met die oog op volhoubare ekonomiese groei en werkskepping. Die DVOW sal steeds opleidingsprogramme vir opkomende kontrakteurs implementeer. Deelnemers sal genooi word van 'n inligtingssessie van twee dae oor konstruksie by te woon. Daar word beplan dat 60 CIDB Graad 1- en 2-kontrakteurs 'n vyf-week-opleidingsprogram en 50 Graad 1- en 2-kontrakteurs 'n 10-week-opleidingsprogram sal bywoon. Twintig Graad 3- tot 5-kontrakteurs sal deur die mentorskapprogram opgelei en ondersteun word. 'n Verdere 20 kontrakteurs verbonde aan DVOW se padnetwerkbestuur sal as deel van die



toetsimplementering van die program vir kontrakteurontwikkeling se beleid opgelei word.

DVOW sal 210 leerders met konstruksieverwante vaardighede toerus via die Nasionale Jeugdiens- (NJD) program. Dertig vakleerlinge sal aan vakmanontwikkelingsprogramme deelneem ten einde die WKR se "game-changer" vir vakleerlinge tot uitvoer te bring.

h Totaal van 10 EmplAs sal op beplande departementele infrastruktuurprojekte uitgevoer word en 20 implementeringsverslae oor bemagtigingsteikens (ETIR's) sal gepubliseer word. Vyftien gemeenskapsbetrokkenheidsessies word beplan ter ondersteuning van die implementerende DVOW-direktorate en hul klientdepartemente.

h Totaal van 12 provinsiale UOWP-forums sal in stand gehou word en tegniese ondersteuning sal aan 40 openbare liggame (munisipaliteite en provinsiale departemente) verleen word vir die skep van 82 973 werkseleenthede ten einde die inkomste van arm en werklose mense te ondersteun deur die arbeidsintensiewe lewering van openbare gemeenskapsbates en dienste.

### Openbare-private-vennootskappe (OPV's)

OPV's ondersteun die openbare en private sektore om saam daaraan te werk om infrastruktuur te befonds en te bou. OPV's word deur Tesourieregulasie 16 en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gereguleer. Die OPV-projeksiklus omvat vier stadiums en goedkeuring vanaf die Nasionale Tesourie moet in elke stadium verkry word.

Goedkeuringstadium	Beskrywing
TA I	Nasionale Tesourie-goedkeuring vir die projekuitvoerbaarheidstudie.
TA II A	Nasionale Tesourie-goedkeuring vir die verkrygingsdokumentasie, insluitend die konsep OPV-ooreenkoms.
TA II B	Nasionale Tesourie-goedkeuring van die verslag wat wys hoe die drie OPV-kriteria toegepas is in die evaluering van die tenders, hoe die voorkeurtender daaraan voldoen het, en enige ander inligting wat die Nasionale Tesourie mag verlang.
TA III	Nasionale Tesourie-goedkeuring van die OPV-ooreenkoms wat sertifiseer dat die projek aan al die vereistes van Tesourieregulasie 16 voldoen.

Projek	Stadium van Tesouriegoedkeuring				Opmerking
	TA I	TA IIA	TA II B	TA III	
Chapmanspiek-rylaan				X	Chapmanspiek-rylaan word steeds as h tolpad bedryf ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Tolpaaie (Wet 11 van 1999). Die konsessie-ooreenkoms duur tot 2033.

Projek	Stadium van Tesouriegoedkeuring				Opmerking
	TA I	TA IIA	TA II B	TA III	
Dorpstraat 13 – WKOD-hoofkantoor		X			Die projek behels die konstruksie van 'n kantoorgebou van 22 000 m <sup>2</sup> deur 'n OPV. Die projek is by die Nasionale Tesourie (NT) geregistreer en Tesouriegoedkeurings (TA I en TA II A) is toegestaan. Ongelukkig is die bekostigbaarheidskriteria, wat 'n sleutelooring is alvorens 'n toekenning gemaak kan word, nie behaal nie. Die aangeleentheid sal in die 2017/18-boekjaar aan die kabinet voorgelê word vir 'n besluit oor die pad vorentoe.
Staatsmotorvervoer (SMV) – Top Yard	X				Die Top Yard-projek is in Januarie 2015 as 'n OPV by die NT geregistreer. In Augustus 2015 is TA I-goedkeuring ontvang. Daar word tans daaraan gewerk om beplanning en konstruksie by die nuwe perseel moontlik te maak, en bestaande personeel en voertuie moet na die nuwe SMV-perseel in Maitland verskuif word voordat die Top Yard aan die mark vrygestel kan word.

Nota: Skedule van Nasionale Tesourie-goedkeurings vir openbare-private-vennootskappe

## Herlewingsprojekte

Die tabel hieronder verskaf 'n hoëvlak-opsomming van huidige herlewingsprojekte.

Die ontleding van hierdie potensiele geleenthede dek belanghebbertebetrokkenheid, geskilbeslegtingsmeganismes, uitvoerbaarheidstudies, konstruksie- en vervoerstudies, omgewingsassesserings, erfenisomvangbepaling, hersonering en werk wat die vrystelling van grond moontlik maak.

Projek	Opmerking
Founders Garden – KunsteKaap-buurt	Hierdie projek het ten doel om die ontwikkelingspotensiaal van die Founders Garden-perseel te ontsluit. Dit is tans in die bemagtigingsfase en die hersoneringsaansoek vir die perseel is twee jaar gelede goedgekeur. 'n Aansoek om die goedkeuring vir 'n verdere vyf jaar te verleng, is by Stad Kaapstad ingedien. Die dokumentasie vir die aanstelling van transaksie-adviseurs word tans voorberei en 'n aanstelling sal na verwagting in die 2017/18-boekjaar gemaak word.
Prestwich-buurt	Onderhandelings met bestaande huurders en gebruikers en die nodigheid om hulle te verskuif, het onthul dat huurders nie in 'n posisie sal wees om binne die volgende vyf jaar te verskuif nie wat, derhalwe, die vrystelling van die perseel vertraag. Gevolglik het die DVOW besluit om die projek uit te stel.
Somerset-buurt – Helen Bowden-verpleeginrigting (HBVI)	Hierdie projek het ten doel om die HBVI-perseel as fase 1 van die Somerset-buurtprojek vry te stel. 'n Hersoneringsaansoek vir die hele buurt is in 2016 by Stad Kaapstad ingedien, en 'n besluit word in die 2017/18-boekjaar verwag. Die provinsiale kabinet het in Maart 2017 besluit dat die HBVI-perseel vir bekostigbare behuising vrygestel sal word, en die maksimum aantal bekostigbare behuisingseenhede wat by die ontwikkeling ingesluit sal word, sal deur die haalbaarheid van die ontwikkeling bepaal word. Finansiële modellering sal onderneem word om die reaksie op die

Projek	Opmerking
	hersoneringsaansoekproses te begelei.
Twee Riviere-stedelike park (TRUP)	<p>Amptenare van Stad Kaapstad, die DVOW en die Wes-Kaapse departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning lei steeds 'n multidissiplinêre span konsultante met die ondersteuning van die Nederlandse regering. Die projekspan ontwikkel tans scenario's en sal, in die loop van die 2017/2018-boekjaar, 'n ontwikkelingsraamwerk voltooi wat die onderverdeling en hersoneringsproses van hierdie onderbenutte stuk grond (in omvang 250 ha) in die area waar die Swart- en Liesbeekrivier saamvloei, sal begelei.</p> <p>Spesialisstudies oor die pre-koloniale en erfenisaspekte sowel as 'n ontleding van die markpotensiaal is nou afgehandel. Spesialisstudies oor die modellering van die vloedversagtingsopsies, die ingenieursdiensmodel, die TRUP-groenkorridor en die omgewingsimpakassessering, vervoerimpakassessering en erfenisimpakassessering (HIA) word tans onderneem.</p>
Seepunt-hoofwegperseel	<p>In Mei 2015 is die ongebruikte Tafelberg Hoërskool vir vervreemding via 'n regstreekse verkope geadverteer. Beswaar is teen hierdie vervreemding aangeteken en die hof het in Mei 2016 oor die saak beslis.</p> <p>Die hof het die LUR vir Vervoer en Openbare Werke opdrag gegee om weer 'n kennisgewing ingevolge artikel 3 van die Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie, 1998 en die regulasies wat met die voorgenome vervreemding verband hou, te plaas waarna die kabinet 'n besluit sou neem of die kontrak teruggetrek moet word of nie, en aansoekers sou dienooreenkomstig ingelig word.</p> <p>In Junie 2016 het die staatsprokureur Ndifuna Ukwazi, die organisasie wat namens die aansoekers in die hofproses opgetree het, ingelig dat dit nie vir die Wes-Kaapse Regering moontlik sou wees om verhoë wat in reaksie op die kennisgewing wat ingevolge die hofbevel gepubliseer is betyds te oorweeg nie aangesien té veel kommentaar ontvang is, en 'n tydsverlenging is beding.</p> <p>Op 29 Julie 2016 het die provinsiale kabinet bepaal dat dit, gegewe die omvang van die kommentaar wat ontvang is, nie in 'n posisie is om die finansiële haalbaarheid van sommige van die voorstelle te oorweeg nie en het die DVOW versoek om voor te berei en 'n voorlegging te doen oor die finansiële haalbaarheid van 'n bekostigbare behuisingsofsie vir die Tafelbergperseel.</p> <p>Op 18 November 2016 is kennisgewings gepubliseer om kommentaar op die voorbereide modellering te versoek en die aanvanklike sluitingsdatum van 30 Januarie 2017 is verleng tot 15 Februarie 2017.</p> <p>Op 22 Maart 2017 is 'n voorlegging aan die kabinet gemaak oor die opsies wat na behore deur die DVOW oorweeg is en die kabinet se beskouing was "that a decision to uphold the contract of sale is rational, prudent and appropriate" waarna daar dienooreenkomstig besluit is om die huidige verkoopskontrak wat met die Phyllis Jowell-dagskool aangegaan is, terug te trek nie.</p>
BLM – Conradie "game-changer"	<p>Die projek het sedert sy aanvang in Julie 2015 teen "game-changing"-pas gevorder met die afhandeling van die (eerste) bestekfase in Desember 2015 en Deel 1 van die (tweede) bemagtigingsfase in Mei 2016.</p> <p>Deel 2 van die bemagtiging- en implementeringsfase is in Junie 2016 geïnisieer en 'n finale ontwikkelingsraamwerk en hersoneringsaansoek is by Stad Kaapstad ingedien vir goedkeuring van die ontwikkelingsregte op die perseel. 'n Besluit deur die Stad se Munisipale Beplanningstribunaal oor die hersoneringsaansoek word in die volgende boekjaar verwag, wat gevolg kan word deur 'n appèlproses indien lede van die publiek nie tevrede is dat hul besware na behore in ag geneem is nie.</p> <p>'n Proses om 'n ontwikkelaar te verkry is in Julie 2016 geïnisieer en twee tenderaars het vir die voorstelstadium van die proses gekwalifiseer. Die vrystelling van dokumentasie om voorstelle te versoek is egter vertraag aangesien die DVOW wag op bevestiging van toekenningsbefondsing vanaf die tersaaklike owerhede. Die huidige oponthoud in die proses om 'n ontwikkelaar te verkry, beteken dat die beplande "sooispit"-mylpaal wat vir 1 April 2018 beoog is, nie meer behaal kan word nie. Die projekspan oorweeg tans opsies om die impak van befondsingsbepenkings en die verlies aan tyd te versag.</p>

## 4.9 Gestaakte aktiwiteite

Daar is geen gestaakte aktiwiteite om te rapporteer nie.

## 4.10 Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

Daar is geen nuwe of voorgestelde aktiwiteite om te rapporteer nie.

## 4.11 Voorsieningskanaalbestuur (goedere en dienste)

Geen ongevraagde tenders is in die loop van die oorsigjaar aangegaan nie.

Standaardbedryfsprosedures (SBP's), sjablone en werktuie is in plek om die risiko van onreëlmatige uitgawes te versag deur die ontwerp en implementering van bespeurende, korrektiewe en voorkomende beheermaatreëls in die rekenpligtige beampte se VKB-delegasies en ander meegaande delegasies.

Die vernaamste uitdagings verwant aan VKB sluit in:

- Die dwarsliggende geïntegreerde finansiële bestuurstelsel (IFMS) se ontwikkeling is nog nie afgehandel nie;
- Die gebrek aan 'n funksionele gestandaardiseerde projekbestuurstelsel wat vir die departement gekonfigureer is;
- Die wetgewende raamwerk vir VKB word tans hersien en daar is potensiële risiko's wat met die veranderingsbestuursproses verband hou;
- Die implementering van die NT se Sentrale Verskafferdatabasis (SVD) en sy implikasies vir verskaffers en kontrakteurs; en
- Voorbereiding vir die implementering van die 2017-voorkeurverkrygingsregulasies.

Hierdie uitdagings wek veral kommer gegewe die feit dat die departement beide voorsieningskanaal- en projekintensief is. Hierdie uitdagings is intussen versag deur:

- Die ontwerp van gestandaardiseerde werktuie en sjablone;
- Die gebruik van elektroniese toepassings en dienste;
- Die verdere ontplooiing in die lynfunksie van 'n gebruikervriendeike EPM-stelsel gegrond op die vereistes van die IDMS;
- Hantering van die uitdagings wat met SVD ervaar word op 'n geval-tot-geval-basis; en
- Verskeie werksessies en konsultasies met die Provinsiale Tesourie en regsdiens oor die 2017-voorkeurverkrygingregulasies.

## 4.12 Geskenke en donasies in natura wat van onverwante partye ontvang is

Geen geskenke en donasies in natura is van onverwante partye ontvang nie.

## 4.13 Vrystellings en afwykings deur Nasionale Tesourie vergun

Die aangepaste kontantstaande stel 'n departement vry van die aantekening van oploring in belastinginkomste. By implikasie hoef 'n departement nie enige ontvangbare

of betaalbare rekeninge soos rente of ander veranderings wat regstreeks verband hou met die heffing of vordering van belastinginkomste in te reken nie.

#### 4.14 Gebeure na verslagdatum

Daar was geen gebeure na die verslagdatum nie.

#### 4.15 Ander

Daar is geen ander aangeleenthede om te rapporteer nie.

#### 4.16 Erkenning

Die volgende amptenare het toekennings ontvang tydens die jaarlikse NDoT-vervoertoekenningsplegtigheid wat op 29 Oktober 2016 gehou is:

- Jacqueline Gooch het die toekenning as beste hoof van 'n vervoerdepartement vanaf die voormalige nasionale minister van vervoer, Dipuo Peters, ontvang;
- Wes-Kaapse verkeershoof, Kenneth Africa, het die toekenning as beste manlike vervoerwerknemer ontvang;
- Yasir Ahmed, hoofdirekteur: vervoerbedrywe, het die tweede plek verower in die kategorie vir beste manlike vervoerwerknemer; en
- Bernie McMahan, direkteur: operateurlisensiering en -permitte, het die tweede plek in die kategorie vir beste vroulike vervoerwerknemer verower.

Minister Donald Grant het sertifikate ter erkenning van diens van 10, 20, 30 en 40 jaar oorhandig. Hierdie amptenare word waardeur vir die rol wat hulle tydens hulle baie jare van diens in die versterking van die staatsdiens vervul het.

Die bydrae van die HFB, mnr. Cedric Ismay, tot die departement se bereiking van 'n gevorderde vlak van finansiële bestuur oor die algemeen word opreg waardeur. Neem kennis dat mnr. Ismay aan die einde van Mei 2017 uit die departement getree het. Voorts, alhoewel daar toegegee word dat daar altyd ruimte vir verbetering is, het baie personele lang ure gewerk en 'n aansienlike poging aangewend om die departement op sy voortgesette reis na verbetering te ondersteun. Hierdie toewyding word waarlik waardeur.

Erkenning en waardering word ook betoon teenoor die provinsiale minister, mnr. Donald Grant, vir sy sterk leierskap en bestuurstoetsig gedurende die verslagtydperk.

Die finansiële jaarstate, soos op bladsye 246 tot 353 uiteengesit, word hiermee goedgekeur.



---

**JT Gooch**  
**Rekenpligtige Beampte**  
**Departement van Vervoer en Openbare Werke**  
**Datum: 30 Augustus 2017**

---

## 5 Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die jaarverslag

---

Na die beste van my wete en oortuiging bevestig ek die volgende:

- Dat alle inligting en bedrae wat deurlopend in hierdie jaarverslag openbaargemaak word, konsekwent is.
- Dat die jaarverslag volledig, akkuraat en vry van enige weglatings is.
- Dat die jaarverslag in ooreenstemming met die riglyne vir só 'n verslag, soos deur die NT uitgereik, voorberei is.
- Dat die finansiële jaarstate (Deel E) ooreenkomstig die aangepaste kontantstandaarde en die tersaaklike raamwerke en riglyne, soos deur die NT uitgereik, voorberei is.
- Dat die RB verantwoordelik is vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die oordeel wat in hierdie inligting uitgespreek word.
- Dat die RB daarvoor verantwoordelik is om 'n stelsel van interne beheer daar te stel en te implementeer, welke stelsel ontwerp moet wees om redelike sekerheid ten opsigte van die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die finansiële jaarstate en, in lyn met 'n raamwerk vir bestuurstoetsing waarvoor met die Sentrum vir Korporatiewe Dienste (SKD) in die DvdP ooreengekom is, vir inligting oor mensehulpbronne (MH).
- Dat die eksterne ouditeure betrek is om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.
- Dat hierdie jaarsverslag, na my mening, 'n redelike weerspieëling van die bedrywighede, die prestasie-inligting, die MH-inligting en die finansiële aangeleenthede van die departement vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2017 is.

Die uwe



---

**JT Gooch**  
**Rekenpligtige Beampte**  
**Departement van Vervoer en Openbare Werke**  
**Datum: 30 Augustus 2017**

## 6 Strategiese oorsig

### 6.1 Visie

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) ondersteun die Wes-Kaapse Regering se visie, soos vervat in die provinsiale strategiese plan 2014 – 2019, ten volle:

*"n Opegeleentheid-samelewing vir almal".*

Die DVOW se visie stem ooreen met die visie van die Wes-Kaapse Regering:

*"Om die pas aan te gee in die aflewering van regeringsinfrastruktuur en verwante dienste".*

### 6.2 Missie

*"Die DVOW lewer infrastruktuur en dienste ter bevordering van sosio-ekonomiese uitkomstes en veilige, bemagtigde en verbindende gemeenskappe."*

### 6.3 Waardes

Die DVOW onderskraag die kernwaardes van die WKR ten volle:



Hierdie waardes word almal deur spanwerk onderskraag. Hier volg 'n verduideliking van die betekenis van elk van hierdie kernwaardes:

**Tabel 7: Provinsiale waardes en verklarings oor gedrag**

Waarde	Verklaring oor gedrag
<b>Sorgsaamheid</b>	Ons sal poog om mense se behoeftes te verstaan en aandag daaraan te skenk. Ons sal respek teenoor ander betoon. Ons sal personeellede as meer as blote werkers behandel en hulle as mense na waarde ag. Ons sal empatie teenoor personeellede toon. Ons sal die positiewe kenmerke van die werkplek beklemtoon. Ons sal opbouende kritiek lewer wanneer nodig.



Waarde	Verklaring oor gedrag
<b>Bevoegdheid</b>	<p>Ons sal poog om te verseker dat personelede altyd daartoe in staat is om die take te verrig waarvoor hulle aangestel is, dat hulle die DVOW se waardes internaliseer, en dat hulle altyd uitnemendheid nastreef.</p> <p>Ons sal met gehaltewerk, binne begroting en betyds ons gestelde uitkomst en teikens behaal.</p> <p>Ons sal daarna streef om die beste resultate tot diens van alle mense van die Wes-Kaap te behaal.</p> <p>Ons sal saam daaraan werk om ons konstitusionele verpligtinge sowel as die verpligtinge van ons verkose mandaat na te kom.</p>
<b>Aanspreeklikheid</b>	<p>Ons verstaan ons doelwitte, rolle, delegasies en verantwoordelikhede ten volle.</p> <p>Ons is daartoe verbind om alle ooreengekome uitsette betyds te lewer.</p> <p>Ons hou mekaar aanspreeklik in die gees van onderlinge vertrouwe en gestanddoening van al ons verpligtinge.</p> <p>As individue sal ons verantwoordelikheid en eienaarskap aanvaar vir die resultate van ons werk en die gevolge dra wanneer ons nie hieraan voldoen nie.</p>
<b>Integriteit</b>	<p>Ons sal daarna streef om die ware toedrag van sake in elke situasie te verstaan en ten alle tye met integriteit optree.</p> <p>Ons sal eerlik wees, respek betoon en positiewe waardes beoefen.</p> <p>Ons sal ten alle tye betroubaar en vertroubaar wees deur te doen wat ons beloop het om te doen.</p> <p>Ons sal ten alle tye in alle gevalle met integriteit optree en sodoende verseker dat ons korrupsie-vry bly.</p>
<b>Innovasie</b>	<p>Ons streef daarna om nuwe idees te implementeer, dinamiese diensopsies te skep en dienste te verbeter.</p> <p>Ons streef daarna om kreatiewe denkers te skep wat uitdagings en geleenthede vanuit alle moontlike perspektiewe beskou.</p> <p>Ons is burgersentries en het die vermoë om alle opsies te oorweeg en 'n vindingryke oplossing te vind.</p> <p>Ons waardeer werknemers wat bestaande praktyke bevraagteken met die oog daarop om hulle te hersien, te vernuwe en te verbeter.</p> <p>Ons kweek 'n omgewing waarbinne innoverende idees aangemoedig en beloon word.</p> <p>Ons het begrip vir foute wat in goedertrou begaan is en laat toe dat werknemers daaruit leer.</p> <p>Ons werk saam daaraan om probleme op te los sodat ons strategiese organisatoriese doelwitte verwesenlik kan word.</p>
<b>Sensitiwiteit</b>	<p>Ons neem die openbare mening ernstig op deur te luister na en die stem van die mense te hoor (luister meer en praat minder).</p> <p>Ons sal tydig op alle situasies reageer en onself altyd afvra of dit die regte respons is, waar dinge dalk skeef kan loop en hoe ons 'n beter diens kan lewer.</p> <p>Ons sal op 'n samewerkende wyse met mekaar, ons belanghebbers en die media in gesprek tree deur al die inligting te verskaf.</p> <p>Ons sal daarna streef om die beste resultate tot diens van alle mense van die Wes-Kaap te behaal en om op hulle terugvoer te reageer.</p>

## 7 Wetgewende en ander mandate

Die DVOW se mandaat word ontleen aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hierna verwys na as die Grondwet) en die Grondwet van die Wes-Kaap (Wet 1 van 1998). Sekere mandate is gelyklopende verantwoordelikhede, terwyl ander die uitsluitlike verantwoordelikheid van die provinsiale regeringsfeer is. Hierdie mandate,

asook dié wat uit funksionele wetgewing en beleide ontleen is, word in hierde afdeling uiteengesit

Funksie	Wetgewing
Vervoer	<p><b>Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeermisdrywe (Wet 46 van 1998)</b> Bevorder gehalte van padverkeer deur bepalings neer te lê vir 'n skema om padverkeeroortredings te ontmoedig, om die beregtiging van padverkeeroortredings te fasiliteer, om die vervolging van oortreders ingevolge nasionale en provinsiale wette verwant aan padverkeer te ondersteun, om 'n strafpuntstelsel te implementeer, om bepalings neer te lê vir die daarstelling van 'n agentskap om die skema te administreer, om bepalings neer te lê vir die daarstelling van 'n raad om die agentskap te verteenwoordig, en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
	<p><b>Wet op Advertering Langs Paaie en Strookbebouing (Wet 21 van 1940)</b> Plaas die verantwoordelikheid op die DVOW om die vertoon van advertensies te reguleer in sekere buitestedelike gebiede waar hierdie liggings sigbaar is vanaf geproklameerde provinsiale paaie asook om die deponering of agterlating van ongebruikte masjinerie of afval en die oprigting, konstruksie of neerlê van strukture en ander dinge in die omstreke van sekere geproklameerde provinsiale paaie te beheer sowel as die toegang wat tot sekere grond via sodanige paaie verleen word.</p>
	<p><b>Wet op Nasionale Landvervoer (Wet 5 van 2009)</b> Bepaal die proses vir die transformering en herstrukturering van die nasionale landvervoerstelsel wat geïnisieer is deur die Nasionale Landvervoeroorgangswet (Wet 22 van 2000) deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die formulering en implementering van provinsiale landvervoerbeleid en -strategie;</li> <li>• die beplanning, koördinerende en fasiliterende van landvervoerkoninkasies;</li> <li>• samewerking tussen munisipaliteite; en</li> <li>• skakeling met ander regeringsdepartemente.</li> </ul>
	<p><b>Nasionale Padverkeerswet (Wet 93 van 1996)</b> Die departement, met die LUR as aangewese gesaghebber, moet verseker dat alle funksies verwant aan die registrasie en lisensiering van motorvoertuie, die toetsing van bestuurders se bevoegdheid en die toetsing van voertuie se bevoegdheid uitgevoer word. Voorts is die departement ook daarvoor verantwoordelik om enige geleenthede te beheer wat op openbare paaie aangebied word. Die NRTA reguleer die registrasie en lisensiering van motorvoertuie, vervaardigers, bouers en invoerders; bevoegdheid van bestuurders; operateurbevoegdheid; padveiligheid; padverkeertekens; spoedgrense; ongelukke en ongelukverslae; roekelose of nalatige bestuur; onbedagsame bestuur; bestuur onder die invloed van bedwelmende drank of 'n dwelm wat 'n narkotiese effek het; en diverse padverkeeroortredings.</p>
	<p><b>Wet op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (Wet 67 van 2008)</b> Lê bepalings neer vir die verdere ontwikkeling, organisering en beheer van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Van toepassing op: onderrigprogramme of leerprogramme wat lei tot kwalifikasies of gedeeltelike kwalifikasies wat binne die Republiek deur onderwysinstansies aangebied word; en op aanbieders van vaardigheidsontwikkeling.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p><b>Wet op die Padverkeerbestuurskorporasie (Wet 20 van 1999)</b>                      Lê bepalings, in openbare belang, neer vir koöperatiewe en koördinerende strategiese beplanning, regulering, fasilitering en wetstoepassing ten opsigte van padverkeeraangeleenthede deur die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere; reguleer die uitkontraktering van padverkeerdienste; lê bepalings neer vir die infasering van private investering in padverkeer en, met die oog daarop, lê bepalings neer vir die daarstelling van die Padverkeerbestuurskoöperasie en verwante aangeleenthede.</p> <p><b>Nasionale Padvervoerwet (Wet 74 van 1977)</b>                      Lê bepalings neer vir die beheer van sekere tipes padvervoer en aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p> <p><b>Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Padverkeeradministrasie (Wet 6 van 2012)</b>                      Reguleer sekere padverkeeraangeleenthede in die provinsie.</p> <p><b>Wes-Kaapse Konsepwysigingswet op Padvervoer (Konsepwet 8 van 1996)</b>                      Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n provinsiale vervoerregistrator en die registrasie van minibustaxiverenigings, -operateurs en -voertuie.</p> <p><b>Wes-Kaapse Wet op Tolpaaie (Wet 11 van 1999)</b>                      Lê bepalings neer vir die heffing van tolgeld op provinsiale openbare paaie in die Wes-Kaap en vir die beplanning, ontwerp, verklaring, konstruksie, bedryf, bestuur, beheer, instandhouding en rehabilitering van provinsiale tolpaaie.</p> <p><b>Kaapse Padordonnansie (Ordonnansie 19 van 1976)</b>                      Bepaal dat die provinsie die uitsluitlike mag het om die statutêre boulyne synde 5,0 m en 95 m te verswak in soverre dit met die onderskeie provinsiaal geproklameerde paaie verband hou, en lê bepalings neer vir die wysiging/verandering van paaie se klassifikasie (artikel 4). Sodanige aansoeke word gewoonlik vanaf die tersaaklike distriksmunisipaliteit via die distrikspadingenieur ontvang, maar hulle kan ook vanuit die DVOW se hoofkantoor ontstaan.</p>
<p>Openbare Werke en Eiendomsbestuur</p>	<p><b>Wet op die Bestuur van Onroerende Staatsbates (Wet 19 van 2007) (GIAMA)</b>                      Het ten doel om die behaling van die staat se diensleweringsoogmerke op te skerp deur behoorlike bestuur van die onroerende bates te verseker wat deur staatsinstansies benut en beheer word. GIAMA stipuleer die verantwoordelikhede van die gebruiker en dié van die opsiener wat, in die Wes-Kaap, die DVOW Provinsiale Openbare Werke is.</p> <p><b>Nasionale Wet op Bouregulasies en Boustandaarde (Wet 103 van 1977)</b>                      Vereis dat die DVOW, as 'n bewaarder en reguleerder van die beboude omgewing in die Wes-Kaap, moet verseker dat alle geboue en konstruksiewerk op staatseiendom aan wetgewing voldoen.</p> <p><b>Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999)</b>                      Stel 'n geïntegreerde en interaktiewe stelsel daar vir die bestuur van nasionale erfenishulpbronne, lê algemene beginsels neer vir die beheer van erfenishulpbronbestuur, stel 'n geïntegreerde stelsel daar vir die identifisering, evaluering en bestuur van erfenishulpbronne, en stel die provinsies in staat om erfenisowerhede daar te stel wat magte moet aanvaar om sekere kategorieë van erfenishulpbronne te beskerm en te bestuur. Vereis van die DVOW om sekere eiendomme wat vir ontwikkeling- of herlewingsaktiwiteite geïdentifiseer is aan 'n omvattende erfenisimpakevaluering- en goedkeuringsproses te onderwerp en om die erfenisaspekte van die ter sprake eiendomme te behou.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p><b>Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie (Wet 6 van 1998)</b>                      Lê bepalings neer vir die verkryging van onroerende eiendom en die vervreemding van grond in besit van die WKR, en vir die bestuur van aangeleenthede wat hiermee verband hou. Derhalwe is die DVOW daarvoor verantwoordelik om die bate- en eiendomregister deurentyd by te werk, addisionele benodigde eiendomme te bekom en eiendomme wat in onbruik verval, af te staan of te herontwikkel.</p>
Dwarsliggend	<p><b>Wet op Basiese Diensvoorwaardes (Wet 75 van 1997)</b>                      Bring die reg tot billike arbeidspraktyke, soos na verwys in artikel 23(1) van die Grondwet, tot uitvoer en lê bepalings neer vir die regulering van basiese diensvoorwaardes, om sodoende aan die Republiek se verpligtinge as 'n lid van die Internasionale Arbeidsorganisasie te voldoen.</p>
	<p><b>Wet op Basiese Diensvoorwaardes (Wet 75 van 1997) Ministeriële bepaling 4: UOWP, geproklameer 4 Mei 2012</b>                      Bevat die standaardbepalings en voorwaardes vir werkers wat in elementêre beroepe in 'n UOWP-projek aangestel word.</p>
	<p><b>Wet op Breë basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (Wet 53 van 2003)</b>                      Stel 'n wetgewende raamwerk daar vir die bevordering van breë-basis swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB); bemagtig die minister om kodes van goeie praktyk uit te reik en om transformasiemanifeste af te kondig; en rig die Adviesraad vir Swart Ekonomiese Bemagtiging op.</p>
	<p><b>Wet op Mededinging (Wet 89 van 1998)</b>                      Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n Mededingingskommissie wat verantwoordelik is vir die ondersoek, beheer en evaluasie van beperkende praktyke, misbruik van dominante posisie, en samesmeltings; vir die daarstelling van 'n Mededingingstribunaal wat verantwoordelik is vir beregtiging in sulke aangeleenthede; vir die daarstelling van 'n Mededingingsappêlhof; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
	<p><b>Wet op die Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf (Wet 38 van 2000)</b>                      Stel die CIDB daar wat, onder andere, verantwoordelik is vir die ontwikkeling van die bedryf ter verbetering van die lewering van infrastruktuur aan die Suid-Afrikaanse publiek; om met alle belanghebbers saam te werk met die oog op die volhoubare groei van konstruksie-ondernemings en beste praktyke aan die kant van werkgewers, kontrakteurs en die beroepe; om beste praktyke te identifiseer en nasionale standaarde te bepaal; en om gemeenskaplike en etiese standaarde te bevorder vir die lewering van konstruksiewerke en kontrakte.</p>
	<p><b>Wet op Verbruikersbeskerming (Wet 68 van 2008) (CPA)</b>                      Kom neer op 'n oorkoepelende raamwerk vir verbruikerbeskerming. Alle ander wette wat bepalings vir verbruikerbeskerming neerlê (gewoonlik binne 'n bepaalde sektor) moet tesame met die CPA gelees word ten einde 'n gemeenskaplike standaard van beskerming te verseker. Die wet is van toepassing op alle goedere en dienste.</p>
	<p><b>Wet op Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie (Wet 53 van 1985)</b>                      Lê bepalings neer vir die beveiliging van sekere openbare persele en voertuie en vir die beskerming van mense daar op of daar in, en vir verwante aangeleenthede.</p>
	<p><b>Strafproseswet (Wet 51 van 1977)</b>                      Lê bepalings neer vir prosedures en verwante aangeleenthede in strafsake.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p><b>Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks)</b>                      'n Jaarlikse wet uitgevaardig deur die parlement wat, onder andere, bepalings neerlê vir die billike verdeling van inkomste wat na verwagting nasionaal gein sal word met die oog op verdeling tussen nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere en vir voorwaardelike toekennings ten einde die regering se beleidsdoelwitte te behaal. Voorts werk dit voorspelbaarheid in die hand asook die versekering dat alle toewysings aan provinsies en munisipaliteite benut sal word ten einde die regering in staat te stel om sy multi-jaar-begroting saam te stel.</p>
	<p><b>Wet op Diensbillikheid (Wet 55 van 1998)</b>                      Het ten doel om billikheid in die werkplek te bewerkstellig deur: 1) gelyke geleenthede te bevorder asook die billike behandeling van werknemers ten einde onbillike diskriminasie uit die weg te ruim; en 2) maatreëls ten opsigte van regstellende aksie te gebruik met die oog daarop om die ervarings van diegene wat voorheen ten opsigte van indiensneming te nagekom is, reg te stel sodat billike verteenwoordiging in alle beroepskategorieë en op alle valke binne die werksmag bewerkstellig kan word.</p>
	<p><b>Wet op die Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2000)</b>                      Stel 'n omvattende, doeltreffende stelsel vir vuurwapenbeheer en verwante aangeleenthede daar.</p>
	<p><b>Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge (Wet 13 van 2005)</b>                      Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n raamwerk waarvolgens die nasionale regering, provinsiale regerings en plaaslike owerhede interregeringsverhoudinge kan bevorder; lê bepalings neer vir meganismes en prosedures waarvolgens interregeringsgeskille opgelos kan word; en lê bepalings neer vir verwante aangeleenthede.</p>
	<p><b>Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995)</b>                      Stel die DVOW in staat om ekonomiese ontwikkeling, maatskaplike geregtigheid, arbeidsvrede en die demokratisering van die werkplek te bevorder.</p>
	<p><b>Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000)</b>                      Lê bepalings neer vir kernbeginsels, -meganismes en -prosesse wat nodig is sodat munisipaliteite progressief kan werk aan die maatskaplike en ekonomiese opheffing van plaaslike gemeenskappe, en verseker dat universele toegang tot noodsaaklike dienste bekostigbaar is vir almal; omskryf die regsraad van 'n munisipaliteit as iets wat die plaaslike gemeenskap binne die munisipale area insluit, in vennootskap met die munisipaliteit se politieke en administratiewe strukture werk; lê bepalings neer vir die manier waarop munisipale magte en funksies beoefen en uitgevoer word; lê bepalings neer vir gemeenskapsdeelname; stel 'n eenvoudige en bemagtigende stelsel daar vir die kernprosesse van beplanning, prestasiebestuur, hulpbronmobilisering en organisatoriese verandering wat die nosie van ontwikkelingsgerigte plaaslike regering ten grondslag lê; lê bepalings neer vir 'n raamwerk vir openbare administrasie en mensehulpbronontwikkeling; om die armes te bemagtig en te verseker dat munisipaliteite se tariewe en kredietbeheerbeleide hulle in ag neem deur 'n raamwerk daar te stel vir die lewering van dienste, diensleweringsooreenkomste en munisipale distrikte; lê bepalings neer vir kredietbeheer en skuldvordering; en stel 'n raamwerk daar vir ondersteuning, monitering en standaardstelling deur ander regeringsfere ten einde plaaslike regering progressief uit te bou tot doeltreffende frontlinie-ontwikkelingsagentskappe wat in staat is om die aktiwiteite van alle regeringsfere te integreer vir die algehele maatskaplike en ekonomiese opheffing van gemeenskappe in harmonie met hul natuurlike omgewing.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p><b>Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 1998 (Wet 107 van 1998)</b>                      Lê bepalings neer vir samewerkende bestuurstoedig oor omgewingskwessies deur beginsels neer te lê vir besluitneming oor aangeleenthede wat h'impak op die omgewing het, instansies daar te stel wat samewerkende bestuurstoedig sal bevorder en prosedures neer te lê om die omgewingsfunksies te koördineer wat deur staatsorgane uitgevoer word; en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
	<p><b>Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993)</b>                      Vereis dat die DVOW, as h' bewaarder en reguleerder van die beboude omgewing, verseker dat alle bou- en konstruksiewerk op staatseiendom, ongeag deur wie dit onderneem word, onderneem word in nakoming van hierdie wetgewing en dat die strukture vir die duur van hul leeftyd steeds hieraan sal voldoen.</p>
	<p><b>Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid (Wet 5 van 2000) (PPPFA)</b>                      Lê bepalings neer dat h' staatsorgaan sy voorkeurverkrygingsbeleid moet bepaal en h' voorkeerpuntestelsel moet implementeer waarvan die oogmerke kan insluit dat kontrakte aangegaan word met persone, of kategorieë van persone, wat histories deur onbillike diskriminasie op grond van ras, geslag of gestremdheid benadeel is.</p>
	<p><b>Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Aktiwiteite (Wet 12 van 2004)</b>                      Lê bepalings neer ter versterking van maatreëls om korrupsie en korrupte aktiwiteite te voorkom en te bestry.</p>
	<p><b>Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000) (PAIA)</b>                      Dié wet bevorder h' kultuur van deursigtigheid en aanspreeklikheid by openbare en private liggame deur die reg tot inligting te verwesenlik (soos bepaal in artikel 32 van die Grondwet) en aktief h' samelewing te bevorder waarin mense doeltreffend toegang kan verkry tot inligting wat hulle in staat stel om hul regte meer doeltreffend uit te oefen en te beskerm.</p>
	<p><b>Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (Wet 3 van 2000) (PAJA)</b>                      Verleen uitvoering aan artikel 33 van die Grondwet wat bepaal dat almal die reg het tot administratiewe optrede wat wettig, redelik en prosedureel billik is. Enigeen wie se regte negatief beïnvloed is deur administratiewe optrede het die reg om redes daarvoor gegee te word. PAJA het te make met algemene administratiewe reg en is derhalwe bindend vir administrasie in sy geheel op alle regeringsvlakke.</p>
	<p><b>Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Wet 4 van 2013)</b>                      Bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggame verwerk word; stel sekere voorwaardes ten einde minimumvereistes vir die verwerking van persoonlike inligting daar te stel; lê bepalings neer vir die daarstelling van h' Inligtingregulator om sekere magte uit te oefen en sekere pligte en funksies ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 te verrig; lê bepalings neer vir die uitreiking van gedragskodes; lê bepalings neer vir die regte van persone ten opsigte van ongevraagde elektroniese mededelings en geoutomatiseerde besluitneming; reguleer die vloeï van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek heen; en lê bepalings vir verwante aangeleenthede neer.</p>
	<p><b>Wet op Provinsiale Argiewe en Rekorddiens van die Wes-Kaap (Wet 3 van 2005).</b>                      Bewaar die argiefferenis vir gebruik deur die regering en mense van Suid-Afrika, en bevorder doeltreffende, aanspreeklike, deursigtige regering deur die behoorlike bestuur en versorging van staatsrekords.</p>
	<p><b>Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999)</b>                      Ondersteun deursigtigheid, aanspreeklikheid en gesonde bestuur ten opsigte van die DVOW se inkomste, uitgawes, bates en laste.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p><b>Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 soos op 3 Junie 1994 in Staatskoerant 15791 afgekondig)</b></p> <p>Hierdie is die vernaamste wet wat openbare administrasie beheer. Dit bepaal die administratiewe en operasionele raamwerk vir staatsdepartemente deur riglyne neer te lê sover dit die indiensneming van en praktyke verwant aan menshulpbronne betref, m.a.w. indiensnemingsvoorwaardes, ampstermyne, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens en aangeleenthede wat hiermee verband hou.</p>
	<p><b>Wet op die Bestuur van Openbare Administrasie (Wet 11 van 2014)</b></p> <p>Bevorder die basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer soos na verwys in artikel 195(1) van die Grondwet; lê bepalings neer vir die verplasing en sekondering van werknemers in openbare administrasie; reguleer die doen van sake met die staat; lê bepalings neer vir kapasiteitsontwikkeling en opleiding; lê bepalings neer vir die daarstelling van die Nasionale Regeringskool; lê bepalings neer vir die gebruik van inligting- en kommunikasietegnologie in openbare administrasie; en lê bepalings neer waarvolgens die minister minimumnorme en -standaarde vir openbare administrasie kan stel.</p>
	<p><b>Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Wet 97 van 1998)</b></p> <p>Lê bepalings neer vir 'n institusionele raamwerk om nasionale, sektor- en werkplekstrategieë te ontwikkel om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werksmag te ontwikkel en te verbeter, en om daardie strategieë by die Nasionale Kwalifikasieraamwerk te integreer. As toonaangewende werkgewer moet die DVOW nakoming van die werkgewer se verpligtinge verseker ten opsigte van die werkplekoooreenkoms en verseker dat hierdie ooreenkoms in die werkplek geïmplementeer word. By wyse van die Uitgebreide-openbarewerkeprogram implementeer die DVOW leerlingskap- en vaardigheidsontwikkelingsprogramme vir deelnemers in vakmanverwante velde.</p>
	<p><b>Radiowet (Wet 3 van 1952)</b></p> <p>Beheer radio-aktiwiteite en verwante aangeleenthede.</p>
	<p><b>Wes-Kaapse Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Wysigingswet) (Wet 1 van 2009)</b></p> <p>Reguleer grondgebruikbeplanning in die Wes-Kaap en verwante aangeleenthede.</p>
	<p><b>Wes-Kaapse Wet op Verkryging (Sakebelange van Werknemers) (Wet 8 van 2010)</b></p> <p>Hierdie wet beheer die sakebelange van werknemers van die provinsiale regering en provinsiale openbare entiteite, asook lede wat aan die beheerliggame van sodanige entiteite behoort sowel as entiteite wat sake met die provinsiale regering of provinsiale openbare entiteite doen. Die wet lê bepalings neer vir die openbaarmaking van sodanige belange en aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
	<p><b>Wes-Kaapse Wet op die Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite (Wet 4 van 2014)</b></p> <p>Bring artikels 154(1) en 155(6) van die Grondwet tot uitvoer deur verdere bepalings neer te lê vir maatreëls om munisipaliteite te ondersteun, munisipaliteite se kapasiteit te ontwikkel en te versterk en om hul prestasie te verbeter. Bring ook artikel 106(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 tot uitvoer deur bepalings neer te lê vir monitering in gevalle waar gebrekkige prestasie en wanadministrasie in munisipaliteite vermoed word, en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>

Die nasionale en provinsiale beleide en strategieë wat hieronder beskryf word, begelei die DVOW in hoofsaak in die nakoming van sy verantwoordelikhede.

Funksie	Beleide
---------	---------

Funksie	Beleide
Vervoer	<p><b>Nasionale strategie vir vraglogistiek, 2005</b>                      Verlaag binnelandse vragkoste deur laer stelselkoste wat voortspruit uit verhoogde doeltreffendheid, betroubaarheid en verlaagde vervoertye om sodoende haalbare modale opsies tussen pad- en spoorvervoer aan klante te bied.</p>
	<p><b>Nasionale strategie vir openbare vervoer, 2007</b>                      Twee hooftrekke is hier ter sprake, naamlik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Versnelde modale opgradering, wat ten doel het om nuwe, doeltreffender, universeel toeganklike en veilige openbare vervoer en bedrewe operateurs te verskaf; en</li> <li>• Geïntegreerde snelvervoernetwerke vir openbare vervoer, wat ten doel het om oplossings vir geïntegreerde openbare vervoer te ontwikkel en te optimaliseer.</li> </ul>
	<p><b>Nasionale padveiligheidsstrategie, 2009-2015</b>                      Hanteer padveiligheidskwessies deur die onderskeie padveiligheidsstrategieë, -strukture en -intervensies van al die rolspelers en agentskappe in die padveiligheidsarena te integreer en te koördineer.</p>
	<p><b>Nasionale padveiligheidsstrategie, 2011-2020</b>                      Informeer 'n nasionaal gekoördineerde poging om opvoeding en wetstoepassing ten opsigte van swak padgebruikgedrag te verbeter in lyn met internasionale beste praktyke en aanbevelings van die Wêreldgesondheidsorganisasie vir ontwikkelende lande.</p>
	<p><b>Nasionale strategie vir landelike vervoer, 2007</b>                      Lê riglyne neer vir al drie regeringsfere om op 'n geïntegreerde, ooreenstemmende en gekoördineerde wyse werk te maak van die uitdagings verwant aan mobiliteit en toegang in landelike gebiede. Twee hoofstrome word in hierdie strategie uitgelig, naamlik die bevordering van gekoördineerde landelike nodale en koppelende ontwikkelings, en die ontwikkeling van vraag-responsiewe, gebalanseerde en volhoubare landelike vervoerstelsels.</p>
	<p><b>Witskrif oor nasionale vervoerbeleid, 1996</b>                      Handel oor veilige, betroubare, doeltreffende, doelmatige, ten volle geïntegreerde vervoerbedrywe en -infrastruktuur. Hierdie behoort aan die behoeftes van vrag- en passasierklante te voldoen op 'n wyse wat regeringstrategieë vir ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling sal ondersteun en omgewing- en ekonomiese volhoubaarheid in die hand sal werk.</p>
	<p><b>Witskrif oor provinsiale vervoerbeleid, 1997</b>                      Bou voort op die basis wat deur nasionale witskrif vir 'n vervoerbeleid daargestel is en verskaf meer detail oor spesifieke intervensies in reaksie op die behoeftes en geleenthede in die Wes-Kaap, met erkenning vir heersende en toekomstige bevoegdhede wat aan provinsies en ander regeringsfere ooreenkomstig die Grondwet toegewys kan word.</p>
	<p><b>Riglyne vir toegang tot paaie</b>                      Lê riglyne neer vir praktiserende ingenieurs en beplanners, sowel as eiendomsontwikkelaars, om aanvaarbare standaarde vir padtoegang te ontwikkel.</p>
	<p><b>Suid-Afrika se strategiese raamwerk vir padinfrastruktuur (RISFSA)</b>                      Lê riglyne neer vir herdefiniëring van die Suid-Afrikaanse paaie-netwerk, en help padowerhede om bestaande padnetwerke te herklassifiseer.</p>



Funksie	Beleide
	<p><b>Padveiligheidsstrategie vir die Wes-Kaapse Provinsie, 2005</b>                      Moedig 'n veiliger padomgewing aan deur padveiligheid oral in die provinsie te bevorder met 'n fokus op nasionale en provinsiale roetes; en is verantwoordelik vir die basiese opleiding van alle verkeersbeampterekruite in die provinsie ten einde eenvormigheid en professionaliteit te verseker.</p> <p><b>Wes-Kaapse beleidsverklaring ten opsigte van die vervoer van passasiers met spesiale behoeftes (SBP's), 2009</b>                      Plaas sekere verantwoordelikhede op die DVOW, met insluiting van:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Aanmoediging van die inkrementele toeganklikheid van spoorinfrastruktuur en verskaffing van opleiding aan operateurs en hul personeel om sensitief op te tree teenoor persone met spesiale behoeftes;</li> <li>• Ondersteuning van die lewering van universeel toeganklike inligtingsdienste oor openbare vervoer;</li> <li>• Voorbereiding en publiserings, in samehang met NDoT, van riglyne verwant aan vereistes rakende die toeganklikheid van openbarevervoervoertuie;</li> <li>• Versekering dat alle nuwe fasiliteite vir openbare vervoer só beplan word dat dit toeganklik is vir persone met spesiale behoeftes; en</li> <li>• Versekering dat alle toekomstige gekontrakteerde openbarevervoerdienste in die provinsie progressief die bedryf van toeganklike dienste insluit tot tyd en wyl alle gekontrakteerde dienste of toeganklik is en/of 'n alternatiewe vraag-responsiewe diens beskikbaar is.</li> </ul>
<p>Openbare Werke en Eiendomsbestuur</p>	<p><b>Wes-Kaapse provinsiale verkrygingsbeleid</b>                      Ten doel om die bewaarder(s), onder andere, te begelei in die verkryging van onroerende bates en om eenvormige kriteria en prosesse te bevorder en te spesifiseer.</p> <p><b>Wes-Kaapse Provinsiale Regering se witskrif oor die bestuur van provinsiale eiendom, 2004</b>                      Lê 'n raamwerk neer vir die begeleiding van aktiwiteite verwant aan vaste eiendom behorende aan die Wes-Kaapse Provinsiale Regering en ander eiendom wat deur die provinsiale regering benut word. Dit dek ook koördinerings met die eiendomsbestuuraktiwiteite van ander openbare/burgerlike rolspelers in die provinsie. vereis word</p> <p><b>Wes-Kaapse Infrastruktuurraamwerk, 2013</b>                      Sorg dat die beplanning, lewering en bestuur van infrastruktuur wat aan alle belanghebbers (nasionale regering, provinsiale regering, plaaslike regering, semi-staatsorgane en die private sektor) verskaf word met die strategiese agenda en visie vir die provinsie ooreenstem.</p> <p><b>Wes-Kaapse provinsiale beleid oor die vervreemding van eiendom</b>                      Ten doel om ontwikkeling te rig, transformasie aan te voer en vertrouwe te skep in veral onderontwikkelde gebiede met die oog daarop om werk te maak van historiese wanbalanse en om ekonomiese aktiwiteite te bevorder.</p>
<p>Uitgebreide-openbarewerkeprogram</p>	<p><b>Riglyne vir die implementering van die UOWP</b>                      Die UOWP se oogmerk is om kort- en mediumtermyn-werksgeleenthede te skep vir die armes en werkloses, as deel van die regering se strategie om armoede te beveg. Hierdie werkgeleenthede word gekombineer met opleiding wat daarop gemik is om die laaggeskoolde begunstigdes se vooruitsigte op indiensneming binne die formele indiensnemingsmark te verhoog. Die program is afgestem op geleenthede in die volgende sektore: infrastruktuur, omgewing, kultuur, en maatskaplike en nie-regering.</p>

Funksie	Beleide
	<p><b>Riglyne vir die implementering van die Nasionale Jeugdiens</b>                      Bepaal dat implementering van jeugprogramme die verantwoordelikheid van alle staatsinstansies is. Verantwoordelikheid vir beplanning, koördinerende en inisiëring van doeltreffende en innoverende strategieë vir jeugontwikkeling berus dus eweneens by Nasionale Jeugkommissie en individuele staatsdepartemente op nasionale en provinsiale vlak.</p>
Dwarsliggend	<p><b>Provinsiale strategiese plan, 2015/16-2019/20</b>                      'n Stel oorkoepelende strategiese doelwitte vir die WKR vir die huidige verkose termyn waarin gewenste uitkomst vir die mediumtermyn (vyf jaar) uiteengesit word. Hierdie doelwitte weerspieël die behoeftes en prioriteite van die provinsiale regering en bevorder tesame geïntegreerde, verbeterde prestasie oor die openbare sektor in die Wes-Kaap heen.</p>
	<p><b>Departementele raamwerk en handleiding vir monitering en evaluering</b>                      Beskryf die monitering- en evalueringstelsels en -werktuie wat daargestel is vir resultaatgedrewe bestuur in die staatsdiens.</p>
	<p><b>Departementele beleid oor die bestuur van rekords</b>                      Lê die grondslag vir 'n korporatiewe kultuur van verantwoordelikheid vir die bestuur van inligting en rekords as 'n noodsaaklike vereiste vir doeltreffende dienslewering.</p>
	<p><b>Wes-Kaapse beleid oor e-Mobiliteit</b>                      Dwarsliggende beleid oor die gebruik van sellulêre datakaarte vir amptelike doeleindes. Dit reguleer en standaardiseer die praktyke en prosedures vir die verkryging, voorsiening en gebruik van datakaarte in die WKR en sy departemente en vir die doelmatige en kostedoeltreffende bestuur van hierdie noodsaaklike diens.</p>
	<p><b>Wes-Kaapse Regering se dwarsliggende bestuurstelsel</b>                      Het ten doel om meetbare uitkomst te behaal deur die fasilitering van sektorale klusters wat dwarsliggend van kwessies werk maak met individuele lyndepartemente as die implementeringsagente; en beheer die implementering van die provinsiale strategiese plan dwarsliggend regdeur die WKR. Die "Executive Project Dashboard" word as inligtingbestuurwerktuig vir hierdie stelsel gebruik.</p>
	<p><b>Witskrif oor mensehulpbronbestuur, 1997</b>                      Fokus op noodsaaklikheid om mensehulpbronskapasiteit te ontwikkel en te transformeer ten einde die oogmerke van doeltreffende dienslewering en 'n getransformeerde staatsdiens te behaal.</p>

## 8 Organisasiestruktuur soos op 31 Maart 2017

Die DVOW se makro-organisatoriese struktuur word op die volgende vier bladsye van hierdie verslag uiteengesit.









## 9 Entiteite wat aan die provinsiale minister verslag doen

Alhoewel die departement nie vir enige openbare entiteite verantwoordelik is nie, word SMV as 'n handelsentiteit binne sy administrasie bedryf.

Tabel8: Entiteite wat aan die provinsiale minister verslag doen

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van bedrywe
Staatsmotorvervoer	Hoofstuk 19 van die Tesourieregulasies	SMV word ingevolge Hoofstuk 19 van die Tesourieregulasies as 'n handelsentiteit bedryf. Die RB van die departement is ook die RB van die handelsentiteit. Die RB rapporteer aan die provinsiale minister.	Voorsiening van staatsmotorvoertuie aan kliëntdepartemente vir dienslewingsdoeleindes.

# Deel B: Prestasie-inligting

## 1 Ouditeur-generaal se verslag: Voorafbepaalde doelwitte

Die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) het die nodige ouditprosedures op die prestasie-inligting uitgevoer ten einde bestuur in sy verslag van 'n ouditgevolgtrekking oor prestasie gemeet teen voorafbepaalde doelwitte te voorsien. Die doel met hierdie toets was om rapporteerbare bevindinge in die gerapporteerde prestasie-inligting te identifiseer maar nie om bewyse in te win met die oog daarop om waarborgte te lewer of 'n mening of gevolgtrekking oor hierdie aangeleenthede in die ouditverslag uit te spreek nie.

Verwys na bladsy 238 vir die Ouditeur-generaal se verslag, wat as Deel E: Finansiële Inligting gepubliseer word.

## 2 Oorsig van departementele prestasie

### 2.1 Diensleweringomgewing

Die hoofdienste van die departement is:

Hoofdiens:	Sleutelfunksies
Administratiewe Dienste	<ul style="list-style-type: none"><li>• Verskaf strategiese, beleid- en operasionele ondersteuning binne die departement.</li><li>• Verskaf finansiële bestuur- en voorsieningskanaaldienste binne die departement.</li><li>• Verleen hulp aan munisipaliteite om GVP's te ontwikkel.</li><li>• Fasiliteer die ontwikkeling van provinsiale departementele strategieë, beleide en planne.</li><li>• Bestuur die POP om skaarsvaardighede te ontwikkel op die terreine van vervoer, die bou-omgewing en ingenieurswese.</li><li>• Verskaf beurse vir individue wat besig is met studies op die terreine van vervoer, ingenieurswese en die bou-omgewing.</li></ul>
Openbarewerke- infrastruktuurdienste	<ul style="list-style-type: none"><li>• Verkry en vervreem onroerende bates.</li><li>• Verseker optimale benutting van eiendomme in die provinsie se besit.</li><li>• Huur eiendom om akkommodasie te verskaf.</li><li>• Verskaf akkommodasiedienste aan provinsiale departemente en entiteite.</li><li>• Bou en hou gesondheid-, onderwys- en algemene geboufasiliteite in stand.</li><li>• Skep werksgeleenthede en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur.</li></ul>



Hoofdiens:	Sleutelfunksies
Vervoerinfrastruktuurdienste	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bou, rehabiliteer en hou die provinsiale padnetwerk in stand.</li> <li>Bied leerlingskappe en graadopleiding aan.</li> <li>Bied vakleerlingskappe vir dieselwerktuigkundiges aan.</li> <li>Verskaf tegniese ondersteuningsdienste.</li> <li>Skep werksgeleenthede en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur.</li> </ul>
Vervoerbedryfdienste	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bestuur en monitor gesubsidieerde en gespesialiseerde openbarevervoerdienste.</li> <li>Koördineer en fasiliteer landvervoerveiligheid- en -nakomingsprogramme.</li> <li>Evalueer, assisteer en kapasiteer munisipaliteite ten opsigte van landvervoermobiliteit.</li> <li>Ondersteun die implementering van NGV.</li> </ul>
Vervoerreguleringsdienste	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verskaf motorvoertuigregistrasie- en lisensieringsdienste deur munisipaliteite.</li> <li>Verskaf dienste om motorvoertuie se padwaardigheid te toets.</li> <li>Reik bestuurslisensies uit aan bevoegde bestuurders deur munisipaliteite.</li> <li>Reik permitte uit vir abnormalevragvoertuie en geleenthede op openbare paaie.</li> <li>Verskaf oorladingbeheerdienste op nasionale en provinsiale paaie.</li> <li>Verskaf lisensieringsdienste aan openbarevervoeroperateurs.</li> <li>Registreer minibustaxi-operateurs en -verenigings.</li> <li>Implementeer en koördineer padveiligheidsprogramme.</li> <li>Verskaf geskilbeslegtingsdienste in die openbarevervoerdomein.</li> <li>Verskaf wetstoepassing op nasionale en provinsiale openbare paaie.</li> </ul>
Gemeenskapsgebaseerde Programme	<ul style="list-style-type: none"> <li>Koördineer die UOWP.</li> <li>Fasiliteer programme om opkomende kontrakteurs te ontwikkel.</li> <li>Bied konstruksieverwante vaardigheidsontwikkelinggeleenthede aan, insluitende vakleerlingskappe vir vakmanvaardighede.</li> </ul>

### Vernaamste dienslewering uitdagings.

Gedurende die oorsigjaar het 'n aantal uitdagings 'n negatiewe impak op die DVOW se dienslewering gehad:

- Onrus in die openbarevervoersektor wat met die GGIVN verband hou;
- Openbare aandrang dat WKR-besitte grond in sentraalgeleë dele van Kaapstad vir bekostigbare behuisingsdoeleindes gebruik word;
- Remediërende intervensies wat onderneem moes word om werk te maak van strukturele defekte in Vuyiseka Hoërskool, Garden Village Primêre Skool, Silversands Hoërskool, Hawston Primêre Skool, Scottsdene Hoërskool, Masakhane Primêre Skool en Delft-Suid Primêre Skool; en
- Gemeenskapsonrus by konstruksiepersele het die lewering van openbare infrastruktuur vertraag, en gemeenskapsonrus by taxistaanplekke het openbare vervoer beïnvloed. Protokolle is in plek vir die bestuur van sulke gebeure.

Die huidige swak ekonomiese omgewing sal na verwagting 'n negatiewe effek hê op die betaling vir dienste soos huurgeld en voertuiglisensies, wat die koste van die lewering van dienste sal verhoog.

## **Vernaamste diensleweringprestasies**

### ***Diens: Koördineer die UOWP***

'n Totaal van 88 953 werksgeleenthede is geskep teenoor die provinsiale teiken van 80 594 werksgeleenthede (insluitende werksgeleenthede geskep deur alle regeringsfere en die nie-staatsektor). Voorts is 28 752 voltydse ekwivalente (VTE's) in die oorsigjaar geskep.

Twaalf provinsiale UOWP-forums is in stand gehou en 40 openbare liggame is van tegniese ondersteuning voorsien.

### ***Diens: Fasiliteer programme om opkomende kontrakteurs te ontwikkel***

Drie intervensies deur die kontrakteurontwikkelingsprogram is in die oorsigjaar geïmplementeer en 347 opkomende kontrakteurs het vaardigheid- en sake-opskerpingsopleiding ontvang ten einde meer doeltreffend in die industrie mee te ding. 'n Totaal van 220 kontrakteurs is deur 12 konstruksie-inligtingsessies opgelei, 108 kontrakteurs het grondslagfase-opleiding ontvang, en 19 CIDB Graad 3- en 5-kontrakteurs het aan die gevorderde opleiding- en mentorprogram deelgeneem. 'n Totaal van 40 Graad 1- en 2-kontrakteurs het die vyf-week- munisipaliteit-gebaseerde opleidingsprogram bygewoon om hul sakevaardighede op te skerp.

Die EmplA-werktuig van die DVOW se voorkeurverkrygingimplementeringsplan informeer die ontwerp en konstruksie van spesifieke infrastruktuurprojekte wat meer as R5 miljoen werd is. In die 2016/2017-boekjaar is 20 EmplAs geïreer en 13 EmplAs is aangegaan.

'n Totaal van 27 departementele infrastruktuurprojekte is gemoniteer en geëvalueer deur van die ETIR-werktuig gebruik te maak om te bepaal of bemagtigingsdoelwitte behaal is. Die EmplAs het bevestig dat die DVOW aan die minimumteikens voldoen het.

### ***Diens: Skep werk en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur***

Deur die bou en instandhouding van WKR-geboue en -fasiliteite is 5 976 UOWP-werksgeleenthede geskep.

Drie multijaar-konsultantraamwerkkontrakte is aangegaan om die tydsraamwerke van verkryging te verminder en om sodoende doeltreffender dienslewering moontlik te maak.

### ***Diens: Bied konstruksieverwante vaardigheidsontwikkelinggeleenthede aan, insluitend vakleerlingskappe***

Opleidingsgeleenthede is aan 'n totaal van 539 werklose jongmense gebied in konstruksieverwante ambagte en vaardighede as deel van die NJD-program. Van die 539 leerders het 420 deelgeneem aan 'n 12-maande-program om vaardighede te bekom in verskeie konstruksieverwante ambagte.

’n Totaal van 55 vakleerlinge het vakmanopleiding ontvang in ambagte soos elektriese bedrading, sweiswerk, skrynerwerk en loodgieterswerk. Die vakman- en vaardigheidsontwikkelingsprogramme van die DVOW maak deel uit van die Wes-Kaapse "game-changer" vir vakleerlingskappe. Vakmanontwikkelingsintervensies word geïmplementeer in samewerking met gasheerwerkgewers in die konstruksiebedryf sowel as geakkrediteerde instansies wat tegniese en beroepsopleiding (TVET) aanbied. ’n Totaal van 17 van die 55 vakleerlinge het bevoegdheidsgebaseerde modulêre opleiding en eksperiënsiële opleiding in die sweisambag ontvang as deel van ’n vennootskapoooreenkoms tussen die DVOW en die PSETA.

’n Totaal van 64 Wes-Kaapse matrikulante is in die DVOW geplaas as deel van die Premier se PAY-projek wat op die bevordering van die jeug afgestem is. Programdeelnemers het oor ’n tydperk van 12 maande waardevolle werkservaring opgedoen asook opleiding ontvang in klantesorg, projekbestuur, rekenaargeletterdheid, werksgereedheid en werksoekvaardighede.

’n Aantal ander aktiwiteite is in die loop van die oorsigjaar onderneem:

- Agtien konstruksievakleerlinge is deur die DVOW ondersteun om hul vakoetse in skrynerwerk en loodgieterswerk af te lê.
- ’n Totaal van 11 loodgieters en gedeeltelik gekwalifiseerde skrynerwerkers het met hul eerste poging hul Rooiseël-vakmankwalifikasie suksesvol afgehandel. Agt van die 11 pasgekwalifiseerde vakmanne kon permanente aanstellings kry nadat hulle hul kwalifikasies ontvang het.

### **Diens: Bied vakleerlingskappe vir vervoerverwante werktuigkundiges aan**

Om gekwalifiseerde vakmanne te word, ondergaan vakleerlinge ’n vier-jaar-tydperk van formele en praktiese opleiding, voorgeskrewe eksamens en praktiese assessering deur die sektorale onderwys- en opleidingsowerheid vir vervaardiging-, ingenieurs- en verwante dienste (MERSETA). Vakleerlinge wat deur die DVOW ondersteun is, het opleiding by die meganiese werkswinkel in Bellville ontvang en doen Nasionale Tegniese Sertifikaat- (NTS-) kursusse by ’n tegniese kollege. ’n Totaal van 15 werktuigkundiges het hul opleiding gedurende die oorsigjaar as deel van die vakleerlingskapprogram voltooi. Vier vakmanne vanuit die program is ná registrasie permanent deur die DVOW aangestel.

Inhuisopleiding van dieselwerktuigkundiges het in 2010 begin. Teen die einde van die 2016/17-boekjaar het 19 vakleerlinge die ambagstoets (die praktiese assessering deur MERSETA vir die aangewese ambag van dieselwerktuigkundige) suksesvol voltooi. Van die 19 opgeleide dieselwerktuigkundiges het 15 loopbane in die private sektor aanvaar. Daar is tans 16 vakleerlinge in die program, waarvan 14 dieselwerktuigkundigevakleerlinge, een ’n sweisvakleerling en een ’n passer-en-draaier-vakleerling is.

**Diens: Bestuur die professionele ontwikkelingsprogram om werk te maak van die vaardigheidstekorte op die terreine van vervoer, ingenieurswese en die beboude omgewing**

Die hoofmerk van die POP is om werk te maak van die vaardigheidstekorte op die terreine van vervoer, die bou-omgewing en ingenieurswese deur werknemers in staat te stel om professionele registrasie te bekom en te handhaaf. Die POP bied 'n platform vir ervare geregistreerde vakkundiges om hul ervaring, kundigheid, bedrewenheid en vaardighede met jong graduandi te deel en dit aan hulle oor te dra. Die opleiding- en ontwikkelingsmateriaal is hersien en bygewerk om te verseker dat dit die ontwikkelings by professionele liggame weerspieël wat die vervoer-, bou-omgewing en ingenieursberoep reguleer. Deurlopende monitering en evaluering help om te verseker dat die hoofmerk behaal word.

Gedurende die 2016/17-verslagtydperk het agt deelnemers suksesvol professionele registrasie by die tersaaklike professionele liggame behaal (details hieronder).

Dissipline	Kategorie	Totaal	Ras				Geslag	
			S	B	W	I	M	V
Argitektuur	Argitek	1	-	1	-	-	1	-
Elektries	Ingenieur	1	-	1	-	-	1	-
Siviel	Ingenieur	6	1	2	3	-	6	-
<b>Totaal</b>		<b>8</b>	<b>1</b>	<b>4</b>	<b>3</b>	<b>-</b>	<b>8</b>	<b>-</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit; V = vroulik; M = manlik

**Diens: Bestuur die graadprogram vir professionele ingenieurs om die behoorlike opleiding en retensie van graduandi in die vervoer- en ingenieursveld te fasiliteer**

Ter ondersteuning van infrastruktuurlewering is die graadprogram vir professionele ingenieurs (GPEP), met die ondersteuning van mentors om die behoorlike opleiding en retensie en graduandi, gedurende die oorsigjaar voortgesit. Tien nuwe ingenieurswese graduandi (vyf ingenieurs en vyf tegnisi) is aan die begin van Februarie 2017 in die program opgeneem. Gedurende 2016/17 het agt ingenieursgraduandi (almal ingenieurs) aan die minimum vereistes vir registrasie by IRSA voldoen, en ses van hulle het as professionele ingenieurs by IRSA registreer (twee wag nog op hul registrasie). Sewe van hierdie graduandi is in permanente poste in die DVOW aangestel nadat hulle suksesvol vir geadverteerde poste aansoek gedoen het. Tans is 28 graduandi vir die GPEP ingeskryf.

**Diens: Bied beurse aan verdienstelike studente deur die Masakh'iSizwe-beursprogram**

Die Masakh'iSizwe-beursprogram fokus daarop om eksterne studente te lok wat besig is met studies ter verwerwing van 'n hoër diploma, graad of nagraadse kwalifikasie op die terreine van vervoer, die beboude omgewing of ingenieurswese en om hul ontwikkeling te fasiliteer. Beurse word op 'n terugwerkbasis aangebied. Met ander woorde, beurshouers moet vir elke jaar wat hulle 'n beurs ontvang, 'n jaar vir die staatsdiens werk.

Hierdie investering help om werk te maak van die tekort aan skaars- en kritieke vaardighede en om die DVOW se operasionele behoeftes te voldoen. 'n Totaal van 172 studente van buite die regeringsfeer het in 2016/17 ondersteuning by wyse van dié program ontvang. Dit het die potensiaal om hul lewens beduidend te verander.

In reaksie op die onstabiele ekonomiese klimaat en die impak van die #FeesMustFall-veldtog is die ondersteuningsdienstesteprogram gedurende die jaar versterk om te help verseker dat die Masakh'iSizwe-beursprogram sy mandaat nakom. Die ondersteuningsdienstesteprogram behels akademiese ondersteuning, sosiale aanpassing en indiensnemingsvaardighede om die potensiaal van beurshouers te ontsluit en te maksimeer. Dit het ten doel om hulle akademies sterk te maak en te verseker dat hulle kan meeding in en geskik is vir die arbeidsmark. 'n Uitreikprogram is daargestel om 'n sin van maatskaplike verantwoordelikheid by beurshouers tuis te bring deur hulle aan te moedig om Graad 11- en 12-leerders vrywillig in wiskunde en natuurwetenskappe in vennootskap met nieregeringsorganisasies (NRO's) te tutor.

'n Totaal van 19 nuwe eksterne beurse is in die 2016-akademiese jaar toegeken, wat beteken dat die totaal op 172 staan. Die uiteensetting word hieronder beskryf.

Dissipline	Getal beurshouers	Ras				Geslag	
		S	B	I	W	V	M
Argitektuur	4	-	1	-	3	-	4
Siviele Ingenieurswese	103	34	49	3	17	27	76
Elektriese Ingenieurswese	14	5	6	-	3	4	10
Meganiese Ingenieurswese	20	4	10	1	5	5	15
Geomatiek	4	1	3	-	-	2	2
Eiendomstudies	2	-	1	-	1	-	2
Bourekenkunde	19	8	9	1	1	7	12
Stad- en Streekbeplanning	3	1	2	-	-	1	2
Vervoerstudies	3	3	-	-	-	2	1
<b>Totaal</b>	<b>172</b>	<b>56</b>	<b>81</b>	<b>5</b>	<b>30</b>	<b>48</b>	<b>124</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit; V = vroulik; M = manlik

### *Diens: Voorsien, bou en hou akkommodasie vir provinsiale departemente in stand*

#### Onderwysfasiliteite

Infrastruktuurlewering vir onderwysfasiliteite word onder Pos 5: Onderwys voorsien, terwyl daar in Pos 10: Vervoer en Openbare Werke voorsiening gemaak word om as implementeringsagent vir die WKOD op te tree.

'n Totaal van 24 skoolprojekte, 18 Graad R-klaskamerprojekte wat 54 klaskamers bevat het en ses nuwe skoolsale is in die oorsigjaar voltooi. Die beplanning en ontwerp van 'n verdere 16 nuwe en vervangende skole is afgehandel.

'n Totaal van 61 geskeduleerde instandhoudingsprojekte is afgehandel waarvoor 43 toekenningsbriewe in die 2016/17-boekjaar en 18 in die vorige jaar uitgereik is.

Met die verbeterings in verkryging en lewering van die subprogram vir noodinstandhouding is 384 versoeke uitgevoer waarvan 382 deur die WKOD bevestig is. 'n Totaal van 330 persele is oorhandig, 382 projekte het voltooiing behaal en 49 projekte is in beplanningstadiums.

Daar is ook aan 'n totaal van sewe ad hoc-instandhoudingsprojekte aandag geskenk waarvan vier voltooiing behaal het.

### Gesondheidsfasiliteite

Infrastruktuurlewering vir gesondheidsfasiliteite word onder Pos 6: Gesondheid befonds, en voorsiening word gemaak in Pos 10: Vervoer en Openbare Werke om die funksie van implementeringsagent vir die provinsiale departement van gesondheid te verrig.

Dertien gesondheidsfasiliteite is suksesvol voltooi onder die kapitaalbestedingsprogram met 'n verdere 66 geskeduleerde instandhoudingsprojekte wat praktiese voltooiing behaal het. Hierdie het almal bygedra tot die doelwit om die doeltreffendheid van die gesondheidleweringstelsel in die Wes-Kaap te verbeter.

Die kapitaalprojekte wat afgehandel is, het oor die algemeen die konstruksie van nuwe gemeenskapsdagklinieke ingesluit sowel as die opgradering van en aanbouings by bestaande fasiliteite, nuwe psigiatriese fasiliteite en personeelakkommodasiefasiliteite

Die DVOW het ook steeds die beplanning en ontwerp van baie kapitaalbestedingsprojekte uitgevoer. Die noemenswaardigste een hiervan was die Observatory forensiese patologieselaboratorium wat geskeduleer is om in die 2017/18-boekjaar 'n aanvang te neem.

Teen die einde van die 2016/17-boekjaar het die DVOW 70 kapitaalbestedingsprojekte en 192 geskeduleerde instandhoudingsprojekte vir gesondheidsinfrastruktuur in verskillende stadiums van beplanning, konstruksie en afhandeling gehad.

### Algemene geboue

Die konstruksie van die nuwe Bellville-streekskantoor op die Karl Bremer-perseel nader voltooiing. Die GBCSA het 'n "5-Star Green Star SA"-toekenning vir ontwerp aan hierdie gebou toegeken.

Opgradering van die eksamenreprografiese sentrum vir die WKOD word tans in die Alexandra-buurt onderneem en konstruksiewerk is afgehandel om die Onderwysbiblioteek- en -inligtingsdiens- (EDULIS-) fasiliteit vanaf die Middestadsentrum te verskuif na die WKR se Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut in Kuilsrivier te verskuif.

Fotovoltaïese sonpanele word tans op die dakke van Dorpstraat 8, Waalstraat 27, Alfredstraat-biblioteek en Vangate-gedeelddienstesentrum geïnstalleer en sal in die eerste kwartaal van 2017/2018 afgehandel wees. Implementering van slimmeters by geselekteerde geboue om energiedoeltreffendheid te verbeter, gaan voort.

’n Totaal van 122 geskeduleerde instandhoudingsprojekte is afgehandel. Beplanning vir ’n verdere 551 geskeduleerde instandhoudingsprojekte vir toekomstige uitvoering het ’n aanvang geneem.

Beplanning is in ’n gevorderde stadium om raamwerkkontrakte vir instandhouding in ses streke daar te stel om werk te maak noodinstandhouding en alledaagse onklaarraking van komponente. Die multidissiplinêre- en multistreek-raamwerkkontrak op 31 Maart 2017 toegeken.

Termynkontrakte vir die voorsiening van skoonmaakdienste is in plek vir 37 WKR-besette geboue wat beide deur die provinsie besit en gehuur word.

### **Diens: Voorsiening van padinfrastruktuur**

Beplanning is voortgesit vir twee van die vyf projekte wat goedgekeur is gegrond op hul verwagte bydrae tot ekonomiese groei en werkskepping, naamlik Wingfield-wisselaar op die N1, en die beplanning van padwerkverbeterings ter ondersteuning van die Saldanha-NOS is gedurende die oorsigjaar afgehandel. Voorts is die konsepsuele voorstel vir die herbelyning van die Borchards Quarry-wisselaar op die N2, wat die Kaapstad Internasionale Lughawe met die Philippi-nywerheidsgebied te verbind, in 2015 afgehandel. Die multijaar-konstruksie van ’n eerste stadium wat die toevoeging van ’n derde baan op die N2 tussen die Borchards Quarry-wisselaar en die R300 behels, sowel as die konstruksie van ’n derde baan op die N1 tussen die Durbanwegwisselaar en die Old Oak-wisselaar het in 2015 ’n aanvang geneem en word steeds voortgesit. Die beplanningstadium vir die opgradering van die N7 tussen Potsdam en Melkbosstrand tot snelwegstandaarde nader afhandeling.

Die volgende verneme konstruksie- en instandhoudingsprojekte om die bewaring en toestand van die padnetwerk te verbeter, is gedurende die oorsigjaar afgehandel:

- C846.1: Opgradering van die pad tussen die Plettenbergbaailughawe en die N2;
- C838.4: Opgradering van die Hemel-en-Aarde-pad (R320) tussen Hermanus en Caledon;
- C1034: Herseëling van die R43 tussen Botrivier en Hermanus;
- C1030: Herseëling van die R316 tussen Caledon en Bredasdorp;
- C992: Herseëling van die R27 tussen Milnerton en Melkbos;
- C1041: Herseëling van die R27 tussen Melkbos en die grens van die Weskus-distriksmunisipaliteit;
- C1003: Opgradering van die Ou Paarl-pad (R101) tussen Kraaifontein en die interseksie met die Stellenbosch-Malmesbury-pad (R304);
- C97: Herseëling van die R43 tussen Wolseley en Bainskloof;
- C995: Herseëling van die R317 tussen Bredasdorp en Stormsvlei (N2);
- C988: Herseëling van die R45 naby Hopefield, rehabilitering van die R45 naby Malmesbury en rehabilitering van die pad tussen die R27 en Langebaan;
- C817: Rehabilitering van die R307 tussen Mamre en Darling en herseëling van die R315 tussen Darling en Yzerfontein;
- C920: Rehabilitering van die R311 tussen Hopefield en Moorreesburg; en

C1031: Herseëling van die R62 tussen Montagu en Barrydale.

### **Diens: Bestuur en monitor gesubsidieerde en gespesialiseerde openbarevervoerdienste**

Die WKR en Stad Kaapstad het 'n toegewyde "curb-to-curb" openbarevervoerdienst daargestel vir mense met gestremdhede wat nie toegang tot hoofstroomopenbarevervoer kan verkry nie wat as die Dial-a-Ride- (DAR-) diens bekend staan. Hierdie vennootskap is in die oorsigjaar voortgesit en word as 'n suksesvolle intervensie beskou om werk te maak van sommige van die openbarevervoerbehoefes van passasiers met spesiale behoeftes.

'n Diensverskaffer is deur Stad Kaapstad aangestel om die DAR-dienst vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 1 Desember 2015 tot 31 November 2018 te voorsien. Die diens word met 'n vloot van 21 voertuie bedryf en bedien tans ongeveer 7 700 gebruikers per maand. Volgens die jongste inligting wat deur Stad Kaapstad verskaf is, is daar tans 'n databasis van ongeveer 6 000 geregistreerde gebruikers, waarvan ongeveer 1 103 gereelde gebruikers is. Ongeveer 2 061 van die kwalifiserende applikante word as erg fisiesgestrem beskou. Besprekings vir vervoer na 'n gebruiker se werkplek word tydens spitsstye geprioritiseer.

Die DVOW het voortgegaan om 'n busdiens in die gebied van Stad Kaapstad gedurende hierdie oorsigtydperk te subsidieer. Soos gestipuleer in die Wet op die Verdeling van Inkomste (DORA) en die ooreenkoms tussen die NDoT en die DVOW, is die DVOW verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van padgebaseerde gesubsidieerde vervoer en die verbandhoudende PTOG-toewysing. Ongeveer 1,3 miljoen buspassasiersritte is gedurende die boekjaar gefinansier, wat pendelaars van toegang tot werk-, onderrig-, dienste- en ander geleenthede voorsien het.

Die DVOW is verantwoordelik vir die subsidiebetalinge aan die diensverskaffer soos per die tussentydse kontrak tussen die twee partye. In 2009 is 'n addendum tot die kontrak gesluit wat subsidiebetalinge vanaf 'n "per passasier"- na 'n "per kilometer"-tarief verskuif het.

Die DVOW het ook steeds gesubsidieerde busbedrywe elektronies gemoniteer ten einde dienslewering te verseker en om subsidiebetalinge aan die operateur te verifieer.

Stad Kaapstad het aansoek gedoen vir die afwenteling van die kontrakterende gesagfunksie en dit word tans deur die nasionale minister van vervoer oorweeg.

Die DVOW, tesame met die munisipaliteit van George en George Link ('n private maatskappy saamgestel uit voormalige taxi- en klein busoperateurs) bedryf en verfyn steeds die Fase 1-, Fase 2- en Fase 3-dienste van Go George om busbenutting te verhoog en die publiek van George beter te bedien. Fase 3 is na Pacaltsdorp en omliggende gebiede ontplooi. Benutting van hierdie roete was aansienlik en is verfyn om die plaaslike publiek beter te bedien en busbenutting te verhoog. Die bekendstelling van minibusse, die eerste universeeltoeganklike handelsmerkdraende minibusse as deel van 'n diensvloot op 'n GOVN in Suid-Afrika, was nog 'n eerste vir George. Tans lewer 'n totaal van 96 busse met 'n totaal van 203 bestuurder dienste op Fase 1-, 2- en 3-roetes, en 'n addisionele kohort bestuurders sal vir die implementering van Fase 4 opgelei word.



Meer as 250 kandidate vanuit die taxi-bedryf het bestuurderopleiding ontvang en kan nou as Go George-busbestuurders in diens geneem word. Alle beplande stedelike stilhouplekke is gebou, met meer wat beplan word om die implementering van Fase 4 beter te fasiliteer en om die getal oorlaaipunte binne George se kern te verhoog. Die konstruksie van die Blanco-driehoek-oorlaaipunt en talryke Fase 4 siviele opgraderings met tussentydse skuilings is gedurende die oorsigjaar voltooi. Permanente skuilings is by vername stilhou- en oorlaaipunte oral langs die GGIVN-netwerk opgerig om die publiek teen die elemente te beskerm. Hierdie opgraderings sluit beduidende opgraderings and die padinfrastruktuur in wat nodig was vir 'n doeltreffende Go George-diens.

Die George-vervoerkern, 'n bemagtigende infrastruktuurbelegging in die middedorp van George, is ook in 2016/17 in gebruik geneem. Dit verskaf 'n sentrale punt vir Go George-kaartjies en -inligting.

Benewens die konstruksie van beduidende infrastruktuurkomponente van die Fase 4-stelsel het beplanning vir moontlike alternatiewe implementeringsscenario's 'n aanvang geneem. Die bekendstelling van Fase 4 verdubbel die huidige aanbod van die Go George-diens en sal, wanneer voltooi, ook die gemeenskappe van Thembalethu en omliggende gebiede bedien.

Verkope van kaartjies vir multi-ritte, wat dit vir passasiers moontlik maak om 'n afslag te kry deur "grootmaat"-ritte vooruit aan te koop, is aan die toeneem. Dit word aangehelp deur 'n uitgebreide netwerk van geassosieerde ondernemers wat beide multirit- en enkelrit-kaartjies teen kommissie verkoop. Om 'n enkelkaartjie by 'n ondernemer te koop, is effens goedkoper as om een aan boord te koop. Talryke klein ondernemings het verkopers geword om ekstra inkomste te verdien. Dit het die verkopervoetspoor aansienlik vergroot, die getal passasiers verhoog en aanboordverkope van kaartjies verminder en sodoende die tyd wat dit neem om aan boord te gaan en die hoeveelheid kontant wat op voertuie gedra word verminder.

### ***Diens: Koördineer en fasiliteer landvervoerveiligheid- en -nakomingsprogramme***

Gedurende die oorsigtydperk het die DVOW 19 geïntegreerde bewusmakingsveldtogte oor bestuurdervermoeidheid gehou as deel van 'n veldtog wat daarop gemik is om bestuurders se gedrag te modifiseer ten einde die aantal noodlottige ongelukke in die Wes-Kaap te verminder. Ter ondersteuning van spoorvervoerveiligheid het die DVOW sy vennootskap met Stad Kaapstad en Metrorail voortgesit ten einde die bevindinge te implementeer van 'n studie wat uitgevoer is ten opsigte van kritieke infrastruktuurintervensies wat nodig is om die Suidskiereiland-vervoerkorridor, veral by Glencairn-strand, te stabiliseer.

Die Drakenstein-skutfasiliteit is in Maart 2017 gepromulgeer en konstruksie sal na verwagting in die 2017/18-boekjaar afgehandel word. Die ontwikkeling van hierdie fasiliteit sal wetstoepassingspogings in die streek onderskraag.

### ***Diens: Reik bestuurslisensies uit aan bevoegde bestuurders***

Die DVOW werk steeds ten nouste saam met gemagtigde munisipaliteite om die standaard van die dienste wat hulle aan die publiek lewer, te verbeter. Toetsentrums vir bestuurderslisensies (BLTS'e) kon daarin slaag om die gemiddelde tyd wat 'n lid van die

publiek moet wag om 'n leerlinglisensie te bekom na twee maande te verlaag, en die wagtydperk om 'n bestuurderslisensie te bekom na drie maande. Hierdie wagtydperke word as redelik beskou aangesien hulle aansoekers in staat stel om behoorlik vir eksaminering voor te berei en kan die waarskynlikheid verlaag van 'n hoë mislukkingskoers wat agterstande kan skep en wagtydperke kan verhoog.

Die DVOW verseker 'n veilige en toepaslik gereguleerde voertuig- en bestuurderpopulasie deur nakomingsinspeksies om bedrog te voorkom by toetsstasies vir voertuie (VTS'e) en BLTS'e.

### ***Diens: Reik permitte uit vir abnormalevragvoertuie en geleenthede op openbare paaie***

Die DVOW het 9 041 permitte vir abnormalevragvoertuie gedurende 2016/17 verwerk en uitgereik vergeleke met 7 835 in die vorige jaar. Hierdie toename kan toegeskryf word aan 'n hoër aantal aansoeke aangesien hierdie funksie vraaggedrewe is. 'n Stel om die klassifikasie en registrasie van abnormalevragvoertuie meer vaartbelyn te maak, word tans ontwikkel en aansienlike vordering is reeds gemaak.

### ***Diens: Verskaf oorladingbeheerdienste op nasionale en provinsiale paaie***

Die persentasie vervolgings van oorladingsoortredings, wat uitgedruk word as 'n persentasie van alle voertuie geweeg, het konstant op 2 persent gebly. Die praktyk om die getal openbarevervoervoertuie wat by alle weegbrûe geweeg is, saam te stel, word voortgesit en 'n totaal van 10 420 openbarevervoervoertuie is geweeg wat positief bygedra het tot die afname in die aantal openbarevervoervoertuie wat by groot ongelukke betrokke was. Hierdie poging speel 'n verneme rol in die bewaring van die provinsie se padnetwerk wat 'n groot netto besparing op instandhoudingskoste tot gevolg het.

### ***Diens: Registreer minibustaxi-operateurs en -verenigings***

Die provinsiale Vervoerregistrator het toesig gehou oor 111 algemene jaarvergaderings (AJV's) van minibustaxivereistes soos vereis deur die gestandaardiseerde minimumkonstitusie van verenigings en die Wes-Kaapse Wysigingswet op Landvervoer.

Memoranda van verstandhouding tussen die DVOW en industriestrukture wat minibustaxi-, metertaxi- en klein busoperateurs verteenwoordig is in 2016/17 hersien.

### ***Diens: Verskaf geskilbeslegtingsdienste in die openbarevervoerdomein***

Die DVOW werk steeds saam met die PRE en die provinsiale Vervoerregistateurs, die SAPD en verkeerswetstoepassingowerhede om openbarevervoerbedrywe te bestuur. Onwettige bedrywe en oorvoorsiening van dienste is geïdentifiseer as sleuteloorsake van minibustaxi-verwante konflikte waaronder die Wes-Kaap gedurende die oorsigjaar gebuk gegaan het.

Die ontwikkeling van 'n provinsiale konflikbestuur-aksieplan (CMAP) is gefinaliseer en getoets met belanghebbers insluitende munisipaliteite, verkeersowerhede en die SAPD. Die CMAP verskaf ooreengekome interne prosedures wat gevolg moet word in gevalle van dispute tussen taxi-operateurs en -verenigings, en stel protokolle daar wat gevolg

moet word deur alle regeringsbelanghebbendes in geval van gewelddadige konflikte in die openbarevervoerdomein.

e-Roepdienste soos Uber het groot ontwrigtings veroorsaak vir gevestigde metertaxi-ondernemings oral in die wêreld, en Suid-Afrika en die Wes-Kaap was geen uitsondering nie. Metertaxi-operateurs sowel as Uber-bestuurders met protesaksies teen Uber georganiseer en versoek dat die DVOW ingryp. Die DVOW het 'n interregeringstaakspan saam met Stad Kaapstad en die SAPD daargestel en gelei om werk te maak van die vername kwellinge wat deur alle partye geopper is, insluitend onwettige bedrywe (word bedryf sonder 'n geldige bedryfslisensie) en die impak wat 'n oorvoorsiening van voertuie op metertaxi-operateurs sowel as Uber-vennote het. Die taakspan het op 'n plan van aksie ooreengekom wat 'n hersiening deur die PER van wetgewing en praktyknotas insluit ten einde e-roepdienste te akkommodeer sowel as 'n gesamentlike afdwingingsplan en 'n hersiening van die Stad se GVP om 3-roepdienste te akkommodeer en te reguleer.

Konflik tussen die Vrygrond-taxivereniging (VTA) (wat met CODETA geaffilieer is) en die Retreat-, Westlake- en Steenbergtaxiverenigings het gedurende die oorsigjaar geëskaleer. Sluimerende spanning tussen wettige en onwettige operateurs bly steeds 'n bron van kommer, en die SAPD het die situasie met die ondersteuning van Stad Kaapstad en DVOW se verkeerswetstoepassingbeampes die situasie deurlopend gemoniteer. Blatante onwettige handeling soos om onwettige operateurs te werf en wettige operateurs te verhoed om die Vrygrondarea binne te gaan, het daartoe gelei dat die provinsiale Vervoerregistrator dissiplinêre maatreëls ingestel het teen VTA ingevolge artikel 7(A)(20) van die Wes-Kaapse Wysigingswet op Landvervoer. Die VTA het die Wes-Kaapse Hoëhof genader om die Registrator se besluite te bevraagteken en om Stad Kaapstad te beveel om sy aanbod- en vraagbesluite te hersien. Dié saak is hangende.

In die laaste deel van die boekjaar het konflik tussen lede van die Delft-taxivereniging en operateurs wat ondersteun word deur die Cape Amalgamated-taxivereniging op geweld uitgeloop, met 'n aantal noodlottige skietvoorvalle wat direk met die konflik geassosieer word. Ingevolge die CMAP het die SAPD beheer geneem van die situasie in Delft, met ondersteuning deur die DVOW en Stad Kaapstad, om wettige en onwettige operateurs te identifiseer en bemiddelingsdienste te verskaf. Die provinsiale Vervoerregistrator het 'n kennisgewing ingevolge artikel 91 van die NLTA voorberei wat die LUR vir vervoer en openbare werke in staat stel om 'n area te verklaar as een waarin buitengewone maatreëls toegepas mag word, met inbegrip van die besluiting van sekere staanplekke en roetes. Die vooruitsig dat staanplekke en roetes dalk gesluit kan word, was genoeg om al die partye by die onderhandelingsstafel te kry. 'n Ooreenkoms is met die hulp van 'n onafhanklike bemiddelaar bereik om die konflik op te los en 'n einde aan die geweld te maak. Die DVOW en die SAPD moniteer steeds die situasie in Delft.

Ná die openbare protesaksie en brand van vier van die regering se Go George-busse in Augustus 2015, het verskeie individue in George 'n aantal memoranda aan die munisipaliteit van George en die DVOW gestuur. Die departement het 'n reeks response aan hierdie groep gekoördineer. Die groep het ook die nasionale departement van vervoer genader wat gereageer het deur laat in 2016 'n bemiddelingsproses tussen die munisipaliteit en die Wes-Kaapse Regering aan die een kant en die sogenaamde

“ontevrede groep” taxi-operateurs in George aan die ander kant te inisieer. Dit is belangrik om daarop te let dat baie van die lede van hierdie “ontevrede groep” nie geldige taxi-operateurs is nie. Die NDoT se bemiddelingsproses is daarop gemik om werk te maak van die kwessies wat deur die taxi-bedryf in Thembalethu gelug is. Die bemiddelaar het alle partye versoek om formele dokumentasie, verklarings en ondersteunende dokumente in te dien voordat die formele verhoor in George kon begin.

Die DVOW het die regering se respons gekoördineer en tydens die bemiddelingsverhoor getuig. Na aan die einde van 2016 het die bemiddelaar 'n verslag aan die nasionale minister van vervoer voorgelê wat bevestig dat alle prosesse wat tot die sluiting van die operateurkontrak en die daarstelling van die GGIVN aanleiding gegee het, met inbegrip van alle openbaredeelnamesproesse, wettig geldig is en dat die vergoedingsmodel eweneens aanvaarbaar is. Die nasionale minister het alle partye aangemoedig om daaraan te bly werk om van die GGIVN 'n sukses te maak, insluitende die implementering van toekomstige fases van die Go George-busdiens.

### **Diens: Implementeer en koördineer padveiligheidsprogramme**

Padveiligheidsopvoeding- en -bewusmakingsintervensies is voortgesit met 'n spesifieke fokus op kwesbare padgebruikers. Voetgangers, fietsers en motorfietsryers is spesifiek geteiken. Groter interaksie met vervoeragentskappe soos die Padverkeerbestuurskoöperasie en die Padongelukfonds het na vore gekom. Die fokus op leerders en skole is voortgesit met meer skole wat by padveiligheid betrokke geraak het. Die doeltreffende bestuur van skolierpatrollies is voortgesit in samewerking met plaaslike owerhede se verkeersdepartemente en die WKOD. Hierdie program maak 'n beduidende bydrae tot die veiligheid van leerders, opvoeders en die publiek wat strate in die omstreke van skole oorsteek.

Die jaarlikse deelnemende onderrigtegniek (PET) en redenaarskompetisies is nasionale inisiatiewe wat in samewerking met die PVBK gereël word, en hulle bly hoogtepunte op die padveiligheidskalender. In Oktober 2016 het Breërivier Hoërskool in Worcester die Wes-Kaap verteenwoordig en die derde plek in die nasionale PET-kompetisie in Polokwane, Limpopo behaal. Breërivier Hoërskool is langs die R43 geleë wat tussen Villiersdorp en Worcester loop. Daar was al baie ongelukke en voetgangersterftes op die R43 en die leerders van die Breërivier PET-span het ontwikkelingsgerigte kommunikasietegnieke gebruik om voorstelle te maak oor hoe hierdie pad veiliger vir alle padgebruikers gemaak kan word. Argitekte van die DVOW se tak openbare werke het 'n skoolmodelleringswerksessie gehou om leerders te kapasiteer sodat hulle modelle van hul voorgestelde padveiligheidsoplossings kan bou.

### **Diens: Padveiligheidskommunikasie**

In 2016/17 is die kalender vir die padveiligheidsprogram bekend as "Kom Veilig Tuis" verder uitgebrei met goeie resultate. Die "First Kiss"-veiligheidsgordelveldtog wat op bioskope oral in die provinsie gefokus het en deur televisie en radio ondersteun is, tesame met buitenshuise en digitale dekking, het vir die eerste tien weke van die jaar geloop. Data van opnames oor die nakoming van veiligheidsgordelgebruik wat vóór en


ná die veldtog gedoen is, het 'n toename van 27,5 persent in oorhoofse gebruik van veiligheidsgordels gewys, met groot verbeterings in die gebruik van agterste sitplekgordels. Vir die duur van die veldtog was daar 'n rekorddaling in passasiersterftes, wat die vorige algehele tendens omgekeer het. Opbrengs op belegging in die veldtog is as 4.4:1 bereken deur van die WNNR se syfers vir pad traumakoste gebruik te maak.

In die Desember- en Januarietydperk is die Ubuthakathi-advertensie wat oor die gebruik van alkohol deur voetgangers handel, vrygestel met 'n fokus op gratis televisie- en aanlynuitsendings, ondersteun deur bioskope. Die jaar het geëindig met padsterftes wat 8 persent laer was vergeleke met die laaste kwartaal van 2015/16.

Die tweede jaarlikse opname oor die kalender vir die "Kom Veilig Tuis"-veldtog het belowende verbeterings getoon in die persepsie oor die belang van padveiligheid as 'n sosio-ekonomiese uitdaging (het na die top-vyf-kwessies opgeskuif, misdaad uitgesluit, vir beide motoriste en nie-motoriste). Daar is egter min vordering gemaak met die fundamentele kwessies soos gebrekkige persoonlike verantwoordelikheid en respek vir verkeerswetstoepassing. Ten laaste is die kalender vir die "Kom Veilig Tuis"-veldtog geïntegreer in die baie belowende bekendstelling van die distrikveiligheidsplan in die Overbergdistrik in Oktober 2016.

### **Diens: Verkeerswetstoepassing**

Daar was 1 370 padongeluksterftes in die Wes-Kaap gedurende 2016/17, wat 'n afname van 2,4 persent verteenwoordig vergeleke met die 2015/16-boekjaar.



**Figuur 1: Wes-Kaapse padongeluksterftes 2008/2009 – 2016/17: Kumulatiewe boekjaarvergelyking soos op 31 Maart 2017**

’n Vergelyking tussen 2015/16 en 2016/17 se feesseisoentydperke toon ’n afname van 4,3 persent in sterftes vanaf 208 tot 199 oor die provinsie heen. Feesseisoen-voetgangersterftes op provinsiaal- gemoniteerde paaie het afgeneem met 20,5 persent tussen die 2015/16- en die 2016/17-feeisseisoen. Die meeste voetgangersterftes het in Stad Kaapstad voorgekom. Gedurende die feesseisoen 2016/17 was die Wes-Kaap een van slegs vier provinsies waar ’n afname in sterftes aangeteken is.

In ’n poging om die gebruik van onpadwaardige voertuie op ons paaie te bekom, het die PVBK twee mobiele voertuigtoetseenhede geskenk wat baie suksesvol gebruik is, veral oor die feesseisoen. Verskeie swaarmotorvoertuie, busse en minibustaxi’s is as onpadwaardig van die pad verwyder. Spesiale operasies is ook uitgevoer in Ceres, Worcester, Malmesbury, Joostenbergvlakte en die Paarl waar leerdervoervoertuie getoets is en verskeie skoolbusse is van die pad verwyder. Tydens een van hierdie operasies is 15 busse getoets en 11 hiervan is as onpadwaardig bevind omdat hulle remme foutief was.

Die DVP, ’n toetsinisiatief van die DVOW om veiligheid op distriksvlak te verbeter in samewerking met plaaslike munisipaliteite, die SAPD en die DVOW se

verkeerswetstoepassingsamptenare is van stapel gestuur op 30 September 2016 in die Overbergdistrik, bestaande uit die Overstrand, Theewaterskloof en Kaap-Agulhas plaaslike munisipaliteite. Gemeet teen kwartaallike teikens het die implementering van die DVP 'n afname in padsterftes tot gevolg gehad. Gedurende die derde kwartaal van 2015/16 is 21 sterftes aangeteken vergeleke met dieselfde tydperk in 2016/17 toe slegs 11 mense gesterf het. Voetgangersterftes het ook 'n afname getoon vanaf vyf in die derde kwartaal van 2015/16 na twee in dieselfde tydperk in 2016/17. Vier kinders onder die ouderdom van 14 jaar het in padsterftes omgekom gedurende die derde kwartaal van 2015/16, vergeleke met nul sterftes in dieselfde tydperk in 2016/17.

Daar was 'n aantal suksesse ten opsigte van die konfiskering van dwelms en onwettige middels tussen 1 Desember 2016 en 16 Januarie 2017. Een só 'n geval was in die Worcesterarea waar 3 790 perlemoene met 'n straatwaarde van R1,3 miljoen gekonfiskeer is. In Laingsburg het 'n suksesvolle dwelmklopjag 90 000 Mandrax-tablette met 'n waarde van R4,5 miljoen behels. In die 2016/17-boekjaar is onwettige middels en dwelms met 'n totale waarde van R112 miljoen gekonfiskeer op provinsiale en nasionale paaie in die Wes-Kaap.

Deurlopende betrokkenheid by verskillende radio- en televisiestasies sowel as die gedrukte media het geleenthede geskep om motoriste oor padtoestande, verkeerspatrone en ander inligting te voorsien wat hulle van hulp kon wees in die beplanning van hul reise. Spesiale uitsendings is gereeld op radio gedoen. Gedurende die feesseisoen is tersaaklike materiaal in totaal 41 000 op YouTube en 34 000 op Facebook bekyk. Daar was ook 42 800 indrukke op Twitter, 10 000 vertonings in bioskope, 34 onderhoude en 111 opgeneemde mediaflitse.

In die loop van die boekjaar is 17 394 voertuie tussen 20:00 en 06:00 gestop op die paaie tussen Beaufort-Wes, Laingsburg en Aberdeen. 'n Totaal van 2 548 moeë bestuurders is gestop en aangesê om vir vier tot vyf ure te rus voordat hulle hul reise voortsit.

Om werk te maak van die voortslepende drink-en-bestuur-probleem op ons paaie het DVOW se verkeerswetstoepassing 1 618 alkoholklopjagte oor naweke uitgevoer, waartydens 109 659 bestuurders vir alkohol getoets is en 1 542 bestuurders gearresteer is omdat hulle oor die wettige perk was.

EBAT is in 2009 tydelik gestaak na 'n uitspraak in die Hoëhof in die saak *Staat v Hendricks*. Die uitspraak het bevestig dat asemtoetse vir alkohol nie die konstitusionele regte skend van bestuurders wat daarvan verdink word dat hulle oor die wettige perk bestuur nie, maar die hof het 'n paar tegniese, regs- en operasionele aanbevelings gemaak vir die resultate van asemtoetse vir alkohol om as bewyse aanvaar te word. Die DVOW, met die ondersteuning van die nasionale minister van vervoer, het die voortou geneem in die daarstelling van 'n interregeringtaakspan met insluiting van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), die NDoT, die PVBK, die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde, die Nasionale Metrologie-instituut van SA (NMISA), die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Standaarde (NRCS) en ander belanghebbers. Werkspanne is daargestel om werk te maak van die aanbevelings met, *inter alia*, insluiting van tegniese spesifikasies, tipe-goedkeuring en kalibrasie van asemtoetsmasjiene, opleiding van personeel in die gebruik van hierdie masjiene, toetsprosedures en rekordhouding. In Augustus 2016 het die NVG goedkeuring verleen vir die gefaseerde herinstelling van EBAT in die Wes-Kaap,

met die forensiese alkoholtoetsentrum in Athlone as die eerste fasiliteit waar EBAT uitgevoer word. Die DVOW is daarvan oortuig dat, gegewe die spoed en doeltreffendheid waarmee afdoende resultate verkry word, EBAT 'n doeltreffende afskrikmiddel teen bestuur oor die wettige perk sal wees.

### **Diens: Verkeersopleiding**

Die direktoraat: verkeersopleiding en -ontwikkeling is verantwoordelik vir die opleiding en ontwikkeling van provinsiale en munisipale verkeersbeamptes in die Wes-Kaap. Die Gene Louw-verkeerskollege het sy registrasie as verkeersopleidingskollege behou by die PVBK, as 'n geakkrediteerde opleidingsinstansie by die sektorale onderwys- en opleidingsowerheid vir die veiligheid- en sekuriteitsektor (SASSETA) en as 'n instansie wat deur SAPD goedgekeur is om vuurwapenopleiding te verskaf.

GLVK het formele opleiding gefasiliteer vir die verdere onderwys- en opleidingsertifikaat: padverkeerwetstoepassing sowel as opleiding vir ondersoekers van voertuie (OVV) en opleiding as ondersoekers van bestuurslisensies (ORB). Die kollege het ook opleiding vir verkeersopsieners en opknappingsopleiding vir vuurwapens verskaf, sowel as opleiding vir provinsiale verkeersbeamptes om gelisensieerde motorfiets- en swaarmotorvoertuigbestuurders te word.

As deel van die visie van lewenslange leer en volgehoue verbetering, het die GLVK vier spesifieke projekte onderneem wat ooreenstem met die strategiese doelwitte van die DVOW. Die e-leer- en videokonferensieprojekte wat in Maart 2017 van stapel gestuur is, sal 'n belangrike rol vervul deur opgedateerde interaktiewe aanlynleerkanale daar te stel vir verkeerwetstoepassingssamptenare sodat hulle steeds hul kennis en vaardighede kan verbeter sonder dat dit nodig is om na GLVK te reis.

Die volgende formele opleiding van gemagtigde beamptes (verkeersbeamptes, OVV's en OBL'e) en informele opleidingsprogramme vir verkeerwetstoepassingsbeamptes het gedurende die jaar plaasgevind:

- Vyftig verkeersbeamptes het die formele opleidingsprogram vir verkeersbeamptes suksesvol voltooi, waarvan 30 provinsiale verkeersbeamptes was en die res afkomstig was van verskeie plaaslike verkeersowerhede;
- 'n Totaal van 179 verkeersbeamptes het hul jaarlikse verpligte vuurwapenopknappingsopleiding voltooi en 233 verkeersbeamptes het Microsoft Office-opleiding ter voorbereiding vir die implementering van 'n e-leer-opleidingsintervensie in die Wes-Kaap suksesvol voltooi; en
- 'n Totaal van 68 OVV's het die K53-kursus voltooi, en 'n verdere 37 OBL'e het bevoegdheidsassesserings voltooi.

## **2.2 Diensleweringverbeteringsplan (DLVP)**

### **Diensleweringverbeteringsplan**

Die DVOW het 'n DLVP ontwikkel vir die MTUR-tydperk 2016/17 – 2019/20 wat geïnformeer is deur sy strategiese plan en ooreenstem met sy JPP 2016/17. Die DLVP het ten doel om



werk te maak van die volgende twee diensverbeteringsareas: PNB en padveiligheidsbestuur (PVB).

### ***Diens 1 vir PNB: Bestuur identifisering van opgraderingsprojekte vir ontwerpgoedkeuring vir grondpaaie.***

Die algemene toestand van grondpaaie het weer eens verswak vergeleke met die vorige jaar weens beperkte finansiële hulpbronne om die hele netwerk tot aanvaarbare standaard in stand te hou, sowel as voortslepende probleme met die opsporing van goedgekeurde gruisgroewe. Dit sal R112 miljoen kos om werk te maak van die behoefte aan herbegruiing op die grondpadnetwerk. Voorts is daar bykans 230 km van paaie wat 'n ekonomiese voordeel sal inhou as hulle vanaf grond- na geteerde standaard opgegradeer word. Van die Wes-Kaapse pendelaars wat op grondpaaie reis, reis 20 persent tans op paaie van 'n swak tot baie swak toestand, 60 persent reis op paaie in 'n redelike toestand en die oorblywende 20 persent reis op paaie in goeie tot baie goeie toestand.

As gevolg van sy gesamentlike beplanningsinisiatiewe (JPI's) en oorlegpleging met belanghebbers, het die DVOW besluit om die proses waarvolgens gekies word watter grondpaaie na geteerde standaard opgegradeer gaan word, meer vaartbelyn te maak. Die diensverbetering stel die ontwikkeling en institusionalisering van 'n sakebesluitnemingsproses in die vooruitsig waarvolgens grondpaaie vir opgradering gekies sal word deur relevante belanghebbersinsette en faktore soos ekonomiese belang in ag te neem. Die voorneme is om die keuring van 20 grondpadopgraderingsprojekte vir ontwerpgoedkeuring te optimeer.

### ***Diens 2 vir PVB: Verskerp padveiligheidsbewustheid onder die publiek***

Tans gee negatiewe padgebruikergedrag aanleiding tot padongelukke wat sterftes en ernstige beserings tot gevolg het. Padongelukke plaas 'n aansienlike kostelas op die ekonomie, en daar is 'n kousale verband tussen die aantal padongelukke en die koste vir die staat.

Deur padveiligheidsbewustheid onder inwoners van die Wes-Kaap te verhoog, sal die aantal ongelukke, sterftes en beserings verminder word, wat tot aansienlike kostebesparings sal lei. Hierdie besparings kan aan dienste toegewys word om die lewens van inwoners te verbeter. Intervensies fokus op skoolleerders, met inbegrip van padveiligheidsdebatte, kompetisies en skoolpatrollies.

Die voorsiene diensverbetering behels die aankweek van beter padgebruikergedrag deur opvoedingsintervensies om bewustheid van padveiligheid te skep vanaf die basislyn van 440 in 2015/16 tot 690 in 2019/20 te verhoog. Die geteikende getal intervensies vir 2016/17 was 650.

Tabelle 9 tot 13 lig die departement se DLVP-prestasies in 2016/17 toe.

**Tabel9: Hoofdienste verskaf en standaarde**

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige standaard van diens: 2015/16	Verlangde standaard van diens: 2016/17	Werklike prestasie: 2016/17
Bestuur identifisering van opgraderingsprojekte vir ontwerpgoedkeuring.	Inwoners, boere, ander padgebruikers	45 opgraderingsprojekte is vir ontwerpgoedkeuring geïdentifiseer.	20 geïdentifiseerde projekte vir ontwerpgoedkeuring	6 projekte geïdentifiseer vir ontwerpgoedkeuring.
Verskerp padveiligheidsbewustheid onder die publiek.	Algemene publiek en skole	440 bewusmakingsintervensies vir padveiligheidopvoeding uitgevoer.	650 bewusmakingsintervensies vir padveiligheidopvoeding uitgevoer.	782 bewusmakingsintervensies vir padveiligheidopvoeding het plaasgevind.

**Tabel10: Batho Pele-reëlings met begunstigdes (oorlegpleging, toegang, ens.)**

Huidige reëlings: 2015/16	Verlangde reëlings 2016/17	Werklike prestasie 2016/17
<b>Bestuur identifisering van opgraderingsprojekte vir ontwerpgoedkeuring.</b>		
<p><b>Oorlegpleging:</b> Kliënte word geraadpleeg deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Takvergaderings en velddata;</li> <li>Deighton se omvattende stelsel vir die bestuur van infrastruktuur (DTIMS);</li> <li>Verslag oor padnetwerkbewaring;</li> <li>Departementele intranet en internet;</li> <li>Departementele belanghebberverhoudinge;</li> <li>DVOW-nuusbrief;</li> <li>Diensmanifes; en</li> <li>Reklameborde.</li> </ul> <p><b>Hoflikheid:</b> Hoflikheid word gerapporteer en gemeet deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Departementele belanghebberverhoudinge;</li> <li>Hoofkantoor; en</li> </ul>	<p><b>Oorlegpleging:</b> Kliënte word geraadpleeg deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Gesamentlike beplanningsinisiatiewe (JPI's);</li> <li>Takvergaderings;</li> <li>Oorlegpleging met distriksmunisipaliteite;</li> <li>Velddata;</li> <li>Skakeling met ander padowerhede;</li> <li>Departementele belanghebberverhoudinge;</li> <li>DVOW-nuusbrief;</li> <li>Diensmanifes; en</li> <li>Reklameborde.</li> </ul> <p><b>Hoflikheid:</b> Hoflikheid word gerapporteer en gemeet deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Departementele belanghebberverhoudinge;</li> <li>Hoofkantoor; en</li> </ul>	<p><b>Oorlegpleging:</b> Die verlangde standaard is behaal.</p> <p><b>Hoflikheid:</b> Die verlangde standaard is behaal.</p>

Huidige reëlings: 2015/16	Verlangde reëlings 2016/17	Werklike prestasie 2016/17
<ul style="list-style-type: none"> <li>DPI-kantore.</li> </ul> <p><b>Waarde vir geld:</b> Ekonomiese aanslag van elke projek</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>DPI-kantore.</li> </ul> <p><b>Waarde vir geld:</b> Ekonomiese aanslag van elke projek</p>	<p><b>Waarde vir geld:</b> Die verlangde standaard is behaal</p>
<b>Verskerp padveiligheidsbewustheid onder die publiek.</b>		
<p><b>Oorlegpleging:</b> Kliënte word geraadpleeg deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Vergaderings met kliënte en belanghebbers; en</li> <li>Indaba-sessies oor geïntegreerde ontwikkelingsplanne (GOP's).</li> </ul> <p><b>Toegang:</b> Die diens is toeganklik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Hoofkantoor: Waalstraat 35, Kaapstad;</li> <li>Beaufort-Wes-verkeersentrum; en</li> <li>George-verkeersentrum.</li> </ul> <p><b>Hoflikheid:</b> Hoflikheid word gerapporteer en gemeet deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Verslag en gemaklike toegang tot direktoraat bestuur; en</li> <li>Departementele belanghebberverhoudinge.</li> </ul> <p><b>Openheid en deursigtigheid:</b> Openheid en deursigtigheid word behaal deur:</p>	<p><b>Oorlegpleging:</b> Kliënte word geraadpleeg deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Fokusgroepvergaderings met geselekteerde belanghebbers; en</li> <li>GOP-Indabasessies.</li> </ul> <p><b>Toegang:</b> Die diens is toeganklik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Hoofkantoor: Waalstraat 35, Kaapstad;</li> <li>Beaufort-Wes-verkeersentrum;</li> <li>George-verkeersentrum; en</li> <li>Vredenburg-verkeersentrum.</li> </ul> <p><b>Hoflikheid:</b> Hoflikheid word gerapporteer en gemeet deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Benutting van Safely Home Reporter en/of webwerf; en</li> <li>Departementele belanghebberverhoudinge.</li> </ul> <p><b>Openheid en deursigtigheid:</b> Openheid en deursigtigheid word behaal deur:</p>	<p><b>Oorlegpleging:</b> Die verlangde standaard is behaal.</p> <p><b>Toegang:</b> Die verlangde standaard is behaal.</p> <p><b>Hoflikheid:</b> Die verlangde standaard is behaal.</p> <p>Voorts:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die Arrive Alive-webwerf word benut. <a href="https://www.arrivealive.co.za/">https://www.arrivealive.co.za/</a>.</li> </ul> <p><b>Openheid en deursigtigheid:</b> Die verlangde standaard is behaal.</p>

Huidige reëlings: 2015/16	Verlangde reëlings 2016/17	Werklike prestasie 2016/17
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jaarlikse prestasieplan;</li> <li>• Jaarverslag;</li> <li>• Jaarverslag aan burgers;</li> <li>• Intranet en internet;</li> <li>• JPI's;</li> <li>• GOP-Indaba-sessies; en</li> <li>• Openbare vergaderings.</li> </ul> <p><b>Waarde vir geld:</b> Verbetering nodig in die personeelhulpbronne by die Weskus- en Eden-kantore.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jaarlikse prestasieplan;</li> <li>• Jaarverslag;</li> <li>• Jaarverslag aan burgers;</li> <li>• Intranet en internet;</li> <li>• JPI's;</li> <li>• GOP-Indaba-sessies; en</li> <li>• Openbare vergaderings.</li> </ul> <p><b>Waarde vir geld:</b> Verbetering nodig in die personeelhulpbronne by die Weskus- en Eden-kantore.</p>	<p><b>Waarde vir geld:</b> Die verlangde reëling is nie ten volle behaal nie. Om die kapasiteitskwessies by hierdie streke aan te vul, is een (1) persoon vanaf die Metro- na die Eden-kantoor oorgeplaas.</p>

**Tabel11: Diensinligtingwerktuig**

Huidige/werklike inligtingswerktuie	Verlangde inligtingswerktuie	Werklike prestasies
<b>Bestuur identifisering van opgraderingsprojekte vir ontwerpgoedkeuring.</b>		
<p>Inligting word gekommunikeer deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• DVOW se jaarlikse prestasieplan;</li> <li>• Jaarverslag;</li> <li>• Jaarverslag aan burgers;</li> <li>• Internet en intranet;</li> <li>• Interne en eksterne nuusbrief;</li> <li>• Reklameborde;</li> <li>• DTIMS;</li> <li>• Bewaringsverslag;</li> <li>• JPI's; en</li> <li>• Diensmanifes.</li> </ul>	<p>Inligting word gekommunikeer deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• DVOW se jaarlikse prestasieplan;</li> <li>• Jaarverslag;</li> <li>• Jaarverslag aan burgers;</li> <li>• Internet en intranet;</li> <li>• Interne en eksterne nuusbrief;</li> <li>• Reklameborde;</li> <li>• DTIMS;</li> <li>• Bewaringsverslag;</li> <li>• JPI's; en</li> <li>• Diensmanifes.</li> </ul>	<p>Die verlangde standaard is behaal.</p>

Huidige/werklike inligtingswerktuie	Verlangde inligtingswerktuie	Werklike prestasies
<b>Verskerp padveiligheidsbewustheid onder die publiek.</b>		
Inligting word gekommunikeer deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Jaarlikse prestasieplan;</li> <li>• Internet en intranet;</li> <li>• Jaarverslag;</li> <li>• Jaarverslag aan burgers;</li> <li>• Openbare vergaderings;</li> <li>• Uitstallings;</li> <li>• Bewusmakingsintervensies;</li> <li>• Radio-advertensies;</li> <li>• Sosiale media;</li> <li>• Pamflette;</li> <li>• Brosjures;</li> <li>• Diensmanifes;</li> <li>• e-pos;</li> <li>• Interne en eksterne nuusbrief;</li> <li>• Internet en intranet;</li> <li>• Reklameborde;</li> <li>• Strooibiljette;</li> <li>• Persverklarings;</li> <li>• Thusong-sentrums; en</li> <li>• Onderhoude op gemeenskapsradio.</li> </ul>	Inligting word gekommunikeer deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Jaarlikse prestasieplan;</li> <li>• Internet en intranet;</li> <li>• Jaarverslag;</li> <li>• Jaarverslag aan burgers;</li> <li>• Openbare vergaderings;</li> <li>• Uitstallings;</li> <li>• Bewusmakingsintervensies;</li> <li>• Radio-advertensies;</li> <li>• Sosiale media;</li> <li>• Pamflette;</li> <li>• Brosjures;</li> <li>• Diensmanifes;</li> <li>• e-pos;</li> <li>• Interne en eksterne nuusbrief;</li> <li>• Internet en intranet;</li> <li>• Reklameborde;</li> <li>• Strooibiljette;</li> <li>• Persverklarings;</li> <li>• Thusong-sentrums;</li> <li>• "Safely Home Reporter" en -webwerf; en</li> <li>• Onderhoude op gemeenskapsradio.</li> </ul>	Die verlangde standaard is behaal.

**Tabel12: Klagtemeganisme**

Huidige/werklike klagtemeganisme	Verlangde klagtemeganisme	Werklike prestasies
<b>Bestuur identifisering van opgraderingsprojekte vir ontwerpgoedkeuring.</b>		
Klagtes/ voorstelle/ komplimente/ navrae word geregistreer en gemoniteer deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Paneelbesprekings;</li> </ul>	Klagtes/ voorstelle/ komplimente/ navrae word geregistreer en gemoniteer deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Paneelbesprekings;</li> </ul>	Die verlangde standaard is behaal.  Voorts:

Huidige/werklike klagtemeganisme	Verlangde klagtemeganisme	Werklike prestasies
<ul style="list-style-type: none"> <li>JPI's;</li> <li>Departementele belanghebberverhoudinge.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>JPI's;</li> <li>Departementele belanghebberverhoudinge.</li> </ul>	EG4C-dienste (e-regering vir burgers) is deur die burgers benut vir padnavrae.
<b>Verskerp padveiligheidsbewustheid onder die publiek.</b>		
Klagtes/ voorstelle/ komplimente/ navrae word regstreeks by en deur bestuur geregistreer en gemoniteer.	Klagtes/ voorstelle/ komplimente/ navrae word geregistreer en gemoniteer: <ul style="list-style-type: none"> <li>Regstreeks by en deur bestuur; en</li> <li>Deur "Safely Home Reporter" en -webwerf.</li> </ul>	Die verlangde standaard is behaal.

**Tabel13: Aansoeke ingevolge Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) vergun ingevolge artikel 46**

Aantal	Besonderhede van inligting versoek	Datum waarop versoek ontvang is	Datum waarop uitstel vergun is*	Datum waarop versoek toegestaan is
1/2016-2017	Alle lisensies vir Golden Arrow-busdienste (GABS) en Sibanye-busdiens	10.05.2016	31.05.2016	06.10.2016
2/2016-2017	Alle inligting verwant aan Porter-landgoed	04.04.2016	03.05.2016	22.02.2017
3/2016-2017	Tender S123/15 en 124/15	07.04.2016	06.05.2016	11.05.2016
4/2016-2017	Franschhoekpas – 2000: Alle dokumente verwant aan die pas	26.04.2016	25.05.2016	11.09.2016
5/2016-2017	Tender C1009.01	06.05.2016	Nee	20.05.2016
6/2016-2017	Hoeveelhede wat aan skole verskaf is ten opsigte van: wapeningstaal en maaswapening	21.04.2016	Nee	19.05.2016
7/2016-2017	Translux-bedryfslisensies	25.04.2016	23.05.2016	26.05.2016
8/2016-2017	Aansoeke vir bedryfslisensiepermitte: 8334707, 8334708 en 8334709	25.05.2016	27.06.2017	12.07.2016
9/2016-2017	Nuwe aansoeke vir bedryfslisensiepermitte: 8287470, 8287471, 8287472, 8287472, 8287474 en 8287475	02.06.2016	01.07.2016	10.11.2016
10/2016-2017	Erwe 1449, 1450, 1452 en 1734: Alle dokumente wat met die grond verband hou	06.06.2016	04.07.2016	06.07.2016
11/2016-2017	Transkripsies vir OLA 2015-32: Vergadering gehou oor permitaansoeke	08.06.2016	05.07.2016	08.08.2016
12/2016-2017	Eienaarskap van bedryfslisensiepermitte: C de Villiers	29.07.2016	01.09.2016	20.09.2016
13/2016-2017	Eienaarskap van bedryfslisensiepermitte: I Masarapa	29.07.2016	01.09.2016	24.10.2016

Aantal	Besonderhede van inligting versoek	Datum waarop versoek ontvang is	Datum waarop uitstel vergun is*	Datum waarop versoek toegestaan is
14/2016-2017	Versoek vir bedryflisensiepermit: OP8331200	11.08.2016	19.09.2016	13.10.2016
15/2016-2017	Kontrakte met SMV	20.08.2016	14.09.2016	31.10.2016
16/2016-2017	Versoek vir bedryflisensiepermitte vir: OLB18100667/1	21.09.2016	Nee	24.10.2016
17/2016-2017	Regsmening oor onteierende grond	21.09.2016	Nee	21.10.2016
18/2016-2017	DVO tussen Rainbow Cape Services en Wes-Kaapse Regering	29.09.2016	25.10.2016	21.11.2016
19/2016-2017	PERMIS-dokumentasie: Versoek deur werknemer	10.10.2016	Nee	22.11.2016
20/2016-2017	Aansoek om bedryflisensiepermit: OLB508440	28.11.2016	15.12.2016	11.02.2017
21/2016-2017	Tenderkontrak: C0708/09	09.12.2016	15.12.2016	07.02.2017
22/2016-2017	Verskeie bedryflisensies	15.12.2016	22.12.2016	09.02.2017
23/2016-2017	Notules gedateer 26 Augustus 1994: Toewysing van roetes vir taxi's vanaf die stilhouplek op boonste vlak: Kaapstadstasie	01.02.2017	28.02.2017	28.03.2017
24/2016-2017	Opgradering van ou George-Knysna pad	02.02.2017	13.03.2017	lopend
25/2016-2017	Versoek vir bedryflisensie: Pedro-permitte	13.03.2017	Nr.	12.04.2017

**Let wel:** Uitstel vergun ingevolge artikel 26 van PAIA.

## 2.3 Organisasoriese omgewing

### Herstrukturering

Gedurende die oorsig jaar is die makrostruktuur van die hoofdirektoraat: PNB ontwerp en organisasie-ontwerp is tans besig om die mikrostruktuur te ontwerp.

Die herstrukturering van die SMV sowel as die passing en plasing van personeel is afgehandel. Werwingsprosesse word tans deurloop ten opsigte van die vulling van vakatures op die struktuur.

### Organisasoriese uitdagings

Die DVOW het stappe geneem om die behaling van optimale sosio-ekonomiese impak te prioritiseer.

Daar is aansienlike uitdagings in die arbeidsmark ten opsigte van vakkundiges in die bou-omgewingsektor, naamlik dat daar té min aansoeke is vir poste wat deur die departement aangebied word. Dit beteken dat die DVOW steeds staatmaak op ouerwordende ervare vakkundiges aan die een kant en nuwe graduandi met beperkte ervaring aan die ander kant. Dit het dit nodig gemaak om kundigheid vanuit die private sektor te bekom, wat druk op beperkte begrotings geplaas het.

In die verkeerswetstoepassingsomgewing ding die DVOW mee met plaaslike owerhede om graduandi vanuit sy eie Gene Louw-verkeerskollege te lok.

DVOW het gepoog om sy dienslewingskapasiteit te versterk deur werwing vir geteikende poste wat geïntegreerde dienslewering en goeie staatsbestuur bevorder. Vordering was egter stadiger as verwag weens probleme met die vulling van hierdie poste. Ter het versagting het die DVOW, in samewerking met die SKD, vyf talentsoeker-beamptes op driejaar-kontrakte aangestel om die DVOW met sy werwingspoging van hulp te wees.

### Organisasoriese suksesse

Bemagtiging bly steeds 'n topprioriteit op die DVOW se ontwikkelingsagenda en strek oor alle funksies en programme heen. In die oorsigjaar het die DVOW werk- en ontwikkelingsgeleenthede geskep om bemagtiging te bevorder en om die voorsiening van skaarsvaardighede in die bou-omgewingsektor te versterk.

- Gedurende die verslagtydperk het 72 personelede ondersteuning deur die personeelbeursskema ontvang en, deur die departementele werkplekvaardighedeplan, was 'n verdere 944 in staat om hul akademiese kwalifikasies en vaardighede te verbeter.
- Om te help verseker dat amptenare professioneel geregistreer, goed toegerus met tegniese kennis, ervare en bedrewe is en op die hoogte is van nuwe ontwikkelings op hul gespesialiseerde terreine, het die POP drie (3) subprogramme, naamlik die kandidaatopleidingsprogram, volwassekandidaat-opleidingsprogram, en voortgesette POP, wat die platform daarstel vir



aangestelde graduandi en bestaande werknemers om professionele registrasie te verwerf. Voorts word die programme tans uitgebrei om die dissiplines in te sluit wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Projek- en Konstruksiebestuurberoepe (SACPCMP) gedek word. 'n Totaal van 15 kandidate (vier in argitektuur, drie in meganiese ingenieurswese, een in elektriese ingenieurswese en sewe in siviele ingenieurswese) het professionele registrasie in die jare 2015/16 en 2016/17 behaal.

## Bedankings/ aanstellings

Omdat die hoof- finansiële beampte (HFB) geskeduleer is om aan die einde van Mei 2017 uit te tree, het die werwingsproses vir sy opvolger in die oorsigjaar 'n aanvang geneem. Die hoof van SMV het in die verslagtydperk uitgetree.

## Stakings

Daar was geen personeelstakings in 2016/17 nie.

## Stelselalings

Die toepassingstatus van die stelsel word voortdurend gemoniteer en die nodige word gedoen om die stelsel stabiel te hou.

Die DVOW se BizProjects-program loop op 'n gedeelte omgewing met die ander provinsiale BizProjects-gevallen en word bestuur deur die dwarsliggende toepassingondersteuningskomponent van CE-I. Stelselalings is ervaar weens netwerkprobleme. Alhoewel daar aanvanklik probleme was om die BizSuite op te gradeer om in 'n wolk-omgewing te loop, het die omgewing grootliks gestabiliseer.

## Gevalle van bedrog of korrupsie

Gevalle van bedrog of korrupsie vir die oorsigjaar word in die provinsiale forensiese diens (PFD) se sertifikaat oor vordering met sake hieronder beskryf.

Onafgehandelde sake soos op 1 April 2016	7
Nuwe sake (2016/17)	9
Hertoegewys aan departement	1
Afgehandelde sake (2016/17)	(8)
Sake verwys (2016/17)	(4)
Onafgehandelde sake soos op 31 Maart 2017	5

## 2.4 Vername beleidsontwikkelings en veranderings aan wetgewing

Die volgende vername beleidsontwikkelings het in 2016/17 plaasgevind:

- Die beleid vir die kontrakteurontwikkelingsprogram is in April 2016 goedgekeur; en
- Die Wes-Kaapse Wysigingswet op Provinsiale Verkeersadministrasie is op 12 September 2016 in konsepvorm vir openbare kommentaar gepubliseer. Kommentaar wat ontvang is, is ontleed en aan die LUR voorgelê en goedkeuring

is verkry om die kabinet te versoek om die wetsontwerp aan die wetgewer voor te lê.

### 3 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings

Die departement se strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings, en vordering wat gemaak is om die teikens in die vyfjaar- strategiese plan te behaal, word hieronder uiteengesit.

#### Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 1: Maksimeer bemagtiging en werkskepping in die Wes-Kaap.

##### **Doelstellingverklaring:**

Om deur ontwikkelingsprogramme en infrastruktuurinvestering in die Wes-Kaap bemagtiging en werkskepping teen 31 Maart 2020 te maksimeer.

##### **Regverdiging:**

Strategiese intervensie wat deur alle regeringsfere geïdentifiseer is om die oogmerk om werkloosheid en armoede te halveer ooreenkomstige die nasionale ontwikkelingsplan (NOP).

##### **Koppelings met PSD:**

Provinsiale strategiese doelwitte 1; 2; 4 en 5.

Die DVOW verskaf beurse vir tersiêre onderrig in die vervoer-, bou-omgewing- en ingenieursvelde deur die Masakh'iSizwe-beursprogram.

Die POP het die ontwikkeling van werknemers ondersteun wat in poste aangestel is wat onder die beroepspesifieke dispensasie (BSD) ressorteer. Deelnemers het kandidaatingenieurs en argitekte ingesluit wat verdere opleiding nodig gehad het sowel as ervaring wat onder die toesighouding en mentorskap van geregistreerde vakkundiges verwerf is ten einde aan die vereistes vir professionele registrasie te voldoen. Die POP ondersteun kandidaatvakkundiges om geregistreer te word, en dit ondersteun geregistreerde vakkundiges om hul registrasies op datum te hou. Dit ondersteun ook geregistreerde vakkundiges om te voldoen aan hul professionele liggame se vereistes vir voortgesette professionele ontwikkeling.

Die koördinerings van die UOWP in die Wes-Kaap het ook verseker dat die teikens wat nasionaal vir werksgeleenthede gestel is, behaal is. Ondersteuningstrategieë word by die UOWP-implementeringsliggame in die provinsie ontplooi ten einde gestelde teikens te behaal.

Via die NJD-program word jongmense steeds in bou-ambagte opgelei.

Empla's op departementele kapitaalprojekte ter waarde van meer as R5 miljoen is aangegaan en 'n aantal van hierdie projekte is onderworpe aan evaluering om te bepaal of bemagtigingsdoelwitte behaal is.

### Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 2: Bestuur provinsiale infrastruktuur en onroerende bates in die Wes-Kaap.

#### Doelstellingverklaring:

Om provinsiale infrastruktuur en akkommodasie te fasiliteer, te beplan, te ontwerp, te ontwikkel en te lewer en om die lewensiklus van die provinsiale eiendomsportefeulje strategies te bestuur ten einde sosio-ekonomiese groei in die Wes-Kaap teen 31 Maart 2020 te ontsluit.

#### Regverdiging:

Infrastruktuurlewing en batebestuur van die provinsiale eiendomsportefeulje is 'n vereiste vir die ontsluiting van sosio-ekonomiese groei.

#### Koppelings met PSD:

Provinsiale strategiese doelwitte 1; 2; 3; 4 en 5.

Die implementering van die IDMS gaan voort, tesame met die RB-stelsel en verbandhoudende bestuursprosedures om goeie bestuursbeheer in konstruksiebeplanning, verkryging, administrasie en bestuur oor alle openbarewerke-infrastruktuur heen te verseker.

Die implementering van raamwerkkontrakte is in die oorsigjaar voortgesit ten einde doeltreffende af lewing van bou-infrastruktuurprojekte te verseker.

Die ontwikkeling van 'n BLM is een van die WKR se vernaamste "game-changer"-projekte. Ontwikkelingswerk op die voormalige Conradiehospitaalperseel is as 'n toetsprojek voortgesit.

Pogings om die benutting van kantooruimte oral in die Wes-Kaap te optimeer, is voortgesit in die vorm van die kantoormoderniseringsprogram. Hierdie program is daarop afgestem om die doeltreffende benutting van ruimte te verbeter en om kostedoeltreffendheid ten opsigte van akkommodasie oor die algemeen te verbeter.

Die PER het dit moontlik gemaak om bestuursinligting deurentyd te monitor sodat verbeterde doeltreffendheid geïdentifiseer en geïmplementeer kon word en die hoeveelheid huurakkommodasie wat deur die WKR-departemente benodig word, verlaag kon word.

### Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 3: Lewer veilige, doeltreffende, geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.

#### Doelstellingverklaring:

Om deur vennootskappe veilige, doeltreffende, geïntegreerde vervoerstelsels te lewer wat ekonomiese groei en maatskaplike konektiwiteit in die Wes-Kaap ondersteun teen 31 Maart 2020.

#### Regverdiging:

Veilige, doeltreffende, geïntegreerde vervoer is van kritieke belang om 'n verbetering in alle modusse van vervoer (en in die infrastruktuur en stelsels wat hulle ondersteun) te verseker ten einde die voorgenome modale verskuiwing vanaf private na openbare vervoer en die verskuiwing van vrag vanaf pad na spoor in die Wes-Kaap te behaal.

#### Koppelings met PSD:

Provinsiale strategiese doelwitte 1; 3 en 4.

'n Volledige hersiening van die provinsiale raamwerk vir landvervoer is in die oorsigjaar afgehandel. Dié hersiening het ten doel gehad om te verseker dat die raamwerke vir vervoer en grondgebruikverwante provinsiale besluitneming met die provinsiale strategiese doelstellings ooreenstem.

Die DVOW het die PSTP gefinaliseer wat munisipaliteite help om plaaslik- gepaste openbare NGV te ontwikkel waarby die lesse geïnkorporeer is wat geleer is uit die implementering van inisiatiewe om openbare vervoer in Suid-Afrika te verbeter, en in die besonder in George en Kaapstad. In hierdie verband is 'n MvO met Munisipaliteit Stellenbosch aangegaan en het omvattende beplanningsondersteuning aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n gesamentlike program wat tot die inkrementele implementering van volhoubare vervoerinisiatiewe in die komende jare aanleiding sal gee.

Die DVOW bestuur en moniteer steeds 'n gesubsidieerde busoperateur en die verbandhoudende PTOG op 'n doeltreffende wyse tot tyd en wyl hierdie funksie aan Stad Kaapstad oorgedra word. Dit het ook voortgegaan met die implementering van verdere fases van die hoëkwaliteit-openbarevervoernetwerk (Go George/ GGIVN) in George, wat die lewensgehalte van die dorp se mense in vennootskap met die George-munisipaliteit en die NDoT verbeter.

Padsterftes in die Wes-Kaap het, vergeleke met die vorige boekjaar, afgeneem. Voetgangerveiligheid en -sterftes is steeds 'n bron tot kommer en in die oorsigjaar is daar daaraan gewerk om padongeluksterftes vir alle kategorieë van padgebruikers te probeer verlaag. Hierdie werk het veiligheidsverbeterings by gevaarlike liggings ingesluit, sowel as die verskaffing van ASOD-infrastruktuur en ANPR-kapasiteit; die opskerpings van sigbare verkeerspolisiëring by strategiese punte; die uitvoer van sigbare geïntegreerde verkeerwetstoepassingsoperasies; die implementering van padveiligheids-, opvoedings- en bewusmakingsveldtogte by skole en in gemeenskappe wat in gevaar verkeer; en die implementering van intervensies om uitputting onder bestuurders te beheer.

Om ekonomiese groei te stimuleer, is die beplanning vir die uitbreiding van die padnetwerk wat die ontwikkeling van die Saldanhabaai-NOS ondersteun, afgehandel. Beplanning vir die opgradering van die Wingfield-wisselaar is voortgesit.

Konstruksie en instandhouding van sleutelprojekte is gedurende die oorsigjaar onderneem om die toestand van die padnetwerk te behou en te verbeter en om die skep van tydelike werksgeleenthede te fasiliteer. Hierby ingesluit is die rehabilitering en opgradering van die N2 tussen Borchards Quarry en die Swartklip-wisselaar, die rehabilitering en opgradering van die N1 tussen die Durbanville-wisselaar en Old Oak-wisselaar, en die rehabilitasie van hoofpad 31 tussen Ashton en Montagu.

Die tweejaarlikse "Asset Preservation Report" wat die status van provinsiale paaie beskryf sowel as die impak wat huidige investering in paaie op die toekomstige toestand van die netwerk gaan hê, toon aan dat uit die totale 6 595 km geteerde padnetwerk, 5 870 km in 'n redelike tot baie goeie toestand is.

'n Ondersoek na die ekonomiese en operasionele doeltreffendheid van die huidige streeksmodel vir padinstandhouding, waarvolgens sekere distriksmunisipaliteite as diensverskaffers optree om provinsiale paaie in stand te hou, is voortgesit.

Ter ondersteuning van doeltreffende infrastrukturelwering is die GPEP behou. Dit het ten doel om graduandi wat aan die minimumvereistes vir registrasie by IRSA voldoen, professioneel te mentor sodat hulle behoorlik opgelei en behou kan word. Sommige graduandi is permanent deur die DVOW in diens geneem.

**Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 4: Bevorder goeie bestuurtoesig, doeltreffendheid en doelmatigheid regdeur die DVOW.**

**Doelstellingverklaring:**

Om strategiese leierskap, bestuurtoesig en ondersteuning te verleen sodat die DVOW in staat is om geïntegreerde dienste doeltreffend en doelmatig te lewer ten opsigte van regeeringsprioriteite teen 31 Maart 2020.

**Regverdiging:**

’n Doeltreffende en doelmatige departement wat geïntegreerde dienste lewer.

**Koppelings met PSD:**

Provinsiale strategiese doelwit 5.

Die goedgekeurde makro- en mikro-organisasiestruktuur, geldig vanaf 1 Oktober 2013, word steeds op ’n gefaseerde wyse geïmplementeer. Poste is nie soos beplan gevul nie weens verpligte besparings op VvW.

Die departementele plan ter verbetering van bestuurtoesig (DCGIP) het steeds die gehalte van finansiële bestuur verbeter en sal na toekomstige boekjare uitgebrei word. Die departement se verbintenis tot gesonde bestuurtoesig het verseker dat ’n skoonoudit vir die 2016/17-boekjaar behaal is.

Die omsigtige monitering van betaling van fakture binne 30 dae by wyse van die stelsel om tred te hou met verskaffers se fakture is voortgesit.

Die DVOW pas steeds die Wet op Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging toe in soverre die verkryging van alle goedere en dienste, kontrakteurs en diensverskaffers betref.

Doeltreffende VKB is allerbelangrik vir die departement se sake-fokus wat op infrastruktuurlewering afgestem is. Om die doeltreffendheid van VKB op te skerp, is verdere investerings in voorraadbestuur en opleiding gemaak, sowel as in die implementering, hersiening en verfyning van IDMS-prosesse verwant aan verkryging vir konstruksieprojekte.

---

## 4 Prestasie-inligting per program

---

### 4.1 Program 1: Administrasie

#### Doel

Die doel van hierdie program is om oorhoofse bestuursondersteuning aan die departement te bied.

#### Subprogramme

- Kantoor van die LUR (kantoor van die provinsiale minister – vervoer en openbare werke)
- Bestuur van die departement
- Korporatiewe ondersteuning
- Departementele strategie

#### Strategiese doelwitte

1.1	Verbeter gehalte van finansiële bestuur
1.2	Fasiliteer doeltreffende en beveiligde benutting van inligtingstelsels, prosesse en kennis binne die departement
1.3	Verbeter vaardighede en kapasiteit op die terreine van vervoer, konstruksie, ingenieurswese en verwante dissiplines
1.4	Verbeter bestuur van dwarsliggende en geïntegreerde strategiese beplanning, beleidsontwikkeling, koördinerings en monitering en evaluering

#### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 4: Bevorder goeie bestuurstoetsing, doelmatigheid en doeltreffendheid dwarsdeur die departement by wyse van verskeie ondernemings

Ten opsigte van deelname aan interregeringsbeplanning het Program 1 deelname aan geïntegreerde munisipale gesprekke (IME's) en JPI's gefasiliteer. Evaluering van munisipale GOP's is ook afgehandel. Artikel 36(1) van die NLTA verwag van munisipaliteite om vyfjaar-GVP's te ontwikkel. Die departement het 29 munisipaliteite (met uitsondering van Stad Kaapstad) gehelp om aan hierdie wetgewende vereiste te voldoen. Hierdie planne word jaarliks bygewerk en elke vyf jaar hersien. Ingevolge artikel 9(2)(c) van die NLTA moet die provinsiale minister hulp verleen aan beplanningsowerhede wat nie oor die kapasiteit en hulpbronne beskik om die geïntegreerde beplanningsfunksie uit te voer nie.

Ten opsigte van die fasilitering van die ontwikkeling van provinsiale infrastruktuurstrategieë, -beleide en -planne is status quo-verslae vir elk van die plaaslike munisipaliteite in die Weskusdistrik afgehandel en as 'n status quo-verslag vir die Weskus gekonsolideer. Die sosio-ekonomiese en huidige stand van paaie en vervoer word in hierdie verslag beskryf, met inbegrip van toekomstige planne soos uiteengesit in elke

plaaslike munisipaliteit se GVP en GOP. Die verslag word afgesluit met 'n lys van ontwikkelingsgerigte prioriteite wat dalk as 'n gemeenskaplike vertrekpunt gebruik kan word om beplanning- en begrotingsprosesse te informeer sodat 'n meer geïntegreerde benadering tot infrastruktuurontwikkeling oor die kort-, medium- en langtermyn gevolg kan word.

Teen die agtergrond van 'n verswakte ekonomiese omgewing en met die oog daarop om 'n volhoubare fiskale pad te baan, is maatreëls geïmplementeer om besteding aan VvW in te perk en te beperk tot die perke wat deur die provinsiale tesourie in die loop van Januarie en Februarie 2016 neergelê is. Voorsiening is gemaak vir die vulling van 'n beperkte aantal kritieke poste, hoofsaaklik in die infrastruktuur- en verkeerbestuurkomponente. Gegewe die heersende toestande sal sekere poste op diensstaat, soos goedgekeur in 2013, nie gevul word nie.

Om bestuursbeheer oor VKB te verbeter, het die VKB-eenheid:

- Die aanvaarding van beëdigde verklarings geïmplementeer wanneer voorkeurverkrygingspunte toegewys moet vir die bemagtiging van tenderaars wat ingevolge die nuwe BBSEB-kodes kwalifiseer;
- Die NT se SVD geïmplementeer wat parallel met die Wes-Kaapse verskafferdatabasis loop. Voorts is 'n SVD-promosietoer in samehang met die provinsiale tesourie onderneem om die "Infrastruktuur"-funksionaliteit van die geïntegreerde verkrygingstelsel bekend te stel; en
- Om die nuwe inhoud van die staatsdiensregulasies (SDR), wat op 1 Augustus 2016 in werking getree het, aan amptenare oor te dra in gevalle waar moontlike nienakoming geïdentifiseer is, sowel as om die tussentydse maatreëls bekend te maak wat in bylae 1(2) tot die SDR beskryf word.

Hierdie departement is verkrygingsintensief, kontrakintensief en projekgedrewe gegewe dat meer as 60 persent van sy besteding deur die VKB-stelsel verwerk word. Die gevolg is dat enige las, risiko op die stelsel, of enige probleme met die stelsel die potensiaal het om die stelsel se vermoë te beïnvloed om optimaal te presteer ten opsigte van begrotingsbestuur, projekverkryging en infrastruktuurlewering.

Deurlopende hersiening en prestasiemonitering van, sowel as kliëntbetrokkenheid by die departement se SVD-stelsel, het ten doel om omkeertye te verbeter en om te verseker dat doelgemaakte strategieë daargestel word om infrastruktuurlewering te bespoedig en algehele doeltreffendheid te verbeter.

Met die oog daarop om die impak teë te werk wat die inperking van VvW op die werwing van personeel vir die verkryging en aflewering van konstruksieprojekte het, is 'n aantal inisiatiewe onderneem. Hierby ingesluit, maar nie daartoe beperk nie, is om planne daar te stel om die impak van VvW-direktiewe op die DVOW se vermoë om te lewer en te verkry te bestuur. Meganismes sal ontwikkel word om die druk te verlig wat veroorsaak word deur die aansienlike vakaturekoers wat op die terreine van verkryging en aflewering in die konstruksiebedryf ervaar word. Hierdie tekorte het ook daartoe aanleiding gegee dat hulpbronne geoptimeer is oor alle komponente van die DVOW wat vir infrastruktuurlewering verantwoordelik is.

In totaal is 32 raamwerkkontrakte aangegaan vir die geskeduleerde, alledaagse en noodinstandhouding van alle werk, ongeag die klas. Daar is veral sorg gedra om nie daardie kontrakteurs wat as gering geag word, by hierdie proses uit te sluit nie in 'n poging om die doelwitte van kontrakteurontwikkeling na te streef en om die fokus op die behaling van die regering se teikens vir sosio-ekonomiese ontwikkeling te behou.

Addisionele afleweringstrategieë wat reeds ontplooi is sowel as tans geïmplementeer, verkry of in 'n ontwikkelingsfase is, sluit in:

- Verkryging en gebruik van 'n bestuurskontrakteur vir die DVOW vir implementering van infrastruktuurprogramme;
- Gebruikmaking van fasiliteitbestuurkontrakteurs om werk te maak van die instandhoudingsagterstand ten opsigte van die vinnigverouderende onderwysinfrastruktuur;
- Benutting van 'n ingenieursportuurbeoordelingskomitee om infrastruktuurontwerpe te evalueer en voor goedkeuring daarvoor advies te lewer ten einde die risiko van oor- of onder-ontwerp te versag; en
- Die ontwerp en implementering van 'n strategie vir die voorafverkryging van infrastruktuurkonsultante ten opsigte van gesondheidsfasiliteite vir 'n volle MTUR-siklus.

Voorkeurverkrygingsregulasies het 'n regstreekse impak op die hoeveelheid geld wat vir dienslewering beskikbaar is. Die Wes-Kaapse Regering se jaarlikse besteding aan goedere en dienste vir die 2015/16-boekjaar het R10,9 miljard beloop. 'n Finansiële ontleding wat deur die provinsiale tesourie uitgevoer is op WKR-kontrakte wat onder 2011 se voorkeurverkrygingsregulasies toegeken is, wys 'n gemiddelde kostepremium van 7,71 persent op hierdie kontrakte ('n totaal van R832 miljoen). Die 2017-voorkeurverkrygingsregulasies bepaal 'n 80/20-voorkeerpuntstelsel vir kontrakte met 'n waarde van minder as R50 miljoen, vergeleke met die 11 persent premium op sulke kontrakte ingevolge die 2011-regulasies. 'n Totaal van 39 persent van alle provinsiale kontrakte is minder as R50 miljoen werd, en die 2017-regulasies sal die kostepremium wat op hierdie kontrakte betaal word tot 10,33 persent (R1.1 miljard in totaal) verhoog.

Dit kan dalk beteken dat die departement dit moet oorweeg om minder projekte te implementeer sodat die sosio-ekonomiese verpligtinge wat hierdie regulasies op die VKB-stelsel afdwing, befonds kan word. Omdat die DVOW die implementeringsagent vir die WKOD en die provinsiale departement van gesondheid se infrastruktuur is, kan duurder verkryging dalk ook beteken dat instandhouding, opgradering en konstruksie van nuwe gesondheid- en onderwysfasiliteite daaronder kan ly.

Ten laaste het die verswakte ekonomie ook 'n tol op die vermoë van kontrakteurs en verskaffers gehad, wat daartoe aanleiding gegee het dat infrastruktuurleweringmodelle heroorweeg sal moet word en dat 'n paneel van voltooiingskontrakteurs dalk gebruik sal moet word waar kontrakteurs in gebreke bly om te presteer dat selfs die sakegeval op "versekering" dalk heroorweeg sal moet word as gevolg van kontrakteurs wat misluk.

In 'n poging om frontlinedienste te beskerm, het die implementering van beperkings op VvW-besteding 'n impak op die aktiwiteite van VKB gehad sowel as op finansiële bestuur.



ter ondersteuning van lynfunksies. Bestuur moet dus deurentyd sy aflewerbares herprioritiseer om by die huidige mensehulpbronbepelings aan te pas.

Die primêre doelwit van die IFMS-projek is om: die beleidsomgewing vir verbeterde finansiële bestuur te versterk; die beleidsomgewing deur die implementering van nuwe stelsels te ondersteun; finansiële bestuurstelsels te moderniseer; die implementering van finansiële en ander verwante wetgewing te ondersteun; verouderde en duur stelsels met 'n geïntegreerde stelsel te vervang; die duplisering van stelsels uit te skakel; toegang tot inligting te verbeter; die gehalte van data te verbeter; doeltreffendheid op te skerp; handmatige prosesse te beperk; en die koste van stelselintegrasie te verlaag. Die implementering van die stelsel is vertraag, maar ter voorbereiding vir migrasie na die IFMS was die DVOW aktief betrokke by die opruiming van data in die oorgeërfde stelsels.

Die VKB-eenheid het aktief deelgeneem aan die kontrakteurontwikkelingsprogram in samewerking met die UOWP deur VKB-opleiding aan kontrakteurs te bied, sowel as deur aan te hou om verskaffers op die WKVD en SVD by verskafferontwikkelingsessies te registreer in samewerking met die departement van ekonomiese ontwikkeling en toerisme en verskeie munisipaliteite.

As deel van die ontwikkeling en bemagtiging van kontrakteurs en om mededinging te bevorder, het die VKB-eenheid ook inligtingsessies met kontrakteurs gehou nadat die uitslag van tenders bekendgemaak is om foute te identifiseer wat gemaak is sowel as vereistes waaraan nie voldoen is nie en ondoeltreffende prysbepalingstrategieë.

Die departement belê in die volgehoue opleiding en ontwikkeling van personeel wat by die voorsieningskanaal betrokke is. Opleiding wat op infrastruktuurlewering en konstruksieverkryging gefokus het, is aan 121 amptenare in die departement aangebied. Voorts is opleiding in etiek in verkryging aan 134 amptenare gebied.

'n Totaal van 737 formele tenders is toegeken, waarvan 565 tenders met 'n gekombineerde waarde van R3,1 miljard aan BBSEB-verskaffers toegeken is.

Die departement duld bedrog en korrupsie glad nie. Die direktoraat finansiële bestuursbeheer het bedrogbewusmakingopleidingsessies gekoördineer wat deur die PFD aangebied is en deur 510 amptenare vanuit die departement bygewoon is. Voorbeelde van werklik gerapporteerde gevalle en hul uitkomst is aan amptenare voorgehou.

Interne beheermaatreëls is verder verskerp om werk te maak van gapings in beheer wat die PFD in sy ondersoek na onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes geïdentifiseer is. Opleiding om die risiko te versag dat beheermaatreëls gesystap word, is aan DVOW-amptenare gebied.

Die departement het sy departementele korporatiewe bestuurstoesigimplementeringsplan gehandhaaf, wat 'n strategiese intervensie is om 'n beheeromgewing te skep en deurlopend te verbeter wat die DVOW ondersteun in die behaling van sy diensleweringdoelwitte en beplande ouditresultate. Deur werk te maak van kwessies via die DCGIP is 'n ongekwalifiseerde ouditmening in 2016/17 ontvang.

Noudat 'n "gevorderde" stadium stelsel daargestel is om 'n skoon oudit van voorafbepaalde doelwitte te help verseker, is die DVOW besig om 'n programuitkomste-

moniteringstelsel te implementeer. Dit het gehelp om die DVOW se fokus vanaf 'n "nakoming"-stadium na die "prestasiestadium" van organisatoriese bevoegdheid te verskuif.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in Tabelle 14 en 15 aangebied.

## Strategiese doelwitte

Tabel14: Program 1: Administrasie: Strategiese doelwitte

Nr.	Strategiese doelwitte/ Aanwysers	Werklike prestasie 2015/2016	Bepaalde teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2016/2017	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 1.3: Korporatiewe ondersteuning</b>						
<b>1.1</b>	<b>Verbeter gehalte van finansiële bestuur</b>					
1.1.1	Vlak van finansiële bevoegdheid	3	3+	3+	0	-
<b>1.2</b>	<b>Fasiliteer doeltreffende en beveiligde benutting van inligtingstelsels, prosesse en kennis binne die departement</b>					
1.2.1	Vlak van bevoegdheid ten opsigte van onderneminginligtingbestuur	1	2	2	0	-
<b>1.3</b>	<b>Verbeter vaardighede en kapasiteit op die terreine van vervoer, konstruksie, ingenieurswese en verwante dissiplines</b>					
1.3.1	Getal kandidate wat by tersaaklike professionele geregistreer is	7	14	15	1	Kandidate het gekies om die eksamens voor die gestelde skedule te skryf.
<b>Subprogram 1.4: Departementele strategie</b>						
<b>1.4</b>	<b>Verbeter bestuur van dwarsliggende en geïntegreerde strategiese beplanning, beleidsontwikkeling, koördinerings en monitering en evaluering</b>					
1.4.1	Getal departementele beplanningsproesse behaal	31	1	1	0	-

## Prestasie-aanwysers

Tabel15: Program 1: Administrasie: Prestasie-aanwysers

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 1.3: Korporatiewe ondersteuning</b>								
1.1.1.1	Getal strategieë (VKB, finansiële bestuur, BR en interne beheer) opgestel*	n.v.t.	n.v.t.	4	4	4	0	-
1.2.1.1	Getal fases van kennisbestuurinisiatief voltooi	n.v.t.	n.v.t.	4	1	1	0	-
1.3.1.1	Getal werknemers as kandidate geregistreer	n.v.t.	n.v.t.	16	14	14	0	-
<b>Subprogram 1.4: Departementele strategie</b>								
1.4.1.1	Getal vervoergeïntegreerde prosesse geëvalueer	n.v.t.	n.v.t.	29	0	0	0	-
1.4.1.2	Getal infrastruktuurgeïntegreerde prosesse geëvalueer	n.v.t.	n.v.t.	2	1	1	0	-

Let wel: \* VKB – voorsieningskanaalbestuur, hoofdirektoraat: finansiële bestuur, FR – finansiële rekeningkunde, BR – bestuursrekeningkunde, FB – finansiële bestuurstoelig

n.v.t. – nie van toepassing nie omdat hierdie 'n nuwe aanwyser is

## Strategieë om areas van onderprestasië die hoof te bied

Die DVOW is tevrede dat toereikende beheermaatreëls en strategieë daargestel is om te verseker dat die stel diensleweringstandaarde behaal kon word.

## Veranderings aan beplande teikens

Daar was geen veranderings aan beplande teikens nie.

## Subprogrambesteding

Tabel16: Program 1: Administrasie: Subprogrambesteding

Subprogram		2016/2017			2015/2016		
		Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000
1.1	Kantoor van die LUR	6 533	6 345	188	6 302	6 209	93
1.2	Bestuur van die departement	4 581	4 481	100	4 337	4 325	12
1.3	Korporatiewe ondersteuning	122 290	120 273	2 017	137 262	128 121	9 141
1.4	Departementele strategie	32 064	31 546	518	45 349	43 074	2 275
<b>Totaal</b>		<b>165 468</b>	<b>162 645</b>	<b>2 823</b>	<b>193 250</b>	<b>181 729</b>	<b>11 521</b>

## 4.2 Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur

### Doel

Die doel van hierdie program is om 'n gebalanseerde gebou-infrastruktuur vir die provinsiale regering te verskaf wat integrasie, toeganklikheid, volhoubaarheid, billikheid, omgewingsensitiwiteit, ekonomiese groei en sosiale bemagtiging bevorder.

### Subprogramme

- Programondersteuning
- Beplanning
- Konstruksie
- Instandhouding
- Bestuur van onroerende bates
- Fasiliteitsbedryf

### Strategiese doelwitte

2.1	Verbeter doeltreffendheid van kantoorakkommodasie deur die verlaging van koste en verbeterde ruimtebenutting
2.2	Lewer volhoubare infrastruktuur en akkommodasie aan kliënte
2.3	Doeltreffende benutting van provinsiale onroerende bates
2.4	Bevorder en fasiliteer sosio-ekonomiese ontwikkeling deur infrastruktuurontwikkeling- en eiendomsbestuurprojekte

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 2: Bestuur provinsiale infrastruktuur en onroerende bates in die Wes-Kaap.

Die Wet op die Bestuur van die Regering se Onroerende Bates vereis dat die toestand van die hele portefeulje eiendomme in die WKR se besit een keer elke vyf jaar geëvalueer word. Die vyfjaar-tydperk het op 31 Maart 2015 geëindig. Die DVOW het kapasiteit ingekontrakteer om te help met die volgende rondte van toestandevaluerings wat geskeduleer is vir afhandeling na aan die einde van die boekjaar.

Die resultate van die evaluering van geboue se toestand wat deur die DVOW op WKR-geboue uitgevoer is, word hieronder opgesom.

**Tabel17: Opsomming van toestandevaluerings wat uitgevoer is op WKR-geboue gedurende 2016/17 soos op 31 Maart 2017**

Toestandevaluerings op geboue in staatsbesit geoudit gedurende 2016/17 (getal en persentasie van evaluering uitgevoer)							
Departement	Swak (C1-2)		Gemiddeld (C3)		Baie goed (C4-5)		Totaal
Gesondheid	6	5%	50	37%	78	58%	134
Onderwys	9	2%	267	53%	226	45%	502

Toestandevaluering op geboue in staatsbesit geoudit gedurende 2016/17 (getal en persentasie van evaluering uitgevoer)							
Departement	Swak (C1-2)		Gemiddeld (C3)		Baie goed (C4-5)		Totaal
Ander infrastruktuur	223	30%	136	19%	372	51%	731
<b>Totaal 2016/17</b>	<b>238</b>	<b>18%</b>	<b>453</b>	<b>33%</b>	<b>676</b>	<b>49%</b>	<b>1 367</b>

**Let wel:** Die toestandevaluering sluit die departement van menslike nedersettings se portefeulje uit. 'n Fasiliteit kan dalk uit een of verskeie geboue bestaan, bv. Groote Schuur-hospitaal word as 'n enkele fasiliteit beskou maar daar is 'n aantal geboue op die perseel waarvan die toestand aanslag varieer.

Omskrywings vir die toestand van geboue is as volg:

Baie goed	C5	Akkommodasie het geen ooglopende defekte nie. Lyk soos nuut. Risiko-indeks: Geen impak op diensvermoë nie. Geen risiko nie.
	C4	Akkommodasie toon oppervlakkige slytasie, met geringe defekte en geringe tekens van agteruitgang op afwerkings. Risiko-indeks: Afwisselende geringe ongerief vir werksaamhede. Waarskynlikheid van risiko vir gesondheid en veiligheid of eiendom is gering. Lae koste-implikasie.
Gemiddeld	C3	Akkommodasie is in gemiddelde toestand; verweerde oppervlakke verlang aandag; dienste is funksioneel maar verlang aandag; daar is 'n agterstand in instandhoudingswerk. Risiko-indeks: Konstante ongerief vir werksaamhede. 'n Mate van risiko vir gesondheid en veiligheid of eiendom. Medium koste-implikasies.
Swak	C2	Akkommodasie het erg agteruitgegaan, met ernstige strukturele probleme. Algemene voorkoms is swak met verweerde beskermende lae; elemente is stukkend; dienste werk nie; daar is 'n beduidende aantal groot defekte. Risiko-indeks: Groot ontwrigting van diensvermoë; hoë waarskynlikheid van risiko vir gesondheid en veiligheid of eiendom. Hoë koste-implikasie/finansiële verlies.
	C1	Akkommodasie het gefaal; is nie operasioneel nie en is nie geskik vir okkupasie nie. Risiko-indeks: Akkommodasie is onbruikbaar; onmiddellike hoë risiko vir sekuriteit, gesondheid en veiligheid of eiendom. Aansienlike koste-impak.

Van die 1 367 toestandevaluering wat gedurende 2016/17 op WKR-geboue uitgevoer is, het die evaluering gewys dat 18 persent in 'n swak toestand was.

In die geval van algemene kantoorakkommodasie prioriteer die departement begrotingstoewysings vir instandhouding om die toestand van hierdie kategorie van geboue op ten minste "gemiddeld" te behou of tot daardie vlak te verhoog. Ten opsigte van gesondheid- en onderwysfasiliteite waar die instandhoudingsbegrotings onderskeidelik by die provinsiale departemente van gesondheid en onderwys berus, sal die departement steeds ten nouste met hulle saamwerk om die behoefte aan gepaste begroting vir instandhouding uit te wys.

Die departement is steeds die implementeringsagent in die uitvoering van kapitaal- en instandhoudingsprojekte vir en namens die provinsiale departemente van gesondheid en onderwys. 'n Totaal van 16 eiendomme is aangeskaf vir dienslewingsdoeleindes (tien vir gesondheid en ses vir onderwys).

Nadat ondersoekende en haalbaarheid studies onderneem is, is vier fotovoltaise sonkragaanlegte op die dakke van geboue in Kaapstad geïnstalleer. Die gekombineerde vermoë van die eerste vier aanlegte is 252,6 kilowatt-piek (kWp), wat 'n beraamde 381,8 megawatt-uur (MWh) per jaar sal lewer.

Die huurrationaliseringsinisiatief vir afgeleë streke is voortgesit. In hierdie verband is die konstruksiefase vir die opknapping van die Dan de Villiers-hostel in Beaufort-Wes afgehandel. Beplanning word ook tans gedoen vir die rasionalisering van akkommodasie in Mosselbaai en George. Die beplanningsfases van hierdie projekte sal gedurende 2017/18 afgehandel word en konstruksie sal na verwagting in 2018/19 'n aanvang neem.

Die departement het voortgegaan met die uitvoering van ruimte- en benuttingsoudits op alle kantoorakkommodasie in die middestad van Kaapstad sowel as op alle kantoorfasiliteite wat deur die provinsie beset word in gebiede buite Kaapstad en waarvan die vloeroppervlak meer as 1 000m<sup>2</sup> is. Die doel met hierdie oudits is om die doeltreffende en doelmatige benutting van kantoorakkommodasie te bevorder.

Die vyfde "Property Efficiency Report" (wat die tydperk 2015/16 dek) is in Desember 2016 gepubliseer. Die jongste uitgawe van hierdie verslag het verslag gedoen oor 'n totaal van 36 fasiliteite wat besit of gehuur word en waarby die meeste van die WKR se portefeulje kantoorgeboue ingesluit is met 'n bruto bruikbare area per fasiliteit van meer as 1 000m<sup>2</sup>. In totaal is 17 van die 36 fasiliteite in Kaapstad se middestad geleë en 19 buite die sentrale sakegebied.

Hierdie PER doen verslag oor die geboue en oor die geselekteerde portefeulje se omgewingsverrigting. Gebouprestasie omvat die ruimtedoeltreffendheid wat behaal is deur die departement se program vir kantoormodernisering, wat 'n gemiddelde verbetering in ruimtebenutting van 56 persent behaal het in gemoderniseerde fasiliteite sedert die program 'n aanvang geneem het. Omgewingsverrigting sluit vername verbruiksdata in vir elektrisiteit en water wat in die geselekteerde portefeulje verbruik is, vergeleke met jaar-op-jaar-verbruiksyfers vir die hele portefeulje gemeet teen privatesektormaatstawwe. 'n Noemenswaardige prestasie is dat die geselekteerde portefeulje se gemiddelde verbruik van elektrisiteit en water beter presteer as die privatesektormaatstawwe vir Suid-Afrikaanse korporatiewe kantore.

'n Verslag soos hierdie stel die departement voorts in staat om te bepaal of die portefeulje beter presteer te danke aan intervensies soos die program vir kantoormodernisering, sowel as ander intervensies (bv. om lekkende pype te herstel).

Aansienlike vordering en verbeterings is gemaak ten opsigte van die departement se vermoë om eiendomsdata vas te lê en daarvoor verslag te doen, wat ook 'n impak gehad het op onroerendebatebestuur se vermoë verbeterings in doeltreffendheid te weeg te bring. Hierdie stelsel van verslagdoening stel ook 'n basislyn daar vir toekomstige verslagdoening oor die optimale benutting van die provinsiale eiendomsportefeulje.

Die departement het 11 koopkontrakte aangegaan en die oordragte van hierdie onroerende bates sal na verwagting in die volgende boekjaar plaasvind.

Norme en standaarde vir infrastruktuur is bepaal. Dit illustreer die departement se volgehoue voorneme om "groen beginsels" in alle algemene, gesondheid- en onderwysinfrastruktuur toe te pas sowel as om gehoor te gee and huidige waterkrisis.



### Inisiatiewe om waterverbruik te verminder

- Alle verstellings vir waterverkoelde lugversorgingstelsels is aangepas om verbruik te verlaag.
- Alle chemiese behandelingstelsels vir lugversorgers is afgeskakel.
- Grondwaterstelsels word by Dorpstraat 9 geïmplementeer.
- Watermeters word tans by geboue in die sentrale sakegebied geïnstalleer.
- Navrae aan die hulpkantoor wat met waterinstandhouding verband hou, word geprioritiseer.
- Norme en standaarde vir kantoormodernisering voldoen aan GBCSA se "4-Star Green Star"-standaarde, met inbegrip van waterstandaarde.
- Loodgietersware word tans vervang.
- By die Bellville-streekskantoor op die persele van die Karl Bremer-hospitaal word alle water (afvalwater en stormwater) óf op die perseel herbruik óf toegelaat om in grond weg te sypel. Groot waterinnovasies by hierdie streekskantoorprojek sluit in:
  - 'n aanleg om swartwater te behandel wat herwinde water sal verskaf aan die gebou se verhitting-, ventilasie- en lugversorgingkoeltoerings (HVAC);
  - HVAC se afsyfering sal vir hergebruik versamel word; en
  - 1-in-100-jaar se stormwater sal in die grond gefiltreer word.
- 'n Aquatrip-stelsel om lekke te bespeur, word by 67 skole getoets en sal by alle nuwe skole geïnstalleer word. Hierdie stelsel moniteer die vloei van water na 'n eiendom en is programmeerbaar sodat die watertoevoer in die geval van 'n gebarste geiser, gebarste pype en krane, spoelbakke en urinale wat onophoudelik loop sowel as in die geval van vandalisme outomaties afgeskakel kan word.
- Komposvormende toilette by CapeNature se Kogelberg- en Rocherpan-reservate het watergebruik aansienlik verlaag en help om kosbare vleilande teen agteruitgang te beskerm. Besproeiingsbeheerstelsels sluit 'n sensor in wat seker maak dat hulle nie aanskakel wanneer dit reën nie, en grasblokke is in opritte aangebring om 'n draagbare mate van vegetasie toe te laat en om te verseker dat water vrylik in die grond wegsypel.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in die tabelle hieronder aangebied.

## Strategiese doelwitte

Tabel18: Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur: Strategiese doelwitte

Nr.	Strategiese doelwitte / Aanwysers	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2016/2017	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 2.2: Beplanning</b>						
2.1	Verbeter doeltreffendheid van kantoorakkommodasie deur die verlaging van koste en verbeterde ruimtebenutting					
2.1.1	Persentasieverlaging in koste van voltydse werknemers	1%	1%	2.8%	1.8%	Verbeterde datadeursigtigheid en -akkuraatheid Modernisering het 'n beduidende verbetering in spasie per persoon teweeggebring.
<b>Subprogram 2.4: Konstruksie</b>						
2.2	Lewer volhoubare infrastruktuur en akkommodasie aan kliënte					
2.2.1	Getal kapitaal- en instandhoudingsprojekte voltooi	243	211	258	47	Benutting van die bestaande raamwerk ooreenkoms het die tyd wat dit neem om kontrakte toe te ken, verminder.
2.2.2	Getal huur- en koop ooreenkoms aangegaan vir kantoorakkommodasie	6	46	22	(24)	'n Ingewikkelde verkrygingsproses vir huurooreenkoms het 'n impak op die aangaan van huurooreenkoms gehad, waarby die verkryging van goedkeuring vir onderhandelinge met verhuurders ingesluit is. Dit het tot 'n hersiening van die proses aanleiding gegee en die aanvaarding van 'n meer vaartbelynde verkrygingsproses wat voorsiening maak vir die goedkeuring van meervoudige huurooreenkoms in 'n enkele gekonsolideerde voorlegging met die oog op die bespoediging van die goedkeuring van huurooreenkoms.

Nr.	Strategiese doelwitte / Aanwysers	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2016/2017	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 2.6: Bestuur van onroerende bates</b>						
2.3	Doeltreffende benutting van provinsiale onroerende bates					
2.3.1	Getal eiendomme vrygestel vir herlewingsdoeleindes	1	1	0	(1)	Geen nuwe potensiële eiendomme is vir ondersoekdoeleindes geïdentifiseer om hul ontwikkelingspotensiaal te bepaal nie.
<b>Subprogram 2.4: Konstruksie, 2.5: Instandhouding</b>						
2.4	Bevorder en fasiliteer sosio-ekonomiese ontwikkeling deur infrastruktuurontwikkeling- en eiendomsbestuurprojekte					
2.4.1	Getal werkseleenthede geskep	24 779	11 900	15 074	3 174	Verbetering in maatreëls, naspeuring van kontrakteursertifikate vir verslagdoening oor werkseleenthede

*Prestasie-aanwysers*

Tabel19: Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur: Prestasie-aanwysers

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 2.2: Beplanning</b>								
2.1.1.1	C-AMP ooreenkomstig GIAMA aan die tersaaklike tesourie voorgelê	1	1	1	1	1	0	-
<b>Subprogram 2.3: Konstruksie</b>								
2.2.1.1	Getal infrastruktuurontwerpe gereed vir tender*	n.v.t.	n.v.t.	56	37	29	(8) (22%)	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwysfasiliteite</li> </ul>	n.v.t.	n.v.t.	17	24	16	(8) (33%)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Projekte wat onder die gestandaardiseerde ontwerpiniatief ressorteer, het tot 'n noukeurige ondersoek van die nuwe benadering aanleiding gegee wat vordering vertraag het.</li> <li>Kosteramings het die begroting oorskry en het aanleiding gegee tot 'n waardebepalingsproses.</li> <li>Perseel word deur informele okkupoeders bewoon, en 'n tender kon nie vir hierdie projek aangevra word nie.</li> <li>Strategiese inligtingstukke is te laat ontvang.</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheidsfasiliteite</li> </ul>	n.v.t.	n.v.t.	16	8	3	(5) (63%)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Tenders vertraag weens die kliënt se herskedulering.</li> </ul>

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur</li> </ul>	n.v.t.	n.v.t.	23	5	10	5 100%	<ul style="list-style-type: none"> <li>Projekte is oorgebring / het geëskaleer weens verdragings wat ervaar is as gevolg van die gebrek aan IKT-infrastruktuur wat deur CE-I bekom/geinstalleer is.</li> </ul>
2.2.1.2	Getal kapitaalinfrastruktuurprojekte voltooi binne ooreengekome tydperke*	79	15	23	58	39	(19) (33%)	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwysfasiliteite</li> </ul>	69	5	11	23	17	(6) (26%)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Oponthoude was te danke aan 'n vertraging in die oorhandiging van die perseel, gemeenskapsoproep, ongure weer en die lewering van materiaal.</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheidsfasiliteite</li> </ul>	10	6	1	11	9	(2) (18%)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verlenging van die voltooiingdatums vir projekte vergun.</li> </ul>

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur</li> </ul>	0	4	11	24	13	(11) (46%)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Oponthoud in die verkryging en installing van die IKT-infrastruktuur.</li> <li>'n Toename in die werksbestek, hetsy weens bykomende versoeke deur die gebruikerdepartement of weens onvoorsiene omstandighede (asbes/ongure weer, ens.)</li> <li>Verlenging van die tyd geëis wat tot gevolg gehad het dat die projek se program verleng moes word en dat die projek nie binne die oorsigtydperk voltooi kon word nie.</li> <li>Herskedulering van projek</li> </ul>
2.2.1.3	Getal kapitaalinfrastruktuurprojekte voltooi binne ooreengekome begroting*	16	33	37	58	54	(4) (7%)	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwysfasiliteite</li> </ul>	4	14	15	23	25	2 9%	<ul style="list-style-type: none"> <li>Kontrakteel-hersiene konstruksie tydperk het voltooiingsdatum vanaf 2015/16 na 2016/17-boekjaar verskuif.</li> </ul>

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Bepaalde teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheidsfasiliteite</li> <li>Algemene infrastruktuur</li> </ul>	8	8	4	11	11	0	-
		4	11	18	24	18	(6) (25%)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Oponthoud in die verkryging en installing van die IKT-infrastruktuur.</li> <li>Toename in die werksbestek, hetsy weens bykomende versoeke deur die gebruikerdepartement of weens onvoorsiene omstandighede (asbes/ongure weer, ens.)</li> <li>Verlenging van die tyd geëis wat tot gevolg gehad het dat die projek se program verleng moes word en dat die projek nie binne die oorsigtydperk voltooi kon word nie.</li> </ul>
2.2.1.4	Totale getal kapitaalinfrastruktuurprojekte voltooi*	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	58	54	(4) (7%)	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwysfasiliteite</li> </ul>	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	23	25	2 9%	<ul style="list-style-type: none"> <li>Kontraktueel- hersiene konstruksietydperk het voltooiingsdatum vanaf 2015/16 na 2016/17-boekjaar verskuif.</li> </ul>



Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheidsfasiliteite</li> </ul>	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	11	11	0	-
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur</li> </ul>	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	24	18	(6) (25%)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Oponthoud in die verkryging en installing van die IKT-infrastruktuur.</li> <li>'n Toename in die werksbestek, hetsy weens bykomende versoeke deur die gebruikerdepartement of weens onvoorsiene omstandighede (asbes/ongure weer, ens.)</li> <li>Verlenging van die tyd geëis wat tot gevolg gehad het dat die projek se program verleng moes word en dat die projek nie binne die oorsigtydperk voltooi kon word nie.</li> </ul>
<b>Subprogram 2.4: Instandhouding</b>								
2.2.1.5	Getal projekte aan GBCSA (Suid-Afrikaanse raad vir groen boupraktyke) voorgelê vir 'n "Green Star"-aanslag.	n.v.t.	1	1	0	0	0	-
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwysfasiliteite</li> </ul>	n.v.t.	n.v.t.	-	0	0	0	-
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheidsfasiliteite</li> </ul>	n.v.t.	n.v.t.	-	0	0	0	-

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur</li> </ul>	n.v.t.	n.v.t.	1	0	0	0	-
2.2.1.6	Getal beplande instandhoudingsprojekte toegeken*	483	270	239	199	239	40 17%	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwysfasiliteite</li> </ul>	242	70	78	29	41	12 41%	<ul style="list-style-type: none"> <li>Weens ontoereikende begrotingstoewysings is die toekenning vanaf die 2015/16- na die 2016/17-boekjaar deur klientdepartemente herskeduleer.</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheidsfasiliteite</li> </ul>	64	71	61	50	47	(3) (6%)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Veranderinge aan werksbestek en begroting deur klientdepartement het beplanning en die toekenning van tenders vertraag.</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur</li> </ul>	177	129	100	120	151	31 26%	<ul style="list-style-type: none"> <li>Benutting van die bestaande raamwerk ooreenkomste het die tyd wat dit neem om kontrakte toe te ken, verminder.</li> </ul>

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
2.2.1.7	Getal beplande instandhoudingsprojekte binne ooreengekome kontraktydperk voltooi*	262	90	165	153	182	29 19%	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwysfasiliteite</li> </ul>	137	7	59	33	42	9 27%	<ul style="list-style-type: none"> <li>Instandhoudingsprojekte wat toegeken is, is deur die kliënt vanaf die 2015/16- na die 2016/17-boekjaar geherkseduleer.</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheidsfasiliteite</li> </ul>	61	42	35	70	34	(36) (51%)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Stadige vordering aan die kant van kontrakteurs en veranderings wat deur kliëntdepartement aan die werksbestek aangebring is, het die voltooiing van hierdie projek vertraag.</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur</li> </ul>	64	41	71	50	106	56 112%	<ul style="list-style-type: none"> <li>Benutting van die bestaande raamwerkoooreenkomste het die tyd wat dit neem om kontrakte toe te ken, verminder.</li> </ul>
2.2.1.8	Getal beplande instandhoudingsprojekte binne ooreengekome begroting voltooi*	283	100	206	153	204	51 33%	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Bepaalde teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwysfasiliteite</li> </ul>	137	5	60	33	50	17 52%	<ul style="list-style-type: none"> <li>Projekte vanuit die vorige siklus is binne die huidige verslagdoeningsiklus geherskeduleer en voltooi, waarby addisionele instandhoudingsprojekte ingesluit is.</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheidsfasiliteite</li> </ul>	55	46	48	70	44	(26) (37%)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Stadige vordering aan die kant van kontrakteurs en veranderings wat deur klientdepartement aan die werksbestek aangebring is, het die voltooiing van hierdie projek vertraag.</li> </ul>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur</li> </ul>	91	49	98	50	110	60 120%	<ul style="list-style-type: none"> <li>Benutting van die bestaande raamwerkooienkomstes het die tyd wat dit neem om kontrakte toe te ken, verminder.</li> </ul>

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Bepaalde teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
2.4.1.1	Totale getal werksgeleenthede geskep deur konstruksie- en instandhoudingsprojekte*	n.v.t.	n.v.t.	24 779	11 900	15 074	3 174 27%	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	• Onderwysfasiliteite	n.v.t.	n.v.t.	19 086	8 500	9 107	607 7%	• Verbetering in maatreëls, naspeuring van kontrakteursertifikate vir verslagdoening oor werksgeleenthede
	• Gesondheidsfasiliteite	n.v.t.	n.v.t.	3 539	2 400	3 041	641 27%	• Verbetering in maatreëls, naspeuring van kontrakteursertifikate vir verslagdoening oor werksgeleenthede
	• Algemene infrastruktuur	n.v.t.	n.v.t.	2 154	1 000	2 926	1 926 193%	• Verbetering in maatreëls, naspeuring van kontrakteursertifikate vir verslagdoening oor werksgeleenthede

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 2.5: Bestuur van onroerende bates</b>								
<b>Nasionale aanwysers</b>								
2.1.1.2	Getal onroerende bates wat in die Register van Onroerende Bates (IAR) geverifieer is ooreenkomstig die verpligte vereistes wat deur die Nasionale Tesourie neergelê is	n.v.t.	5 353	5 352	5 353	5 406	53 1%	Eiendomme waarin die WKR 'n gevestigde belang het / wat in sy naam geregistreer is
<b>Provinsiale aanwysers</b>								
2.1.1.3	Getal benuttingsinspeksies wat op kantoorakkommodasie uitgevoer is	n.v.t.	n.v.t.	150	150	150	0	-
2.2.2.1	Getal eiendomme wat vir WKR-dienslewering aangeskaf is*	33	17	19	7	16	9 129%	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	• Onderwysfasiliteite	20	2	6	4	6	2 50%	• Gratis oordrag: Serwituutoordrag vir Kuyakhanya Primêr se sportgronde en Eisleben Hoër se oprit (Crossroads).
	• Gesondheidsfasiliteite	12	15	13	3	10	7 233%	Gratis oordrag van sewe PPG-fasiliteite ter nakoming van die beginsel dat die bate die funksie moet volg.

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Bepaalde teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
	• Algemene infrastruktuur	1	0	-	0	0	0	-
2.3.1.1	Getal evaluerings onderneem op nuwe eiendomme wat met 'n ontwikkelingspotensiaal geïdentifiseer is	n.v.t.	n.v.t.	0	1	0	(1) (100%)	Weens befondsing- en hulpbrontekorte is die bestaande hulpbronne toegewys aan die herpriorisering van projekte sodat hulle tydlig aan die mark vrygestel kan word.
2.3.1.2	Getal projekte waarvoor voorafgaande haalbaarheidstudies voltooi is	n.v.t.	n.v.t.	0	1	0	(1) (100%)	Weens befondsing- en hulpbrontekorte is die bestaande hulpbronne toegewys aan die herpriorisering van projekte.
2.3.1.3	Getal projekte waarvoor haalbaarheidstudies afgehandel is	n.v.t.	n.v.t.	0	1	2	1 100%	Departement verleen hulp aan die Bitou plaaslike owerheid met die projek om nuwe munisipale kantore op te rig wat TVR1 vanaf nasionale tesourie ontvang het.
2.3.1.4	Getal eiendomsvennootskappe aangegaan	n.v.t.	n.v.t.	0	1	0	(1) (100%)	Omdat daar nie aan die bekostigbaarheidskriteria van die OVP voldoen is nie, word die aanstelling van die voorkeurtenderaar vertraag, en gevolglik is geen vennootskapooreenkoms aangegaan nie.

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
2.1.1.5	% verlaging in elektrisiteitsverbruik (netto van sonenergie gegeneer) per vierkante meter in kantoorakkommodasie	5%	n.v.t.	0	5%	10%	5%	Talryke en verskeie intervensies is geïmplementeer om energieverbruik in die bestaande 36 PER-kantoorgeboue te verlaag.
<b>Subprogram 2.6: Fasiliteitsbedryf</b>								
2.1.1.4	Getal evaluerings wat op die toestand van geboue in staatsbesit uitgevoer is*	621	1 137	1 156	1 390	1 367	(23) (2%)	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	• Onderwysfasiliteite	0	0	43	360	502	142 39%	• Opnames is nie soos oorspronklik beplan oor 'n vyfjaar-siklus gedoen nie, maar oor 'n versnelde tweejaar-siklus.
	• Gesondheidsfasiliteite	137	142	64	130	134	4 3%	• Opnames is nie soos oorspronklik beplan oor 'n vyfjaar-siklus gedoen nie, maar oor 'n versnelde tweejaar-siklus.



Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur</li> </ul>	484	995	1 049	900	731	(169) (19%)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die aktiwiteite wat verband hou met die uitvoering van toestandevaluerings is gestaak omdat daar ooreengekom is dat hierdie op die SPM-stelsel uitgevoer kan word. Dit het eers in September 2016 aan die lig gekom dat SPM nie gebruik kan word nie, met die gevolg dat toestandevaluerings eers heelwat later 'n aanvang geneem het.</li> </ul>

Let wel: \*Dui aan dat hierdie aanwyser kumulatief is (onderwys, gesondheid en algemeen);

n.v.t. – nie van toepassing nie omdat hierdie 'n nuwe aanwyser is

## Strategieë om areas van onderprestasië die hoof te bied

’n Aantal strategieë word tans geïmplementeer om prestasië te verbeter:

- Voortaan sal projekte wat nie die "konseps stadium" haal nie by teikens ingesluit word nie;
- Daar sal deurentyd daaraan gewerk word om, in samewerking met kliëntdepartement, werke beter te beplan en om te verseker dat dit vasgelê en bestuur word ooreenkomstig die toepaslike bestuur- en implementeringsplan soos bepaal deur die infrastruktuurprogram;
- Daar sal gepoog word om die ontwerpproses (tyd- en kostekriteria) beter te bestuur;
- Standaardisering sal geïmplementeer word om koste te verlaag deur die werksbestek te beheer;
- Gesonde kontrakbestuur sal geïmplementeer word deur van nuwe / statusverslae aan kliënte gebruik te maak ten einde die risiko te verlaag en om te verseker dat ’n produk van gehalte gelewer word;
- Werksbestekdokumente sal ontwikkel word om die aantal veranderings te verminder wat deur gebruikerdepartemente aangebring word terwyl werk reeds aan die gang is; en
- ’n Strategie sal ontwikkel word om streng implementering van die IDMS tussen departemente te verseker wat die beplanningsproses sal verfyn sodat teikens akkuraat behaal kan word.

## Veranderings aan beplande teikens

Subprogrambesteding

### Subprogrambesteding

Tabel 20: Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur: Subprogram

Subprogram		2016/2017			2015/2016		
		Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor) / Onder-besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor) / Onder-besteding R'000
2.1	Program-ondersteuning	271 759	245 666	26 093	240 228	220 101	20 127
2.2	Beplanning	47 608	45 310	2 298	28 257	27 710	547
2.3	Ontwerp	-	-	-	-	-	-
2.4	Konstruksie	385 806	385 806	-	325 958	302 299	23 659
2.5	Instandhouding	116 625	116 625	-	121 907	121 131	776
2.6	Bestuur van onroerende bates	833 211	826 821	6 390	837 188	836 270	918
2.7	Fasiliteitsbedryf	76 157	76 058	99	60 352	58 378	1 974
<b>Totaal</b>		<b>1 731 166</b>	<b>1 696 286</b>	<b>34 880</b>	<b>1 613 890</b>	<b>1 565 889</b>	<b>48 001</b>

## 4.3 Program 3: Vervoerinfrastruktuur

### Doel

Die doel van hierdie program is om vervoerinfrastruktuur te lewer en in stand te hou wat volhoubaar, geïntegreer en omgewingsensitief is; maatskaplike bemagtiging en ekonomiese groei ondersteun en fasiliteer; toeganklikheid bevorder; en die veilige en bekostigbare beweging van mense, goedere en dienste in die hand werk.

### Subprogramme

- Programondersteunende infrastruktuur
- Infrastruktuurbeplanning
- Infrastruktuurontwerp
- Konstruksie
- Instandhouding

### Strategiese doelwitte

3.1	Om 'n infrastruktuur vir 'n padgebaseerde vervoernetwerk daar te stel deur paaie in stand te hou en te herstel.
3.2	Om ekonomiese groei en bemagtiging te ondersteun deur in padgebaseerde vervoerinfrastruktuur te belê.

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 3: Lewer veilige, doeltreffende en geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.

Die verslag oor die behoud van paaie word voortaan by die RAMP (bestuursplan vir toegang tot paaie) ingesluit. Inligting wat die stand van provinsiale paaie beskryf en die impak wat huidige investering in paaie op die toekomstige toestand van die provinsiale padnetwerk het, is opgesom en aan die tersaaklike owerhede voorgelê. Die jaarlikse "Road Preservation Report" waarin inligting in die vorige jare opgeteken is, is sedertdien herroep aangesien dieselfde inligting in die jaarlikse RAMP opgeteken word. Die formaat van die inligting stem nou ooreen met ISO 55 000 en die 22 standaard wat vir RAMPS ooreenkomstig die tegniese metode vir hoofweë (TMH) gestel word en wat in die jaarlikse raamwerk van die Wet op die Verdeling van Inkomste voorgeskryf word.

Van die totale 6 616 km geteerde padnetwerk is 5 869 km in 'n redelike tot baie goeie toestand. Dit is 'n verbetering van 94 km op die vorige jaar. 'n Totaal van 94 persent van alle voertuigkilometers wat op geteerde paaie afgelê is, word afgelê op paaie wat in 'n redelike tot goeie toestand is. Oor die algemeen, het die opsigtelike toestand van geteerde paaie effens tussen 2015 en 2016 verbeter. Van die bestuurde netwerk van grondpaaie is slegs 5 888 km van 10 366 km in 'n redelike tot 'n goeie toestand. Nietemin, slegs 5 persent van totale voertuigkilometers gereis in die Wes-Kaap word op die netwerk van grondpaaie afgelê. Die algemene toestand van grondpaaie het weer eens verswak sedert die vorige jaar weens beperkte finansiële hulpbronne om die hele

netwerk tot aanvaarbare standaard in stand te hou, sowel as voortslepende probleme met die opsporing van goedgekeurde gruisgroewe. Beskikbare fondse word geprioritiseer vir besteding aan daardie paaie waar die meeste voertuigkilometers afgelê word.

Die opsigtelike toestand van die geassesseerde provinsiale padnetwerk oor 'n 10-jaar-tydperk word in die tabelle hierna aangetoon (met 'n onderskeid tussen geteerde en ongeteerde paaie).

**Tabel21: Toestand van geteerde paaie in die Wes-Kaap**

Padtoestand as persentasie van die netwerk						Totale km
Jaar	Baie swak	Swak	Redelik	Goed	Baie goed	
2007	1.3	9.6	24.8	38.4	26.0	5 911.89
2008	3.6	11.2	24.9	36.6	23.7	6 009.35
2009	2.0	9.0	24.0	37.2	27.8	6 146.58
2010	2.1	8.2	26.5	38.6	24.7	6 355.53
2011	1.9	9.5	30.0	38.2	20.4	6 366.90
2012	2.2	10.3	30.7	36.3	20.4	6 408.88
2013	2.6	8.3	25.7	35.6	27.7	6 485.80
2014	2.5	9.1	27.8	36.7	23.9	6 499.10
2015	1.6	11.1	29.3	36.2	21.8	6 521.57
2016	0.9	10.4	22.8	35.2	30.7	6 616.32

Bron: Visual Condition Index/ Pavement Management System 2016

**Tabel22: Toestand van grondpaaie in die Wes-Kaap**

Padtoestand as persentasie van die netwerk						Totale km
Jaar	Baie swak	Swak	Redelik	Goed	Baie goed	
2007	4.5	28.3	43.8	19.2	4.2	10 207.52
2008	3.6	29.5	50.1	15.5	1.3	10 309.02
2009	0.8	24.6	55.6	18.0	1.0	10 325.97
2010	1.2	28.7	53.7	15.3	1.1	10 399.55
2011	0.6	30.5	46.7	20.1	2.0	10 399.55
2012	2.2	34.2	51.5	10.7	1.3	10 406.88
2013	1.9	30.5	57.1	10.0	0.4	10 415.23
2014	4.6	38.8	45.5	9.3	1.7	10 418.68
2015	6.4	30.7	50.8	11.5	0.6	10 373.52
2016	12.0	31.1	42.8	12.5	1.5	10 365.78

Bron: Visual Condition Index/ Gravel Road Management System 2016

#### Beskrywing van algemene toestand van paaie

Baie goed	Baie min of geen defekte nie. Mate van defekte nie waarskuwend nie.
Goed	Min defekte. Mate van strukturele defekte meesal nie waarskuwend nie.
Redelik	'n Paar defekte waarvan sommige as "selde erg" beskou word. Omvang slegs lokaal as omvang as "erg" beskou word.
Swak	Algemene voorkoms van veral strukturele defekte met waarskuwings wat tot op "erg" dui.
Baie swak	Baie defekte. Die mate van die meerderheid van strukturele defekte is erg en die omvang is grotendeels algemeen tot uitgebreid.

Die toestand van "uiters swak" grondpaaie het verswak weens 'n tekort aan goedgekeurde gruisgroewe in die Wes-Kaap.

'n Aantal vernane konstruksie- en instandhoudingsprojekte om die bewaring en toestand van die padnetwerk te verbeter, is gedurende die oorsigjaar afgehandel. Hierdie projekte word in die dienslewingsafdeling gelys.

Die Wes-Kaapse Wysigingswet op Provinsiale Verkeersadministrasie is op 12 September 2016 in konsepvorm vir openbare kommentaar gepubliseer. Kommentaar wat ontvang is, is ontleed en aan die LUR voorgelê en goedkeuring is verkry om die kabinet te versoek om die wetsontwerp aan die wetgewer voor te lê.

Die riglyne vir padgebruik is in Junie 2016 afgehandel, word reeds deur die industrie gebruik en sal na 'n tydperk van twee jaar hersien word.

'n Nuwe organisasiestruktuur vir die hoofdirekoraat: PNB het 'n gevorderde stadium bereik. Na verwagting sal die aanvaarding van hierdie struktuur padbeplanning, -konstruksie en -instandhouding vereenvoudig; verseker dat hierdie funksies groter ag slaan op algemene doelwitte wat deur die regering bepaal is; die benutting van interne en eksterne hulpbronne sal optimeer; en ooreenstemming van hierdie funksies met die IDMS sal bewerkstellig.

Op 'n projekvlak het die DVOW omgewingsevaluerings en implementeringsooreenkomste met verskeie munisipale en nasionale owerhede gefasiliteer. Hierby ingesluit is agentskappe soos SANRAL, PRASA, City Electrical en die nasionale departement van waterwese en sanitasie.

Ter ondersteuning van infrastruktuurlewering het die DVOW riglyne ontwikkel om die vervoersektor te ondersteun. Hierby ingesluit is 'n hersiening van die riglyne vir toegang tot paaie, die voortgesette formulering van nuwe planne om toegang tot strategiese roetes te bestuur, die klassifisering van die padnetwerk in ooreenstemming met die komitee vir vervoeramptenare (COTO TRH 26) se riglyne vir die klassifisering van paaie en die bestuur van toegang (RCAM) en die Suid-Afrikaanse strategiese raamwerk vir padinfrastruktuur in die Wes-Kaap. Ander tegniese ondersteuningsdienste wat verleen is, sluit in landmetery, onteienings, proklamasies, geografiese inligtingstelsels en die toets van boumateriaal vir padbouprojekte. Alle paaie, soos omskryf deur die inligtingstelsel vir padnetwerke (RNIS) is geklassifiseer ooreenkomstig die nuwe RISFSA-riglyne. Die COTO-dokumente wat met die bestuur van paaie verband hou (bv. TMH22) word tans op nasionale vlak hersien en konsepweergawes is reeds ontwikkel.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in die tabelle hieronder aangebied.

## Strategiese doelwitte

Tabel23: Program 3: Vervoerinfrastruktuur: Strategiese doelwitte

Nr.	Strategiese doelwitte/ Aanwysers	Werklike prestasië 2015/2016	Bepaalde teiken 2016/2017	Werklike prestasië 2016/2017	Afwyking van bepaalde teiken teenoor werklike prestasië 2016/2017	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 3.5: Instandhouding</b>						
<b>3.1</b>	<b>Om 'n infrastruktuur vir 'n padgebaseerde vervoernetwerk daar te stel deur paaie in stand te hou en te herstel.</b>					
3.1.1	Persentasie voertuigkilometers wat op geteerde paaie afgelê is wat in 'n redelike tot goeie toestand is.	90	90	94	4	Prestasië effe hoër weens addisionele herseëling in die 2015/16-boekjaar van sommige paaie waarop hoë verkeersvolumes ervaar word.
<b>Subprogram 3.4: Konstruksie en 3.5: Instandhouding</b>						
<b>3.2</b>	<b>Om ekonomiese groei en bemagtiging te ondersteun deur in padgebaseerde vervoer-infrastruktuur te belê.</b>					
3.2.1	Getal werksgeleenthede geskep.	7 706	7 000	8 004	1 004 14%	Prestasië is hoër te danke aan substansiële lapwerk aan teerpaaie (wat arbeidsintensief is) wat in die loop van die jaar (2016/17) uitgevoer is.

## Prestasie-aanwysers

Tabel24: Program 3: Vervoerinfrastruktuur: Prestasie-aanwysers

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 3.2: Infrastruktuurbeplanning</b>								
3.1.1.1	Aantal kilometer geteerde paaie visueel geassesseer soos per die toepaslike TMH-handleiding	6 480	6 500	6 522	6 520	6 616	96 1.5%	Opgradering van grondpaaie na geteerde paaie in 2016/17 het die totale aantal kilometer geteerde paaie wat geassesseer moes word, verhoog. Voorts word beide ryweë op dubbelryweë geassesseer en word die swakste baan, ooreenkomstig die indeks vir die visuele toestand van ryweë, gebruik.
3.1.1.2	Aantal kilometer grondpaaie visueel geassesseer soos per die toepaslike TMH-handleiding	10 499	10 419	10 366	10 360	10 366	6	Geringe oorprestasie
<b>Subprogram 3.4: Konstruksie</b>								
3.1.1.3	Getal kilometers vanaf grondpaaie opgegradeer na teerpaaie	13	24	59	60	58	(2) (3%)	Geringe onderprestasie Twee van die 12 projekte het 'n kilometer minder gelewer as oorspronklik bereken.
3.1.1.4	Getal vierkante meter van teerpaaie opgegradeer	28 510	446 228	102 036	32 000	31 860	(140) (0.4%)	Geringe onderprestasie



Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
3.1.1.5	Getal brûe gebou/opgegradeer	2	7	4	1	2	1 100%	h Brug is op die Moorreesburgprojek opgegradeer waarvoor nie oorspronklik beplan is nie.
3.1.1.6	Getal duikers gebou/opgegradeer	13	88	38	49	40	(9) (18%)	Die projek om die vloedskade in Ladismith-Wes en Montagu-Oos te herstel, is oorspronklik vir voltooiing in die vierde kwartaal geskeduleer maar moes herskeduleer word weens begrotingsbeperkings en sal nou eers in die eerste kwartaal van 2017/18 afgehandel word.
<b>Subprogram 3.5: Instandhouding</b>								
3.1.1.7	Getal vierkante meter van teerpaai gerehabiliteer	n.v.t.	n.v.t.	344 308	586 000	559 848	(26 152) (4%)	Die Buffeljagsrivierprojek van 20 000 m <sup>2</sup> is reeds in 2015/16 afgehandel en nie in die eerste kwartaal van 2016/17 soos oorspronklik beraam/beplan nie
3.1.1.8	Getal vierkante meter van teerpaai herseël	2 324 430	1 741 772	1 943 853	4 405 000	5 868 111	1 463 111 33%	Aansienlike addisionele herseëling is gedoen weens h verhoging in die oorspronklike begrotingstoewysing.
3.1.1.9	Getal kilometer van grondpaai herbegrui	155	251	239	65	133	68 105%	Daar was aansienlike addisionele hergruising deur die meeste van die distriksmunisipaliteit weens beskikbaarheid van materiaal binne die padreserwes.

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
3.1.1.10	Getal vierkante meter van teerpaaie gelas	60 929	55 927	111 860	50 000	157 216	107 216 214%	Die las van teerpaaie is tot 'n groot mate 'n reaktiewe bedryf. Gedurende die wintermaande was dit nodig om meer as die verwagte laswerk te doen, veral in die Weskusgebied, om sommige van die agterstand uit te wis.
3.1.1.11	Getal kilometer van grondpaaie geskraap	49 932	43 595	49 549	45 000	48 323	3 323 7%	Skraapwerk is van die weer afhanklik en gunstiger weer is in verskeie streke gedurende die jaar ervaar.
3.1.1.12	Getal brue gerehabiliteer	11	19	13	19	19	0	-
3.1.1.13	Getal duikers gerehabiliteer	23	18	21	51	56	5 10%	'n Aantal projekte om vloedskade te herstel, het dit nodig gemaak om meer duikers te herstel as oorspronklik voorsien.

## Strategieë om areas van onderprestasie die hoof te bied

Die departement is tevrede dat toereikende beheermaatreëls en strategieë daargestel is om te verseker dat die stel diensleweringstandaarde behaal kon word.

## Veranderings aan beplande teikens

Subprogrambesteding

### Subprogrambesteding

Tabel25: Program 3: Vervoerinfrastruktuur: Subprogrambesteding

Subprogram		2016/2017			2015/2016		
		Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000
3.1	Programondersteunende infrastruktuur	38 922	38 636	286	36 576	34 752	1 824
3.2	Infrastruktuurbeplanning	84 807	82 773	2 034	78 349	78 348	1
3.3	Infrastruktuurontwerp	148 561	148 160	401	220 809	216 085	4 724
3.4	Konstruksie	1 474 016	1 469 891	4 125	1 240 907	1 239 644	1 263
3.5	Instandhouding	1 510 033	1 504 195	5 838	1 617 767	1 605 648	12 119
<b>Totaal</b>		<b>3 256 339</b>	<b>3 243 655</b>	<b>12 684</b>	<b>3 194 408</b>	<b>3 174 477</b>	<b>19 931</b>

## 4.4 Program 4: Vervoerbedrywe

### Doel

Die doel van hierdie program is om die voorsiening van geïntegreerde landvervoer dienste te beplan, te reguleer en te fasiliteer deur koördinerende en samewerking met nasionale beplanningsowerhede, munisipaliteite, gemeenskapsgebaseerde en nieregeringsorganisasies en die privaat sektor ten einde die mobiliteit van alle gemeenskappe te versterk en te fasiliteer.

### Subprogramme

- Programondersteunende bedrywe
- Openbarevervoerdienste
- Vervoerveiligheid en -nakoming
- Vervoerstelsels

### Strategiese doelwitte

4.1	Versterk mobiliteit en toegang in munisipaliteite deur die ontwikkeling, implementering en bestuur van inkrementele openbare- en niegemotoriseerde vervoernetwerke.
4.2	Verbeter vervoerveiligheid deur die ontwikkeling en implementering van 'n implementeringsprogram vir openbarevervoerveiligheid.
4.3	Versterk strategiese benadering tot spoor en vrag en versterk koördinerende met sleutelbelanghebbende deur die ontwikkeling van 'n implementeringsprogram vir spoor en vrag.
4.4	Verbeter ondersteuning aan openbare- en niegemotoriseerde belanghebbende deur institusionele veranderingsinisiatiewe.

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 3: Lewer veilige, doeltreffende en geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.

Die DVOW het steeds die ontwikkeling van 'n GOVN vir George te verseker deur spesialisdiens vir beplanning- en ondersteuningsdiens aan George se munisipaliteit te voorsien en deur die bedryfskoste van die diens te onderskryf.

Voorts, gedurende die 2016/17-boekjaar:

- Het die PSTF begin met die sluiting van 'n MvO met die munisipaliteit van Stellenbosch. Omvattende beplanningsondersteuning is aan die munisipaliteit gebied wat aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n gesamentlike program wat tot die inkrementele implementering in die komende jare aanleiding sal gee. Die DVOW het ook ondersteuning vir die ontwikkeling van NGV-infrastruktuurprojekte in Stellenbosch gebied wat deur die aanvanklike beplanningsproses geïdentifiseer is. In ooreenstemming met hierdie pogings is aansienlike werk gedoen om te probeer om die vloei van befondsing vir die OVDP vanuit 'n verskeie bronne te versterk;

- 'n Spoorimplementeringsprogram is in samewerking met Metrorail (Wes-Kaapstreek) en PRASA ontwikkel. Die program het geleenthede vir samewerking en gesamentlike inisiatiewe tussen die DVOW en PRASA geïdentifiseer; en
- 'n Sakegeval vir die ontwikkeling van 'n vervoerdatakern is afgehandel. Die oogmerk met die kern is om die DVOW se bestaande databasisse in ooreenstemming te bring en te integreer ten einde sake-inligting en dienslewering te verbeter. Verdere ontwikkeling van die kern word vir die 2017/18-boekjaar beplan.

'n Kernfunksie van die PSTP is om die toestande vir voetgangers en fietsers (NGV-gebruikers) te versterk deur infrastruktuur, toegang vir fietse, veiligheid en sekuriteit te verbeter en spoedgrense te verlaag. 'n Aantal prioriteit-NGV-projekte is geïdentifiseer in die jurisdiksie van munisipaliteit Stellenbosch vir verdere ontwikkeling as deel van die PSTP. Beplanning, gemeenskapsbetrokkenheid en gedetailleerde ontwerp vir die geïdentifiseerde projekte is afgehandel. Beplanning is via die begrotingaansuiweringsproses bekom en konstruksie sal teen die einde van Junie 2017 afgehandel wees.

Gedurende die boekjaar 2016/17 is stadium 1 van die ontwikkelingsprojek vir die provinsiale fietsverspreidingsnetwerk afgehandel. Die fietsverspreidingsraamwerk stem ooreen met die PSTP en het ten doel om openbare en NGV in die Wes-Kaap buite Kaapstad te transformeer en te verbeter en verteenwoordig 'n belangrike potensieële bron van befondsing vir toekomstige fietsverspreiding in geselekteerde munisipaliteite.

Ten laaste, die Nekkies-infrastruktuurprojek is geïmplementeer met die doel om padsterftes te beperk langs 'n stuk van die N2 in Knysna (deel van die Eden-distriksmunisipaliteit) tussen die Nekkies en Hornlee informele nedersettings. Die drie sleutelelemente van die projek was as volg:

- Installering van straatligte;
- Oprigting van omheinings; en
- Bou van voetpaaie vir voetgangers.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in tabelle hieronder aangebied.

## Strategiese doelwitte

Tabel26: Program 4: Vervoerbedrywe: Strategiese doelwitte

Nr.	Strategiese doelwitte / Aanwysers	Werklike prestasie 2015/2016	Bepaalde teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2015/2016	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 4.2: Openbarevervoerdienste</b>						
4.1	<b>Versterk mobiliteit en toegang in munisipaliteite deur die ontwikkeling, implementering en bestuur van inkrementele openbare- en niegemotoriseerde vervoernetwerke.</b>					
4.1.2	Getal gesubsidieerde kilometers bedryf ooreenkomstig goedgekeurde rooster	37 495 646	37 957 424	38 315 171	357 747 1%	Te danke aan 'n verhoging in die PTOG-toewysing vir 2016/17 wat deur NDoT gekommunikeer is nadat die stel van teikens vir die oorsigjaar afgehandel is.
<b>Subprogram 4.3: Vervoerveiligheid en -nakoming</b>						
4.2	<b>Verbeter vervoerveiligheid deur die ontwikkeling en implementering van 'n implementeringsprogram vir openbarevervoerveiligheid.</b>					
4.2.1	Getal implementeringsprogramme vir openbarevervoer veiligheid ontwikkel.	0	1	0	(1) (100%)	Die heromskrywing van die projekomvang gedurende 2015/16 het daartoe gelei dat die projek op 'n gefaseerde wyse oor drie jaar benader word. Fases 4 tot 8 is gedurende 2016/17 afgehandel en die finale fase sal in September 2017 afgehandel wees. Die finale fase van die projek sal in September 2017 afgehandel wees. Die aanwyser in die jaarlikse prestasieplan vir 2017/18 is gewysig om die gefaseerde benadering tot die projek te weerspieël.

Nr.	Strategiese doelwitte / Aanwysers	Werklike prestasie 2015/2016	Bepaalde teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2015/2016	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 4.4: Vervoerstelsels</b>						
4.1	<b>Versterk mobiliteit en toegang in munisipaliteite deur die ontwikkeling, implementering en bestuur van inkrementele openbare- en niegemotoriseerde vervoernetwerke.</b>					
4.3	<b>Versterk strategiese benadering tot spoor en vrag en versterk koördineringsprogram met sleutelbelanghebbers deur die ontwikkeling van 'n implementeringsprogram vir spoor en vrag.</b>					
4.4	<b>Verbeter ondersteuning aan openbare- en niegemotoriseerde belanghebbers deur institusionele veranderingsinisiatiewe.</b>					
4.1.1	Getal intervensies ondersteun om mobiliteit en toegang te versterk	0	1	1	0	-
4.3.1	Getal implementeringsprogramme vir spoor en vrag ontwikkel	0	1	1	0	-
4.4.1	Getal institusionele veranderingsinisiatiewe	0	1	1	0	-

## Prestasie-aanwysers

Tabel27: Program 4: Vervoerbedrywe: Prestasie-aanwysers

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 4.2: Openbarevervoerdienste</b>								
4.1.2.1	Getal roetes gesubsidieer	2 492	2 417	2 462	2 460	2 520	60 2%	Die toename in die vraag na die diens het gelei tot die skep van addisionele roetes om die vraag na die diens te akkommodeer. Aansoeke vir roeteveranderings is gedoen ooreenkomstig die kontrak.
4.1.2.2	Getal kilometers gesubsidieer	36 918 327	36 733 044	37 495 646	37 957 424	38 315 171	357 747 1%	Te danke aan 'n verhoging in die PTOG-toewysing vir 2016/17 wat deur NDoT gekommunikeer is nadat die stel van teikens vir die oorsigjaar afgehandel is.
4.1.2.3	Getal ritte gesubsidieer	1 364 929	1 333 276	1 310 624	1 339 674	1 422 856	83 182 6%	Passasievraag het verhoog.
4.1.2.4	Getal verhoore deur provinsiale regulatoriese entiteit (PRE) gehou*	-	-	-	-	-	-	-
<b>Subprogram 4.3: Vervoerveiligheid en -nakoming</b>								
4.2.1.1	Getal padveiligheidsbewusmakingsprogramme**	-	-	-	-	-	-	-



Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
4.2.1.2	Getal skole betrek by padveiligheid-opvoedingsprogramme **	-	-	-	-	-	-	-
4.2.1.3	Getal programme vir openbarevervoerveiligheid ontwikkel	n.v.t.	n.v.t.	0	1	0	(1) (100%)	Die heromskrywing van die projekomvang gedurende 2015/16 het daartoe gelei dat die projek op 'n gefaseerde wyse oor drie jaar benader word. Fases 4 tot 8 is gedurende 2016/17 afgehandel en die finale fase sal in September 2017 afgehandel wees.
4.2.1.4	Getal bewusmakingsintervensies vir padveiligheid uitgevoer	n.v.t.	n.v.t.	13	12	19	7 58%	Die afwyking is weens die feit dat addisionele versoeke vanaf belanghebbers ontvang is en weens die belangstelling die bevordering van padveiligheid. Hierdie is geakkommodeer.
<b>Subprogram 4.4: Vervoerstelsels</b>								
4.1.1.1	Getal gedetailleerde inkrementele openbare- en niegemotoriseerdevervoerplanne ontwikkel	n.v.t.	0	0	1	1	0	-
4.1.1.2	Getal PPTIF-toetsprojekte geïnisieer	n.v.t.	0	0	0	0	0	-
4.3.1.1	Getal implementeringsprogramme vir spoor en vrag ontwikkel	n.v.t.	0	0	1	1	0	-

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
4.4.1.1	Getal institusionele veranderingsintervensies geïmplementeer	n.v.t.	0	0	1	1	0	-

**Let wel:** \* Hierdie programprestasie-aanwyser word in subprogram 5.3 Bedryfslisensies en -permitte gerapporteer.

\* Hierdie programprestasie-aanwyser word in subprogram 5.4 Wetstoepassing gerapporteer

n.v.t. – nie van toepassing nie omdat hierdie 'n nuwe aanwyser is

## Strategieë om areas van onderprestasië die hoof te bied

Die DVOW is tevrede dat toereikende beheermaatreëls en strategieë daargestel is om te verseker dat die stel diensleweringstandaarde behaal kon word.

Die nasionale prestasië-aanwysers binne openbarevervoerdienste is tot 'n groot mate vraaggedrewe en die bereiking van die teikens is buite die beheer van die DVOW.

## Veranderings aan beplande teikens

Subprogrambesteding

### Subprogrambesteding

Tabel28: Program 4: Vervoerbedrywe: Subprogrambesteding

Subprogram	2016/2017			2015/2016		
	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/Onderbesteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/Onderbesteding R'000
4.1 Programondersteunende bedrywe	2 329	2 251	78	3 051	1 568	1 483
4.2 Openbarevervoerdienste	1 097 000	1 096 342	658	982 525	981 725	800
4.3 Vervoerveiligheid en -nakoming	11 142	10 912	230	30 461	29 960	501
4.4 Vervoerstelsels	79 085	78 782	303	26 804	25 787	1 017
<b>Totaal</b>	<b>1 189 556</b>	<b>1 188 287</b>	<b>1 269</b>	<b>1 042 841</b>	<b>1 039 040</b>	<b>3 801</b>

## 4.5 Program 5: Vervoerregulering

### Doel

Die doel van hierdie program is om die vervoeromgewing te reguleer deur die registrasie en lisenasiering van voertuie, verenigings, operateurs en bestuurders; om veiligheid te bevorder deur verkeerswetstoepassingsdienste; padveiligheidsopvoeding, -kommunikasie en -bewusmaking sowel as die bedryf van weegbrûe te fasiliteer; en om opleiding te verskaf aan verkeerspolisiëring- en ander wetstoepassingsamptenare.

### Subprogramme

- Programondersteunende regulering
- Vervoeradministrasie en lisenasiering
- Operateurlisensies en -permitte
- Wetstoepassing

### Strategiese doelwitte

5.1	Verbeter staatsbestuur in die vervoer- regulatoriese omgewing
5.2	Verbeter padvervoerveiligheid
5.3	Implementeer 'n doeltreffende, doelmatige en professionele verkeersbestuurdienste

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 3: Lewer veilige, doeltreffende en geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.

Die DVOW het die eerste fase van die projek afgehandel om diensvlakooreenkomste (DVO's) te ontwikkel vir die bestuur van die agentskapsfunksie wat met registrerende owerhede (RO's), BLTS'e en VTS'e verband hou. As deel van hierdie projek is 'n hersiene vergoedingsmodel ontwikkel ná oorlegpleging met alle munisipaliteite. Hierdie model word egter as onbekostigbaar beskou en die implementering daarvan word teruggehou. Die DVOW sal die huidige vergoedingsmodel behou onderwyl daar saam met die NDoT en ander provinsies daaraan gewerk word om 'n nasionale DVO op te stel wat deur provinsies aangepas kan word om aan die vereistes vir DVO's te voldoen soos in nasionale padverkeerswetgewing bepaal. Die DVOW het gereelde vergaderings met die Suid-Afrikaanse vereniging vir plaaslike owerhede (SALGA) om hierdie entiteit en sy geassosieerde plaaslike owerhede op die hoogte te hou van vordering wat gemaak is.

'n Ondersoek na 'n bestepraktikmodel vir die bestuur en bedryf van VTS'e het tot die voorlegging van aanbevelings gelei wat oorweeg is maar wat as onbekostigbaar vir implementering oor die kort termyn geag word. Die DVOW sal die aanbevelings oorweeg wanneer die NDoT voorgenome nasionale wetgewing gefinaliseer het wat met die periodieke toetsing van voertuie verband hou. Geen datum is vir die implementering van periodieke voertuigtoetsing gestel nie.

Die opleiding en ontwikkeling van 'n professionele verkeerswerkmag bly 'n prioriteit en die daarstelling van e-leer- en videokonferensiekapasiteit by die Gene Louw-verkeerskollege, wat aan die onderskeie provinsiale verkeersentrums gekoppel is, getuig van die vordering wat gedurende die jaar gemaak is. Die verkeersopleidingskolle is ook as 'n VTS en 'n BLTS geregistreer wat die opleiding- en wetstoepassingsvermoë binne die tak verder sal versterk.

Die DVOW het voortgegaan om wetstoepassingstechnologie binne-in voertuie wat met die ANPR- en ASOD-kameras geïntegreer is, te toets en te ontwikkel.

Die DVOW het sy gesprekke met NDoT en munisipaliteite voortgesit ten einde die negatiewe impak op RO's se dienslewering te bestuur en te versag wat voortgespruit het uit 'n regsgekil met die eNAVIS-diensverskaffer. Oponthoude in die verskaffing en instandhouding van LCU's het dienslewering by BLTS'e verder geïmpak.

Die PRE het standaardbedryfsprosedures ontwikkel vir die bestuur van verhore wat ingevolge artikel 79 van die NLTA gehou word en wat aanleiding kan gee tot opskorting, herroeping en kansellering van openbarevervoerbedryfslisensies. Hierdie prosedures is opgestel in oorleg met regsdiensleiers in die departement van die premier en die leierskap van die openbarevervoerbedryf.

As deel van volgehoue verbetering is nagraadse assesserings van nuut- aangestelde beamptes gedoen, en veldopleidingsbeamptes is in die platform vir e-leer opgelei.

Monitering en evaluering van verkeerswetstoepassingsaktiwiteite is in 2016/17 voortgesit ten einde beste praktyke te identifiseer en tekortkominge reg te stel. Die implementering van die toets-DVP in die Overbergdistrik is geëvalueer deur van 'n logiese raamwerk gebruik te maak.

Die onstabiele van inligtingstechnologiesisteme vir die doeltreffende en doelmatige regulering van openbarevervoerbedryfslisensies was steeds 'n uitdaging gedurende die oorsigjaar.

Die nasionale landvervoerinligtingstelsel (NLTIS) word nie deur die Wes-Kaap se PRE gebruik nie weens sy inherente onstabiele sowel as die gebrek aan integrasie met die NLTA en die departement se sakeprosesse. Die NDoT werk tans daaraan om die NLTIS te stabiliseer. Die DVOW oorweeg tans opsies om 'n provinsiale stelsel te ontwikkel wat versoenbaar sal wees met toekomstige nasionale en plaaslike regeringstelsels.

Die PRE verrig steeds die interprovinsiale funksies van die Nasionale Openbarevervoerreguleerder (NPTR) ten opsigte van toeristevervoerdienste onder Regulasie 47 van die nasionale landvervoerregulasies (2009). Geen verdere NPTR-funksionaliteit is tot op hede beskikbaar gestel nie.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in tabelle hieronder aangebied.

## Strategiese doelwitte

Tabel29: Program 5: Vervoerregulering: Strategiese doelwitte

Nr.	Strategiese doelwitte / Aanwysers	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2016/2017	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 5.2: Vervoeradministrasie en lisensiering</b>						
<b>5.1</b>	<b>Verbeter staatsbestuur in die vervoer- regulatoriese omgewing</b>					
5.1.1	Getal staatsbestuurintervensies geïmplementeer	2	2	2	0	-
<b>Subprogram 5.4: Wetstoepassing</b>						
<b>5.2</b>	<b>Verbeter padvervoerveiligheid</b>					
5.2.1	Getal padongeluksterftes per 100 000 populasie	23	18	21	(3) (16%)	Die toename in die voertuigpopulasie op die paaie is 'n bydraende faktor tot die onderprestasie.
<b>5.3</b>	<b>Implementeer 'n doeltreffende, doelmatige en professionele verkeersbestuursdiens</b>					
5.3.1	Getal verkeerswetstoepassingoperasies geïmplementeer	6 941	7 240	7 251	11 0.2%	Geringe oorprestasie
5.3.2	Getal opvoeding- en bewusmakingsintervensies gefasiliteer	658	480	782	302 63%	Bewusmakingsintervensies as deel van Overberg-DVP-toetsprojek verskerp en belanghebbers het meer vennootskapooreenkomste versoek.

## Prestasie-aanwysers

Tabel30: Program 5: Vervoerregulering: Prestasie-aanwysers

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 5.2: Vervoeradministrasie en lisensiëring</b>								
5.1.1.1	Getal nakomingsinspeksies uitgevoer	370	367	390	390	390	0	-
<b>Subprogram 5.3: Bedryfslisensies en -permitte</b>								
5.1.1.2	Getal verhore deur provinsiale regulatoriese entiteit (PRE) gehou	n.v.t.	n.v.t.	111	120	113	(7) (6%)	Gedurende die oorsigjaar het die openbarevervoerbedryf gebuk gegaan onder insidente van geweld wat in hoofsaak aan oormatige handel/roetebinnedringing toegeskryf kan word. Dit het tot gevolg gehad dat minder aansoeke deur die PRE ontvang is gegewe dat transaksies in sekere areas opgehef is.
5.1.1.3	Getal taxiverenigings wat AJV's gehou het	134	132	98	115	105	(10) (9%)	Taxikonflik het die herskeduleer van geskeduleerde AJV's na die nuwe boekjaar genoodsaak.

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 5.4: Wetstoepassing</b>								
5.3.1.1	Geval spoed-operasies uitgevoer	n.v.t.	2 276	3 085	2 500	4 708	2 208 88%	Die aktivering en operasionalisering van kameras op nasionale roetes om gemiddelde spoed oor 'n afstand te meet, het tot oorprestasie bygedra.
5.2.1.1	Getal voertuie geweeg	658 256	673 920	668 101	674 000	591 064	(82 936) (12%)	Ander bedryfsvennote se operasionele aktiwiteite het tot die onderprestasie bygedra.
5.3.1.2	Getal operasies teen dronkbestuur	n.v.t.	n.v.t.	1 421	2 340	2 467	127 5%	Ingesluit by toename in operasies is daardie wat deur operasionele vennote soos die SAPD en plaaslike verkeersdepartemente uitgevoer is.
5.2.1.2	Getal voertuie afgetrek en nagegaan	n.v.t.	n.v.t.	1 170 701	1 185 000	1 128 873	(56 127) (5%)	Veldbrande en prosesoptrede het 'n impak gehad op die aantal beplande wetstoepassingsaktiwiteite wat vir die nagaan van voertuie bestem is.



Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
5.2.1.3	Getal padveiligheidsbewusmakingsprogramme	n.v.t.	634	384	420	562	142 33%	Die bekendstelling van die Overbergdistrik se veiligheidsplan het meer intervensies en ad hoc-versoeke genoodsaak. Versoeke en beplanning is beter bestuur.
5.2.1.4	Getal skole betrek by padveiligheidsopvoedingsprogramme	n.v.t.	362	281	345	361	16 5%	STEP-aanbiedings is in vennootskap met SANRAL by skole aangebied wat binne 'n radius van 5 kilometer vanaf nasionale roetes is. Versoeke en beplanning is beter bestuur.
5.3.2.1	Getal studente wat formele verkeersopleidingskursusse suksesvol voltooi as 'n persentasie van studente wat vir formele opleidingskursusse ingeskryf is	n.v.t.	n.v.t.	(94%) 149	88% 130	98% 154	10% 24	'n Totaal van 157 leerders het formele opleidingsintervensies bygewoon.

## Strategieë om areas van onderprestasie die hoof te bied

'n Aantal strategieë word tans geïmplementeer om prestasie te verbeter.

- Briewe is uitgestuur aan alle taxiverenigings wat nie voldoen het aan die vereiste om 'n AJV te hou nie.
- Identifisering van vroeëwaarskuwingstekens vind plaas via gereelde vergaderings met openbarevervoeroperateurs / verteenwoordigende liggame / belanghebbers. Dit sal die regering in staat stel om ingeligte strategieë te ontwikkel om werk te maak van die uitdagings verwant aan die PRE-verhore wat gehou is.
- Amptenare sal ontplooi word vir onbeplande aktiwiteite langs paaie met insluiting van protesoptrede, die vergeselling van abnormale vragte en ander aanvullende dienste.

## Veranderings aan beplande teikens

Subprogrambesteding

### Subprogrambesteding

Tabel31: Program 5: Vervoerregulering: Subprogrambesteding

Subprogram		2016/2017			2015/2016		
		Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000
5.1	Programondersteunende regulering	6 964	6 949	15	7 663	7 662	1
5.2	Vervoeradministrasie en lisenasiering	337 557	335 150	2 407	319 640	319 629	11
5.3	Operateurlisensies en -permitte	56 806	56 806	-	52 646	52 645	1
5.4	Wetstoepassing	289 398	283 068	6 330	280 774	280 739	35
<b>Totaal</b>		<b>690 725</b>	<b>681 973</b>	<b>8 752</b>	<b>660 723</b>	<b>660 675</b>	<b>48</b>

## 4.6 Program 6: Gemeenskapsgebaseerde Programme

### Doel

Die doel van hierdie program is om die implementering van programme en strategieë te bestuur wat aanleiding sal gee tot die ontwikkeling en bemagtiging van gemeenskappe en kontrakteurs, met inbegrip van die provinsiale bestuur en koördinerende van die Uitgebreide-openbarewerkeprogram (UOWP).

### Subprogramme

- Programondersteuning vir gemeenskapgebaseerde projekte
- Innovasie en bemagtiging
- Koördinasie en nakomingsmonitering

### Strategiese doelwitte

6.1	Om by te dra tot volhoubare ekonomiese groei en indiensneming in gemeenskappe deur konstruksieverwante ontwikkeling- en bemagtigingsintervensies
6.2	Fasiliteer provinsiale koördinerende en monitering van UOWP-aktiwiteite tussen alle implementerende liggame.

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomstgeoriënteerde doelstelling 1: Maksimeer bemagtiging en werkskepping in die Wes-Kaap. Dit word bereik deur:

- Die UOWP in die Wes-Kaap te koördineer: Die skep van werksgeleenthede is oor alle regeringsfere en die niestaatssektor heen gekoördineer ten einde die provinsiale teikens te behaal. Twaalf provinsiale UOWP-forums is in stand gehou en 40 openbare liggame is van tegniese ondersteuning voorsien.
- Programme te fasiliteer om opkomende kontrakteurs te ontwikkel: Hierby ingesluit is vaardigheid- en sake-opleiding, inligtingsessies, grondslagfaseopleiding, gevorderde opleiding en mentorskapprogramme en EmplA's vir kontrakte vir meer as R5 miljoen; en
- Die aanbieding van konstruksieverwante vaardighedsontwikkelingsgeleenthede, met inbegrip van vakleerlingskappe; konstruksieverwante ambag- en vaardighedsontwikkeling as deel van die NJD-program; en vakmanopleiding in ambagte soos elektriese bedrading, sweiswerk, skrynwerkery en loodgieterswerk as deel van die Wes-Kaapse "game-changer" vir vakleerlingskappe.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in tabelle hieronder aangebied.

*Strategiese doelwitte*

Tabel32: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Strategiese doelwitte

Nr.	Strategiese doelwitte / Aanwysers	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2015/2016	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 6.3: Innovasie en bemagtiging</b>						
6.1	<b>Om by te dra tot volhoubare ekonomiese groei en indiensneming in gemeenskappe deur konstruksieverwante ontwikkeling- en bemagtigingsintervensies</b>					
6.1.1	Geval bemagtigingsprogramme in die konstruksiebedryf volgehou	3	3	3	0	-
<b>Subprogram 6.4: Provinsiale koördinering en nakomingsmonitering van UOWP</b>						
6.2	<b>Fasiliteer provinsiale koördinering en monitering van UOWP-aktiwiteite tussen alle implementerende liggame.</b>					
6.2.1	Getal provinsiale UOWP-forums gehandhaaf	12	12	12	0	-

## Prestasie-aanwysers

Tabel33: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Prestasie-aanwysers

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2013/2014	Werklike prestasie 2014/2015	Werklike prestasie 2015/2016	Beplande teiken 2016/2017	Werklike prestasie 2016/2017	Afwyking van beplande teiken vir 2016/2017	Opmerking oor afwykings
<b>Subprogram 6.3: Innovasie en bemagtiging</b>								
6.1.1.1	Getal intervensies vir bemagtiging van begunstigdes	4	4	3	3	3	0	-
<b>Subprogram 6.4: Provinsiale koördinerings en nakomingsmonitering van UOWP</b>								
6.2.1.1	Getal openbare instansies in die provinsie wat UOWP-teikens rapporteer*	n.v.t.	40	40	40	40	0	-
6.2.1.2	Getal intervensies geïmplementeer om openbare liggamme te ondersteun in die skep van geteikende aantal werkseleenthede in die provinsie	n.v.t.	53	88	80	81	1 1%	'n Addisionele versoek is vanaf implementerende liggamme ontvang.

**Let wel:** \*Teikenaanwyser is nie kumulatief nie.  
n.v.t. – nie van toepassing nie omdat hierdie h nuwe aanwyser is

## Strategie om areas van onderprestasie die hoof te bied

Die DVOW is tevrede dat toereikende beheermaatreëls en strategieë daargestel is om te verseker dat die stel diensleweringstandaarde behaal kon word.

## Veranderings aan beplande teikens

Subprogrambesteding

### Subprogrambesteding

Tabel34: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Subprogrambesteding

Subprogram se naam		2016/2017			2015/2016		
		Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000
6.1	Programondersteuning:	1 925	1 731	194	2 412	1 929	483
6.2	Gemeenskapsontwikkeling*	-	-	-	-	-	-
6.3	Innovasie en bemagtiging	42 285	39 292	2 993	36 841	30 956	5 885
6.4	UOWP-koördinerings- en -nakomingsmonitering	15 200	14 839	361	14 910	13 700	1 210
<b>Totaal</b>		<b>59 410</b>	<b>55 862</b>	<b>3 548</b>	<b>54 163</b>	<b>46 585</b>	<b>7 578</b>

*Let wel:* \*Subprogram 6.2: Gemeenskapsontwikkeling soos per die nasionale tesourie se uniforme begroting en programstruktuur word nie gebruik nie aangesien dit nie deel van die DVOW se mandaat is nie.

---

## 5 Oordragbetalings

---

### 5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite

Geen oordragbetalings is aan openbare entiteite gemaak nie.

### 5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies anders dan openbare entiteite

Die tabelle hieronder weerspieël die oordragbetalings wat vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 per program gemaak is.

## Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur

Die oordragbetalings per munisipaliteit wat in die onderstaande tabel gelys word, hou verband met die betaling van eiendomsbelasting ten opsigte van eiendom in provinsiale besit en eiendomme wat as sodanig geag word.

**Tabel35: Program 2: Oordragbetalings ten opsigte van eiendomsbelasting**

Naam van oordragontvanger	Bedrag oorbetaal (R'000)
Beaufort-Wes	1 837
Bellville	101 827
Bergrivier	1 190
Bitou	765
Blaauberg	23 105
Breedevallei	7 124
Kaap-Agulhas	682
Kaapstad	263 247
Cederberg	1 530
Drakenstein	15 109
George	7 006
Hessequa	2 165
Kannaland	1 982
Knysna	2 481
Laingsburg	290
Langeberg	1 218
Matzikama	1 674
Mosselbaai	280
Oostenberg	27 642
Oudtshoorn	6 050
Overstrand	1 801
Prins Albert	103
Saldanhabaai	4 285
Somerset-Wes	37
Stellenbosch	9 627
Swartland	2 305
Swellendam	1 449
Theewaterskloof	4 130
Vredendal	14
Witzenberg	5 584
<b>Totaal</b>	<b>496 539</b>



### Program 3: Vervoerinfrastruktuur

Die tabel hieronder weerspieël die oordragbetalings wat vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 vir program 3: vervoerinfrastruktuur gemaak is.

Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse gebruik is	Voldoening aan a. 38(1)(j) van die WOFB	Bedrag oorbetaal (R'000)	Bedrag bestee deur die entiteit (R'000)	Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie
Kaapstad	Om vervoer- en verwante stelsels te beplan, in stand te hou en te verbeter in die gebied van Stad Kaapstad se vervoerowerheid bestaande uit 'n totale netwerk van 292 kilometers pad.	Nagekom	18 000	14 599	Die formasie van 'n nuwe vervoer- en stedelike ontwikkelingsowerheid het wyer oorleggingpleging met dwarsliggende regeringswye beplanners genoodsaak ten einde kohesie tussen stedelike en vervoerbeplanning te bewerkstellig sodat 'n omvattende GVP ontwikkel kon word.
Bergrivier	Om munisipaliteite finansiële van hulp te wees met/te subsidieer in die instandhouding/bou van geproklameerde munisipale hoofpaaie, waar die munisipaliteit die padowerheid is (artikel 50 van Ordonnansie 19 van 1976).	Nagekom	74	74	-
Bitou		Nagekom	2 754	2 754	-
Breedevallei		Nagekom	152	152	-
Kaap-Agulhas		Nagekom	52	52	-
Cederberg		Nagekom	45	45	-
Drakenstein		Nagekom	19 903	19 903	-
George		Nagekom	5 734	5 734	-
Hessequa		Nagekom	111	111	-
Laingsburg		Nagekom	49	49	-
Langeberg		Nagekom	100	100	-
Matzikama	Nagekom	64	64	-	

Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse gebruik is	Volvoening aan a. 38(1)(j) van die WOFB	Bedrag oorbetaal (R'000)	Bedrag bestee deur die entiteit (R'000)	Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie
Mosselbaai		Nagekom	59	59	-
Oudtshoorn		Nagekom	115	115	-
Overstrand		Nagekom	137	137	-
Prins Albert		Nagekom	49	49	-
Saldanhaabaai		Nagekom	126	126	-
Swartland		Nagekom	11 938	11 938	-
Theewaterskloof		Nagekom	117	117	-
Witzenberg		Nagekom	120	120	-
<b>Totaal</b>			<b>59 699</b>	<b>56 298</b>	

Oordragbetalings aan Kategorie B-munisipaliteite word slegs uitbetaal nadat eise vir afgehandelde werk ingedien is. DLO's word met alle munisipaliteite aangegaan. In die geval van Stad Kaapstad is betalings vooruit gemaak gegrond op ooreengekome projekte. Die oordragte word gemoniteer deur van die prosesse verwant aan die raamwerk vir in-jaar- monitering en -verslagdoening oor toekennings gebruik te maak.

#### **Program 4: Vervoerbedrywe**

Die tabel hieronder weerspieël die oordragbetalings wat vir die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 deur program 4: vervoerbedrywe gemaak is.

Tabel36: Program 4: Oordragbetalings

Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse gebruik is	Voldoening aan a38(1)(j) van WOFB	Bedrag oorbetaal (R'000)	Bedrag bestee deur die entiteit (R'000)	Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie / probleme wat ervaar is
Kaapstad	Om die beweging van mense in die openbarevervoerstelsel met 'n fokus op persone met spesiale behoeftes te handhaaf.	Nagekom	10 000	10 000	-
George	<p>Om Munisipaliteit George in staat te stel om 'n openbarevervoerdienst, soos beoog in die GGIVN, te implementeer.</p> <p>Om aanvullende befondsing te verskaf met die oog op die lewering van openbarevervoerdienste deur Munisipaliteit George.</p> <p>Om aanvullende befondsing te verskaf om die tekort in bedryfskoste te dek.</p> <p>Om voorsiening te maak vir addisionele bedryfsondersteuning om die gevolge te ondersteun van beduidend belemmerde bedryfstoestande en geïntensifiseerde verpligtinge om te transformeer.</p> <p>Om die infrastruktuur vir openbarevervoerdienste te versterk wat deur die munisipaliteit van George verskaf word.</p> <p>Om die tekort in bedryfskoste te befonds.</p>	Nagekom	150 544	45 191	<p>Twee oordragte is aan die munisipaliteit gemaak. Die eerste oordrag het R80 544 miljoen beloop en 'n verdere bedrag van R70 miljoen is oorgedra na afloop van die DVOW se begrotingaansuiweringsproses. Die R150,5 miljoen is verdeel tussen 'n kapitaalkomponent van R48 miljoen en 'n bedryfskomponent van R102 miljoen. R4,7 miljoen is tot aan die einde van Maart aan die kapitaalkomponent bestee.</p> <p>Ten opsigte van die bedryfskomponent is R40,4 miljoen tot aan die einde van Maart bestee. Die oponthoud in die ontplooiing van Fase 4 het tot gevolg dat die besteding minder is as waarvoor begroot is. Desondanks voorsien die munisipaliteit steeds dat die volle oordrag teen die einde van die munisipale boekjaar (30 Junie 2017) benut sal wees.</p>

Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse gebruik is	Voldoening aan a38(1)(j) van WOFB	Bedrag oorbetaal (R'000)	Bedrag bestee deur die entiteit (R'000)	Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie / probleme wat ervaar is
Stellenbosch	Om NGV-infrastruktuur te voorsien in die munisipaliteit van Stellenbosch as deel van die PSTP (voorheen PPTIF).	Nagekom	4 000	0	Die Munisipaliteit Stellenbosch het twee kontrakteurs aangestel om die geïdentifiseerde geprioritiseerde NGV-infrastruktuurprojekte af te handel. Konstruksie sou op 08/05/2017 'n aanvang neem en die oordragbetaling sal, volgens skedule, teen die einde van die munisipale boekjaar (30 Junie 2017) bestee wees.
<b>Totaal</b>			<b>164 544</b>	<b>55 191</b>	

Die tabel hierna toon die oordragte na private ondernemings.

**Tabel37: Program 4: Oordragbetalings na private ondernemings**

Tipe oordragontvanger	Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse gebruik is	Voldoening aan a38(1)(j) van WOFB	Bedrag oorbetaal (R'000)	Bedrag bestee deur die entiteit (R'000)	Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie / probleme wat ervaar is
Private ondernemings	GABS	PTOG-subsidie aan die busoperateur	Nagekom	870 900	870 900	-
<b>Totale oordrag na openbare ondernemings:</b>				<b>870 900</b>	<b>870 900</b>	

Die oordragte word gemoniteer deur van die prosesse verwant aan die raamwerk vir in-jaar- monitering en -verslagdoening oor toekennings gebruik te maak.

### 5.3 Begrote oordragbetalings wat nie uitbetaal is nie

Die tabel hieronder weerspieël die oordragbetalings waarvoor in die tydperk 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 begroot is, maar waar geen betalings gemaak is nie.

#### Program 3: Vervoerinfrastruktuur

**Tabel38: Program 3: Begrote oordragbetalings**

Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse gebruik moes word	Begrote bedrag (R'000)	Bedrag oorbetaal (R'000)	Redes waarom fondse nie oorgedra is nie
Beaufort-Wes	Om munisipaliteite finansiële hulp te wees met/te subsidieer in die instandhouding/bou van geproklameerde munisipale hoofpaaie, waar die munisipaliteit die padowerheid is (artikel 50 van Ordonnansie 19 van 1976).	50	0	Subsidies word betaal wanneer bewys van kwalifiserende gesubsidieerde padinstandhoudingswerk aan die DVOW voorgelê kan word. Geen subsidie is in die loop van 2016/17 deur munisipaliteite geëis nie.
Kannaland		50	0	
Knysna		81	0	
Stellenbosch		2 171	0	
Swellendam		50	0	
<b>Totaal</b>		<b>2 402</b>	<b>0</b>	

## 6 Voorwaardelike toekennings

### 6.1 Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse betaal

Geen voorwaardelike toekennings of geormerkte fondse is deur die DVOW uitbetaal nie.

### 6.2 Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse ontvang

Die volgende tabelle beskryf elk van die voorwaardelike toekennings wat deur die DVOW ontvang is.

#### Voorwaardelike toekenning: Geïntegreerde UOWP-toekenning vir provinsies

Departement deur wie die toekenning oorgedra is	Openbare Werke
Doel van die toekenning	Om provinsiale departemente aan te spoor om werkskeppingspogings uit te brei deur die gebruik van arbeidsintensiewe afleweringmetodes in die volgende geïdentifiseerde fokusareas, ter nakoming van UOWP-riglyne: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Padinstandhouding en die instandhouding van geboue</li> <li>• Paaie met 'n lae verkeersvolume en landelike paaie</li> <li>• Ander ekonomiese en maatskaplike infrastruktuur</li> <li>• Toerisme en kulturele bedrywe</li> <li>• Volhoubare grondgebaseerde lewensmiddele</li> <li>• Afvalbestuur</li> </ul>
Verwagte uitsette van die toekenning	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Getal mense indiensgeneem wat 'n inkomste deur die UOWP ontvang</li> <li>• Verhoogde gemiddelde duur van die werkseleenthede geskep</li> </ul>
Werklike uitsette behaal	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 1 158 werkseleenthede geskep</li> <li>• 182 VTE's</li> </ul>
Bedrag volgens gewysigde DORA (R'000)	14 691
Bedrag ontvang (R'000)	14 691
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	n.v.t.
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	14 691
Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie	n.v.t.
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	UOWP-rapportering deur UOWP-aanlynrapporteringstelsel Maandelikse verslag deur die in-jaar-moniteringsverslag, kwartaallikse rapportering, evalueringsrapportering en maandelikse DORA-nakomingsrapportering.

**Voorwaardelike toekenning: Toekenning vir instandhouding van provinsiale paaie (PRMG)**

Departement deur wie die toekenning oorgedra is	Vervoer
Doel van die toekenning	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om provinsiale beleggings vir roetine, periodieke en spesiale instandhouding aan te vul.</li> <li>• Om te verseker dat alle paaie soos per RISFSA en die tegniese aanbeveling vir hoofweë (TMH) 26 RCAM-riglyne geklassifiseer is.</li> <li>• Om die bestuurstelsel vir padbates (RAMS) soos per die tegniese aanbeveling vir hoofweë (TMH) 22 te implementeer en in stand te hou.</li> <li>• Om provinsiale projekte aan te vul vir die herstel van paaie en brue wat deur natuurrampe beskadig is.</li> <li>• Om die toestand van die padnetwerk te verbeter wat die elektrisiteitsopwekkingsinfrastruktuur bedien.</li> <li>• Om padveiligheid te verbeter met 'n spesiale fokus op voetgangerveiligheid in landelike gebiede.</li> </ul>
Werknemers wat die fluitjie blaas rakende vermoede bedrog, korrupsie en diefstal word beskerm mits die openbaarmaking 'n beskermde openbaarmaking is (d.w.s. aan statutêre vereistes voldoen, bv. in goedertrou). 'n Dwarsliggende beleid oor bedagmakers is op 24 Februarie 2016 aanvaar ten einde riglyne neer te lê vir werknemers wat oor redelike gronde beskik dat 'n oortreding begaan is of dat daar onweloweglik opgetree is sodat hulle hul klagtes onder die aandag van die tersaaklike lynbestuurders, personeel wat spesifiek vir hierdie doel in die WKR aangewys is of eksterne instansies kan bring. Die geleentheid om anoniem te bly, word aan elke persoon gegun wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil rapporteer en indien hulle dit persoonlik sou doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon aan wie hulle rapporteer.

Wanneer bedrog of korrupsie bevestig is nadat 'n ondersoek afgehandel is, word die werknemer wat aan sulke dade deelgeneem het aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. In alle sodanige gevalle word daar van die WKR-verteenwoordiger wat die dissiplinêre prosedures geïnisieer het, verwag om ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar *prima facie* bewyse van kriminele gedrag bespeur word, word 'n kriminele saak by die Suid-Afrikaanse Polisie diens aangemeld.

As deel van die departement se bedrogvoorkomingsplan het die PFD-eenheid gedurende die oorsigjaar bewusmakingsopleiding aangebied oor bedrog, korrupsie en fluitjieblasery. Die vernaamste oogmerke met die opleiding was:

- Potensiele bedrieërs se persepsie van bespeuring op te skerp deur werknemers te laat verstaan wat die konsepte en potensiele manifestasie van bedrog, diefstal en korrupsie behels; en

- Die potensiaal vir wenke te verhoog deur bewustheid te verhoog van die WKR se beleid oor fluitjieblasers, aanmeldingsverpligtinge en die vereistes vir openbaarmaking ten einde ingevolge die Wet op Beskernde Openbaarmakings (Wet 26 van 2000) as 'n beskernde openbaarmaking beskou te word.

Verdere elektroniese mededelings is aan WKR-amptenare verskaf wat hulle ingelig het oor die stappe wat geneem word teen verdagte geïmpliseerde persone nadat forensiese ondersoeke afgehandel is. Amptenare is ook gesensitiseer by wyse van elektroniese mededelings aan verantwoordelike fluitjieblasers.

Gedurende 2016/17 het 510 amptenare van die DVOW die opleiding bygewoon.

Vir die oorsigjaar is die volgende sertifikaat rakende vordering met sake deur die PFD uitgereik:

Sake	Aantal sake
Onafgehandelde sake soos op 1 April 2016	7
Nuwe sake (2016/17)	9
Hertoegewys aan departement	1
Afgehandelde sake (2016/17)	(8)
Sake verwys (2016/17)	(4)
Onafgehandelde sake soos op 31 Maart 2017	5

Die tabel hieronder verskaf meer besonderhede oor die afgehandelde en terugverwysde sake waarna hierbo verwys word:

Verdere optrede	Afgehandelde sake (8)	Sake verwys (4)
Ongegrond	4	2
Verwys na arbeidsverhoudinge/SAPD	2	-
Departement moet kontrakvoorwaardes monitor	-	1
Departement moet beheermaatreëls implementeer	2	1

### Assessering van bedrogrisiko

'n Assessering van bedrogrisiko is in 2016 onderneem en die register vir bedrogrisiko's is bygewerk en op 21 Maart 2017 aanvaar.

## 4 Minimalisering van botsing van belange

Die departement het die volgende prosesse bestuur om botsende belange op die terrein van voorsieningskanaalbestuur te minimaliseer: Die rekenpligtige beampte se VKB-stelsel verwag van alle werknemers in die departement se voorsieningskanaal om jaarliks 'n openbaarmaking van finansiële belange in te dien en om jaarliks aansoek te doen vir werk teen vergoeding buite die staatsdiens (RWOPS) met inagneming van die nuwe Staatsdiensregulasies wat op 1 Augustus 2016 in werking getree het. Voorts:

- Die inhoud van die nuwe Staatsdiensregulasies wat op 1 Augustus 2016 in werking getree het, is aan amptenare oorgedra waar 'n moontlikheid van nienakoming bestaan;
- Die oorgangsreëlings soos voorgeskryf in bylae 1(2) tot die SDR is ook in werking gestel;
- Verklarings van belange is verlang vanaf almal wat betrokke is by die oorweging, aanbeveling en/of toekenning van tenders;
- Alle voornemende tenderaars moet voldoen aan die vereistes van die Wes-Kaapse tenderdokument (WCBD) 4 (openbaarmaking van belange / verskafferprestasie / verklaring deur werknemers en onafhanklike bodbepaling);
- Daar word van alle DVOW-personeel verlang om aan etiese standaarde te voldoen;
- Bepalings oor vertroulikheid is in plek;
- 'n Gedragskode vir VKB-praktisyns is in plek;
- NT se Gedragskode vir bodtoekenningskomitees word nagevolg;
- Die moontlikheid dat die aanvaarding van gratifikasie, gasvryheid en geskenke as 'n botsing van belange gesien kan word, is uitgelig; en
- Prosesse om tenderaar/werknemerprofile te verifieer is in plek en behels 'n maandelikse vergelyking van werknemerinligting op die personeelsalarisstelsel (PERSAL) met die WKVD sowel as die NT se SVD se inligting oor verskaffers. Dit dien as beide 'n voorkomende en 'n bespeurende maatreël om amptenare te identifiseer wat sake met die regering doen.

Provinsiale tesourie-instruksies vereis die verpligte registrasie op die Wes-Kaap se verskafferdatabasis van alle verskaffers wat van voorneme is om sake met die Wes-Kaapse Regering te doen, met inbegrip van:

- Bevestiging deur die Maatskappy- en Intellektuele-eiendomskommissie van inligting rakende maatskappyregistrasie en -eienaarskap;
- 'n Beëdigde verklaring in die vorm van die WCBD 4 deur alle voornemende tenderaars; en
- Die indiening van 'n SEB-profiel wat teen die DTI se SEB-databasis geverifieer word.

Nasionale tesourie-instruksie 4A van 2016 vereis die registrasie op die sentrale verskafferdatabasis van alle verskaffers wat van voorneme is om sake met die regering te doen. NT het toestemming aan die provinsiale tesourie vergun om die WKVD tesame met die SVD te gebruik. Die volgende sleutelinligting van voornemende verskaffers word op die SVD geverifieer:

- Sakeregistrasie, insluitend besonderhede van direkteure en lede;
- Bankrekeninghouer se inligting;
- Hetsy in diens van die staat, of nie;
- Belastingnakomingstatus;
- Identiteitsnommer;
- SEB-statusvlak; en
- Wanprestasie en beperkings ten opsigte van tenders.

Identifikasie en verifikasie van potensiële botsende belange van werknemers word via die provinsiale tesourie se nakomingsverslag gekontroleer.

Jaarlikse opleiding en formele werksessies word via voorsieningskanaalbestuur verskaf.

Waar 'n botsende belang op die terrein van die voorsieningskanaal geïdentifiseer is, word dit as misbruik van die VKB-stelsel geag. Die rekenpligtige beampte se VKB-stelsel skryf die proses voor wat in gevalle van sodanige misbruik gevolg moet word.

---

## 5 Gedragskode

---

Die departement kom die Staatsdiens se Gedragskode na. Die hoogste standaard van etiese sake word van staatsampnare in diens van die departement in die uitvoering van hul pligte verlang. Alle werknemers is persoonlik daarvoor verantwoordelik om te verseker dat hulle gedrag eties is en daar word van hulle verwag om enige moontlike oortredings van die kode onder hulle toesighouer se aandag te bring. Die Gedragskode word elke tweede maand elektronies na alle werknemers versprei. Alle nuwe werknemers word in hul aanstellingsbriewe ingelig dat die Gedragskode op die WKR se webwerf beskikbaar is. Die Verduidelikende Handleiding oor die Gedragskode vir Staatsampnare is by alle SBD-lede afgelewer.

---

## 6 Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies

---

Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993) lê 'n verantwoordelikheid op die departement om die fisiese beveiliging van sy infrastruktuurpersele te verseker, sowel as om die fisiese gesondheid en veiligheid van die kontrakteur en sy/haar werknemers te verseker. Met hierdie doel voor oë is die minimumvereistes verwant aan hoe die risiko op infrastruktuurpersele bestuur moet word, gestandaardiseer en opgeneem in die suite konstruksietenderdokumente wat deur die CIDB voorgeskryf word. Namate dit met vervoerinfrastruktuur verband hou, moet omgewingsimpakevaluering uitgevoer word.

Die DVOW het 'n operasionele veiligheid- en sekuriteitskomitee waarop verteenwoordigers van die departement van gemeenskapsveiligheid ook dien.

Ter ondersteuning van doeltreffende noodontruiming is 13 ontruimingsplanne goedgekeur. Twee-en-twintig ontruimingsplanne moet in die 2017/18-boekjaar hersien word. Vyf ontruimingsoefeninge is gehou, en die res is uitgestel weens foutiewe noodtoerusting en begrotingsbepenkings wat reise na die verkeersentrums verhoed het. Weens swak bevestiging van bywoning aan die kant van personeel is geen formele bewusmakingsessies oor beroepsgesondheid en -veiligheid gehou nie.

---

## 7 Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke

---

### 7.1 Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke

- 7.1.1 Die staande komitee se brief (verwysing 11/4/12) gedateer 23 Maart 2016 en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee het versoek dat Metrorail dit van 'n verslag voorsien waarin die werklike koste van treinvertragings gekwantifiseer word en die verband met die algehele ekonomie aangetoon word.	Die DVOW se respons in hierdie verband is aan die Komitee voorsien in 'n brief (verwysing 11/1/2/2/Standing Committee on Transport and Public Works), gedateer 08 April 2016.
Die komitee het versoek dat wanneer verslag gedoen word oor verkeersoortredings wat tot arrestasies aanleiding gegee het, die DVOW die aard van die oortreding moet lys en dit nie onder die kategorie "ander arrestasies" moet veralgemeen soos in hul aanbieding nie.	Die DVOW sal in die toekoms die aard van alle oortredings lys. Voorts word die ontplooiingstrategie vir verkeerswetstoepassing aangedryf deur die doelwit om sterftes op ons paaie te verminder wat deur 'n data-inligtingsbenadering begelei word wat verseker dat verkeersbeamptes se doeltreffendheid gemaksimeer word.
Die komitee het voorts aanbeveel dat die DVOW verseker dat ten volle opgeleide verkeersbeamptes herontplooï word in areas waar hulle volle potensiaal benut kan word.	

7.1.2 Die staande komitee se brief (verwysing 11/4/12) gedateer 23 Maart 2016 en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee het die naam van die suksesvolle tenderaar versoek sowel as die name van die persone of organisasies wat die verkoop van die Tafelbergskoolleidendom in Seepunt teëgestaan het.	Die DVOW se volledige respons op alle gelyste kwessies in 'n brief aan die Komitee (verwysing TPW/11/1/2/2), gedateer 08 April 2016, voorsien.
Die komitee het 'n verslag versoek oor die notules van die beleggerskonferensie verwant aan eiendomsbestuur en -vervreemding.	
Die komitee het 'n verslag versoek oor die mate waartoe die vier ingenieurs en een ingenieurstechnikus, wat die program vir gegradueerde professionele siviele ingenieurs voltooi het, tot verteenwoordiging in die DVOW bydra ingevolge die Wet op Diensbillikheid (Wet 55 van 1998).	
Die komitee het 'n lys versoek van die kategorieë van BSD-poste en die onderskeie vergoedingsvlak wat met elke kategorie verbind word.	
Die komitee het 'n lys versoek van die sewe eiendomme wat vir onderwysfasiliteite verkry is.	
Die komitee het 'n lys versoek van besteding aan die opgradering van die Leeuwenhoflandgoed sedert die begin van die 2009-boekjaar.	
Die komitee het 'n afskrif van die konsep -PPTIF versoek.	
Die komitee het 'n afskrif van die geouditeerde finansiële state versoek van George Link, die bedryfsmaatskappy vir die "Go George"-projek.	
Die komitee het aanbeveel dat, ten opsigte van tenders vir die rehabilitasie van hoofpad 332 tussen die N2 en Stilbaai, die DVOW ondersoek instel na die vereistes van die "shake-shake"-vorm van werwing wat deur die ter sprake munisipaliteit beoefen word.	

7.1.3 Die staande komitee se brief gedateer 23 Maart 2016 (verwysing 11/4/12) rakende die komitee se voorgenome openbare verhore oor die



Onteieningswetsontwerp [B 4B-2015] (NRVP) en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die Wes-Kaapse provinsiale parlement se Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke het mondelinge en skriftelike insette rakende die Onteieningswetsontwerp [B 4B-2015] (NRVP) uitgenooi op die datums wat in die brief gedateer 23 Maart 2016 vermeld is.	Insette aan die komitee is deur minister D. Grant, provinsiale minister van vervoer en openbare werke, verskaf in 'n brief (verwysing 1/3/1/1/NAC 63 of 2012 – 2013), gedateer 21 April 2016.

7.1.4 Aangeleenthede voortspruitend uit die staande komitee se brief 11/4/12 gedateer 25 April 2016 rakende die staandekomiteevergadering wat op 15 Maart 2016 gehou is en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee het sy kommer gelug oor die gebrek aan befondsing om sleutelposte te vul soos blyk uit die groot aantal onbefondsde vakante poste binne die provinsiale verkeersdirektoraat. Die impak van hierdie stand van sake op die veiligheid van motoriste en voetgangers is kommerwekkend vir die komitee.	Die DVOW se respons is teruggehou en is sedertdien aan die Komitee voorsien in 'n voorlegging gedateer 23 November 2016 en 'n brief (verwysing 11/1/2/2/Standing Committee on Transport and Public Works), gedateer 09 Desember 2016.
Die komitee het 'n inligtingsessie deur die DVOW en die provinsiale tesourie versoek oor die beskikbare prosesse en hulpbronne om werk te maak van die kritieke tekort aan befondsing om sleutelposte binne die direktoraat verkeersbestuur te vul.	

7.1.5 Die aangeleenthede wat geopper is in die staande komitee se brief 11/4/1/1/2/7 gedateer 12 Julie 2016 volgende op 'n oorsig aan Hawston Primër op 26 Mei 2016, as deel van die komitees se diensleweringkluster, en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee het versoek dat DVOW dit van die name en hoedanighede voorsien van die amptenare en kontrakteurs wat verantwoordelik was vir die beplanning, implementering en monitering van die aanvanklike projek. Hulle areas van verantwoordelikheid moet duidelik gespesifiseer word en, indien van toepassing, moet die rede verstrek word waarom strafmaatreëls nie ingestel is nie.	Die DVOW se respons aan die komitee is vervat in briewe (verwysing 11/1/2/2/Standing Committee on Transport and Public Works) gedateer 18 Oktober 02 Desember 19 Desember 2016 11 Januarie 2016 2016 2017, 03 Februarie 2017 en 23 Februarie 2017.
Die departement van basiese onderwys bepaal die struktuur wat vir die bou van 'n ASIDI-skool gebruik word waarin die verantwoordelikheid van die betrokke departemente en die onderskeie kontrakteurs uiteengesit word.	
Die naam van die amptenaar in die betrokke plaaslike owerheid se beplanningsdepartement sowel as die naam van die betrokke wyksraadslid.	
Die DVOW het 'n bygewerkte projekplan verskaf waarby die verantwoordelikhede van alle rolspelers met 'n einddatum van 31 Desember 2016 ingesluit is.	

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee het voorts besluit dat bou- en opknappingsplanne vir alle toekomstige ontwikkelings ingedien moet word by die tersaaklike munisipaliteit om te verseker dat bou-inspekteurs na persele uitgestuur word en dat behoorlike prosedures gevolg word.	
Die komitee het voorts besluit dat die DVOW by die afleweringdatum vir Hawston Primêr moet hou en moet verseker dat dit saamval met die eerste skooltermyn in 2017.	
Die komitee het voorts besluit dat dit die minister van vervoer en openbare werke gaan versoek om in September 2016 'n bygewerkte vorderingsverslag aan die komitee voor te lê.	

7.1.6 Die staande komitee se besluit in sy brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 12 Julie 2016 volgende op 'n oorsigbesoek aan Caledon se verkeersentrum op 25 Mei 2016, as deel van die komitees se diensleweringkluster, en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee het versoek dat die DVOW die getal arrestasies verskaf wat gemaak is ten opsigte van padverkeeroortredings waarin die tipe oortreding, in die 2014/15- en 2015/16-boekjare, uiteengesit word sowel as die mate waartoe hierdie oortredings suksesvol vervolg is.	Die DVOW se respons aan die komitee is vervat in briewe (verwysing 11/1/2/2/Standing Committee on Transport and Public Works) gedateer 02 Oktober 2016 en 31 Augustus 2016.
Die komitee het versoek dat die DVOW terugvoering gee oor die stand van die huuronderhandelings tussen die DVOW en die verhuurder sowel as die DVOW se plan vir die gedeelddienstesentrum vir die Overbergdistrik.	Die komitee is voorsien van 'n lys van arrestasies per tipe oortreding vir die 2014/15- en 2015/16-boekjaar. Voorts het die DVOW in sy respons aangetoon dat h kommunikasieveldtog van stapel gestuur is om die publiek bewus e maak van die gebruik van die Dräger-alkoholtoetser en die gevolge wat dit vir moontlike oortredings inhou.
Voorts het die komitee aanbeveel dat die DVOW 'n "fear campaign" van stapel stuur om aanloop tot die datum waarop die Dräger-alkoholtoetser weer in gebruik geneem gaan word.	

7.1.7 Die staande komitee se besluit in sy brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 18 Julie 2016 en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
<p>Die komitee versoek dat die DVOW die komitee skriftelik inlig oor insette en die stand van sake rakende die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die evaluering van die toestand van regeringsgeboue.</li> <li>• Die batebewaringsverslag met spesifieke verwysing na die manier waarop verneme konstruksie- en instandhoudingsprojekte geprioritiseer word.</li> <li>• Meganismes wat daargestel is om die verkeer te kalmeer en om verkeersknope te verlig gedurende skool- en naskoolse ure in die Kuilsrivierarea.</li> <li>• Die opgradering en infrastruktuurontwikkeling van Rouxville Primêr en Soneike-hoërskool.</li> <li>• Die Provinsiale Vervoer- Regulatoriese Owerheid met spesifieke verwysing na sy rol en funksie ten opsigte van Stad Kaapstad, sowel as regulasies verwant aan die vervoerbedryf wat billikheid bevorder en konflik tussen vervoeroperateurs verhoed.</li> </ul>	<p>Die DVOW se respons aan die komitee is vervat in 'n brief (verwysing TPW//1/4/1/1/2) gedateer 19 Augustus 2016.</p> <p>In hoofsaak word die prioritiserings van projekte gegrond op die strategiese bestuur van 'n bate in die provinsiale infrastruktuurportefeulje se lewensiklus ooreenkomstig bewyse wat vanuit die verslae oor die evaluering van die toestand en behoud van bates afgelei is.</p> <p>Voorts, soos aangedui, neem die DVOW deel aan die ontwikkeling van 'n aksieplan om konflik te bestuur sodat dispute en konflik gemoniteer kan word. Voorts neem die departement ook deel aan die regering se response wanneer konflik ook al ontstaan.</p>

7.1.8 Die staande komitee se navraag via e-pos gedateer 20 Julie 2016 rakende die provinsiale eiendomskomitee en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
<p>Die komitee het navraag gedoen oor die aanstelling van die eiendomskomitee en die komitee se verslagdoening.</p>	<p>Die DVOW se respons in hierdie verband is aan die komitee voorsien in 'n brief (verwysing 11/1/2/2/Standing Committee on Transport and Public Works), gedateer 08 Augustus 2016.</p> <p>In hoofsaak is die komitee saamgestel uit huidige lede van die PPC wat in 2011 deur minister Carlisle aangestel is. Verslagdoeningsmeganismes is daargestel.</p>

7.1.9 Die staande komitee se brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 01 Augustus 2016 en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
<p>Die komitee het die DVOW ingelig dat 'n inligtingsessie (soos per sy brief gedateer 18 Julie 2016), geskeduleer deur die NDoT, oor die AARTO-stelsel uitgestel is omdat amptenare nie beskikbaar is nie en weens wysigings aan die wet.</p>	<p>DVOW neem kennis.</p>
<p>Die komitee het die DVOW ingelig dat 'n vergadering vir 16 Augustus 2016 geskeduleer is waartydens daar oor vordering met die vervreemding van die Tafelbergperseel verslag gedoen moet word.</p>	<p>Vergadering daarna gekanselleer soos per komitee se e-pos-kennisgewing gedateer 11 Augustus 2016.</p>

7.1.10 Die staande komitee se besluit in sy brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 01 Augustus 2016, volgende op die komitee se vergadering op 31 Mei 2016, en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee versoek dat die DVOW die bedrag voorsien verwant aan regskoste wat aangegaan is as gevolg van die voorneme om die perseel van die Tafelberg Remediërende Skool te vervreem, duidelikheid verskaf oor die hoër en laer aanbiedings wat vir die perseel ontvang is en wat die tenderaars met die eiendom beoog.	Die DVOW se respons in hierdie verband is aan die komitee voorsien in 'n brief (verwysing 11/1/2/2/Standing Committee on Transport and Public Works), gedateer 23 Augustus 2016.

7.1.11 Die staande komitee se besluit in sy brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 17 Augustus 2016, volgende op die komitee se vergadering op 16 Februarie 2016 met Metrorail en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee het die DVOW uitgenooi na 'n inligtingsessie deur Metrorail oor vordering wat gemaak is rakende uitdagings ten einde 'n verbeterde spoorvervoerdiens vir die mense in die Wes-Kaap te verseker.	Aanbieding deur Metrorail. Vergadering bygewoon deur DVOW se hoofdirektoraat: vervoerbedrywe.

7.1.12 Die staande komitee se e-pos-korrespondensie gedateer 06 September 2016 en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee het die DVOW ingelig dat 'n opvolgvergadering bygewoon gaan word (voorlopig geskeduleer vir 20 September 2016) oor die infrastruktuurontwikkeling by die skole in Hawston, Delft, Masakhane en Scottsdene, met 'n spesifieke fokus op Hawston Primêr sodat die DVOW die komitee in hierdie verband kan inlig.	DVOW het die opvolgvergadering op 20 September 2016 bygewoon en inligting oor vordering verskaf.

7.1.13 Die staande komitee se besluit in sy brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 09 September 2016, volgende op Kluster B se besoek aan Hawston Primêr op 26 Mei 2016 en die komitee se briewe op 12 Julie 2016 en 22 September 2016 sowel as die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee versoek dat die DVOW 'n vorderingsverslag verskaf oor die stand van infrastruktuurontwikkeling by Hawston en die volgende ASIDI: Delft-Suid, Masakhane en Scottsdene.	Die DVOW se respons in hierdie verband is aan die komitee voorsien in 'n brief (verwysing 11/1/2/2/Standing Committee on Transport and Public Works), gedateer 11 November 2016.
Die komitee moet op die hoogte gehou word van kwellinge rakende die toestand van Lawrence Primêr in De Novo naby Kraaifontein, die voorneme van die DVOW rakende die vakante struktuur en die datum waarop sekuriteitspersoneel aangesel geword en die duur van hul kontrak.	Die DVOW se respons is vervat in aanbieding wat op 20 September 2016 aan die komitee gemaak is, sowel as in 'n brief (verwysing 11/1/2/2/Standing Committee on Transport and Public Works), gedateer 04 Oktober 2016.

7.1.14 Die staande komitee se besluit in sy brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 22 September 2016 en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee het versoek dat die DVOW, in oorlegpleging met die WKOD en Erfenis Wes-Kaap, 'n bedryfsplan voorsien waarin aflewerbare uitkomste oor die kort-, medium- en langtermyn aangedui word.	Die DVOW se respons in hierdie verband is aan die komitee voorsien in 'n brief (verwysing 11/1/2/2/Standing Committee on Transport and Public Works), gedateer 11 November 2016.
Die DVOW word elke twee weke ingelig oor vordering wat gemaak is ten opsigte van befondsing van die departement van basiese onderwys (DBO) en wanneer befondsing ontvang is, oor die remediërende werk wat onderneem is.	
Die DVOW verskaf die oorspronklike koste van die ASIDI-projekte teen die oorspronklike koste van hierdie projekte aan die komitee sowel as die remediërende koste wat aangegaan is as gevolg van probleme met die infrastruktuurontwerp.	

7.1.15 Die staande komitee se besluit in sy brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 24 Oktober 2016 en die DVOW se respons wat betrekking het op die verkeersveiligheidsplan vir die feesseisoen word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee versoek dat die DVOW hom oor die verkeersveiligheidsplan vir die feesseisoen inlig.	Die DVOW se respons is vervat in 'n aanbieding aan die Komitee getitel "Festive Season Integrated Traffic Operational Plan 2016/17" gedateer 23 November 2016.
Die komitee versoek die jongste inligting oor gesprekke met die provinsiale tesourie rakende die onbefondse vakante poste in die direktoraat verkeersdienste en die vulling van die personeelstruktuur.	

7.1.16 Die staande komitee se besluit in sy briewe (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 03 November 2016 en 24 November 2016 rakende verkeersdienste en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
In sy brief gedateer 03 November 2016 het die komitee die volgende inligting versoek:	Die DVOW se respons aan die komitee is verskaf in 'n voorlegging getitel "Festive Season Integrated Traffic Operational Plan 2016/17" sowel as in 'n brief (verwysing 11/1/2/2/Standing Committee on Transport and Public Works) gedateer 09 Desember 2016.
Afskrifte van die advertensies vir die vulling van Streek/Sentrumbestuurderposte soos aangetoon deur DVOW se departementshoof ten tye van die bespreking van die jaarverslag sowel as die status/vordering ten opsigte van vermeldde proses;	
'n Vorderingsverslag ten opsigte van die pos van die waarnemende sentrumbestuurder by Vredenburg en andere soos deur die departementshoof aangetoon;	
'n Vorderingsverslag oor die waarnemingstoelae betaalbaar aan waarnemende sentrumbestuurders en of sodanige toelae aan die Wet op Arbeidsverhoudinge en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes voldoen;	
Statistiek oor hoeveel mense in die Wes-Kaap hul toetse vir leerling- en bestuurderslisensies geslaag het gedurende die 2014/15- en die 2015/16-boekjare onderskeidelik;	

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
<p>Hoeveel senior posisies met die uitsondering van sentrumbestuurderposisies geadverteer en gevul en/of steeds vakant is;</p>	
<p>Hoeveel permanente nuwe rekrute deur provinsiale verkeer, Wes-Kaap in die loop van 2016 aangestel is en wat Wes-Kaap Verkeer se verlangde personeeltal is;</p>	
<p>Hoeveel geld deur die provinsiale tesourie vir provinsiale verkeersfunksies/operasies toegewys is en hoeveel daarvan benut is; en</p>	
<p>Wat die besparing was ten opsigte van verkeersposte wat nie in die loop van die 2018/16-boekjaar gevul is nie.</p>	
<p>In sy brief gedateer 24 November 2016 het die komitee die volgende inligting versoek:</p>	
<p>h Verslag oor die betaling van waarnemingstoelae vir die poste van hoof- provinsiale inspekteur waarin duidelik vermeld word of toelaes uitbetaal is aan individue wat in die poste waarneem en, indien nie, wanneer dit gedoen sal word;</p>	
<p>h Lys van die areas waar die 30 verkeersbeamptes wat onlangs in diens geneem is, ontplooi is;</p>	
<p>h Skriftelike verslag oor intervensies rakende die area op die pad tussen Worcester en Robertson waar talle ongelukke voorkom, sowel as die datums waarop hierdie intervensies geïmplementeer gaan word;</p>	
<p>Die aantal skutfasiliteite en waar hulle geleë is;</p>	
<p>h Volledige verslag oor die vul van die poste van hoof- provinsiale inspekteur wat h verduideliking moet insluit waarom daar voortgegaan is om die pos van kollegehoof te vul en waarom voorkeur daaraan verleen is;</p>	
<p>Duidelikheid vanaf die hoof van die DVOW oor hoe sy ingelig is dat die poste vir hoof- provinsiale inspekteur geadverteer is ten einde die komitee ook hieroor by die jaarlikse verslagdoeningsvergadering op 27 Oktober 2016 in te lig;</p>	
<p>Die korrespondensie tussen die DVOW en provinsiale tesourie sowel as die details van die vergaderings wat plaasgevind het oor die begroting vir die vulling van poste in die direktoraat: verkeersdienste. Die DVOW moet die datums waarop hierdie besprekings plaasgevind het, duidelik uiteensit en die komitee van die details van die onderskeie besprekings voorsien;</p>	
<p>h Ontleding van die kommunikasiebegroting; en</p>	
<p>Die DVOW se ondersoek na en verslag oor bewerings dat verkeersbeamptes in Knysna koste vanuit hul persoonlike begrotings aangegaan het om geskutte voertuie na die skutfasiliteit te vervoer.</p>	

7.1.17 Die komitee se besluite vervat in sy brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 15 November 2016, volgende op sy vergadering gehou op 26 Oktober 2016, en die DVOW se respons word hieronder uiteengesit.

Aangeleenthede gelug deur die komitee	DVOW se respons
<p>Die komitee het versoek dat die DVOW dit van die volgende inligting voorsien:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die totale bedrag van derdeparty-eise wat ten opsigte van ongelukke en verliese verwerk is;</li> <li>• Die name en hoedanighede van komiteede wat op die eiendomsporeteuljekomitee dien;</li> <li>• Die datum waarop die bedryfsmaatskappy, George Link, geïnkorporeer is om die werksaamhede van George se geïntegreerde vervoernetwerk te bestuur;</li> <li>• Die name van die skole waar 77 Graad R-klaskamers praktiese voltooiing behaal het en</li> <li>• Die name en ligging van die vyf eiendomme wat vervreem is sowel as die name en ligging van die 19 eiendomme wat bekom is.</li> </ul>	<p>Die DVOW se respons in hierdie verband is aan die komitee voorsien in 'n brief (verwysing 11/1/2/2/Standing Committee on Transport and Public Works), gedateer 31 Januarie 2017.</p>
<p>Die komitee het voorts versoek dat die DVOW, nadat 'n sperdatum van 30 November 2016 vir die indiening van geouditeerde finansiële state (twee jaar agterstallig) deur George Link gestel is, die komitee inlig of daar wel aan die sperdatum voldoen is.</p>	
<p>Die komitee het besluit om op 'n toekomstige datum oorsigbesoeke te bring aan:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Wesfleur, Parkview en Willemsvallei Primêr vir opvolging op die voltooide remediërende ontwikkeling;</li> <li>• George-munisipaliteit om met die munisipaliteit te vergader oor aangeleenthede rakende die GGIVN; en</li> <li>• die persele van die gedeelddienstekantoor in Khayelitsha en die Karl Bremmer-hospitaal wat volgens die standaard "Five Star, Green Star" ontwerp is.</li> </ul>	
<p>Die komitee het voorts besluit dat dit die DVOW in 2017 sal nooi om dit in te lig oor die spesifieke teikens wat gestel is ter bereiking van spesifieke voorstelle wat die DVOW aan die provinsiale tesourie gemaak het rakende die geïnvesterende reserwes komende van SMV.</p>	
<p>Die komitee het aanbeveel dat die DVOW en staatsmotorvervoer spesifieke teikens stel om verteenwoordiging ten opsigte van geslag (vroulik) en ras (swart) behaal en aan die komitee in hierdie verband terugrapporteer. Hierdie spesifieke teikens moet by die volgende jaarlikse prestasieplan ingesluit word wat saam met die begroting in die volgende boekjaar ingedien sal word.</p>	

7.1.18 Die komitee se besluit vervat in sy brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 13 Desember 2016, volgende op sy vergadering op 31 Januarie 2017, rakende die verkeersveiligheidsplan vir die feesseisoen, en die DVOW se respons word hieronder getabuleer.

Aangeleenthede gelug deur die komitee	DVOW se respons
<p>Die komitee versoek dat die DVOW hom oor die verkeersveiligheidsplan vir die feesseisoen inlig.</p>	<p>'n Aanbieding: Festive Season Report: 2016/17 is gemaak.</p>

Aangeleenthede gelug deur die komitee	DVOW se respons
Die komitee het die DVOW genooi om deel te neem aan 'n bespreking rakende die bemiddelingsproses waarby Stad Kaapstad, Uber Suid-Afrika Kaapstad en die Uber Bestuursgulde betrokke is.	DVOW het die bespreking bygewoon.

7.1.19 Die staande komitee se e-pos-korrespondensie gedateer 11 Januarie 2017 rakende die DVOW se prestasie en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die DVOW is versoek om die komitee te voorsien van skriftelike opdatering van sy prestasie gedurende die derde kwartaal van die 2016/17-boekjaar (Okt. – Des. 2016), waarin die teikens wat gedeeltelik behaal is en daardie wat nie behaal is nie, uiteengesit word sowel as afwykings vanaf gestelde teikens.	Die DVOW se respons is op 03 Maart 2017 in die vorm van 'n aanbieding: DTPW Performance: First 3 quarters of 2016/17 aangestuur.

7.1.20 Die staande komitee se e-pos-korrespondensie gedateer 27 Januarie 2017 en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee het afskrif versoek van die haalbaarheidsverslag/finansiële model wat deur die DVOW in oorleg met die regulatoriese owerheid vir maatskaplike behuising opgestel is om die toepaslikheid van die model vir maatskaplike behuising te bepaal.	Die DVOW se respons is op 27 Januarie 2017 per e-pos aan die komitee gestuur.

7.1.21 Die staande komitee se brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 02 Februarie 2017 en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee het die DVOW versoek om, in oorleg met die WKOD, 'n besoek aan Hawston en Masakhane Primêr te fasiliteer ten einde die vordering te evalueer van remediërende werk wat onderneem word. Die inspeksie van die skole moet voorafgegaan word met 'n inligtingsessie oor die ter sprake vordering.	'n Oorsigbesoek het op 28 Februarie 2017 plaasgevind waar 'n aanbieding gemaak is oor die geaffekteerde areas en die remediërende werk wat onderneem moet word.

7.1.22 Die staande komitee se besluite vervat in sy brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 06 Februarie 2017, wat verband hou met sy vergadering op 31 Januarie 2017, en die DVOW se respons word hieronder getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die komitee versoek	DVOW se respons
Die komitee het versoek dat die DVOW statistiek verstrek oor sterftes vir November en Desember 2016 en vir Januarie 2017.	Die DVOW se respons is vervat in voorleggings aan die komitee getitel: "Festive Season Integrated Traffic Operational Plan 2016/17 dated 23 November 2016" en "Festive Season Report 2016/17: 01 December 2016 – 16 January 2017".
Die komitee het versoek dat die DVOW 'n afskrif voorsien van sy huidige diensstaat.	
Die komitee het versoek dat die DVOW dit voorsien van die koste van die mediaveldtog vir die 2016/2017-boekjaar.	
Die komitee het versoek dat die DVOW dit voorsien van die vakaturekoers binne die direktoraat verkeersdienste.	



Die komitee het versoek dat die DVOW dit voorsien van 'n gedetailleerde verslag oor die vulling van die streeksentrumbestuursposte.	
Die komitee het versoek dat die DVOW dit voorsien van die aantal bestuurders wat by inspeksie nie 'n geldige professionele bestuurspermit kon aanbied nie.	
Die komitee het voorts besluit dat uitstaande inligting, waar die sperdatum vir indiening nie deur die DVOW nagekom is nie, teen 15 Februarie 2017 aan die komitee voorgelê moet word.	

7.1.23 Die komitee se besluit vervat in sy brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 13 Februarie 2017, volgende op sy vergadering op 22 Maart 2017, rakende die verkeersveiligheidsplan vir die Paasseisoen, en die DVOW se respons word hieronder getabuleer.

Aangeleenthede gelug deur die komitee	DVOW se respons
Die komitee het versoek dat die DVOW dit inlig oor die verkeersveiligheidsplan vir die Paasseisoen.	Die DVOW se verkeersveiligheidsplan vir die Paasseisoen is vervat in 'n aanbieding gedateer 22 Maart 2017.

## 7.2 Staande Komitee oor Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning

7.2.1 Die staande komitee se brief (verwysing 11/4/1/2/16) gedateer 21 Julie 2016 volgende op 'n oorsigbesoek aan Caledon Provinsiale Hospitaal op 25 Mei 2016, as deel van die komitees se diensleweringkluster, en die DVOW se respons word hierna getabuleer.

Aangeleenthede gelug deur die komitee	DVOW se respons
Die komitee het sy kommer geopper oor die kliniek se afvalbergingskapasiteit, die gebrek aan uitbreidingsplanne en die toenemende aantal pasiënte in die area. Die huidige infrastruktuur sal nie in staat wees om die toename in mediese afval te akkommodeer nie. Die komitee het besluit dat die DVOW dit voorsien van 'n verslag oor die stand van die uitbreiding aan die fasiliteit vir gesondheidsorgafval sowel as die uitbreidingsplan vir die hospitaal om die bevolkingstoename in die distrik te akkommodeer.	Die DVOW se respons in hierdie verband is aan die komitee voorsien onder die verwysing "11/1/2/2/ Standing Committee on Transport and Public Works dated 11 August 2016". Die kliniek se afvalbergingskapasiteit is as 'n behoefte geïdentifiseer, maar ander projekte is geïdentifiseer as 'n hoër prioriteit vir implementering.

### 7.3 Staande Komitee oor Gemeenskapsveiligheid

7.3.1 Die komitee se brief (verwysing 11/4/1/2/9) gedateer 19 September 2016 aan die Premier waarom kommentaar oor polisiehelpbronne gevra word en die DVOW se respons word hieronder getabuleer.

Aangeleenthede gelug deur die komitee	DVOW se respons
Die komitee het die DVOW genooi om 'n mondelinge of skriftelike voorlegging te doen oor uitdagings verwant aan polisiehelpbronne in die Wes-Kaap.	Die DVOW het sy respons in brief aan die komitee vervat (verwysing TPW 11/1/2/2/Standing Committee on Community Safety) gedateer 29 September 2016. In hoofsaak het die DVOW die volgende uitgelig: <ul style="list-style-type: none"><li>• Taxi-verwante geweld en regulering;</li><li>• Aanvalle op openbare infrastruktuur, veral vervoerinfrastruktuur; en</li><li>• Bestuur van uitsettings uit eiendom en beveiliging van onbesette eiendomme.</li></ul>

## 8 Resolusies van die Komitee op Openbare Rekening (ORK)

### 8.1 Respons oor die verslag van die ORK oor die 2015/16-jaarverslag gedateer 28 November 2016

Die komitee het kennis geneem van die Ouditeur-generaal se mening rakende die departement se finansiële jaarstate vir die 2015/16-boekjaar, naamlik dat 'n "skoon audit" verklaar is. Die auditmening bly onveranderd sedert die 2014/15-boekjaar.

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het R6,7 miljard van 'n begroting van R6,8 miljard bestee, wat 'n algehele onderbesteding van R90,8 miljoen (1,3%) tot gevolg gehad het. Voorts was daar 'n oorvordering op departementele inkomste, begroot as R1,3 miljard, van R156,8 miljoen (12%).

Die oorvordering van inkomste is toe te skryf aan die volgende faktore:

- Motorvoertuiglisensies;
- Verkoop van goedere en dienste;
- Oordragfondse wat ontvang is;
- Rente, dividende en verhuring van grond;
- Boetes, strafboetes en verbeurings;
- Verkoop van departementele kapitale bates; en
- Finansiële transaksies in bates en laste.

Die komitee het egter kennis geneem dat die algehele onderbesteding binne die departement te danke was aan die volgende faktore:

- Vulling van poste en verlaging in geteikende personeeluitgawes;
- Geteikende besparings op goedere en dienste; en
- Stadiger as beplande kapitaalbesteding aan die moderniseringsprogram.

Die menings en besluite van die komitee word in die tabel hieronder uiteengesit:

Resolusienommer	Onderwerp	Besonderhede	Departement se respons	Opgelos?
8.9.1.1	<p><b>Bladsy:</b> 85 van die jaarverslag</p> <p><b>Opskrif:</b> "Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke"</p> <p><b>Beskrywing:</b> Die komitee neem kennis dat die departement kontrakte bestuur en die toewysing van hierdie kontrakte binne die provinsie. Die komitee het egter sy kommer uitgespreek dat kontrakteurs dalk vir kontrakte aansoek kan doen wat buite die omvang van hul bedryf val en dus uiteindelik op die beplande geteikende lewering van die departement kan hê.</p> <p>In die lig hiervan het die departement die komitee verseker dat dit 'n verifiëringsmeganisme in plek het wat sal verseker dat alle kontrakteurs deeglik gesif word en dat provinsiale tenders aan hulle toegewys sal word wat binne die kontrakteur se bestek van werksaamhede val. Dit sal verseker dat toegekende kontrakte suksesvol afgehandel word en, in die meeste gevalle, binne kontraktuele tydsraamwerke.</p>	<p>Dat die departement die komitee inlig oor die verifiëringskontroles en balansmeganisme wat in plek is om die operasionele bevoegdheid van kontrakteurs te verifieer wanneer hulle vir departementele kontrakte aansoek doen.</p>	<p>Kennis geneem.</p> <p>'n Inligtingsessie sal met die Komitee vir Openbare Rekeninge geskeduleer word.</p> <p>Die Hoofdirekteur: VKB is ingelig oor die voorsiene inligtingsessie onder verwysing 4/6/4/1 gedateer 5 Desember 2016.</p>	Ja

Resolusienommer	Onderwerp	Besonderhede	Departement se respons	Opgelos?
8.9.1.2	<b>Bladsy:</b> 259 van die jaarverslag <b>Opskrif:</b> "Goedere en dienste" <b>Beskrywing:</b> Die komitee het bemerk dat die departement sy advertensiekoste vir die 2015/16-boekjaar verhoog het. Die departement het aangetoon dat die grootste projekbydraer vir die 2015/16-boekjaar die "First Kiss"-multimedia-reklameveldtog was.	Dat die departement die komitee inlig oor die impak van die "First Kiss"-multimedia-reklameveldtog en die voordele wat in die 2015/16-boekjaar daaruit geput is.	Kennis geneem. 'n Inligtingsessie sal met die Komitee vir Openbare Rekeninge geskeduleer word. Die ADG: Vervoerbestuur is ingelig oor die voorsiene inligtingsessie onder verwysing 4/6/4/1 gedateer 5 Desember 2016.	Ja
8.9.1.3	<b>Bladsy:</b> 311 paragraaf 5 van die verslag van die Komitee vir Openbare Rekeninge " <i>Transversal departmental resolution</i> ".	Die komitee het bemerk dat een van die redes vir die onderbesteding van fondse deur die meeste departemente te danke is aan 'n instruksie deur provinsiale tesourie om koste te bespaar of die aanstelling van werknemers vir die 2015/16-boekjaar.	Kennis geneem.	Ja
8.9.1.4		Die komitee het met sorg gemerk dat die onderbesteding op vakatures 'n negatiewe impak kan hê op die welstand van die personeel in die Wes-Kaapse Regering wat aanleiding kan gee tot die uitbranding van personeel en dus 'n negatiewe diensleweringssuïset binne die Wes-Kaap tot gevolg kan hê.	Kennis geneem Finansinstruksie 12 van 2016 en Finansinstruksie 12 (Wysiging 1 van 2016) is uitgereik om werk te maak van aangeleenthede verwant aan die vulling van vakatures binne die departement se beheer.	Ja
8.9.1.5	<b>Bladsy:</b> 311 en 312 paragraaf 6.1 en 6.2 van die verslag van die Komitee op Openbare Rekeninge - " <i>Transversal resolutions by the PAC</i> ".	Die komitee HET BESLUIT dat alle departemente en entiteite voldoen aan die volgende dwarsliggende versoeke: Dat die departemente en entiteite die ORK-tabel van resolusies, insluitende die lys van inligting versoek, publiseer in sy jaarverslag, in Deel C, vir die 2016/17-boekjaar en daarna;	Finansinstruksie 8 van 2014 is uitgereik in hierdie verband.	Ja
8.9.1.6		Dat departemente en entiteite die BGSEB-status uitlig van alle kontakte en konsultante wanneer hulle in Deel D van hul jaarverslae vir die 2016/17-boekjaar en daarna verslag doen.	Finansinstruksie 35 van 2016 is uitgereik in hierdie verband.	Ja

Resolusienommer	Onderwerp	Besonderhede	Departement se respons	Opgelos?
8.9.1.7	<b>Bladsy:</b> 312 en 313 paragraaf 7.4 van die verslag van die Komitee op Openbare Rekening - "General Findings".	<p>Gedurende die 2015/16-boekjaar het 12 departemente en vyf entiteite 'n skoon oudit behaal. Van hierdie het al die departemente hul status van 'n skoon oudit vanaf die 2014/15-boekjaar behou. Soos voorheen vermeld, het die totale getal entiteite wat 'n skoon oudit behaal het van sewe na vyf entiteite verswak. Die komitee wil alle departemente en entiteite aanraai om te let op die dwarsliggende risiko's wat gedurende die 2015/16-boekjaar deur die ouditkomitee geïdentifiseer is.</p> <p>Hierby ingesluit is die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Nuwe regulasies wat dalk deur die Tesourie ingevoer kan word;</li> <li>• Risiko's verbonde aan die openbaarmaking van voorraad weens die deurlopende gebruik van aangepaste kontantstandaarde;</li> <li>• Die implementering van die landwye IFMS;</li> <li>• Die risiko van VKB namate veranderings deurlopend geïmplementeer word;</li> <li>• NT, ingeslote die gesentraliseerde databasisstelsel;</li> <li>• Nuwe Staatsdiensregulasies; en</li> <li>• Kontantvloeibestuur onder ekstreme begrotingsbeperkings.</li> </ul>	<p>Kennis geneem.</p> <p>Die volgende ontluikende risiko's is by 2016-17 se DCGIP ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Openbaarmaking van voorraad;</li> <li>• Sentrale Verskaffersdatabasis; en</li> <li>• VKB-projekte verwant aan huidige veranderings.</li> </ul> <p>Die volgende sal deur die ERMCO bestuur word:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Nuwe tesourieregulasies;</li> <li>• Staatsdiensregulasies;</li> <li>• IFMS; en</li> <li>• Kontantvloeibestuur onder ekstreme begrotingsbeperkings.</li> </ul> <p>Die Staatsdiensregulasies is uitgereik.</p> <p>Delegasies ingevolge artikel 42A van die Staatsdienswet, 1994 soos gewysig en die Staatsdiensregulasies, 2016 is uitgereik en versprei onder departementele omsendkrywe 3 van 2012 (Wysiging 1 van 2016) met ingangsdatum 1 Augustus 2016.</p>	Ja

Resolusienommer	Onderwerp	Besonderhede	Departement se respons	Opgelos?
8.9.1.8	<b>Bladsy:</b> 313 paragraaf 7.6 van die verslag van die Komitee op Openbare Rekening - "General Findings".	Oorhoofs was daar 'n verbetering in departemente en entiteite van die Wes-Kaapse Regering se gebruik van sleutelbeheermeganismes in finansiële en prestasiebestuur. Die komitee versoek dat departemente en entiteite daarop fokus om die volgende risiko-areas, soos geïdentifiseer deur die Ouditeur-generaal, te verbeter: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorsieningskanaalbestuur;</li> <li>• Finansiële gesondheid; en</li> <li>• Inligtingstechnologie.</li> </ul>	Kennis geneem. Verskeie projekte verwant aan voorsieningskanaalbestuur, finansiële gesondheid en inligtingsbestuur word via die verbeteringsplan vir korporatiewe bestuurtoesig bestuur.	Ja
8.9.1.9	<b>Bladsy:</b> 313 paragraaf 7.8 van die verslag van die Komitee op Openbare Rekening - "General Findings".	Die komitee beaam die menings van sy strategiese vennote, die OGSA en die ouditkomitees, naamlik dat die volgende as 'n pad vorentoe vir die 2016/17-boekjaar voorgestel word: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die benadering van die OGSA en ouditkomitees om daarna te streef om hup te verleen en oplossings te vind vir belanghebbers se uitdagings is prysenswaardig en behoort versterk te word;</li> <li>• Die auditresultate van die departemente en entiteite sal gehandhaaf moet word (vir diegene met skoon auditmenings), terwyl diegene met ongekwalifiseerde en gekwalifiseerde ouditmenings deur die provinsiale tesourie en DvdP gehelp sal moet word om die status van skoon auditmenings te behaal; en</li> <li>• Die ORK sal steeds saam met die OGSA en ouditkomitees daaraan werk om doeltreffende en doelmatige toesighouding in die departemente en entiteite te verseker.</li> </ul>	Kennis geneem.  Kennis geneem.  Kennis geneem.	Ja



## 8.2 Lys van inligting verlang

Dat die Departement van Vervoer en Openbare Werke die komitee van die volgende voorsien:

8.2.1 'n Lys waarin werknemers se RWOPS-aansoeke vir die 2015/16-boekjaar toegelig word, soos voortspruitend uit bladsy 182 van die jaarverslag.

(Hierdie inligting is aan die komiteekoördineerder verskaf.)

8.2.2 'n Gedetailleerde uiteensetting van die fondse wat vir reklameprojekte begroot is, soos aangetoon op bladsy 259 van die jaarverslag.

(Hierdie inligting is aan die komiteekoördineerder verskaf.)

---

## 9 Vorige wysigings aan ouditverslae

---

Daar was geen wysigings aan die ouditverslae oor die afgelope vier jaar nie.



## 10 Direkoraat Finansiële Bestuurstoestig

Die doel van die direkoraat finansiële bestuurstoestig is om gesonde finansiële bestuurspraktyke te verseker. In die loop van finansiële oorsigjaar was die fokus op die verifiëring van voldoening aan goedgekeurde delegasies; nakomingstoetsing van uitgawebewyse; bespeuring en voorkoming van onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes; uitvoering van voorafbepaalde finansiële inspeksies soos aangetoon in die operasionele plan; *ad hoc* ondersoek; en die voorsiening van doeltreffende en doelmatige bedrog- en verliesbeheerbestuursdienste.

Aangeleenthede geopper	Werk verrig
Finansiële delegasies	Rekenpligtige beamptes se delegasies ingevolge WOFB – Delegasieraamwerk 2014 Finansinstruksie 6 van 2006 (Wysiging 1 van 2016) uitgereik op 8 Desember 2016
Die ontwikkeling, hersiening en wysiging van standaardbedryfsprosedures en -beleide om finansiële bestuurstoestig te verbeter.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gereeldheidsouditproses - Finansinstruksie 2 van 2007: (Suppl. 1 van 2016) uitgereik op 28 Desember 2016</li> <li>• ERMCO-opdrag - Finansinstruksie 5 van 2012: (Suppl. 1 van 2016) uitgereik op 17 Junie 2016</li> <li>• BAS-betalingskontrolelys: Finansinstruksie 3 van 2016 uitgereik op 3 Junie 2016</li> <li>• Spysenieringsuitgawes: Finansinstruksie 4 van 2014 (Wysiging 1 van 2016) uitgereik op 22 Julie 2016</li> <li>• Verspreiding van salarisstrookies, betaalstate en sertifisering van die voormelde: Finansinstruksie 5 van 2016 uitgereik op 4 Julie 2016</li> <li>• Voorafgoedkeuring en kennisgewing van personeelwerwing en verkrygingskontrakte: Finansinstruksie 6 van 2009 (Suppl. 1 van 2016) uitgereik op 31 Oktober 2016</li> <li>• Bestuur van verliese en eise: Finansinstruksie 8 van 2016 uitgereik op 26 September 2016</li> <li>• Behoud van finansiële inligting: Finansinstruksie 10 van 2016 uitgereik op 26 September 2016</li> <li>• Voorlê van inligting aan die WKPP en Openbare Beskermer SA: Finansinstruksie 11 van 2016 uitgereik op 1 Julie 2016</li> <li>• Departementele reëls vir die bestuur van VvW: Finansinstruksie 12 van 2016 uitgereik op 26 Augustus 2016</li> <li>• Finansinstruksie 12 van 2016 (Suppl. 1 van 2016) uitgereik op 29 Augustus 2016</li> <li>• WKR se teenkorrupsie-strategie 2015: Finansinstruksie 13 van 2016 uitgereik op 29 Julie 2016</li> <li>• Bedrogbewusmakingsopleiding 2016-17: Finansinstruksie 15 van 2013: (Suppl. 1 van 2016) uitgereik op 6 Mei 2016</li> </ul>

Aangeleenthede geopper

Werk verrig

- Departementele teenbedrog- en teenkorrupsie-beleid: Finansinstruksie 15 van 2016 uitgereik op 1 Augustus 2016
- Voorleggings aan hoër owerhede - Finansinstruksie 16 van 2013: (Suppl. 1 van 2016) uitgereik op 8 Desember 2016
- Beleidsriglyne oor bateverslagdoening: Finansinstruksie 17 van 2016 uitgereik op 19 Augustus 2016
- Aanvaarding van die WKR se beleid oor fluitjieblasery deur die DVOW: Finansinstruksie 18 van 2016 uitgereik op 26 Augustus 2016
- Tariefgoedkeuringsproses en verlangde inligting: Finansinstruksie 19 van 2016 uitgereik op 26 Augustus 2016
- Aanpassing van die bepaling van en direktief oor werkstyd 2015: Finansinstruksie 20 van 2016 uitgereik op 28 Augustus 2016
- Toelaes en tariewe vir berekening en toepassing: Finansinstruksie 21 van 2016 uitgereik op 28 Augustus 2016
- Aanpassing van gevaartoelaes: Finansinstruksie 22 van 2016 uitgereik op 28 Augustus 2016
- Banktenderdienste – Aanvaarding van geskenke, donasies en borgskappe: Finansinstruksie 23 van 2016 uitgereik op 19 September 2016
- Brandkaste en kluipe: Finansinstruksie 24 van 2016 uitgereik op 26 September 2016
- Betalingstrokies, dokumentbestuursverslag en stelselwagwoordbestuur: Finansinstruksie 25 van 2016 uitgereik op 21 November 2016
- Direktief oor aanvaarding van geskenke, donasies en borgskappe deur werknemers: Finansinstruksie 26 van 2016 uitgereik op 26 September 2016
- Vergunning van geskenke, donasies en borgskappe deur die departement: Finansinstruksie 27 van 2016 uitgereik op 26 September 2016
- Bestuur en behartiging van interne ouditverslae: Finansinstruksie 28 van 2016 uitgereik op 26 September 2016
- Aanvaarding van geskenke, donasies en borgskappe deur die departement: Finansinstruksie 29 van 2016 uitgereik op 26 September 2016
- Kostebesparingsmaatreëls: Finansinstruksie 31 van 2016 uitgereik op 1 November 2016
- Departementele implementeringsplan vir die voorkoming van bedrog 2016-17: Finansinstruksie 32 van 2016 uitgereik op 9 November 2016
- 2016-aanpassing van die vergoedingsvlak/diensvoordeelpakkette van ampsdraers van sekere statutêre en ander instansies: Finansinstruksie 33 van 2016 uitgereik op 1 November 2016

Aangeleenthede geopper	Werk verrig
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 2016-vergoeding van nie-amptelike lede/kommissies/kommissies van ondersoek en ouditkomitees: Finansinstruksie 34 van 2016 uitgereik op 10 November 2016</li> <li>• Verslag van die Komitee oor Openbare Rekeninge rakende die 2015/16-jaarverslag: Finansinstruksie 35 van 2016 uitgereik op 8 Desember 2016</li> </ul>
PFD-verslae	Aandag geskenk aan die aanbevelings van die 12 verslae wat ontvang is
Eksterne ouditproses	Om kontinuiteit met die resultaat van die vorige jaar se oudit te verseker, is noodsaaklike voorbereidingswerk verrig voordat die nuwe ouditsiklus in Desember 2016 'n aanvang geneem het.
Interne ouditproses	Soos op 31 Maart 2017 is ses verslae ontvang en die implementering van aanbevelings word deur die DCGIP behartig.
Behoud van finansiële inligting	Gedurende die 2016/2017-boekjaar is 23 731 BAS-bestedingsbewyse, 8 676 joernale en 7 988 kwitansies geverifieer teen die maandelikse dokumentbestuursverslae om volledigheid te verseker en finansiële inligting te bevellig.
Verslagdoening <ul style="list-style-type: none"> <li>• Resolusies van die Komitee op Openbare Rekeninge (ORK)</li> <li>• Staatsdienskommissie (finansiële wangedrag)</li> <li>• Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSDA) (korrupsie en bedrog)</li> <li>• Topbestuur (departementele plan om korporatiewe bestuurstoestig te verbeter)</li> <li>• Ouditkomitee (departementele plan om korporatiewe bestuurstoestig te verbeter)</li> <li>• Topbestuur (onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes)</li> <li>• ERMCO (implementeringsplan vir bedrogvoorkomingstrategie en bedrogrisikoregisters)</li> <li>• IJM (onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes)</li> </ul>	Jaarliks Jaarliks Kwartaalliks Maandeliks Kwartaalliks Maandeliks Kwartaalliks Maandeliks

Aangeleenthede geopper	Werk verrig
Departementele plan om korporatiewe bestuurstoelig te verbeter	Die DCGIP word bygewerk met bevindinge vanuit die OGSA se bestuursverslag, interne ouditverslae, provinsiale tesourie se GAP-analise, PFD se verslae en die ORK se resolusies. Teen jaareinde is 43 projekte in hierdie verband gemoniteer.
Finansiële handleiding oor die bestuurstelsel vir elektroniese inhoud	Instandhouding van die stelsel en die laai van bestuursdokumente geskied op 'n deurlopende basis.
Finansiële inspeksies	Getal nakomingsinspeksies en ad-hoc-inspeksies uitgevoer: 52 Getal na-ouditinspeksies uitgevoer: 86 Weens die omvang van die betalings wat deur die departement verwerk word, kon slegs sekere betalingskantore en sekere maande na afloop van die oudit opgevolg word. Om te verseker dat alle BAS-betalingsbewyse korrek is, is 'n voor-ouditkontrolelys ontwerp en word dit gebruik om die risiko van nienakoming te versag. As deel van die inspektoraat se operasionele plan word alle opgeloopte bedrae vir die boekjaar vir korrektheid geverifieer voordat dit by die finansiële jaarstate ingevoer word. Alle LOGIS- en BAS-betalings is geverifieer.
Sakelêers vir verliesbeheer: Sake hou verband met eise teen die staat, skade aan staatsmotorvoertuie en verlies aan roerende bates.	Beginsaldo 1 April 2016 (516) Nuwe sake geregistreer (235) Sake afgehandel 31 Maart 2017 (263) Balans soos op 31 Maart 2017 (488)
Sakelêers rakende onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes	Beginsaldo 1 April 2016 (0) Nuwe sake geregistreer (4) Totale sake ondersoek (4) Afgehandelde sake (4) Balans soos op 31 Maart 2017 (0)

## 11 Hoofdirektoraat: Voorsieningskanaalbestuur: Direktoraat Bestuurstoelig en Vraagbestuur

Die direktoraat bestuurstoelig en vraagbestuur se doel is om 'n diens te lewer ten opsigte van beplanning, nakoming, prestasiebestuur, kapasiteitsbou en vraagbestuur. In die loop van die finansiële oorsigjaar was die direktoraat hoofsaaklik betrokke by die implementering en toepassing van die rekenpligtige beampte se VKB-stelsel wat prosesse versterk het deur die ontwikkeling, hersiening en wysiging van

prosedures ten einde werk te maak van tekortkominge in interne beheer, vaardighede waar nodig oor te dra en aandag te skenk aan enige ander tersaaklike gevolge.

Aangeleenthede geopper	Werk verrig
VKB	<p>Kommentaar gelewer op die volgende konsep-NT-regulasies, instruksies en omsendskrywes (gekonsolideerde kommentaar via die provinsiale tesourie aan NT gelewer) met 'n spesifieke fokus op hierdie departement se impak op infrastruktuur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsep-NT-VKB-instruksiekennisgewing 1: Verkryging op 'n wyse anders as deur mededingende tenders. Huidige status: Konsep</li> <li>• Konsep-NT-VKB-instruksiekennisgewing 2: Nakoming van etiese standaarde, gedragskode en etiek deur VKB-praktisyne en -rolspelers. Huidige status: Konsep</li> <li>• Konsep-NT-instruksiekennisgewing 3: Kontrakbestuur. Huidige status: Konsep</li> <li>• Konsep-NT-VKB-instruksiekennisgewing 4: Verslagdoening oor afwyking van tenderkomitee se aanbevelings. Huidige status: Konsep</li> <li>• Konsep-NT-VKB-instruksiekennisgewing 5: Prestasiebestuur en -verslagdoening. Huidige status: Konsep</li> <li>• Konsep-NT-VKB-instruksiekennisgewing 6: Drempelwaardes ten opsigte van verkryging van goedere en dienste, verklaring van belange en ander administratiewe vereistes. Huidige status: Konsep</li> <li>• Konsep-NT-instruksie: Betaling van verskaffers binne die voorgeskrewe tydperk. Huidige status: Uitgereik op 30 Junie 2016 – NT-instruksie 5 van 2016/17: Betalings wat 30 dae oorskry</li> <li>• Konsep-NT-instruksie 1 van 2016-17: Reisbeleidraamwerk. Huidige status: Uitgereik op 15 April 2016 en herroep deur NT-instruksie 1A van 2016/17 op 20 September 2016. NT-instruksie 2 van 2017/18: Nasionale reisbeleidraamwerk uitgereik op 20 April 2017 met 'n implementeringsdatum van 01 Oktober 2017.</li> <li>• Konsep-NT-VKB-omsendskrywe 9 van 2016-17: Reisbeleidraamwerk. Huidige status: Uitgereik op 20 September 2016</li> <li>• Konsep-NT-regulasies. Huidige status: Konsep</li> <li>• Konsepregulasies vir voorkeurverkryging, 2017. Huidige status: Uitgereik op 20 Januarie 2017, vir implementering 1 April 2017</li> <li>• Konsep-NT-omsendskrywe: Verkryging van eiendomme wat aan die staat verhuur word. Huidige status: Konsep</li> <li>• Wetsontwerp vir Openbare Verkryging, 2016. Huidige status: Konsep</li> </ul>
Komitee oor Openbare Rekeninge	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die VKB-eenheid het voorbereidingswerk behartig en uitgevoer, hulp verleen met aanbiedings aan die Komitee oor Openbare Rekeninge sowel as die Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke op verskeie terreinbesoeke gedurende die jaar vergesel.</li> </ul>

Aangeleenthede geopper	Werk verrig
Die ontwikkeling, hersiening en wysiging van standaardbedryfsprosedures en -beleide om voorsieningskanaalbestuur te verbeter	<ul style="list-style-type: none"> <li>• VKB-instruksie 3 van 2016/17: Aanvaarding van beëdigde verklarings ten opsigte van BGSEB-vereistes en die implementering van die hersiene WCBD 6.1(a) en 6.1(b)</li> <li>• VKB-instruksie 5 van 2016/17: Advertering van 2016 se jaareindedatums</li> <li>• VKB-instruksie 7 van 2016/17: Opstelling van LOGIS-openbaarmakingsaantekeninge vir finansiële state 2016/17</li> <li>• VKB-instruksie 8 van 2016/17: Verkrygingsplan 2017/18</li> <li>• VKB-instruksie 9 van 2016/17: Finansiële jaareinde-verwerking van LOG1-rekwisies</li> <li>• VKB-instruksie 10 van 2016/17: Openbaarmaking van finansiële belange vir VKB-praktisyns                         <ul style="list-style-type: none"> <li>◦ Onderworpe aan hersiening ingevolge die nuwe Staatsdiensregulasies verwant aan aangewese kategorieë van werknemers wat finansiële belange openbaar moet maak.</li> </ul> </li> <li>• VKB-instruksie 11 van 2016/17: Finansiële jaareinde-herklassifisering van bates 2016/17</li> </ul>
Samewerkende inisiatiewe met lynfunksie	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Weeklikse vergaderings met die lynfunksie oor die implementering van die rekenpligtige beampte se VKB-stelsel</li> <li>• Weeklikse vergaderings met die lynfunksie oor aflewering deur die VKB-program</li> <li>• Tweeweeklikse vergaderings met die Sentrum vir e-Innovasie oor die visualisering van die VKB-stelsel</li> </ul>
Verslagdoening <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verkrygingstatistiek                             <ul style="list-style-type: none"> <li>◦ Departementshoof</li> <li>◦ HFB</li> <li>◦ Provinsiale Tesourie</li> <li>◦ NT (deur die CRA-stelsel)</li> <li>◦ Ouditeur-generaal</li> </ul> </li> <li>• Monitering van die verkrygingsplan</li> <li>• Toegekende kontrakte                             <ul style="list-style-type: none"> <li>◦ CIDB-register van kontrakte (I-Tender)</li> </ul> </li> <li>• Departementele plan om korporatiewe bestuurstoelig te verbeter</li> <li>• Topbestuur</li> </ul>	Maandeliks Maandeliks Maandeliks Maandeliks Maandeliks Kwartaalliks Maandeliks Maandeliks Maandeliks

Aangeleenthede geopper	Werk verrig												
<ul style="list-style-type: none"> <li>Komitee oor die Bestuur van Infrastruktuurlewering</li> <li>Komitee oor Openbare Rekeninge</li> <li>Ouditkomitee</li> <li>Staannde Komitee oor Vervoer en Openbare Werke</li> </ul>	Maandeliks Soos verlang Soos verlang Soos verlang												
Verkryging deur tenderprosesse	Formele tenders: <table border="1" data-bbox="750 555 2072 686"> <thead> <tr> <th colspan="2" data-bbox="750 555 2072 603">2016/17-boekjaar</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td data-bbox="750 603 1303 643">Getal kontrakte toegeken</td> <td data-bbox="1303 603 2072 643"></td> </tr> <tr> <td data-bbox="750 643 1303 686">Waarde van kontrakte toegeken</td> <td data-bbox="1303 643 2072 686">R3 321 867</td> </tr> </tbody> </table> *In hoofsaak op konstruksieverkryging gefokus. Informele tenders: <table border="1" data-bbox="750 782 2072 911"> <thead> <tr> <th colspan="2" data-bbox="750 782 2072 829">2016/17-boekjaar</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td data-bbox="750 829 1303 869">Getal kontrakte toegeken</td> <td data-bbox="1303 829 2072 869"></td> </tr> <tr> <td data-bbox="750 869 1303 911">Waarde van kontrakte toegeken</td> <td data-bbox="1303 869 2072 911">R48 59.</td> </tr> </tbody> </table>	2016/17-boekjaar		Getal kontrakte toegeken		Waarde van kontrakte toegeken	R3 321 867	2016/17-boekjaar		Getal kontrakte toegeken		Waarde van kontrakte toegeken	R48 59.
2016/17-boekjaar													
Getal kontrakte toegeken													
Waarde van kontrakte toegeken	R3 321 867												
2016/17-boekjaar													
Getal kontrakte toegeken													
Waarde van kontrakte toegeken	R48 59.												
VKB-nakomingsinspeksies	Nakomingsinspeksies met die doel om nakoming te verbeter en hulp te verleen met die implementering van wysigings aan die rekenpligtige beampte se VKB-stesel en meegaande delegasies: Drie nakomingsevaluering is gedurende die oorsigjaar uitgevoer waarby die volgende metodologie ingesluit is: <ul style="list-style-type: none"> <li>Formele assessering met behulp van gedefinieerde metodologie</li> <li>Beplan</li> <li>Raak betrokke</li> <li>Berei voor</li> <li>Evalueer</li> <li>Rapporteer</li> <li>Moniteer en evalueer</li> <li>Identifiseer tekortkominge</li> <li>Kom wedersyds ooreen oor hoe om tekortkominge uit die weg te ruim</li> <li>Bied deurentyd een-tot-een-begeleiding aan</li> <li>Verifieer bates</li> </ul>												

Aangeleenthede geopper	Werk verrig
VKB-klagtemeganisme	Ondersoek klagtes en rapporteer alle gevalle waar bedrog, korrupsie of tenderknoeiery vermoed word (8 voorvalle ondersoek)
Verifikasie van tenderaar en personeel	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Maandelikse nakomingsverslag (komende van provinsiale tesourie) om werknemers se potensiële botsende belange te identifiseer en te verifieer.</li> <li>• VKB-instruksie 5 van 2013/14 - SBP om tenderaar en personeel te verifieer wat dit moontlik maak om profiele op te stel van potensiële en huidige diensverskaffers sowel as VKB-praktisyns namate dit verband hou met private belange en die moontlikheid van botsende belange tussen private belange en hul verpligting ten opsigte van hul openbare amp</li> <li>• WCB4 - gekombineerde SBD 4, 8 en 9 - Verklaring van belange, tenderaars se vorige VKB-praktyke en bepaling van onafhanklike tender</li> <li>• Verklaring van belange deur VKB-praktisyns</li> <li>• NIA se uitklaring van alle VKB-praktisyns</li> <li>• Verklaring van belange deur lede van die tenderkomitee</li> </ul>
Verpligte registrasie op die Wes-Kaapse verskafferdatabasis (WKVD) – sentrale bewaarplek vir alle bestuursdokumente vir die Wes-Kaapse Regering, sowel as registrasie op die NT se sentrale verskaffersdatabasis (SVD).	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Deurlopende fasilitering van die registrasie van verskaffers op die WKVD deur deelname aan die program vir kontrakteursontwikkeling met die UOWP tydens konstruksie-inligtingsessies (CIS) sowel as verskafferontwikkelingsessies (in samewerking met die departement van ekonomiese ontwikkeling en toerisme sowel as verskeie munisipaliteite); mini-werksessies met verskaffers, nagaan van registrasiedokumente vir volledigheid en opvolging van die status van dokumente wat vir registrasie ingedien is</li> <li>• SVD-promosietoere in samewerking met die provinsiale tesourie om die infrastruktuurfunksionaliteit van die IPS (geïntegreerde verkrygingsoplossing) bekend te stel sowel as om verskaffers op die SVD te registreer</li> <li>• Monitering van die WKVD en SVD om seker te maak dat verskaffers steeds aktief is</li> <li>• Bywoning van tweeweeklikse vergaderings om potensiële uitdagings wat ervaar word, te identifiseer en reg te stel ten opsigte van die registrasieproses wat dalk 'n impak op dienslewering kan hê</li> <li>• Kontrolelyste wat nakoming van verpligte registrasie informeer en afdwing</li> </ul>
Departementele plan om korporatiewe bestuurstoegig te verbeter	Behartig bevindings voortspruitend uit OGSA se bestuursverslag, interne auditverslae, provinsiale tesourie se GAP-analise en SKOOR-resolusies ten opsigte van VKB ten einde gapings te oorbrug, tekortkominge in die proses uit die weg te ruim, vaardighede waar nodig oor te dra en enige ander gevolge te bestuur

### Kapasiteitsbou- en vaardigheidsprogramme geïmplementeer

Die volgende opleidingsintervensies is gedurende die jaar bygewoon:



Datum	Beskrywing	Tipe opleiding	Get. bywoners
19-20 April 2016	IDMS-opleidingwerksessie	Interne opleiding	21
21-22 April 2016	IDMS-opleidingwerksessie	Interne opleiding	22
19-20 Mei 2016	IDMS-opleidingwerksessie	Interne opleiding	35
18 Mei 2016	Stylgids en inhoudsopgawe in MS Word 2010	Interne opleiding	10
26-27 Mei 2016	IDMS-opleidingwerksessie	Interne opleiding	43
30-31 Mei 2016	Staatsdiensinduksie	Interne opleiding	1
14 Junie 2016	Grondbeginsels van die internet en webblaaier	Interne opleiding	10
13-15 Junie 2016	Bestuurstoetsing, oudits en risikobestuur in die openbare sektor	Eksterne opleiding	25
21 Junie 2016	Hoe om data in MS Excel 2010 te bekyk en te hersien	Interne opleiding	10
07 Julie 2016	Grondbeginsels van MS PowerPoint 2010	Interne opleiding	10
15 Julie 2016	Grondbeginsels van die internet en webblaaier	Interne opleiding	10
31 Aug. - 01 Sept. 2016	Etiek in verkryging	Eksterne opleiding	25
29-30 Sept. 2016	Etiek in verkryging	Eksterne opleiding	28
14 Okt. 2016	PAIA/PAJA-werksessie	Interne opleiding	22
20-21 Okt. 2016	Etiek in verkryging	Eksterne opleiding	22
24-26 Okt. 2016	Jaarlikse ACFE-konferensie	Konferensie	3
01 Nov. 2016	MS Projek - Werkskermprojekbestuursvaardighede Vlak 1	Interne opleiding	16
02 Nov. 2016	MS Projek - Werkskermprojekbestuursvaardighede Vlak 2	Interne opleiding	16
03-04 Nov. 2016	Etiek in verkryging	Eksterne opleiding	37
10-11 Nov. 2016	Gevorderde PAIA/PAJA	Interne opleiding	24
15 Julie 2016	Grondbeginsels van die internet en webblaaier	Interne opleiding	10
31 Aug. - 01 Sept. 2016	Etiek in verkryging	Eksterne opleiding	25
29-30 Sept. 2016	Etiek in verkryging	Eksterne opleiding	28
14 Okt. 2016	PAIA/PAJA-werksessie	Interne opleiding	22
20-21 Okt. 2016	Etiek in verkryging	Eksterne opleiding	22

Datum	Beskrywing	Tipe opleiding	Get. bywoners
24-26 Okt. 2016	Jaarlikse ACFE-konferensie	Konferensie	3
01 Nov. 2016	MS Projek - Werkskernprojekbestuursvaardighede Vlak 1	Interne opleiding	16
02 Nov. 2016	MS Projek - Werkskernprojekbestuursvaardighede Vlak 2	Interne opleiding	16
03-04 Nov. 2016	Etiek in verkryging	Eksterne opleiding	37
10-11 Nov. 2016	Gevorderde PAIA/PAJA	Interne opleiding	24
13 Nov. 2016	Weet wat jou regte is	Interne opleiding	2
17-18 Nov. 2016	Etiek in verkryging	Eksterne opleiding	22
21 Nov. 2016	Inligtingsessie oor die bestuur van diversiteit	Interne opleiding	27
22 Nov. 2016	Inligtingsessie oor die bestuur van diversiteit	Interne opleiding	26
30 Nov. 2016	Inligtingsessie oor selfontwikkeling	Interne opleiding	27
24 Feb. 2017	Die King IV-verslag	Eksterne opleiding	10
7-8 Maart 2017	Wêreldkonferensie oor Slimverkryging 2017	Konferensie	17

## 12 Interne Oudit- en Ouditkomitees

---

Interne oudit voorsien bestuur van onafhanklike, objektiewe versekering en raadplegende dienste wat ontwerp is om waarde tot die deurlopende verbetering van die departement se bedrywighede te voeg. Dit help die departement om sy doelwitte te behaal deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering tot die evaluering en verbetering van die doeltreffendheid van bestuurstoelig, risikobestuur en beheerprosesse daar te stel.

Die volgende vername aktiwiteite is in hierdie verband verrig:

- Evaluering en maak van gepaste aanbevelings vir verbetering van die bestuurstoeligprosesse ten einde die departement se doelwitte te behaal;
- Evaluering van die toereikendheid en doeltreffendheid van en lewering van 'n bydrae tot die verbetering van die risikobestuurproses;
- Hulpverlening aan die rekenpligtige beampste om die doeltreffendheid en doelmatigheid van beheermaatreëls te handhaaf deur daardie beheermaatreëls te evalueer ten einde hulle doeltreffendheid en doelmatigheid te bepaal en aanbevelings ter versterking en verbetering te ontwikkel.

Die volgende betrokkenheid ten opsigte van waarborge is in 2016/17 se interne-ouditplan goedgekeur en afgehandel:

- DSDA-delegasie;
- Vraagbestuur in SMV;
- Kontrakbestuur in openbare werke;
- Oordragbetalings in padinfrastruktuur;
- Toepassing van portefeuljebestuur (IKT-oudit); en
- Rampherstelplan (IKT-oudit).

Die volgende raadplegende betrokkenheid is in 2016/17 se interne-ouditplan goedgekeur en afgehandel:

- DVP; en
- Inligtingsbestuur rakende die bestuur van onroerende bates.

Die Ouditkomitee is as 'n oorsigliggaam daargestel en verskaf onafhanklike oorsig oor bestuursbeheer, risikobestuur en beheerprosesse in die departement waarby oorsig en verantwoordelikhede verwant aan die volgende ingesluit is:

- Interne-ouditfunksie;
- Eksterne-ouditfunksie (OGSA);
- Departementele boekhouding en rapportering;
- Departementele rekeningkundige beleide;
- Hersiening van OGSA se bestuur- en ouditverslag;
- Hersiening van departementele in-jaar-monitering;
- Departementele risikobestuur;
- Interne beheer;
- Voorafbepaalde doelwitte; en

- Etiek en forensiese ondersoeke.

Tersaaklike inligting oor die ouditkomiteelede word in die tabel hieronder openbaargemaak:

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, pos in die departement	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergaderings bygewoon
Mnr. Francois Barnard	BProc; BCompt (Hons.); CTA; nagraadse diploma in ouditkunde; MComm (Belasting); GR(SA)	Ekstern	n.v.t.	01 Januarie 2016 (2de termyn)	n.v.t.	7
Mnr. Sedick Steenkamp	Hoër Diploma Rekeningkunde; CR (SA)	Ekstern	n.v.t.	01 Januarie 2016 (2de termyn)	16 November 2016	1
Mnr. Johannes Kleyn	Finansies en sakestelsels, risikobestuur en nakoming.	Ekstern	n.v.t.	01 Januarie 2015 (1ste termyn)	n.v.t.	7
Me. J Gunther	BCompt; M-graad in Kosteberekening; CRMA; CIA; AGA	Ekstern	n.v.t.	01 Januarie 2016 (1ste termyn)	n.v.t.	7

---

## 13 Verslag van die Ouditkomitee

---

Ons lê met genoë ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2017 voor.

### Ouditkomitee se verantwoordelikhede

Die Ouditkomitee rapporteer dat dit sy verantwoordelikhede voortspruitend uit artikel 38(1)(a)(ii) van die WOFB en Tesourieregulasie 3.1 ten volle nagekom het. Die Ouditkomitee rapporteer voorts dat dit gepaste formele opdragte as sy ouditkomiteehandves aanvaar het, sy sake in nakoming van hierdie handves gereguleer het en al sy verantwoordelikhede uitgevoer het soos daarin vervat.

### Die doeltreffendheid van interne beheer

Ooreenkomstig die WOFB en tesourieregulasies verleen interne oudit aan die Ouditkomitee en bestuur redelike waarborge dat interne beheermaatreëls toereikend en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n risikogebaseerde interne ouditplan, interne oudit wat die toereikendheid van beheermaatreëls wat die risiko's versag, evalueer en die Ouditkomitee wat die implementering van korrektiewe optrede monitor.

Die volgende interne-ouditbetrokkenheid is deur die Ouditkomitee goedgekeur en deur interne oudit gedurende die oorsigjaar afgehandel:

- DSDA-delegasie (vergadering rakende waarborge);
- Vraagbestuur in SMV (vergadering rakende waarborge);
- Kontrakbestuur in openbare werke (vergadering rakende waarborge);
- Oordragbetalings in padinfrastruktuur (vergadering rakende waarborge);
- Toepassing van portefeuljebestuur (IKT-oudit) (vergadering rakende waarborge);
- Rampherstelplan (IKT-oudit) (vergadering rakende waarborge);
- DVP (raadplegende betrokkenheid); en
- Inligtingsbestuur rakende die bestuur van onroerende bates (raadplegende betrokkenheid).

Daar is met bestuur ooreengekom op die terreine vir verbetering, soos deur Interne Oudit uitgewys in die uitvoering van hul pligte. Die Ouditkomitee monitor die implementering van die ooreengekome optrede op 'n kwartaallikse basis.

### In-jaar-bestuur en maandelikse/kwartaallikse verslae

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van kwartaallikse in-jaar-bestuurs- en -prestasierverslae wat ooreenkomstig die NT-regulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste tydens die oorsigjaar deur die departement se rekenpligtige beampete voorberei en uitgereik is.

### Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële jaarstate wat by die jaarverslag ingesluit moet word, hersien en met die OGSA en die rekenpligtige beampete bespreek;

- die OGSA se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien;
- veranderings aan rekeningkundige beleide en praktyke, soos in die finansiële jaarstate gerapporteer, hersien; en
- wesenlike aansuiwerings voortspruitend uit die departement se oudit hersien.

### Voldoening

Die Ouditkomitee het die departement se prosesse ter nakoming van wetlike en regulerende bepalings hersien.

### Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte, soos in die jaarverslag gerapporteer, hersien.

### Verslag van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika

Die Ouditkomitee het:

- die OGSA se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien;
- op 'n kwartaallikse basis die departement se implementering hersien van ouditaangeleenthede wat in die vorige jaar geopper is; en
- met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste aangeleenthede is wat uit die gereeldheidsoudit voortgespruit het nie.

Korrektiewe optrede rakende die gedetailleerde bevindinge wat deur die OGSA geopper is, word op 'n kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemoniteer.

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die OGSA se mening rakende die finansiële jaarstate en stel voor dat die geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar en saam met hul verslag gelees word.

Die Ouditkomitee betuig sy lof teenoor die departement vir die handhawing van 'n ongekwalifiseerde ouditmening sonder enige wesentlike bevindinge.



---

**Mnr. Francois Barnard**

**Voorsitter van die Ouditkomitee**

**Departement van Vervoer en Openbare Werke**

**Datum: 8 Augustus 2017**

# Deel D: Mensehulpbronbestuur

## 1 Inleiding

Ons unieke bydrae tot die werk van die WKR is grotendeels toe te skryf aan die volhardende, en dikwels onbaatsugtige, pogings van die mense binne die Departement van Vervoer en Openbare Werke. Om 'n nuwe diensleweringstrajek te bou en die kollektiewe pogings van ons span te rig, hou sy eie uitdagings in. Die moderne mensebestuurlandskap het in die onlangse jare aansienlik verskuif en verg komplekse navigasie tussen 'n reeks kompeterende veranderlikes.

Benewens die feit dat hierdie veranderlikes onderling afhanklik en onderling verwant is, word hulle beheer deur streng reëls en regulasies wat probleme veroorsaak wanneer retensie- en attraksie-inisiatiewe verken word. Hierby ingesluit is die balansering van diensleweringsoorsaaklikhede, die attraksie en retensie van kritieke en skaarsvaardighede, werkmagbemagtiging, loopbaanbestuur, opvolgbeplanning, diensbillikheid en die skep van 'n bemagtigende omgewing waarin werknemers kan floreer. Voorts word daar van die departement verwag om binne 'n streng omgewing te funksioneer wat van bestuurders om te oorweeg om "meer met minder te doen".

Dit ten spyte het die konsekwente harde werk van ons mense, te midde van moeilike omstandighede, tot gevolg gehad dat merkwaardige prestasies en diensleweringverbeterings gedurende die oorsigjaar behaal is.

Ten einde volgehoue dienslewering in die staatsdiens tot uitvoer te bring, het die DSDA 'n strategie in 2011 van stapel gestuur om die vakaturekoers in departement tot 'n nasionale standaard van onder 10% te verlaag. Nakoming van die strategie word deur die forum vir Suid-Afrikaanse direkteurs-generaal (FOSAD) sowel as die departement van beplanningsmonitering en evaluering (DPME) gemoniteer by wyse van die moniteringswerktuig vir prestasie-assessering (MPAT).

Die departement het 'n algehele vakaturekoers van 1,3 persent vir die oorsigjaar behaal. Dit is 'n verbetering op die 3,8 persent vakaturekoers wat gedurende 2015/16 behaal is. Alhoewel die vakaturekoers in die kritieke beroepskategorie vir 2106/17 ook onder die norm van 10 persent (7,5 persent) was, weerspieël die hoër vakaturekoers die voortslepende uitdagings wat die departement in die werwing en retensie van skaars- en kritiese vaardighede binne die beboude omgewing ervaar.

Ten einde strategieë proaktief rondom die optimale verkryging en retensie van 'n betrokke werkmag te formuleer, is die departement tans besig om 'n geïntegreerde strategiese talentplan te ontwikkel. Die plan het ten doel om werk te maak van die kompleksiteit in die beboude omgewing, die groeiende vraag na dienslewering en die druktrek-faktore wat 'n impak op die volhoubaarheid van talent binne die departement het.

## 2 Stand van mensebestuur by die departement

### Werkmagbeplanningsraamwerk en sleutelstrategieë om 'n vaardige en bedrewe werksmag te lok en te behou

Departementele werkmagplanprioriteite	Uitkomst	Benadering om risiko te versag en uitkomst te behaal
1 Werwing en keuring (met inbegrip van diensbillikheid)	Bedrewe mense van die regte hoeveelhede op die regte plek op die regte tyd met die regte ingesteldheid	Maak werk van geprioritiseerde mensebehoefes deur talent op te spoor en te keur.
	'n Billike werksmag.	Verbreed toegang tot werksgeleentehede en maak beide gestremde- en geslagsoorwegings deel van die hoofstroom in die werksplek.
2 Retensie, opvolgbeplanning en loopbaanbestuur	Bedrewe mense van die regte hoeveelhede op die regte plek op die regte tyd met die regte ingesteldheid	Bring menseplanne strategies in ooreenstemming om werk te maak van die behoud van werknemers. Opvolgbeplanningsraamwerk met doeltreffende maatreëls om vaardighede oor te dra en mense vir hoër poste toe te rus.
3 Organisatoriese ontwerp	'n Werkplek wat bevorderlik is vir prestasie.	Implementering van dwarsliggend-konsekvente en billike werksorganisasiebeleid en -praktyke.
4 Opleiding en ontwikkeling	Bedrewe mense van die regte hoeveelhede op die regte plek op die regte tyd met die regte ingesteldheid	Ontwikkel en evalueer geprioritiseerde vaardighede.
5 Werknemergesondheid en -welstand	Leiers stel 'n voorbeeld van die gedrag wat met die organisasie se waardes geassosieer word.	Frontliniewaardes en inisiatiewe om gedragsebaseerde verandering te bewerkstellig.
	Hoogs betrokke mense.	Verskaf gesondheids- en welstandsdienste ter ondersteuning van 'n welstandskultuur.

### Raamwerk vir die bestuur van werknemerprestasie

Een van die hoekstene van die stelsel om personeel se prestasie te bestuur, is die basiese vereiste dat alle werknemers verplig is om te doen wat van hulle verwag word. Hierdie verwagtinge en die verlangde prestasiestandaard word by wyse van posbeskrywings, prestasie-ooreenkomste, sakeplanne en/of DVO's gekonkretiseer. Belonings en aansporings word dus slegs vergun vir werk wat kwalitatief en kwantitatief die werk oortref waarvoor werknemers vergoed word.

Werknemers wat vir prestasiebonusse genomineer word, word deur modereringspanele geëvalueer, wat dan die bewyse van superieure prestasie ondersoek. Hierteenoor word daar van onderpresterende personelede verwag om die handeling te voltooi wat in



die prestasieverbeteringsplan gestipuleer word. Hierdie word ten nouste gemoniteer ten einde absolute voldoening aan aanvaarbare prestasiestandaarde te verseker.

Die raamwerk streef ook daarna om 'n positiewe werkplekkultuur te bevorder wat formele en informele gesprekke oor die gehalte van prestasie, toonaangewende praktyke en deurlopende individuele verbetering aanmoedig.

Hierdie stelsel lê die raamwerk neer waarvolgens beide werkgewer en werknemer hul doelwitte en oogmerke kan realiseer om sodoende te verseker dat PSD5 verwesenlik word, naamlik *"om goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en die bewerkstelling van ruimtelike ooreenstemming vas te lê"*.

### Werknemerwelstand

Om 'n welstandkultuur in die departement te ontwikkel, is van strategiese belang om te verseker dat werknemers optimale vlakke van prestasie behaal deur te voel dat hulle binne werksverband versorg en ondersteun word. Die WKR se dwarsliggende program vir werknemergesondheid en -welstand (WGW) volg 'n holistiese benadering tot werknemerwelstand en is grootliks voorkomend van aard deur beide primêre en sekondêre dienste aan te bied. Die departement moniteer die WGW-program by wyse van maandelikse verslae oor die benutting van primêre dienste (24/7/365 telefoniese beradingsdiens, aanlyn e-Sorg-diens en rapportering) en sekondêre dienste (persoonlike berading, trauma en kritieke insidente, opleiding en geteikende intervensie, uitvoerende afrigting, bepleiting).

'n Kwartaallikse verslag word deur die direktoraat: organisatoriese gedrag binne die Sentrum vir Korporatiewe Dienste voorberei wat tendense ten opsigte van benutting ontleed, risiko's identifiseer en die impak daarvan op produktiwiteit aandui. Voorts is deurlopende verslagdoening aan die DSDA 'n vereiste en sodanige rapportering fokus op vier areas, naamlik, MIV/VIGS, gesondheid en produktiwiteit, welstandbestuur en SHEQ (veiligheid, gesondheid, omgewing, en gehalte).

---

## 3 Oorsigtelike statistiek verwant aan mensebestuur

---

### 3.1 Personeelverwante besteding

Die volgende tabelle bied 'n opsomming van die finale geouditeerde besteding per program (Tabel 3.1.1) en per salarisbande (Tabel 3.1.2).

Die syfers in Tabel 3.1.1 is ontleen van die Basiese Rekeningkundige Stelsel en die syfers in Tabel 3.1.2 is ontleen van die personeelsalarisstelsel PERSAL. Die twee stelsels is nie gesinkroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en bedankings en/of oorplasing na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in totale besteding wat op hierdie stelsels weerspieël word.

Die sleutel in die tabel hieronder is 'n beskrywing van die programme binne die departement. Voortaan sal daar na programme per hul nommer verwys word.

Program	Programbenaming
1	Administrasie
2	Openbarewerke-infrastruktuur
3	Vervoerinfrastruktuur
4	Vervoerbedrywe
5	Vervoerregulering
6	Gemeenskapsgebaseerde programme

Tabel 3.11: Personeelbesteding per program, 2016/17

Program	Totale besteding (R'000)	Personeelbesteding (R'000)	Opleidingbesteding (R'000)	Goedere en dienste (R'000)	Personeelbesteding as 'n % van totale besteding	Gemiddelde personeelbesteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers
1	160 500	110 196	13 744	38 333	68.7	369	299
2	1 696 286	155 813	0	636 215	9.2	393	397
3	3 243 655	169 069	224	529 357	5.2	227	745
4	1 188 287	14 536	0	138 072	1.2	363	40
5	681 973	254 421	66	401 757	37.3	303	840
6	55 862	31 094	8 924	23 855	55.7	239	130
<b>Totaal</b>	<b>7 026 563</b>	<b>735 129</b>	<b>22 958</b>	<b>1 767 589</b>	<b>10.5</b>	<b>300</b>	<b>2 451</b>

*Let wel:* Die getal werknemers verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, met insluiting van interns maar met uitsluiting van die provinsiale minister. Die getal werknemers is akkumulatief en weerspieël nie oorsigtelike getalle soos op 'n spesifieke datum nie.

Tabel 3.12: Personeelbesteding per salarisbande, 2016/17

Salarisbande	Personeelbesteding (R'000)	% van totale personeelbesteding	Gemiddelde personeelbesteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers
Laergeskoold (Vlakke 1-2)	45 289	6.1	106	429
Geskoold (Vlakke 3-5)	110 916	15.0	186	595
Hoogsgeskoold produksie (Vlakke 6-8)	306 702	41.5	309	993
Hoogsgeskoold toesighouding (Vlakke 9-12)	219 233	29.6	577	380
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	57 357	7.8	1 062	54
<b>Totaal</b>	<b>739 497</b>	<b>100.0</b>	<b>302</b>	<b>2 451</b>

*Let wel:* Die getal werknemers verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, met insluiting van interns maar met uitsluiting van die provinsiale minister. Die getal werknemers is akkumulatief en weerspieël nie oorsigtelike getalle soos op 'n spesifieke datum nie.

**Tabel 3.13: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese hulp per program, 2016/17**

Program	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese hulp	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Behuisingstoelae as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Mediese hulp 'n % van personeelbesteding
1	78 886	10.7	753	0.1	2 949	0.4	4 264	0.6
2	109 645	14.8	29	0.003	3 365	0.5	5 921	0.8
3	113 673	15.4	361	0.05	8 027	1.1	12 134	1.6
4	10 236	1.4	81	0.01	265	0.04	399	0.1
5	174 411	23.6	2 146	0.3	8 874	1.2	16 414	2.2
6	18 649	2.5	-	-	908	0.1	1 317	0.2
<b>Totaal</b>	<b>505 500</b>	<b>68.4</b>	<b>3 370</b>	<b>0.5</b>	<b>24 388</b>	<b>3.3</b>	<b>40 449</b>	<b>5.5</b>

*Let wel: Die tabel hierbo maak nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse en ander toelaes wat deeluitmaak van die totale personeelbesteding nie.*

**Tabel 3.14: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese hulp per salarisband, 2016/17**

Salarisbande	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese hulp	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Behuisingstoelae as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Mediese hulp 'n % van personeelbesteding
Laergeskoold (Vlakke 1-2)	28 623	3.9	84	0.01	3 685	0.5	5 201	0.8
Geskoold (Vlakke 3-5)	74 844	10.1	597	0.1	6 535	0.9	9 610	1.4
Hoogsgeskoold produksie (Vlakke 6-8)	213 187	28.8	2 411	0.3	11 487	1.6	20 046	2.9
Hoogsgeskoold toesighouding (Vlakke 9-12)	151 827	20.5	278	0.04	2 294	0.3	5 069	0.8
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	37 019	5.0	-	-	387	0.1	523	0.8
<b>Totaal</b>	<b>505 500</b>	<b>68.4</b>	<b>3 370</b>	<b>0.5</b>	<b>24 388</b>	<b>3.3</b>	<b>40 449</b>	<b>5.5</b>

### 3.2 Indiensneming en vakatures

Die volgende tabel is 'n opsomming van die getal aktiewe poste op die diensstaat, die getal werknemers (uitgesonder interns en die minister) en die persentasie aktiewe vakante poste soos aan die einde van die boekjaar. Hierdie inligting word aangebied ooreenkomstig drie veranderlikes, naamlik: Program (Tabel 3.2.1), salarisband (Tabel 3.2.2) en kritieke beroepe (Tabel 3.2.3). Alle inligting in hierdie gedeelte word as 'n oorsig aan die einde van die finansiële oorsigjaar verskaf.

**Tabel 3.21: Indiensneming en vakatures per program soos op 31 Maart 2017**

Program	Getal befondsde poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
1	260	259	0.4
2	358	345	3.6
3	698	692	0.9
4	33	33	0.0
5	782	773	1.2
6	62	62	0.0
<b>Totaal</b>	<b>2 193</b>	<b>2 164</b>	<b>1.3</b>

**Tabel 3.22: Indiensneming en vakatures per salarisbande, soos op 31 Maart 2017**

Salarisband	Getal befondsde poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Laergeskoold (Vlakke 1-2)	438	438	0.0
Geskoold (Vlakke 3-5)	395	393	0.5
Hoogsgeskoold produksie (Vlakke 6-8)	974	972	0.2
Hoogsgeskoold toesighouding (Vlakke 9-12)	331	310	6.3
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	55	51	7.3
<b>Totaal</b>	<b>2193</b>	<b>2164</b>	<b>1.3</b>

**Tabel 3.23: Indiensneming en vakatures per kritieke beroep, soos op 31 Maart 2017**

Kritieke beroepe	Getal befondsde poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Argitek	32	28	12.5
Boutegnikus	9	8	11.1
Ingenieur	63	57	9.5
Ingenieurstegnikus	44	42	4.5
GIS-tegnikus	4	4	0.0
Bourekenaar	21	21	0.0
<b>Totaal</b>	<b>173</b>	<b>160</b>	<b>7.5</b>

**Let wel:** Die departement het 'n nuwe werkmagplan (1 April 2015 – 31 Maart 2020) met die gevolg dat kritieke beroepe hersien is.

Kritieke beroepe verwys na beroepe van kritieke belang vir dienslewering is. As hierdie beroepe nie in die departement teenwoordig is nie, sal funksionering/dienste in duie stort.

### 3.3 Posevaluering

Posevaluering is ingevoer as 'n manier om te verseker dat werk van gelyke waarde gelyk vergoed word. Binne 'n raamwerk wat nasionaal neergelê is, word daar van uitvoerende gesagspersone verwag om elke nuwe pos op hul diensstate te evalueer of om enige pos te herevalueer waar die mandaat of inhoud beduidend verander het. Hierdie posevalueringproses bepaal die gradering en salarisvlak van 'n pos. Hier is dit belangrik om te begryp dat personeellede se posevaluering en prestasiebestuur verskil in die sin dat posevaluering verwys na die waarde/gewig wat toegeken word aan die aktiwiteite wat met 'n pos verband hou en dat prestasiebestuur verband hou met 'n aanslag van individuele prestasie.

Tabel 3.3.1 verskaf 'n opsomming van die getal poste wat in die oorsigjaar geëvalueer is. Die tabel verskaf ook statistiek oor die getal poste wat op- of afgegradeer is.

**Tabel 3.31: Posevaluering 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Salarisband	Totale getal befondsde poste soos op 31 Maart 2017	Getal poste geëvalueer	% poste geëvalueer	Poste opgegradeer		Poste afgegradeer	
				Getal	opgegradeerde poste as 'n % van totale poste	Getal	afgegradeerde poste as 'n % van totale poste
Laergeskoold (Vlakke 1-2)	438	0	0.0	0	0.0	0	0.0
Geskoold (Vlakke 3-5)	395	0	0.0	0	0.0	0	0.0
Hoogsgeskoold produksie (Vlakke 6-8)	974	3	0.1	0	0.0	0	0.0
Hoogsgeskoold toesighouding (Vlakke 9-12)	331	0	0.0	0	0.0	0	0.0
Senior bestuur Diensband A (Vlak 13)	37	9	0.4	0	0.0	0	0.0
Senior bestuur Diensband B (Vlak 14)	13	5	0.2	0	0.0	0	0.0
Senior bestuur Diensband C (Vlak 15)	4	1	0.0	0	0.0	0	0.0
Senior bestuur Diensband D (Vlak 16)	1	0	0.0	0	0.0	0	0.0
<b>Totaal</b>	<b>2193</b>	<b>18</b>	<b>0.8</b>	<b>0</b>	<b>0.0</b>	<b>0</b>	<b>0.0</b>

**Tabel 3.32: Profiel van werknemers wie se salarisposisies opgegradeer is weens die feit dat hul poste opgegradeer is, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Begunstigdes	Swart	Indiër	Bruin	Wit	Totaal
Vroulik	0	0	0	0	0

Manlik	0	0	0	0	0
<b>Totaal</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>0</b>
<b>Werknemers met gestremdhede</b>					<b>0</b>

*Let wel:* Tabel 3.3.2 verskaf 'n uiteensetting van daardie poste wat volgens tabel 3.3.1 opgegradeer is.

Tabel 3.3.3 verskaf 'n opsomming van die aantal gevalle waar salarisvlakke die graad oorskry wat deur posevaluering bepaal is of waar hoër kerwe binne 'n spesifieke graad aan werknemers toegestaan is. Redes vir die afwyking word in alle gevalle verskaf.

**Tabel 3.33: Werknemers per vername beroep aan wie hoër salarisse toegestaan is anders as dié wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Vername beroep	Getal werknemers	Posevalueringvlak	Vergoeding op 'n hoër salarisvlak	Vergoeding op 'n hoër kerf van dieselfde salarisvlak	Rede vir afwyking
Direkteur: Verkryging en kontrakbestuur	1	13	0	6 kerfverhogings	Aanloklikheid
Direkteur: Padontwerp	1	13	0	11 kerfverhogings	Aanloklikheid
<b>Totaal</b>				<b>2</b>	
<b>Persentasie van totale indiensneming</b>				<b>0.1</b>	

**Tabel 3.34: Werknemers aan wie hoër salarisse toegestaan is anders as daardie wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Begunstigdes	Swart	Indiër	Bruin	Wit	Totaal
Vroulik	0	0	0	1	1
Manlik	0	0	0	1	1
<b>Totaal</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>2</b>	<b>2</b>
<b>Werknemers met gestremdhede</b>					<b>0</b>

*Let wel:* Tabel 3.3.4 is 'n uiteensetting van tabel 3.3.3 per ras en geslag.

### 3.4 Veranderings in indiensneming

Omsetkoerse gee 'n aanduiding van die tendense in die departement se indiensnemingsprofiel tydens die oorsigjaar. Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming van die omsetkoerse per salarisband (Tabel 3.4.1) en per kritieke beroepe (Tabel 3.4.2). Hierdie gedeelte sluit nie inligting oor interns in nie.

**Tabel 3.41: Jaarlikse omsetkoerse per salarisband, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Salarisband	Getal werknemers soos op 31 Maart 2016	Omsetkoerse 2015/16 %	Aanstellings in die departement	Verplasings na die departement	Beëindigings uit departement	Verplasings uit die departement	Omsetkoerse 2016/17 %
Laergeskoold (Vlakke 1-2)	451	2.3	17	0	10	0	2.2
Geskoold (Vlakke 3-5)	421	16.0	36	1	44	5	11.6
Hoogsgeskoold produksie	993	7.6	18	4	69	8	7.8

(Vlakke 6-8)							
Hoogsgeskooold toesighouding (Vlakke 9-12)	314	17.8	39	2	44	3	15.0
Senior bestuur Diensband A (Vlak 13)	32	7.1	2	0	2	0	6.3
Senior bestuur Diensband B (Vlak 14)	12	22.2	0	0	0	0	0.0
Senior bestuur Diensband C (Vlak 15)	4	0.0	0	0	0	0	0.0
Senior bestuur Diensband D (Vlak 16)	1	0.0	0	0	0	0	0.0
<b>Totaal</b>	<b>2228</b>	<b>9.6</b>	<b>112</b>	<b>7</b>	<b>169</b>	<b>16</b>	<b>8.3</b>

**Let wel:** Verplasinge verwys na die laterale beweging van werknemers vanaf een staatsdiensdepartement na 'n ander. Die omsetkoers word bepaal deur die totale getal diensverlatings as 'n persentasie van die basislyn (getal werknemers soos op 31 Maart 2016) te bereken.

**Tabel 3.42: Jaarlikse omsetkoers per kritieke beroep, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Kritieke beroep	Getal werknemers soos op 31 Maart 2016	Omsetkoers 2015/16 %	Oorplasinge na die departement	Verplasinge na die departement	Beëindigings uit departement	Verplasinge uit die departement	Omsetkoers 2016/17 as %
Argitek	22	54.2	5	0	0	1	4.5
Boutegnikus	8	16.7	0	0	0	0	0.0
Ingenieur	40	13.3	19	1	11	1	30.0
Ingenieurstechnikus	30	11.8	8	0	2	0	6.7
GIS-tegnikus	1	50.0	2	1	0	0	0.0
Bourekenaar	15	6.7	3	0	1	0	6.7
<b>Totaal</b>	<b>116</b>	<b>20.9</b>	<b>37</b>	<b>2</b>	<b>14</b>	<b>2</b>	<b>13.8</b>

**Let wel:** Die omsetkoers word bepaal deur die totale getal diensverlatings as 'n persentasie van die basislyn (getal werknemers soos op 31 Maart 2016) te bereken.

**Tabel 3.43: Personeel wat die departement se diens verlaat, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Kategorie van uittrede	Getal	% van totale uittredes	Getal uittredes as 'n % van totale aantal werknemers soos op 31 Maart 2016
Afsterwe	7	3.8	0.3
Bedanking *	82	44.3	3.7
Verstryking van kontrak	25	13.5	1.1
Ontslag – operasionele veranderinge	0	0.0	0.0
Ontslag – wangedrag	14	7.6	0.6
Ontslag – ondoeltreffendheid	0	0.0	0.0
Ontslag weens swak gesondheid	10	5.4	0.4

Kategorie van uitrede	Getal	% van totale uitredes	Getal uitredes as 'n % van totale aantal werknemers soos op 31 Maart 2016
Aftrede	30	16.2	1.3
Werknemergeriniseerde skeidingspakket	0	0.0	0.0
Statutêre verplasing	1	0.5	0.0
Verplasing na ander staatsdiensdepartemente	16	8.6	0.7
<b>Totaal</b>	<b>185</b>	<b>100.0</b>	<b>8.3</b>

**6.1 Vergelykende inligting uit vorige tydperk**

Vergelykende inligting uit die vorige tydperk word in die lopende jaar se finansiële state aangebied. Waar nodig is syfers wat by die vorige tydperk se finansiële state ingesluit is, geherklassifiseer om te verseker dat die formaat waarin die inligting aangebied word, ooreenstem met die lopende jaar se finansiële state.

**6.2 Vergelyking van lopende jaar met begroting**

'n Vergelyking tussen die goedgekeurde, finale begroting en werklike bedrae vir elke program en ekonomiese klassifikasie word by die begrotingstaat ingesluit.

**7 Inkomste**

**7.1 Begrote fondse**

Begrote fondse bestaan uit departementele toewysings sowel as direkte heffings teen die inkomstefonds (d.w.s. statutêre begroting).

Begrote fondse word in die staat van finansiële prestasie erken op die datum waarop die begroting in werking tree. Aansuiwerings wat ooreenkomstig die aangesuiwerde begrotingsproses gemaak word, word in die staat van finansiële prestasie erken op die datum waarop die aansuiwerings in werking tree.

Die netto bedrag van enige begrote fondse wat op die verslagdatum verskuldig is aan / van die tersaaklike

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE**  
**POS 10**

**REKENINGKUNDIGE BELEIDE**  
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

inkomstefonds afkomstig is, word as 'n betaalbare / ontvangbare rekening in die staat van finansiële posisie erken.

**7.2 Departementele inkomste**

Departementele inkomste word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer ontvang en daarna na die tersaaklike inkomstefondse oorbetal, tensy anders vermeld.

Enige bedrag wat op die verslagdatum aan die tersaaklike inkomstefonds verskuldig is, word as 'n betaalbare rekening in die staat van finansiële posisie erken.

**7.3 Opgelope departementele inkomste**

Opgelope bedrae ten opsigte van departementele inkomste (belastinginkomste uitgesluit) word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer:

- dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die transaksie geassosieer word, na die departement sal vloei; en
- die inkomstebedrag betroubaar gemeet kan word.

Die opgelope inkomste word gemeet teen die billike waarde van die ontvangbare rekening onder oorweging.

Opgelope belastinginkomste (en verwante rente en/of boetes) word gemeet teen bedrae ontvangbaar vanaf invorderingsagente.

Afskrywings word gedoen ooreenkomstig die departement se beleid op die afskryf van skuld.

**8 Uitgawes**

**8.1 Vergoeding van werknemers**

**8.1.1 Salarisse en lone**

Salarisse en lone word in die staat van finansiële prestasie op die datum van betaling erken.

**8.1.2 Maatskaplike bydraes**

Maatskaplike bydraes wat deur die departement ten opsigte van huidige werknemers gemaak word, word in die staat van finansiële prestasie op die datum van betaling erken.

Maatskaplike bydraes wat deur die departement ten opsigte van voormalige werknemers gemaak word, word as oordragte na huishoudings in die staat van finansiële prestasie op die datum van betaling geklassifiseer.

**8.2 Ander uitgawes**

Ander uitgawes (soos goedere en dienste, oordragte en subsidies en betalings vir kapitaalbates) word in die staat van finansiële prestasie op die datum van betaling erken. Die uitgawe word as 'n kapitale uitgawe geklassifiseer indien die totale konsiderasie wat betaal is, meer is as die drempel vir kapitalisering.

**8.3 Opgelope uitgawes betaalbaar**

Opgelope uitgawes betaalbaar word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer die goedere ontvang word of, in die geval van dienste, wanneer hulle aan die departement gelewer word.

Opgelope uitgawes betaalbaar word teen koste gemeet.

**8.4 Bruikhuurooreenkomste**

**8.4.1 Bedryfsbruikhuurooreenkomste**

Betalings vir bedryfsbruikhuurooreenkomste wat gedurende die verslagtydperk gemaak word, word in die staat van finansiële prestasie as lopende uitgawes op die datum van betaling erken.

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE**  
**POS 10**

**REKENINGKUNDIGE BELEIDE**  
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

Die verpligtinge ten opsigte van bedryfsbruikhuurooreenkomste word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken.

**8.4.2 Finansieringsooreenkomste**

Betalings vir finansieringsooreenkomste wat gedurende die verslagtydperk gemaak word, word in die staat van finansiële prestasie as kapitaaluitgawes op die datum van betaling erken.

Verpligtings ten opsigte van finansieringsooreenkomste word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken en word nie tussen kapitaal- en rentegedeeltes verdeel nie.

Bates wat teen die einde van die termyn via finansieringsooreenkomste bekom word, word aangeteken en gemeet teen:

- kosprys, naamlik die billike waarde van die bate, of
- die som van die minimum bruikhuurbetalings wat gemaak is, met inbegrip van betalings wat gemaak is om eienaarskap aan die einde van die termyn te bekom, rente uitgesluit, wat ook al die laagste is.

**9 Bystandshulp**

**9.1 Bystandshulp ontvang**

Bystandshulp in kontant ontvang, word by ontvangs in die staat van finansiële prestasie erken. Hulp in natura ontvang, word op die datum van ontvangs in die aantekeninge tot die finansiële state erken en word teen billike waarde gemeet.

Bystandshulp wat nie bestee is aan die doel waarvoor dit bestem was nie en enige onbenutte fondse uit bystandshulp wat aan die donateur terugbetaal moet word, word as betaalbaar in die staat van finansiële posisie erken.

**9.2 Bystandshulp betaal**

Bystandshulp betaal word in die staat van finansiële prestasie op die datum van betaling erken. Bystandshulpbetalings wat gemaak word voor ontvangs van die inkomste word as 'n ontvangbare rekening in die staat van finansiële posisie erken.

**10 Kontant en kontantekwivalente**

Kontant en kontantekwivalente word teen kosprys in die staat van finansiële posisie verklaar.

Bankoortrekkings word afsonderlik in die staat van finansiële posisie gewys.

Vir die doeleindes van die kontantvloeistaat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande, deposito's gehou, ander korttermyn- hoogs likiede beleggings en bankoortrekkings.

**11 Vooruitbetalings en voorskotte**

Vooruitbetalings en voorskotte word in die staat van finansiële posisie erken wanneer die departement die kontant ontvang of uitbetaal.

Vooruitbetalings en voorskotte word aanvanklik en daarna teen kosprys gemeet.

**12 Lenings en ontvangbare rekeninge**

Lenings en ontvangbare rekeninge word teen kosprys plus rente, waar rente betaalbaar is, in die staat van finansiële posisie erken, min bedrae reeds betaal of afgeskryf.

Afskrywings word gedoen ooreenkomstig die departement se beleid op die afskrywings.

**13 Beleggings**

Beleggings word teen kosprys in die staat van finansiële posisie erken.

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE**  
**POS 10**

**REKENINGKUNDIGE BELEIDE**  
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

- 14 Finansiële bates**
- 14.1 Finansiële bates (nie elders gedek nie)**
- 'n Finansiële bate word aanvanklik erken teen kosprys plus transaksiekoste wat direk toe te skryf is aan die verkryging of uitreiking van die finansiering.
- Op die verslagdatum sal 'n departement sy finansiële bates meet teen kosprys, min bedrae reeds betaal of afgeskryf, behalwe vir erkende lenings en ontvangbare rekeninge, wat gemeet word ten kosprys plus opgelope rente, waar rente gehef word, min bedrae reeds betaal of afgeskryf.
- 14.2 Verswakking van finansiële bates**
- Waar daar tekens van 'n verswakking van 'n finansiële bate is, word 'n raming van die afname in die aangetekende drawaarde gemaak om die beste raming van die bedrag van die toekomstige ekonomiese voordele wat na verwagting uit daardie bate sal voortspruit, te weerspieël en in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken.
- 15 Betaalbare rekeninge**
- Lenings en betaalbare rekeninge word teen kosprys in die staat van finansiële posisie erken.
- 16 Kapitaalbates**
- 16.1 Onroerende kapitaalbates**
- Onroerende kapitaalbates word aanvanklik teen kosprys in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken. Onroerende kapitaalbates wat by wyse van 'n nieuitruiltransaksie bekom word, word teen billike waarde op die datum van verkryging gemeet.
- Waar die koste van onroerende kapitaalbates nie akkuraat bepaal kan word nie, word die onroerende kapitaalbates gemeet teen 'n billike waarde vir aantekening in die bateregister.
- Onroerende kapitaalbates word daarna teen kosprys gedra en is nie onderworpe aan waardevermindering of verswakking nie.
- Daaropvolgende besteding wat van 'n kapitale aard is, word aan die einde van die kapitale projek by die koste van die bate gevoeg tensy die onroerende bate deur 'n ander departement aangeteken word, in welke geval die koste van die voltooide projek na daardie departement oorgedra word.
- 16.2 Roerende kapitaalbates**
- Roerende kapitaalbates word aanvanklik teen kosprys in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken. Roerende kapitaalbates wat by wyse van 'n nieuitruiltransaksie bekom word, word teen billike waarde op die datum van verkryging gemeet.
- Waar die koste van roerende kapitaalbates nie akkuraat bepaal kan word nie, word die kapitaalbates teen billike waarde gemeet en waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die roerende bates teen R1 gemeet.
- Alle bates wat voor 1 April 2002 (of 'n later datum soos deur die OG goedgekeur) bekom is, kan teen R1 aangeteken word.
- Roerende kapitaalbates word daarna teen kosprys gedra en is nie onderworpe aan waardevermindering of verswakking nie.
- Daaropvolgende besteding wat van 'n kapitale aard is, word aan die einde van die kapitale projek by die koste van die bate gevoeg tensy die roerende bate deur 'n ander departement/entiteit aangeteken word, in welke geval die koste van die voltooide projek na daardie departement oorgedra word.
- 16.3 Ontasbare bates**
- Ontasbare bates word aanvanklik teen kosprys in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken.

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE**  
**POS 10**

**REKENINGKUNDIGE BELEIDE**  
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

Ontasbare bates wat by wyse van 'n nieuitruiltransaksie bekom word, word teen billike waarde op die datum van verkryging gemeet.

Intern gegeneerde ontasbare bates word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer die departement met die ontwikkelingsfase van die projek begin.

Waar die koste van ontasbare bates nie akkuraat bepaal kan word nie, word die ontasbare kapitaalbate teen billike waarde gemeet en waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die ontasbare bates teen R1 gemeet.

Alle bates wat voor 1 April 2002 (of 'n later datum soos deur die OG goedgekeur) bekom is, kan teen R1 aangeteken word.

Ontasbare bates word daarna teen kosprys gedra en is nie onderworpe aan waardevermindering of verswakking nie.

Daaropvolgende besteding wat van 'n kapitale aard is, word aan die einde van die kapitale projek by die koste van die bate gevoeg tensy die ontasbare bate deur 'n ander departement/entiteit aangeteken word, in welke geval die koste van die voltooide projek na daardie departement oorgedra word.

**17 Voorsienings en gebeurlikhede**

**17.1 Voorsienings**

Voorsienings word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer daar 'n wettige of konstruktiewe verpligting is om ekonomiese voordele as gevolg van gebeure in die verlede te verbeur en waar dit waarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal verteenwoordig, nodig sal wees om die verpligting na te kom en 'n betroubare raming van die verpligting gemaak kan word. Die voorsiening word gemaak teen die beste raming van die fondse wat nodig sal wees om die verpligting teen die verslagdatum na te kom.

**17.2 Onvoorsiene laste**

Onvoorsiene laste word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer 'n moontlike verpligting uit gebeure in die verlede kan voortspruit, en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word wanneer een of meer onbepaalde gebeure waaroor die departement nie beheer het nie, plaasvind of nie plaasvind nie of wanneer daar 'n verpligting is wat nie erken word nie omdat dit onwaarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne nodig sal wees om die verpligting na te kom of wanneer die bedrag van die verpligting nie betroubaar gemeet kan word nie.

**17.3 Onvoorsiene bates**

Onvoorsiene bates word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer 'n moontlike bate uit gebeure in die verlede kan voortspruit, en waarvan die bestaan bevestig sal word wanneer een of meer onbepaalde gebeure buite die departement se beheer in die toekoms plaasvind of nie plaasvind nie.

**17.4 Verpligtinge**

Verpligtinge (uitgesonder oordragte en subsidies) word teen kosprys in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer daar 'n kontraktuele reëling is of goedkeuring deur bestuur verleen is op 'n wyse wat 'n geldige verwagting skep dat die departement sy verantwoordelikhede sal nakom en sodoende toekomstige uitgawes sal aangaan wat die uitvloeï van kontant tot gevolg sal hê.

**18 Ongemagtigde uitgawes**

Ongemagtigde uitgawes word in die staat van finansiële posisie erken tot tyd en wyl die uitgawes of:

- deur die parlement of die provinsiale wetgewer met befondsing goedgekeur en die tersaaklike fondse ontvang word; of



**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE**  
**POS 10**

**REKENINGKUNDIGE BELEIDE**  
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

- sonder befondsing deur die parlement of die provinsiale wetgewer goedgekeur word en teen die begroting in die staat van finansiële prestasie afgeskryf word; of
- na ontvangbare rekeninge vir verhaling oorgedra word.

Ongemagtigde uitgawes word gemeet teen die bedrag van die bevestigde ongemagtigde uitgawe.

**19 Vrugtelose en verkwistende uitgawes**

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word, wanneer bevestig, in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken. Die bedrag wat aangeteken word, is gelyk aan die totale waarde van die vrugtelose en verkwistende uitgawe wat aangegaan is.

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word uit die aantekeninge tot die finansiële state verwyder wanneer dit opgelos of na ontvangbare rekeninge vir verhaling oorgedra word.

Ontvangbare rekeninge vir vrugtelose en verkwistende uitgawes word gemeet teen die bedrag wat na verwagting verhaal sal word en word teruggeskryf wanneer verhaal of wanneer dit as onverhaalbaar afgeskryf word.

**20 Onreëlmatige uitgawes**

Onreëlmatige uitgawes word, wanneer bevestig, in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken. Die bedrag wat aangeteken word, is gelyk aan die waarde van die onreëlmatige uitgawe wat aangegaan is tensy dit prakties nie bepaal kan word nie, in welke geval redes daarvoor in die aantekeninge verstrek word.

Onreëlmatige uitgawes word uit die aantekeninge verwyder wanneer dit of deur die tersaaklike gesag gekondoneer of vir verhaling na ontvangbare rekeninge oorgedra word of nie gekondoneer en nie verhaalbaar is nie.

Ontvangbare rekeninge vir onreëlmatige uitgawes word gemeet teen die bedrag wat na verwagting verhaal sal word en word teruggeskryf wanneer verhaal of wanneer dit as onverhaalbaar afgeskryf word.

**21 Veranderings aan rekeningkundige beleide, rekeningkundige ramings en foute**

Veranderings aan rekeningkundige beleide wat deur bestuur bekragtig is, is ooreenkomstig die aangepastekontantstandaard se vereistes terugwerkend toegepas, behalwe namate die tydperk-spesifieke uitwerkings of die kumulatiewe effek van die verandering in beleid nie prakties bepaal kan word nie. In sulke gevalle sal die departement die beginsaldo's van bates, laste en netto bates heraangee vir die vroegste tydperk waarvoor sulke saldo's prakties terugwerkend heraangegee kan word.

Veranderings aan rekeningkundige beramings word ooreenkomstig die aangepastekontantstandaard se vereistes vooruitwerkend aangegee.

Regstelling van foute word ooreenkomstig die vereistes van die aangepastekontantstandaard terugwerkend toegepas in die tydperk waarin die fout opgeduik het, behalwe in die mate waartoe die tydperk-spesifieke uitwerkings of kumulatiewe effek van die fout nie prakties bepaal kan word nie. In sulke gevalle sal die departement die beginsaldo's van bates, laste en netto bates heraangee vir die vroegste tydperk waarvoor sulke saldo's prakties terugwerkend heraangegee kan word.

**22 Gebeure na verslagdatum**

Gebeure na die verslagdatum wat as aansuiweringsgebeure geklassifiseer word, is in die finansiële state in berekening gebring. Die gebeure na die verslagdatum wat as nie-aansuiweringsgebeure geklassifiseer word, word in die aantekeninge tot die finansiële state openbaar gemaak.

**23 Prinsipaal-Agent-reëlings**

Die departement tree as 'n prinsipaal op wanneer dit die mag het om voordelige beheer oor 'n aktiwiteit uit

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE**  
**POS 10**

**REKENINGKUNDIGE BELEIDE**  
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

te oefen. Die departement het voordelige beheer wanneer dit beide die mag het om die aktiwiteit te rig, en die vermoë het om by daardie mag te baat. In die openbare sektor kan "voordele" uit ekonomiese voordele, dienspotensiaal of albei bestaan. Aktiwiteite, in hierdie konteks, sal bestaan uit gebeure, take of prosesse wat 'n vloeï van ekonomiese voordele of dienspotensiaal tussen die departement en ander partye tot gevolg het.

Waar die departement as 'n prinsipaal optree, word dit openbaargemaak as deel van die primêre finansiële inligting en die volgende in die aantekeninge tot die finansiële state: Die totale betalings wat aan sy agente gemaak is (waar van toepassing) gedurende die tydperk; en 'n verduideliking oor die aard, omstandighede en bepalings verwant aan die ooreenkomste.

Waar 'n departement as 'n agent vir 'n ander departement of openbaresektor-entiteit optree, sal dit as deel van die primêre finansiële inligting openbaargemaak word met die volgende in die aantekeninge in die finansiële state: 'n Rekonsiliasie tussen totale agentskapsfondse ontvang en uitbetalings gemaak in die uitvoering van agentskapsdienste; 'n verduideliking van verskille tussen bedrae bestee namens die ander party, en enige terugbetalings ontvang in die verslagtydperk; enige inkomste verdien uit die lewering van die agentskapsdiens, en die inkomstebedrag erken gegrond op kontantontvangstes gedurende die verslagtydperk; 'n narratiewe beskrywing en verduideliking van bates wat aan die ander entiteit behoort wat onder kuratorskap van die departement gehou word, en 'n verduideliking van die aard, omstandighede en voorwaardes verwant aan die reëlings.

**24 Kapitaliseringsreserwe**

Die kapitaliseringsreserwe omvat finansiële bates en/of laste wat uit 'n vorige verslagtydperk voortspruit maar wat in die huidige verslagtydperk in die staat van finansiële posisie erken word. Bedrae word in die kapitaliseringsreserwe erken wanneer dit in die huidige tydperk erken word en word na die provinsiale inkomstefonds oorgedra wanneer die onderliggende bate vervreem en die verbandhoudende fondse ontvang word.

**25 Verhaalbare inkomste**

Bedrae word as verhaalbare inkomste erken wanneer 'n betaling wat in 'n vorige boekjaar gemaak is in die huidige boekjaar van 'n debiteur verhaalbaar is. Bedrae word of na die provinsiale inkomstefonds oorgedra wanneer verhaal of na die staat van finansiële prestasie wanneer afgeskryf.

**26 Verwanteparty-transaksies**

'n Verwanteparty-transaksie is 'n oordrag van hulpbronne, dienste of verpligtinge tussen die rapporterende entiteit en 'n verwante party. Verwanteparty-transaksies binne die portefeulje van die minister/LUR word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer die transaksie nie sonder bevoorregting is nie.

Sleutelbestuurspersoneel is daardie persone wat die gesag en verantwoordelikheid het om die departement se aktiwiteite te beplan, te lei en te beheer. Die getal individue en hulle totale vergoeding word in die aantekeninge tot die finansiële state aangegee.

**27 Voorrade (geldig vanaf 'n datum wat in 'n Tesourie-instruksie bepaal is)**

Op die datum van verkryging word voorrade teen kosprys in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken.

Waar voorraad bekom word as deel van 'n nuieuitruiltransaksie is die kosprys van voorraad die billike waarde daarvan op die datum van verkryging.

Voorraad word daarna gemeet teen kosprys en netto of realiseerbare waarde (wat ook al die laagste) of

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE**  
**POS 10**

**REKENINGKUNDIGE BELEIDE**  
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

kosprys en vervangingswaarde (wat ook al die laagste).

Daaropvolgende meting van die kosprys van voorraad word bepaal op die geweegegemiddeldbasis.

**28 Openbare-private-vennootskappe**

Daar word van openbare-private-vennootskappe gegee gegrond op die wese van die vennootskap. Daar word van die transaksie rekenskap gegee as of kapitaalbates, finansiering of bruikhuurooreenkomste na gelang van die toepaslike rekeningkundige beleide.

'n Opsomming van die beduidende bepalings van die OPV-ooreenkoms, die partye tot die ooreenkoms, en die aanvangsdatum daarvan tesame met 'n beskrywing en die aard van die konsessiegelde ontvang, die unitêre gelde betaal, en die regte en verpligtinge van die departement word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken.

**29 Werknemervoordele**

Die waarde van elke vername klas werknemers se werknemervoordeleverpligtinge (opgelope bedrae, betaalbare rekeninge nie erken nie en voorsienings) word in aantekening oor werknemervoordele openbaargemaak.

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

1. Jaarlikse Begroting

1.1 Jaarlikse Begroting

Ingesluit is fondse waarvoor ingevolge die Begrotingswet (en die Begrotingaansuiweringswet) vir provinsiale departemente begroot is:

	2016/17		Fondse nie versoek/ nie ontvang nie	2015/16	
	Finale Begroting	Werklike fondse ontvang		Finale Begroting	Begroting Ontvang
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	165 468	165 468	-	193 250	193 250
Openbarewerke- infrastruktuur	1 731 166	1 731 166	-	1 613 890	1 613 890
Vervoerinfrastruktuur	3 256 339	3 256 339	-	3 194 408	3 194 408
Vervoerbedrywe	1 189 556	1 189 556	-	1 042 841	1 042 841
Vervoerregulering	690 725	690 725	-	660 723	660 723
Gemeenskapsgebaseerde programme	59 410	59 410	-	54 163	54 163
<b>Totaal</b>	<b>7 092 664</b>	<b>7 092 664</b>	<b>-</b>	<b>6 759 275</b>	<b>6 759 275</b>

1.2 Voorwaardelike toekennings

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Totale toekennings ontvang	33	1 716 320	1 665 057

2. Departementele inkomste

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Belastinginkomste		1 433 664	1 342 103
Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates	2.1	113 723	105 784
Boetes, strafboetes en verbeurings	2.2	1 307	1 103
Rente, dividende en verhuring van grond	2.3	1 976	1 479
Verkoop van kapitaalbates	2.4	3 369	4 443
Transaksies in finansiële bates en laste	2.5	24 194	5 755
Oordrag ontvang	2.6	6 765	5 674
<b>Totale inkomste geïen</b>		<b>1 584 998</b>	<b>1 466 341</b>
Min: Eie inkomste by begroting ingesluit	13	(1 381 218)	(1 309 368)
<b>Departementele inkomste geïen</b>		<b>203 780</b>	<b>156 973</b>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

2.1	<b>Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates</b>			
		Aant.	2016/17	2015/16
		2	R'000	R'000
	Verkoop van goedere en dienste deur die departement geproduseer		112 842	105 762
	Verkope deur markinstansie		68 206	70 298
	Administratiewe gelde		41 154	32 214
	Ander verkope		3 482	3 250
	Verkoop van skrot, afval en ander gebruikte goedere		881	22
	<b>Totaal</b>		<b>113 723</b>	<b>105 784</b>
2.2	<b>Boetes, strafboetes en verbeurings</b>			
		Aant.	2016/17	2015/16
		2	R'000	R'000
	Boetes – skutgelde		1 307	1 103
	<b>Totaal</b>		<b>1 307</b>	<b>1 103</b>
2.3	<b>Rente, dividende en verhuring van grond</b>			
		Aant.	2016/17	2015/16
		2	R'000	R'000
	Rente		1 976	1 479
	<b>Totaal</b>		<b>1 976</b>	<b>1 479</b>
2.4	<b>Verkoop van kapitaalbates</b>			
		Aant.	2016/17	2015/16
		2	R'000	R'000
	Tasbare bates		3 369	4 443
	Geboue en ander vaste strukture	29.2	414	2 587
	Masjinerie en toerusting	27.2	2 955	1 856
	<b>Totaal</b>		<b>3 369</b>	<b>4 443</b>
2.5	<b>Transaksies in finansiële bates en laste</b>			
		Aant.	2016/17	2015/16
		2	R'000	R'000
	Ontvangbare rekeninge		531	253
	Ander ontvangstes, insluitend verhaalbare inkomste		23 663	5 502
	<b>Totaal</b>		<b>24 194</b>	<b>5 755</b>
2.6	<b>Oordragte ontvang</b>			
		Aant.	2016/17	2015/16
		2	R'000	R'000
	Ander regeringseenhede		697	5 638
	Openbare korporasies en private ondernemings		6 068	36
	<b>Totaal</b>		<b>6 765</b>	<b>5 674</b>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

3. Vergoeding van werknemers

3.1 Salarisse en lone

Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Basiese salaris	506 166	471 558
Prestasietoekenning	6 512	9 896
Diensgebaseer	1 013	873
Vergoedend/omstandigheid	18 293	19 720
Periodieke betalings	1 590	1 657
Ander niepensiondraende toelaes	101 660	92 950
<b>Totaal</b>	<b>635 234</b>	<b>596 654</b>

3.2 Maatskaplike bydraes

Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
<b>Werkgewerbydraes</b>		
Pensioen	61 415	57 600
Medies	40 216	38 037
Bedingingsraad	166	161
<b>Totaal</b>	<b>101 797</b>	<b>95 798</b>

**Totale vergoeding van werknemers**

<b>737 031</b>	<b>692 452</b>
----------------	----------------

Gemiddelde aantal werknemers

2 215	2 274
-------	-------

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

**4. Goedere en dienste**

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Administratiewe gelde		296 789	282 777
Advertering		20 303	19 556
Kleiner bates	4.1	7 602	936
Beurse (werknemers)		1 104	1 119
Spyseniering		1 295	1 082
Kommunikasie		6 737	5 766
Rekenaardienste	4.2	63 649	35 405
Konsultante: Sake- en adviesdienste		174 358	147 386
Infrastruktuur en beplanningsdienste		27 085	35 314
Laboratoriumdienste		46	16
Regsdiens		11 607	10 904
Kontrakteurs		411 512	400 636
Agentskap- en ondersteuning/uitbestede dienste		29 078	25 115
Onthaal		21	27
Ouditkoste – ekstern	4.3	10 754	13 852
Vlootdienste		48 434	47 749
Voorraad	4.4	10 536	4 594
Verbruiksgoedere	4.5	40 387	42 620
Bedryfsbruikhuurooreenkomste		169 973	162 936
Eiendomsbetalings	4.6	393 534	322 503
Huur en verhuring		18	3
Vervoer verskaf as deel van departementele aktiwiteite		-	4
Reis en verblyf	4.7	26 448	22 286
Lokale en fasiliteite		292	214
Opleiding en ontwikkeling		12 710	10 340
Ander bedryfsuitgawes	4.8	3 560	5 244
<b>Totaal</b>		<b>1 767 832</b>	<b>1 598 384</b>

**4.1 Kleiner bates**

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
	4		
<b>Tasbare bates</b>			
Masjinerie en toerusting		7 602	936
<b>Totaal</b>		<b>7 602</b>	<b>936</b>

**4.2 Rekenaardienste**

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
	4		
SITA-rekenaardienste		1 603	1 314
Eksterne verskaffers van rekenaardienste		62 046	34 091
<b>Totaal</b>		<b>63 649</b>	<b>35 405</b>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE**  
**POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE**  
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

<b>4.3</b>	<b>Ouditkoste – ekstern</b>			
		Aant.	2016/17	2015/16
		4	R'000	R'000
	Gereeldheidsoudits		10 547	13 217
	Rekenaaroudits		207	635
	<b>Totaal</b>		<u>10 754</u>	<u>13 852</u>
<b>4.4</b>	<b>Voorraad</b>			
		Aant.	2016/17	2015/16
		4	R'000	R'000
	Ander voorrade		10 536	4 594
	<b>Totaal</b>	4.4.1	<u>10 536</u>	<u>4 594</u>
<b>4.4.1</b>	<b>Ander voorrade</b>			
		Aant.	2016/17	2015/16
			R'000	R'000
	Ammunisie en sekuriteitsvoorrade		-	340
	Bates vir verspreiding			
	Meubels en kantoortoerusting		10 536	4 254
	<b>Totaal</b>	4.4	<u>10 536</u>	<u>4 594</u>
<b>4.5</b>	<b>Verbruiksgoedere</b>			
		Aant.	2016/17	2015/16
		4	R'000	R'000
	Verbruikbare voorrade		25 163	33 910
	Uniforms en klerasie		3 010	8 785
	Huishoudelike voorrade		1 684	1 463
	Boumateriaal en -voorrade		18 265	21 337
	Kommunikasietoebehore		-	6
	IT-verbruiksgoedere		108	148
	Ander verbruiksgoedere		2 096	2 171
	Skryfbehoeftes, drukwerk en kantoorvoorrade		15 224	8 710
	<b>Totaal</b>		<u>40 387</u>	<u>42 620</u>
<b>4.6</b>	<b>Eiendomsbetalings</b>			
		Aant.	2016/17	2015/16
		4	R'000	R'000
	Munisipale dienste		135 005	97 182
	Eiendomsbestuursgelde		5 672	5 091
	Eiendom-instandhouding en -herstelwerk		182 872	163 413
	Ander		69 985	56 817
	<b>Totaal</b>		<u>393 534</u>	<u>322 503</u>



**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

4.7	Reis en verblyf	Aant. 4	2016/17 R'000	2015/16 R'000
	Plaaslik		25 813	22 090
	Buiteland		635	196
	<b>Totaal</b>		<b>26 448</b>	<b>22 286</b>
4.8	Ander bedryfsuitgawes	Aant. 4	2016/17 R'000	2015/16 R'000
	Professionele liggame, lidmaatskap en inskrywingsgelde		105	146
	Hervestigingskoste		159	178
	Ander		3 296	4 920
	<b>Totaal</b>		<b>3 560</b>	<b>5 244</b>
5.	Rente op en verhuring van grond	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
	Rente betaal		34	1
	<b>Totaal</b>		<b>34</b>	<b>1</b>
6.	Betalings vir finansiële bates	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
	Ander wesentliche verliese afgeskryf	6.1	1 108	391
	Skuld afgeskryf	6.2	850	132
	<b>Totaal</b>		<b>1 958</b>	<b>523</b>
6.1	Ander wesentliche verliese afgeskryf	Aant. 6	2016/17 R'000	2015/16 R'000
	<b>Aard van verliese</b>			
	Skade aan en verliese van staatsmotorvervoertuie (46 gevalle)		498	113
	Skade aan en verliese van padbou- en -instandhoudingstoerusting (106 gevalle)		565	257
	Ander verliese – sleutels / skade aan privaatvoertuie (6 gevalle)		15	-
	Skade aan gehuurde voertuie (4 gevalle)		30	21
	<b>Totaal</b>		<b>1 108</b>	<b>391</b>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

6.2	Skuld afgeskryf	Aant.	2016/17	2015/16
		6	R'000	R'000
	Aard van skuld afgeskryf			
	Verhaalbare inkomste afgeskryf			
	Skuld: Voormalige werknemers/beurse (2 gevalle)		40	-
	<b>Totaal</b>		<b>40</b>	<b>-</b>
	 Ander skuld afgeskryf			
	*Ander skuld (9 gevalle)		104	132
	Skuld – beurse (2 gevalle)		328	-
	Skuld – voormalige werknemers (32 gevalle)		378	-
	<b>Totaal</b>		<b>810</b>	<b>132</b>
	 <b>Totale skuld afgeskryf</b>		<b>850</b>	<b>132</b>
	*Ander skuld afgeskryf bestaan hoofsaaklik uit skade aan skutreeëlings.			
7.	Oordragte en subsidies	Aant.	2016/17	2015/16
			R'000	R'000
	Provinsies en munisipaliteite	Bylae 1A	724 556	647 677
	Departementele agentskappe en rekeninge	Bylae 1B	58	8 899
	Openbare korporasies en private ondernemings	Bylae 1C	873 298	796 775
	Huishoudings	Bylae 1D	14 379	12 826
	<b>Totaal</b>		<b>1 612 291</b>	<b>1 466 177</b>
	 <u>Onbestede fondse oorgedra na bovermelde begunstigdes</u>			
	Provinsies en munisipaliteite		112 754	118 688
	Departementele agentskappe en rekeninge		-	8 751
	<b>Totaal</b>		<b>112 754</b>	<b>127 439</b>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

8. Besteding aan kapitale bates

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
<b>Tasbare bates</b>		<b>2 888 246</b>	<b>2 892 347</b>
Geboue en ander vaste strukture	29.1	2 789 854	2 685 851
Masjinerie en toerusting	27.1	86 402	99 017
Grond en ondergrondse bates	29.1	11 990	107 479
<b>Ontasbare bates</b>		<b>21 316</b>	<b>18 511</b>
Sagteware	28.1	21 316	18 511
<b>Totaal</b>		<b>2 909 562</b>	<b>2 910 858</b>

8.1 Ontleding van fondse wat benut is om kapitale bates te bekom – 2016/17

	Begrote fondse R'000	Bystandshulp R'000	Totaal R'000
<b>Tasbare bates</b>	<b>2 888 246</b>	-	<b>2 888 246</b>
Geboue en ander vaste strukture	2 789 854	-	2 789 854
Masjinerie en toerusting	86 402	-	86 402
Grond en ondergrondse bates	11 990	-	11 990
<b>Ontasbare bates</b>	<b>21 316</b>	-	<b>21 316</b>
Sagteware	21 316	-	21 316
<b>Totaal</b>	<b>2 909 562</b>	-	<b>2 909 562</b>

8.2 Ontleding van fondse wat benut is om kapitale bates te bekom – 2015/16

	Begrote fondse R'000	Bystandshulp R'000	Totaal R'000
<b>Tasbare bates</b>	<b>2 892 347</b>	-	<b>2 892 347</b>
Geboue en ander vaste strukture	2 685 851	-	2 685 851
Masjinerie en toerusting	99 017	-	99 017
Grond en ondergrondse bates	107 479	-	107 479
<b>Ontasbare bates</b>	<b>18 511</b>	-	<b>18 511</b>
Sagteware	18 511	-	18 511
<b>Totaal</b>	<b>2 910 858</b>	-	<b>2 910 858</b>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

8.3 Besteding aan finansieringsooreenkomste wat by besteding aan kapitaalbates ingesluit is

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Tasbare bates			
Masjinerie en toerusting		26 475	24 755
<b>Totaal</b>		<u>26 475</u>	<u>24 755</u>

9. Kontant en kontantekwivalente

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Gekonsolideerde Betaalmeestergeneraalrekening		169 742	181 993
Uitbetalings		(37 488)	(40 591)
Kontant voorhande		5	5
<b>Totaal</b>		<u>132 259</u>	<u>141 407</u>

10. Vooruitbetalings en voorskotte

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Reis en verblyf		102	19
Voorskotte betaal (nie afgeskaf nie)	10.1	18 413	12 619
<b>Totaal</b>		<u>18 515</u>	<u>12 638</u>

10.1 Voorskotte betaal (nie afgeskaf nie)

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Distriksmunisipaliteite	Bylae 7	18 413	12 619
<b>Totaal</b>		<u>18 413</u>	<u>12 619</u>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

11. Ontvangbare rekeninge

		2016/17			2015/16		
		Lopend	Nie-lopend	Totaal	Lopend	Nie-lopend	Totaal
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
	Aant.						
Eise verhaalbaar	11.1	4 508	-	4 508	3 044	-	3 044
Verhaalbare uitgawes	11.2	2 090	-	2 090	2 655	-	2 655
Personeelskuld	11.3	4 210	329	4 539	3 427	344	3 771
Ander debiteure	11.4	-	-	-	1 714	-	1 714
<b>Totaal</b>		<b>10 808</b>	<b>329</b>	<b>11 137</b>	<b>10 840</b>	<b>344</b>	<b>11 184</b>

11.1 Eise verhaalbaar

		Aant.	2016/17	2015/16
		11	R'000	R'000
Nasionale departemente		Bylae 3	-	30
Provinsiale departemente		Bylae 3	1 513	17
Openbare entiteite		Bylae 3	2 696	2 555
Huishoudings en instansies sonder winsoogmerk			246	442
Plaaslike regerings			53	-
<b>Totaal</b>			<b>4 508</b>	<b>3 044</b>

11.2 Verhaalbare uitgawes (weieringsrekeninge)

		Aant.	2016/17	2015/16
		11	R'000	R'000
Weiering: Diverse			39	1 285
Weiering: Skade en verliese			2 036	1 296
Weiering: Tjeks geweier			15	74
<b>Totaal</b>			<b>2 090</b>	<b>2 655</b>

11.3 Personeelskuld

		Aant.	2016/17	2015/16
		11	R'000	R'000
Personeelskuld/voormalige werknemers/beursskuld			4 536	3 763
Belastingeskuld op salarisse			1	-
Salarisse: Mediese hulpskuld			-	1
Pensioen: Verhaalbare rekening			-	5
Salarisse: Pensioenskuld			-	2
Salarisafrekkings: Weieringsrekeninge			2	-
<b>Totaal</b>			<b>4 539</b>	<b>3 771</b>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

<b>11.4</b>	<b>Ander debiteure</b>			
		Aant.	2016/17	2015/16
		11	R'000	R'000
	Inkomstebelasting op salarisse		-	401
	Kontraktuele debiteure		-	1 313
	<b>Totaal</b>		<u>-</u>	<u>1 714</u>

<b>11.5</b>	<b>Verswakking van ontvangbare rekeninge</b>			
		Aant.	2016/17	2015/16
		11	R'000	R'000
	*Beraamde verswakking van ontvangbare rekeninge		2 678	2 472
	<b>Totaal</b>		<u>2 678</u>	<u>2 472</u>

\*Die verswakking word gegrond op debiteure wat aan die staatsprokureur en regsdiens vir verhalings oorhandig is.

**12. Begrote fondse wat aan die Inkomstefonds oorbetal moet word**

		Aant.	2016/17	2015/16
			R'000	R'000
	Beginsaldo		90 880	178 885
	Oordrag vanaf staat van finansiële prestasie		63 956	90 880
	Gedurende die jaar betaal		<u>(90 880)</u>	<u>(178 885)</u>
	<b>Eindsaldo</b>		<u>63 956</u>	<u>90 880</u>

**13. Departementele inkomste wat aan die Inkomstefonds oorbetal moet word**

		Aant.	2016/17	2015/16
			R'000	R'000
	Beginsaldo		45 490	68 027
	Oordrag vanaf Staat van Finansiële Prestasie		203 780	156 973
	Eie inkomste by begroting ingesluit		1 381 218	1 309 368
	Gedurende die jaar betaal		<u>(1 560 902)</u>	<u>(1 488 878)</u>
	<b>Eindsaldo</b>		<u>69 586</u>	<u>45 490</u>

**14. Betaalbare rekeninge – lopend**

		Aant.	2016/17	2015/16
			R'000	R'000
	Verrekeningsrekeninge	14.10	14	-
	Ander betaalbare rekeninge	14.2	25 230	25 081
	<b>Totaal</b>		<u>25 244</u>	<u>25 081</u>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

**14.1 Verrekeningsrekeninge**

	Aant. 14	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Salarisse: Terugbetalings van staat se werknemerbehuisingsfonds		14	-
<b>Totaal</b>		<b>14</b>	<b>-</b>

**14.2 Ander betaalbare rekeninge**

	Aant. 14	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Tenderdeposito		13 500	13 500
Nasionale vaardigheidsfonds		3 428	3 761
Waarborge vir rehabilitasie		3 394	4 478
eNavis (administratiewe gelde)		4 908	3 342
<b>Totaal</b>		<b>25 230</b>	<b>25 081</b>

**15. Netto kontantvloeï beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite**

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Netto oorskot/(tekort) soos per Staat van Finansiële Prestasie		267 736	247 853
Tel nie-kontant/kontantbewegings terug wat nie as bedryfsaktiwiteite beskou word nie		2 629 962	2 556 965
(Styging)/daling in ontvangbare rekeninge – lopend		47	(1 058)
(Styging)/daling in vooruitbetalings en voorskotte		(5 877)	(2 413)
Styging/(daling) in betaalbare rekeninge – lopend		163	12 416
Opbrengste uit verkoop van kapitale bates		(3 369)	(4 443)
Besteding aan kapitale bates		2 909 562	2 910 858
Oorbetalings aan inkomstefonds		(1 651 782)	(1 667 763)
Eie inkomste by begroting ingesluit		1 381 218	1 309 368
<b>Netto kontantvloeï voortgebring uit bedryfsaktiwiteite</b>		<b>2 897 698</b>	<b>2 804 818</b>

**16. Rekonsiliasie van kontant en kontantekwivalente vir kontantvloeïdoeleindes**

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Gekonsolideerde Betaalmeestergeneraalrekening		169 742	181 993
Uitbetalings		(37 488)	(40 591)
Kontant voorhande		5	5
<b>Totaal</b>		<b>132 259</b>	<b>141 407</b>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

17. Onvoorsiene laste en onvoorsiene bates

17.1 Onvoorsiene laste

Verskuldig aan	Aard	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Waarborge vir behuisingslenings	Werknemers	Bylae 2A	75	75
Ander waarborge	Waarborge vir gruisgroewe	Bylae 2A	14 749	14 693
Private individue	Eise teen die departement	Bylae 2B	54 421	36 206
Verskillende departemente	Betaalbare interregeringsrekening (onbevestigde saldo's)	Bylae 4	5 412	3 263
<b>Totaal</b>			<u><u>74 657</u></u>	<u><u>54 237</u></u>

Ander waarborge verteenwoordig die waarborge wat die departement verskaf vir die rehabilitasie van gruisgroewe slegs as die departement nie die kontrak nakom nie.

Alle sake wat na regsdiens en die staatsprokureur verwys is, is as onvoorsiene laste ingesluit aangesien die uitkomst van alle onafgehandelde sake onseker is.

Alle onbevestigde saldo's op betaalbare interregeringsrekening is by die rekening ingesluit aangesien die departement teen jaareinde nie met die uitstaande saldo's saamgestem het nie.

**Onvoorsiene bates**

Daar is 13 PILIR-sake wat tans ondersoek word en nog nie deur die departement van die premier, soos op 31 Maart 2017, afgehandel is nie.

In hierdie stadium kan die departement nie die onvoorsiene bate van die individueel- gekoppelde besparingsfasiliteit (ILSF) ooreenkomstig die staat se werknemerbehuisingskema, verwant aan bedankings en beëindiging van diens, betroubaar meet nie.

18. Verpligtinge

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
<b>Lopende uitgawes</b>			
Goedgekeur en gekontrakteer		380 848	411 517
Goedgekeur maar nog nie gekontrakteer nie		34 304	-
		<u>415 152</u>	<u>411 517</u>
<b>Kapitaaluitgawes</b>			
Goedgekeur en gekontrakteer		2 873 398	3 345 711
Goedgekeur maar nog nie gekontrakteer nie		190 702	-
		<u>3 064 100</u>	<u>3 345 711</u>
<b>Totale verpligtinge</b>		<u><u>3 479 252</u></u>	<u><u>3 757 228</u></u>

Kapitaalbesteding: Ingesluit by die verpligtinge is 63 kapitaalprojekte wat ná een jaar voltooi sal wees.



**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

19. Opgehoopte bedrae en betaalbare rekeninge nie erken nie  
19.1 Opgelope bedrae

			2016/17	2015/16
			R'000	R'000
<b>Gelys per ekonomiese klassifikasie</b>				
	30 dae	30+ dae	Totaal	Totaal
Vergoeding van werknemers	-	-	-	1 284
Goedere en dienste	65 748	-	65 748	54 754
Oordragte en subsidies	3 175	-	3 175	2 847
Kapitaalbates	180 962	-	180 962	45 105
<b>Totaal</b>	<b>249 885</b>	<b>-</b>	<b>249 885</b>	<b>103 990</b>
			Aant.	
			2016/17	2015/16
			R'000	R'000
<b>Gelys per programvlak</b>				
Program 1: Administrasie			6 664	6 240
Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur			46 694	9 938
Program 3: Vervoerinfrastruktuur			178 990	67 815
Program 4: Vervoerbedrywe			654	187
Program 5: Vervoerregulering			16 828	18 570
Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme			55	1 240
<b>Totaal</b>			<b>249 885</b>	<b>103 990</b>

Die wesentliche opgelope bedrae verteenwoordig die voortsetting van kapitaalprojekte gedurende Maart 2017 wat tot gevolg gehad het dat betalings na jaareinde gemaak is.

Weens die wysiging van rekeningkundige beleide maak werknemervergoeding deel van werknemervoordele uit.

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

19.2 Betaalbare rekeninge nie erken nie

			2016/17 R'000	2015/16 R'000
<b>Gelys per ekonomiese klassifikasie</b>				
	30 dae	30+ dae	Totaal	Totaal
Vergoeding van werknemers	-	-	-	203
Goedere en dienste	6 672	-	6 672	15 337
Oordragte en subsidies	-	-	-	116
Kapitaalbates	44 695	-	44 695	63 030
<b>Totaal</b>	<b>51 367</b>	<b>-</b>	<b>51 367</b>	<b>78 686</b>

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
<b>Gelys per programvlak</b>			
Program 1: Administrasie		98	1 492
Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur		2 072	7 895
Program 3: Vervoerinfrastruktuur		48 280	67 816
Program 4: Vervoerbedrywe		2	50
Program 5: Vervoerregulering		651	1 115
Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme		264	318
<b>Totaal</b>		<b>51 367</b>	<b>78 686</b>

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
Ingesluit by die bogenoemde totale is die volgende:			
Bevestigde saldo's by die departemente	Bylae 4	2 382	712
Bevestigde saldo's by ander staatseenhede	Bylae 4	3 782	4 444
<b>Totaal</b>		<b>6 164</b>	<b>5 156</b>

Die wesenlike opgelope bedrae verteenwoordig die voortsetting van kapitaalprojekte gedurende Maart 2017 wat tot gevolg gehad het dat betalings na jaareinde gemaak is. Opgelope bedrae en betaalbare rekeninge nie erken nie is voorheen gekombineer en moes in sub-aantekeninge verdeel word vir die lopende jaar en daarna.

Weens die wysiging van rekeningkundige beleide maak werknemervergoeding deel van werknemervoordele uit.

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

20. **Werknemervoordele**

	Aant.	2016/17 R'000	2015/16 R'000
*Reg op verlof		24 731	19 161
Diensbonus (dertiende tjek)		18 162	18 089
Prestasietoekennings		7 300	7 098
Boperkverlofverpligtinge		26 598	27 158
**Ander		3 220	1 068
<b>Totaal</b>		<b>80 011</b>	<b>72 574</b>

\*Negatiewe verlofbedrae vir 2016/17 van R2 368 miljoen nie ingesluit by voorsiening vir reg op verlof nie.

\*\*Op hierdie stadium kan die departement nie die langtermyn-gedeelte van die langdienstoekennings betroubaar meet nie.

Ingesluit by Ander is opgelope bedrae ten opsigte van werknemervergoeding.

21. **Bruikhuurverpligtinge**

21.1 **Besteding aan bedryfsbruikhuurooreenkomste**

	Geboue en ander vaste strukture R'000	Masjinerie en toerusting R'000	Totaal R'000
Nie later as 1 jaar nie	92 438	3 568	96 006
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	116 315	2 513	118 828
Later as 5 jaar	27 039	-	27 039
<b>Totale bruikhuurverpligtinge</b>	<b>235 792</b>	<b>6 081</b>	<b>241 873</b>

Bruikhuurverpligtinge vir eiendomme word bereken gegrond op 'n kontraktuele verpligting tussen die departement en die verhuurders.

Die huurooreenkomste het 'n eskalاسie van tussen 0% en 12%. Die departement huur tans 154 fasiliteite.

Onder die lys van verhaalbare rekeninge moet R0,133 miljoen in 2017/18 verhaal word.

	Geboue en ander vaste strukture R'000	Masjinerie en toerusting R'000	Totaal R'000
Nie later as 1 jaar nie	121 308	3 037	124 345
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	141 807	2 814	144 621
Later as 5 jaar	1 094	-	1 094
<b>Totale bruikhuurverpligtinge</b>	<b>264 209</b>	<b>5 851</b>	<b>270 060</b>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE  
POS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2017**

21.2 Verpligtinge ten opsigte van finansieringsbruikhuurooreenkomste

2016/17	Masjinerie en toerusting R'000	Totaal R'000
Nie later as 1 jaar nie	26 122	26 122
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	56 617	56 617
Later as 5 jaar	25	25
<b>Totale bruikhuurverpligtinge</b>	<b>82 764</b>	<b>82 764</b>

2015/16	Masjinerie en toerusting R'000	Totaal R'000
Nie later as 1 jaar nie	26 552	26 552
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	84 942	84 942
Later as 5 jaar	98	98
<b>Totale bruikhuurverpligtinge</b>	<b>111 592</b>	<b>111 592</b>

Die bruikhuur van motorvoertuie tussen die Departement van Vervoer en Openbare Werke en staatsmotorvervoer (SMV) kom neer op finansieringsbruikhuurooreenkomste (Maart 2017: 508 voertuie / Maart 2016: 512 voertuie). Die verpligting ten opsigte van die finansieringsbruikhuurooreenkomste word hieronder aangebied.

21.3 Inkomste uit bedryfshuurooreenkomste

2016/17	Geboue en ander vaste strukture R'000	Totaal R'000
